# JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL - TEOLOGIES OORWEEG

DEUR

MINETTE VAN ZYL

VOORGELÊ TER VERVULLING VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD MA(TEOL) IN GODSDIENS EN SENDINGWETENSKAP

IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

PROMOTOR: PROF P.J. VAN DER MERWE
MEDE-PROMOTOR: PROF P.M. VENTER

AUGUSTUS 2008

© University of Pretoria

# VOORWOORD

Graag wil ek my dank en grootse waardering uitspreek teenoor die volgende persone vir hul ondersteuning en bydrae tot my studies en die voltooiing van die verhandeling:

- My Hemelse Vader wat my op hierdie reis met Israel en die Jode geneem het om nie alleen `n dieper begrip van Sy plan met die Joodse volk te verkry nie, maar om te kon groei in kennis van Sy Woord en te kon ervaar hoe Hy elke tree van hierdie reis saamgeloop het en spesifieke mense tydens verskillende fases van die reis oor my pad gebring het. Hulle insette het `n wesenlike bydrae gelewer tot die voltooiing van my verhandeling.

- My man, Dick, wat my die geleentheid gegun het om hierdie ongewone reis wat bykans 8 jaar gelede begin het, te onderneem. Vir sy geduld en ondersteuning gedurende die tye van stoei en al die opofferinge wat hy moes maak sodat ek my reis kon voortsit. Verder ook vir die tyd wat hy spandeer het om die kaarte in die verhandeling met soveel sorg, detail en professionaliteit te voltooi.

- My ma, Trysie Nel, wat as mentor, klankbord, navorser en redakteur opgetree het en my vergesel het op elke fase van hierdie reis. Vir al die ure van bespreking, inligting insamel, redigering en voortdurende motivering en ondersteuning om die einde van die reis te kon bereik en die verhandeling suksesvol te kon voltooi.

- My pa, Leon Nel, wat my ma 'afgestaan' het om deel te kon hê aan my reis en sy voortdurende aansporing en ondersteuning. Ook my susters Adrie Kemp en Nerina Human, vir al hulle belangstelling, ondersteuning, insette en raad die afgelope aantal jare.

- My studieleiers, prof Piet van der Merwe, wat sedert die aanvang van my studies my bygestaan en ondersteun het en prof Piet Venter, wat as mede-studieleier opgetree het en tyd ingeruim het om waardevolle terugvoer op inhoudelike aspekte van die navorsing tydig deur te gee.

- Vir elkeen wat iewers deur God oor my pad gestuur is om 'n stukkie van die reis te kon meemaak, `n invloed te kon hê op die inhoud van die finale dokument en 'n aandeel gehad het in die verbreding van my kennis en verdieping in my verhouding met my Hemelse Vader.

MINETTE VAN ZYL

Midrand
Augustus 2008

# OPSOMMING

Waar die meeste nasies in die wêreld hul aanspraak op `n eie land baseer op besetting of verowering deur hul voorgeslagte, baseer die Jode hulle aanspraak op die land Israel op godsdienstige, historiese en politieke gronde.

Hierin speel die Hebreeuse Bybel (*TeNaK*) `n sentrale rol. Twee Ou Testamentiese verbonde, die Abrahamitiese verbond en die Deuteronomiese (Land-van-Israel/Palestina) verbond, vorm die basis hiervan. Die aanname dat die Jode van vandag `n voortsetting van Bybelse Israel is en gevolglik aanspraak op hierdie verbondsbeloftes kan maak, asook God se doel met die insluiting van die land Israel in Sy verbond met Abraham en die rol van die land in die verhouding tussen Hom en Sy uitverkore volk, ondersteun Jode se godsdienstige aansprake.

Vanuit `n historiese perspektief word aangevoer dat die Jode `n teenwoordigheid in die land behou het sedert die Israeliete se inname van die land Kanaän tot en met vandag, ten spyte daarvan dat die land deur die geskiedenis heen deur verskeie wêreldryke beheer is.

In aansprake op politieke gronde word verwys na die aanbevelings van die Verenigde Nasies wat die gebied met die Partisieplan amptelik verdeel het in `n Joodse en Arabiese gedeelte; waarna Israel in 1948 die Joodse staat afkondig het.

Hoewel Christene nie aanspraak maak op die land Israel nie, het hulle wel bepaalde sienings oor Israel, die Jode en Joodse aansprake op die land. In `n Christelik-teologiese evaluering van hierdie aansprake, blyk dit dat verskille met die Joodse beskouinge in hoofsaak te doen het met die godsdienstige aansprake omdat die betekenis van die term Bybel vir Jode en Christene verskil.  Onder Christene is daar ook nie eenstemmigheid oor wát die Bybel is en hoe dit vertolk behoort te word nie. Twee breë denkrigtings binne die Christelike geloof, Vervangingsteologie en Christen-Sionisme, bied verskillende sieninge in dié verband.

Die konflik in die Midde-Ooste raak elke persoon, afgesien van sy godsdienstige affiliasie of afwesigheid daaraan. Vanuit `n bepaalde Christelik-teologiese perspektief is `n alternatiewe beskouing aangebied om die spirituele, eerder as die oënskynlike sekulêre en politieke aard daarvan, te beklemtoon. Israel se oorspronklike roeping om verlossing aan die wêreld te bring is ondersoek, terwyl die werkbaarheid van `n Twee-party-staat as oplossing vir vrede in die streek in die lig hiervan, bespreek is. Die aktualiteit en doel van die studie is daarin geleë dat inligting aan Christenlesers gebied word sodat `n ingeligte standpunt oor die aangeleentheid geformuleer kan word.

## SUMMARY

While most of the nations of the world claim the right to their own country as a result of occupation or conquest, the Jews claim the right to the land of Israel on religious, historical and political grounds.

In this regard the Hebrew Bible (*TaNaK*) plays a central role. Two Old Testament covenants, the Abrahamic covenant and the Deuteronomic (Land of Israel/Palestine) covenant, form the basis of this claim. The assumption that the Jews of today are a continuance of the Biblical Israelites and consequently can lay claim to these covenants, God's purpose for the inclusion of the land in His covenant with Abraham, as well as the role of the land in His relationship between Him and His chosen people, support these Jewish religious claims.

From a historical perspective it is put forward that the Jews have maintained a presence in the land since the Israelites captured the land of Canaan up to and including the present, despite the fact that the country has been ruled throughout history by various other powers of the world.

In claims on political grounds one is referred to the recommendations of the United Nations which, according to the Partition Plan, divided the country into Jewish and Arab parts. Israel then, in 1948, declared the State of Israel.

Although Christians do not lay claim to the land of Israel, they have indeed distinct views concerning Israel, the Jews and Jewish claims to the land. In a Christian-theological evaluation of these claims it appears that the differences with the Jewish views have mainly to do with religious claims because the meaning of the term Bible differs for Jews and Christians. Among Christians too there is also no unanimity about what the Bible is and how it should be interpreted. Two broad schools of thought within Christians beliefs, Replacement Theology and Christians-Zionism, present different views in this regard.

The conflict in the Middle East affects every person, irrespective of his religious affiliation or absence of it. From a specific Christian-theological perspective, an alternative opinion is given to emphasise the spiritual, rather than the apparent secular and political nature. Israel's original mission to bring redemption to the world is examined and the feasibility of a Two-party-state as a solution for peace in the land is discussed in this respect. The actuality and purpose of the study is to give the relevant information to Christian readers so that an informed opinion concerning the subject can be made.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## SLEUTELTERME

| | |
|---|---|
| ANTISEMITISME | ANTISEMITISM |
| ANTI-SIONISME | ANTI-ZIONISM |
| CHRISTEN-SIONISME | CHRISTIAN ZIONISM |
| BELOOFDE LAND | PROMISED LAND |
| JOODSE SIONISME | JEWISH ZIONISM |
| JUDAÏSME | JUDAISM |
| KERK | CHURCH |
| LAND ISRAEL | LAND OF ISRAEL |
| POSTMODERNISME | POSTMODERNISM |
| SIONISME | ZIONISM |
| STAAT ISRAEL | STATE OF ISRAEL |
| VERVANGINGSTEOLOGIE | REPLACEMENT THEOLOGY |

## LYS VAN KAARTE

**HFST**


| | | |
|---|---|---|
| KAART 1 | STAMME IN DIE LAND KANAÄN TYDENS DIE ISRAELITIESE INNAME | 3 |
| KAART 2 | VANAF EGIPTE TOT BY DIE BELOOFDE LAND | 4 |
| KAART 3 | JOSUA SE VEROWERINGE IN DIE LAND KANAÄN | 5 |
| KAART 4 | DIE VERDELING VAN KANAÄN ONDER DIE TWAALF STAMME | 5 |
| KAART 5 | DIE LAND ONDER KONINGSKAP | 5 |
| KAART 6 | DIE KONINKRYKE VAN ISRAEL EN JUDA | 5 |
| KAART 7 | UITBREIDING VAN DIE ASSIRIESE RYK TEEN 824 VC EN 640 VC | 5 |
| KAART 8 | DIE NEO-BABILONIESE RYK TEEN 539 VC | 5 |
| KAART 9 | VERSPREIDING VAN JODE NA DIE TERUGKEER UIT BALLINGSKAP | 5 |
| KAART 10 | DIE PERSIESE RYK MET JUDA AS `N PROVINSIE TEEN ONGEVEER 480 VC | 5 |
| KAART 11 | DIE GRIEKSE RYK MET JUDA TEEN 323 VC | 5 |
| KAART 12 | JUDA TYDENS DIE MAKKABESE VEROWERINGE | 5 |
| KAART 13 | JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA GEDURENDE DIE HERODIAANSE TYDPERK (4 VC – 44 NC) | 5 |
| KAART 14 | BISANTYNSE BISDOMME IN PALESTINA | 5 |
| KAART 15 | JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA MET DIE ARABIESE OORNAME | 5 |
| KAART 16 | JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA TYDENS DIE KRUISTOGTE | 5 |
| KAART 17 | TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA TYDENS MAMLUKBEHEER | 5 |
| KAART 18 | JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA IN DIE 16E EEU | 5 |
| KAART 19 | JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA IN 1800 | 5 |
| KAART 20 | JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA IN 1914 | 5 |
| KAART 21 | BRITSE MANDAAT VAN PALESTINA IN 1920 | 6 |
| KAART 22 | VOORGESTELDE GRENSE VOLGENS DIE PARTISIEPLAN IN 1947 | 6 |
| KAART 23 | GRENSE VAN DIE STAAT ISRAEL NA DIE ONAFHANKLIKHEIDSOORLOG | 6 |
| KAART 24 | LANDSGRENSE VAN DIE STAAT ISRAEL NA DIE SESDAAGSE OORLOG | 6 |
| KAART 25 | GEOGRAFIESE VERDELING VAN ISRAEL EN DIE PALESTYNSE GEBIEDE | 6 |
| KAART 26 | ISRAEL SE POSISIE IN DIE MIDDE-OOSTE | 6 |


NOTA: WAAR KAARTE VAN ENGELSE BRONNE VERKRY IS, IS KAARTE VERTAAL OM PLEKNAME IN AFRIKAANS AAN TE DUI

## LYS VAN TABELLE

**HFST**


| | | |
|---|---|---|
| TABEL 1 | ETNIESE VERDELING VAN DIE ISRAELSE BEVOLKING | 6 |
| TABEL 2 | TRADISIONELE KLASSIFIKASIE VAN JODE | 6 |
| TABEL 3 | GODSDIENSTIGE VERDELING IN ISRAELSE GEBIEDE | 6 |
| TABEL 4 | ETNIESE EN GODSDIENSTIGE VERSPREIDING VAN INWONERS VAN DIE PALESTYNSE GEBIEDE | 6 |
| TABEL 5 | ANTISEMITISME ONDER DIE AMERIKAANSE BEVOLKING | 6 |

## INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD .......... i
OPSOMMING .......... ii
SUMMARY .......... iii
SLEUTELTERME .......... iv
LYS VAN KAARTE .......... v
LYS VAN TABELLE .......... v

**HOOFSTUK 1 - INLEIDENDE ASPEKTE .......... 1**

**1. INLEIDING**
**2. AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE**
**3. PROBLEEMSTELLING EN –FORMULERING**
**4. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE**
**5. STELLINGNAME**
**6. BEGRIPSVERHELDERING**
6.1 JOOD EN JOODSE AANSPRAKE
6.2 LAND ISRAEL
6.3 TEOLOGIE
6.4 GEBRUIK VAN BYBELVERTALINGS EN AANHALINGS
6.5 ABRAM EN ABRAHAM
6.6 VERWYSING NA DIE MANLIKE VORM
**7. TERREINAFBAKENING**
**8. WERKSWYSE EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING**
8.1 LITERATUURSTUDIE
8.2 GESPREKVOERING
**9. VERDERE PROGRAMAANKONDIGING**

**HOOFSTUK 2 - DIE BYBEL AS BRON IN JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL .......... 11**

**1. INLEIDING**
**2. DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE BYBEL**
2.1 VAN MONDELINGE TRADISIE TOT SKRIFTELIKE BRONNE
2.2 DIE HEBREEUSE BYBEL
2.3 DIE CHRISTELIKE BYBEL / DIE OU EN NUWE TESTAMENT
2.4 KANONISERING VAN DIE BYBEL
**3. REDAKSIEGESKIEDENIS VAN DIE BYBEL**
**4. BYBELINTERPRETASIE**
4.1 LITERÊR-HISTORIESE INTERPRETASIE
4.1.1 JOODSE INTERPRETASIE
4.1.2 VROEË CHRISTELIKE KOMMENTARE
4.1.3 VERVAL EN HERLEWING
4.1.4 VERBOND-INTERPRETASIE
4.1.5 HISTORIES-KRITIESE DENKE
4.1.6 LITERÊRE BENADERING
4.2 GEESTELIKE BOODSKAP OF BETEKENIS
4.2.1 KANONIEKE INTERPRETASIE
4.2.2 TEOLOGIESE BENADERING
4.3 BYBELVERTALINGS
**5. DIE OU NABYE-OOSTE EN ISRAEL**
5.1 OU NABYE-OOSTERSE VERDRAE EN OU TESTAMENTIESE VERBONDE
5.2 VERBONDE EN DIE BYBEL
5.2.1 AARD VAN VERBONDE
5.2.2 SOORTE VERBONDE
5.2.3 ELEMENTE VAN `N VERBOND

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

5.3 VERBONDE TUSSEN GOD EN DIE MENS
5.3.1 DIE VERBOND MET NOAG
5.3.2 DIE VERBOND MET ABRAHAM
5.3.3 DIE VERBONDE MET DIE VOLK ISRAEL DEUR MOSES
5.3.4 DIE VERBOND MET DAWID
5.3.5 DIE NUWE VERBOND
**6. SAMEVATTING**

**HOOFSTUK 3 - DIE VOLK ISRAEL EN DIE LAND KANAÄN IN GOD SE SKEPPINGSPLAN ...................................... 30**

**1. INLEIDING**
**2. DIE BYBELSE BOODSKAP EN GOD SE SKEPPINGSDOEL**
2.1 DIE TEOLOGIESE BOODSKAP VAN GENESIS
2.1.1 DIE BOODSKAP VAN DIE ALMAG VAN `N SKEPPER-GOD
2.1.2 DIE BOODSKAP VAN GENADE
2.1.3 DIE BOODSKAP VAN GETROUHEID
2.1.4 DIE BOODSKAP VAN GELOOF
2.1.5 `N BOODSKAP VAN BEMOEDIGING EN HOOP
2.2 GOD SE SKEPPINGSDOEL MET DIE MENS
2.3 DIE VERYDELING VAN GOD SE DOEL MET DIE MENS
2.4 HERSTEL VAN GOD SE DOEL MET DIE MENS
**3. ABRAHAM EN DIE VOLK ISRAEL IN GOD SE SKEPPINGSPLAN**
3.1 GOD SE KEUSE VAN ABRAHAM
3.2 DIE BELOFTES AAN ABRAHAM
3.2.1 `N GROOT NAGESLAG
3.2.2 SEËN
3.2.3 `N MAN VAN GROOT BETEKENIS
3.2.4 DIE BELOFTE VAN `N LAND
3.3 GOD SE KEUSE VAN ISRAEL
3.3.1 SY VERBOND MET DIE AARTSVADERS
3.3.2 OM VIR ALLE NASIES TOT SEËN TE WEES
3.3.3 DIE GODDELOOSHEID VAN DIE HEIDENNASIES
**4. VANAF BYBELSE ISRAEL TOT DIE JODE VANDAG**
4.1 VERANDERINGE VAN DIE JOODSE IDENTITEIT EN BENAMINGE VIR DIE JODE
4.1.1 BYBELSE ISRAEL
4.1.2 ISRAEL NA DIE BALLINGSKAP
4.1.3 JUDEËRS
4.1.4 HELLENISTIESE JODE
4.1.5 SAMARITANE
4.2 ARGEOLOGIESE ONTDEKKINGS EN GENETIESE NAVORSING
4.3 JODE VANDAG
**5. KANAÄN VOOR DIE ISRAELITIESE INNAME VAN DIE LAND**
5.1 NAME EN GRENSE VAN DIE LAND
5.2 LANDSKAP EN HULPRBONNE
5.3 GEOPOLITIESE FRAGMENTASIE
5.4 EGIPTIESE INVLOED EN BEHEER
5.5 INWONERS VAN KANAÄN
5.5.1 KANAÄNIETE
5.5.2 AMORIETE
5.5.3 FILISTYNE
**6. DIE LAND KANAÄN IN GOD SE SKEPPINGSPLAN**
6.1 DIE LAND BEHOORT AAN EN WORD UITGESONDER DEUR GOD
6.2 DIE LAND IS DEEL VAN `N VERBONDSBELOFTE WAT IN VERVULLING GAAN
6.3 DIE LAND WORD GEGEE
6.3.1 AS `N GESKENK
6.3.2 AS `N BLYWENDE BESITTING / ERFDEEL
6.3.3 AAN ABRAHAM
6.3.4 AAN JAKOB

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

6.3.5 AAN DIE VOLK ISRAEL
6.3.6 VIR ALTYD
6.4 DIE LAND IS BEWOON
6.5 DIE LAND IS HEILIG
6.6 DIE LAND IS VRUGBAAR
6.7 DOEL MET DIE LAND KANAÄN
6.8 DIE LAND KANAÄN IN DIE VERHOUDING TUSSEN GOD EN ISRAEL
**7. SAMEVATTING**

**HOOFSTUK 4 - JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL - GODSDIENSTIGE GRONDE .................................. 60**

**1. INLEIDING**
**2. DIE VERBOND MET ABRAHAM**
2.1 DIE BELOFTES AAN ABRAHAM WORD IN `N VERBOND GEKONKRETISEER
2.2 KENMERKE VAN DIE LANDSVERBOND
2.2.1 GOD SLUIT DIE VERBOND
2.2.2 PARTYE WAT GERAAK WORD
2.2.3 GOD IS EIENAAR VAN DIE VERBOND
2.2.4 GOD BEVESTIG DIE VERBOND MET `N EED
2.2.5 TEKEN VAN DIE VERBOND
2.3 VOORWAARDELIKHEID EN DUUR VAN DIE ABRAHAMITIESE VERBOND
2.4 VOORTSETTING VAN DIE VERBOND MET ABRAHAM SE NAGESLAG
2.4.1 ISMAEL
2.4.2 ISAK
2.5 VOORTSETTING VAN DIE VERBOND MET ISAK SE NAGESLAG
2.5.1 ESAU
2.5.2 JAKOB
2.5.3 JOSEF
**3. DIE VERBONDE MET ISRAEL**
3.1 ISRAEL IN EGIPTE
3.2 DIE SINAÏVERBOND
3.3 VERBLYFREG VS BESITREG
3.3.1 BESITREG
3.3.2 VERBLYFREG
3.4 VOORWAARDES VIR VERBLYFREG IN DIE LAND
3.4.1 GEHOORSAAMHEID AAN DIE BEPALINGE
3.4.2 VEROWERING EN INNAME VAN DIE LAND
3.4.3 OPTREDE TEENOOR DIE HEIDENSE NASIES
3.4.4 OPTREDE TEENOOR DIE LAND
3.5 DIE DEUTERONOMIESE (LAND-VAN-ISRAEL/PALESTINA) VERBOND
**4. JUDAÏSME EN SIONISME IN DIE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL**
4.1 JUDAÏSME EN SIONISME
4.2 DIE LAND ISRAEL VS DIE STAAT ISRAEL
**5. SAMEVATTING**

**HOOFSTUK 5 - JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL - HISTORIESE GRONDE ....................................... 86**

**1. INLEIDING**
**2. DIE LAND KÄANAN ONDER ISRAELITIESE BEHEER**
2.1 ISRAEL NEEM KANAÄN IN BESIT
2.2 DIE LAND KÄANAN WORD ONDER DIE TWAALF STAMME VERDEEL
2.3 DIE LAND KÄANAN ONDER DIE VERENIGDE KONINKRYK
2.4 DIE KONINKRYK SKEUR
**3. BEËINDIGING VAN DIE ISRAELITIESE BEHEER IN DIE LAND**
3.1 DIE ASSIRIESE RYK EN DIE VAL VAN ISRAEL, DIE NOORDELIKE RYK (722VC)
3.2 DIE NEO-BABILONIESE RYK EN DIE VAL VAN JUDA, DIE SUIDELIKE RYK (587 VC)
3.3 DIE ISRAELIETE TYDENS DIE BALLINGSKAP (587 – 538 VC)

**4. DIE LAND JUDA ONDER BEHEER VAN DIE PERSIESE EN GRIEKSE (HELLENISTIESE) RYKE (539 – 166 VC)**
4.1 DIE PERSIESE RYK (539 VC)
4.2 DIE GRIEKSE RYK (334 VC)
**5. JOODSE ONAFHANKLIKHEID (166 – 63VC)**
5.1 DIE MAKKABEËRS
5.2 DIE HASMONIËRS
**6. DIE LAND GEDURENDE ROMEINSE BEHEER (63 VC – 634 NC)**
6.1 DIE ROMEINSE RYK (63 VC – 330 NC)
6.2 DIE BISANTYNSE (OOS-ROMEINSE) RYK (330 – 634)
**7. VAN ROMEINSE TOT OTTOMAANSE BEHEER (634 – 1517)**
7.1 DIE LAND ONDER DIE ARABIERE EN SELJUK TURKE (634 - 1099)
7.2 DIE KRUISTOGTE EN DIE MAMLUKKE (1099-1517)
7.3 OTTOMAANSE ERA (1517 – 1917)
**8. SAMEVATTING**

**HOOFSTUK 6 - JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL - POLITIEKE GRONDE .......................................... 121**

**1. INLEIDING**
**2. POLITIEKE ONTWIKKELINGE VANAF DIE BEËINDIGING VAN OTTOMAANS-TURKSE BEHEER TOT DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE STAAT ISRAEL**
2.1 DIE EERSTE WÊRELDOORLOG EN POLITIEKE VERWIKKELINGE
2.1.1 DIE HUSSEIN-MCMAHON-KORRESPONDENSIE
2.1.2 DIE SYKES-PICOT-OOREENKOMS
2.1.3 BEËINDIGING VAN DIE OTTOMAANS-TURKSE BEHEER OOR PALESTINA
2.1.4 DIE BALFOUR-DEKLARASIE
2.1.5 DIE HOGARTH-BOODSKAP
2.1.6 DIE FAISAL-WEIZMANN-OOREENKOMS
2.1.7 DIE PARYSE VREDESKONFERENSIE IN 1919
2.2 DIE BRITSE MANDAAT VAN PALESTINA (1922-1948)
2.2.1 GRENSE VAN DIE BRITSE MANDAATGEBIED
2.2.2 DIE CHURCHILL-WITSKRIF
2.2.3 JOODSE IMMIGRASIE NA PALESTINA
2.3 DIE PARTISIEPLAN (1947)
2.3.1 VOORGESTELDE GRENSE VOLGENS DIE PARTISIEPLAN
2.3.2 BEËINDIGING VAN DIE BRITSE MANDAAT
**3. POLITIEKE VERWIKKELINGE WAT DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE STAAT ISRAEL VOORAF GEGAAN HET**
3.1 JOODSE VERVOLGINGS
3.1.1 EUROPA SE SWART DOOD
3.1.2 SPAANSE INKWISISIE
3.1.3 UITSETTING UIT BRITTANJE EN ANDER EUROPESE LANDE
3.1.4 DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK EN DIE REFORMASIE
3.1.5 DIE EERSTE EN TWEEDE WÊRELDOORLOG
3.2 ONTSTAAN VAN SIONISME
3.3 DIE ROL VAN JOODSE SIONISTE IN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE STAAT ISRAEL
3.3.1 DR CHAIM WEIZMANN
3.3.2 DAVID BEN-GURION
3.3.3 GOLDA MEIR
3.4 DIE ROL VAN CHRISTEN-SIONISTE IN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE STAAT ISRAEL
3.4.1 MICHAEL SOLOMON ALEXANDER
3.4.2 BENJAMIN DISRAELI
3.4.3 SIR LAURENCE OLIPHANT
3.4.4 WILLIAM HECHLER
3.4.5 GENERAAL EDMUND ALLENBY
3.4.6 ARTHUR JAMES BALFOUR
3.4.7 CHARLES WINGATE
3.5 DIE AFKONDIGING VAN DIE STAAT ISRAEL
3.5.1 DIE VERKLARING VAN `N ONAFHANKLIKE JOODSE STAAT
3.5.2 DIE REGTE VAN STATE EN DIE REGTE VAN ISRAEL

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**4. ISRAEL AS ONAFHANKLIKE STAAT SEDERT 1948**
4.1 DIE ONAFHANKLIKHEIDSOORLOG VAN 1948
4.2 ISRAEL VERDEDIG SY LANDSGRENSE
4.2.1 DIE SUEZ / SINAÏ-OORLOG (1956)
4.2.2 DIE SESDAAGSE OORLOG (JUNIE 1967)
4.2.3 DIE JOM KIPPOER-OORLOG (1973)
4.2.4 INVALLE IN LIBANON (1978 EN 1982)
4.2.5 ANNEKSASIE VAN DIE GOLANHOOGLAND (1981)
4.2.6 LIBANON-OORLOG VAN 2006
4.3 DIE PALESTYNSE STRYD OM ONAFHANKLIKHEID
4.3.1 EERSTE INTIFADA (DESEMBER 1987 - SEPTEMBER 1993)
4.3.2 VERKLARING VAN `N PALESTYNSE STAAT (1988)
4.3.3 TWEEDE INTIFADA (OKTOBER 2000)
4.4 POGINGS OM VREDE DEUR ONDERHANDELINGE TUSSEN DIE PALESTYNE EN DIE ISRAELI'S TE BEWERKSTELLIG
4.4.1 VANAF CAMP DAVID I (1978) TOT EN MET CAMP DAVID II (2000)
4.4.2 VREDESPOGINGS VANAF CAMP DAVID II (2000) TOT DIE ANNAPOLIS-KONFERENSIE (2007)
**5. ISRAELSE EN PALESTYNSE DIVERSITEIT TEN OPSIGTE VAN GEOGRAFIE, ETNISITEIT, GODSDIENS EN SOSIO-POLITIEKE SITUASIE**
5.1 GEOGRAFIESE VERDELING
5.1.1 ISRAEL
5.1.2 PALESTYNSE GEBIEDE
5.2 ETNIESE EN GODSDIENSTIGE VERSPREIDING
5.2.1 ISRAEL
5.2.2 PALESTYNSE GEBIEDE
5.3 DIE SOSIO-POLITIEKE SITUASIE IN ISRAEL
5.3.1 SOSIALE OMSTANDIGHEDE
5.3.2 POLITIEKE SITUASIE
**6. DIE GEOGRAFIESE POSISIE VAN ISRAEL EN DIE GLOBALE VERSPREIDING VAN DIE JODE**
6.1 DIE STAAT ISRAEL AS DEEL VAN DIE MIDDE-OOSTERSE STREEK
6.2 JOODSE TEENWOORDIGHEID WÊRELDWYD
6.2.1 DIE JOODSE GEMEENSKAP IN AMERIKA
6.2.2 DIE JOODSE GEMEENSKAP IN EUROPA
6.2.3 DIE JOODSE GEMEENSKAP IN SUID-AFRIKA
6.3 SEMITISME, ANTISEMITISME EN ANTI-SIONISME
6.3.1 SEMITISME, ANTI-SEMITISME EN ANTISEMITISME
6.3.2 ANTISEMITISME EN ANTI-SIONISME
6.3.3 ANTISEMITISME IN AMERIKA
6.3.4 ANTISEMITISME IN EUROPA
6.3.5 ANTISEMITISME IN SUID-AFRIKA
**7. SAMEVATTING**

**HOOFSTUK 7 - CHRISTELIK-TEOLOGIESE OORWEGINGS EN BEVINDINGE MET BETREKKING TOT JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND** ........................................ **165**

**1. INLEIDING**
**2. CHRISTENE, DIE JODE EN DIE LAND ISRAEL**
2.1 CHRISTELIKE BESKOUINGE OOR DIE JODE EN DIE LAND ISRAEL
2.1.1 VERVANGINGSTEOLOGIE
2.1.2 CHRISTEN-SIONISME
2.1.3 MESSIAANSE JODE
2.2 DIE VERHOUDING TUSSEN CHRISTENE EN JODE DEUR DIE EEUE
2.2.1 EERSTE JOODSE CHRISTENE
2.2.2 DIE KERKVADERS
2.2.3 JOODSE VERVOLGINGS DEUR DIE KERK
2.2.4 CHRISTEN-ONDERSTEUNING AAN DIE STAAT ISRAEL
**3. `N CHRISTELIKE PERSPEKTIEF OP ISRAEL SE ROL IN DIE KONFLIK IN DIE MIDDE-OOSTE**
3.1 LOKALITEIT VAN DIE MIDDE-OOSTERSE KONFLIK

3.2 POLITIES-GODSDIENSTIGE KONTEKS VAN DIE MIDDE-OOSTERSE KONFLIK
3.2.1 MOSLEMS (ISLAM) EN DIE JODE (JUDAÏSME EN SIONISME)
3.2.2 MOSLEMS (ISLAM) EN DIE WESTERSE WÊRELD / VSA (CHRISTELIKE GODSDIENS)
3.2.3 DIE WESTERSE WÊRELD / VSA (CHRISTELIKE GODSDIENS) EN DIE JODE (JUDAÏSME / SIONISME)
3.2.4 DIE VSA EN ISRAEL (CHRISTEN-JOODSE ALLIANSIE) EN MOSLEMS (ISLAM)
3.3 `N TWEE-PARTY-STAAT AS `N LANGTERMYNOPLOSSING VIR VREDE
3.3.1 GESKIEDENIS VAN MISLUKTE GROND-VIR-VREDE-POGINGS
3.3.2 JERUSALEM
3.3.3 DIE TEMPELBERG
3.4 DIE SPIRITUELE KONFLIK IN DIE MIDDE-OOSTE
3.4.1 ROL VAN DIE JODE IN GOD SE PLAN
3.4.2 ROL VAN DIE STAAT ISRAEL IN GOD SE PLAN
3.4.3 TER WILLE VAN GOD SE GLORIE
**4. BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS OOR JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL**
4.1 JOODSE AANSPRAKE OP GODSDIENSTIGE GRONDE
4.1.1 BEVINDINGE
4.1.2 GEVOLGTREKKINGS
4.2 JOODSE AANSPRAKE OP HISTORIESE GRONDE
4.2.1 BEVINDINGE
4.2.2 GEVOLGTREKKINGS
4.3 JOODSE AANSPRAKE OP POLITIEKE GRONDE
4.3.1 BEVINDINGE
4.3.2 GEVOLGTREKKINGS
**5. SAMEVATTING**

BRONNELYS ........................................ 198
GLOSSARIUM ........................................ 212

# HOOFSTUK 1

# INLEIDENDE ASPEKTE

## 1. INLEIDING

Waar die meeste nasies in die wêreld hul aanspraak op `n eie land baseer op grond van verowering deur hul voorgeslagte, maak Jode aanspraak op die land Israel op godsdienstige, historiese en politieke gronde.

In Jode se aansprake op godsdienstige gronde, speel die Hebreeuse Bybel (*TeNaK*) `n sentrale rol. Omdat die betekenis van die term Bybel vir Jode en Christene verskil, kan dit lei tot verskille in interpretasie. Die Hebreeuse Bybel staan in die Christendom bekend as die Ou Testament. Dit vorm saam met die Nuwe Testament, die Bybel van die Christendom. Enige beoordeling van Joodse aansprake sal gevolglik uit `n ander, 'groter Bybel' gedoen word. Hoe die Christelike Bybel vertolk word, speel ook `n sentrale rol in die gebruik daarvan. Daarom is `n ondersoek na die ontstaan en ontwikkeling van die Bybel, beide Ou en Nuwe Testament, asook die verskillende wyses van Bybelinterpretasie soos deur die eeue heen deur die godsdienswetenskap nagevors, belangrik.

In die oorweging van Joodse aansprake op die land, word die vraag gestel of vandag se Jode as `n verlenging van Bybelse Israel gesien kan word. Die antwoord hierop, asook `n begrip van die rol en plek van die land Kanaän in God se verhouding met die volk Israel, dra by om `n meer ingeligte evaluering van die aansprake vanuit `n Christelik-teologiese oogpunt te kan maak. In hul aansprake op godsdienstige gronde, vorm twee Ou Testamentiese verbonde, die Abrahamitiese verbond en die Deuteronomiese (Land-van-Israel/Palestina) verbond, die grondslag van hul argument. Hoewel die land Israel vir alle Jode, godsdienstig en sekulêr, van primêre belang is, is daar nie eenstemmigheid onder die verskillende groepe oor die bestaansreg van die Staat Israel nie.

Aansprake op historiese gronde word gemaak na aanleiding van `n voortdurende Joodse teenwoordigheid in die land sedert die Israeliete se inname van Kanaän tot en met die afkondiging van die Staat Israel in 1948. Hoewel verskeie wêreldryke deur die geskiedenis heen in beheer van die land was, het die Jode op geen stadium, geen teenwoordigheid in die land gehad nie.

Ook op politieke gronde glo Jode dat hulle die reg het om aanspraak op dié grondgebied te maak. Die Jode se aanvaarding van die Verenigde Nasies se Partisieplan, wat die land in `n Joodse en Arabiese gebied verdeel het, het legitimiteit verleen aan die Joodse staat wat op 14 Mei 1948 afgekondig is. Hierdie status is deur wêreldmagte insluitend die VSA erken, hoewel die plan deur die Arabiere verwerp is. Dit het gelei tot die eerste van verskeie oorloë tussen die Joodse staat en sy Moslem-buurlande. Verskeie vredesonderhandelinge het gevolg waarin gepoog is om `n oplossing vir die konfliksituasie te verkry.

Hoewel Christene nie aanspraak maak op die land Israel nie, heg hulle groot waarde aan die land en spesifiek dié plekke wat verband hou met Jesus se optrede. Christene het wel bepaalde sienings oor Israel, die Jode en hul aansprake op die land. Breedweg kan dié sienings in twee groepe verdeel word: dié wat Joodse aansprake op die land ondersteun op grond van die beloftes wat in die Ou Testament vervat is (Christen-Sionisme) en dié wat glo dat die Kerk die Joodse volk se plek as uitverkore volk ingeneem het (Vervangingsteologie). Op grond hiervan glo laasgenoemde dat die Jode geen aanspraak op die land Israel het nie.

Hoewel beide Jode en Palestyne om verskeie redes aanspraak op die land Israel maak, word die studie beperk tot net die Joodse aansprake op die land vanuit godsdienstige, historiese en politieke perspektiewe. Christelike standpunte hieroor word in die laaste hoofstuk bespreek en die onderskeie Joodse aansprake word daarna vanuit `n Christelik-teologiese oogpunt geëvalueer. `n Alternatiewe beskouing oor die konflik in die Midde-Ooste word aangebied waarin die rol van die land en die Joodse volk, in wat beskou word as `n geestelike, eerder as `n politieke en sekulêre stryd, onder die soeklig kom. Hierdie perspektief word aangebied met die veronderstelling dat dit `n bepaalde Christelike interpretasie is en nie noodwendig verteenwoordigend van die algemene standpunt van die Kerk is nie.

## 2. AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

Die konflik in die Midde-Ooste raak elke persoon, afgesien van sy godsdienstige affiliasie of afwesigheid daaraan. Israel, wat sentraal tot die Midde-Oosterse konflik staan, se bestaansreg word deur die meeste Moslemlande in die streek ontken. Ekstremistiese Moslemgroepe wat hul optrede regverdig uit steun vir die Palestynse saak, dra by tot die groeiende kommer oor terreuraanvalle wêreldwyd. Die aanval deur Moslem-ekstremiste op Amerika op 11 September 2001, gevolg deur die Bali-bom in Indonesië op 12 Oktober 2002, die bomontploffings op treine in Madrid op 11 Maart 2004 en op Londen se openbare vervoerstelsel op 7 Julie 2005, is enkele voorbeelde van wêreldwye terreurdade wat hiertoe bydra.

Met die VSA wat bekend staan as `n nasie wat op Christelike, demokratiese waardes gebou is en in bondgenootskap met die Staat Israel staan en die omliggende Arabiese state wat oorwegend op Islamitiese beginsels funksioneer, het die konflik in die Midde-Ooste toenemend `n stryd tussen die Jood-Christen-alliansie en Islam geword. Die Weste het vir lank onkundig gestaan teenoor die Oosterse denkwyse. Price (2001:11) voer as rede vir dié onkunde aan dat: "The religion of Islam, which shapes the worldview of the majority of those who live in the Middle East, has for the most part been foreign to our culture and consequently to our concern". Die gebeure van 11 September 2001 het `n einde gebring aan hierdie ongeërgdheid waarna die eertydse Israelse Eerste Minister, Benjamin Netanyahu, die aanval op Amerika beskryf het as "... a wake-up call from hell" (2001:14).

Die oorlog teen terrorisme het wyer uitgekring en bedreig vandag nie net Westerse lande en Westerse teikens nie. Die voortslepende geweld in Irak en die bedreiging van kernwapens in Iran dra by tot die groeiende kommer oor lande se gereedheid om hul burgers te beskerm. Amerika se teenwoordigheid in die streek en sy ondersteuning aan Israel kan direk verbind word met die Moslemwêreld se reaksie op wat hulle beskou as Amerikaanse en Westerse oorheersing. Die al-Qaida leier, Osama bin Laden, word beskou word as die brein agter die aanvalle en in The Hindu (25.04.06), is die volgende in dié verband gepubliseer: "... ordinary Western citizens had become legitimate targets of his terrorist organization because of their support of governments that he said were conducting a 'crusader war against Islam'".

Die konteks waarbinne die konflik afspeel, is kompleks en godsdienstige, politieke en sekulêre faktore is hierin nou verweef. Bykomend hiertoe word `n spirituele dimensie van die konflik ondersoek wat die aangeleentheid verder kompliseer. Die stryd in die Midde-Ooste het dus vir elke wêreldburger `n saak geword waarteenoor hy nie onkundig of onaangeraak durf staan nie. Die aktualiteit van die onderhawige studie lê daarin dat die navorser ten doel het om inligting aan die Christenleser te bied sodat `n beter ingeligte standpunt oor die aangeleentheid geformuleer kan word.

## 3. PROBLEEMSTELLING EN –FORMULERING

In die Midde-Ooste word daar vandag deur beide die Jode en die Palestyne aanspraak gemaak op bepaalde grondgebied binne die grense van die land Israel. Hierdie botsende aansprake lei tot voortdurende konflik tussen die twee groepe wat wyer uitkring en die hele Midde-Oosterse streek beïnvloed. Vrede in die Midde-Ooste is vir verskeie wêreldmagte ook van belang. Daarom

is die Kwartet, bestaande uit die VSA, die VN, die EU en Rusland op die been gebring om die implementering van die Padkaart-vir-vrede in die Midde-Ooste te monitor.

Die situasie in Israel word ook in Christelike kringe bespreek met bepaalde groepe wat duidelike standpunte daaroor inneem. Die studie beoog om `n Christelik-teologiese standpunt oor die landkwessie te formuleer, hoewel die navorser bewus is dat so `n standpunt nie noodwendig algemeen aanvaar sal word nie.

Vrae soos die volgende hou verband:

- Op watter gronde maak Jode aanspraak op die land Israel?
- Kan die Jode van vandag gesien word as `n verlenging van Bybelse Israel?
- Watter rol speel die land in die verhouding tussen God en sy uitverkore volk?
- Wat is Christene en/of die Kerk se standpunt oor die Jode?
- Kan `n Joodse staat vanuit `n Christelik-teologiese perspektief geregverdig word?
- Watter belang het Midde-Oosterse en Westerse lande by die konflik in die streek?
- Watter navorsing is reeds gedoen om die legitimiteit van die aansprake op die land Israel en in besonder die Joodse aansprake, te bepaal?
- Is `n Twee-party-staat `n haalbare langtermynoplossing vir die krisis in die Midde-Ooste?
- Is die konflik in die Midde-Ooste slegs `n politieke en sekulêre konflik?

## 4. DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

Die veld van ondersoek is wyd en heelwat literatuur bestaan oor die Joodse volk, Israel en die geskiedenis van die land. Hierdie navorsing dui aan dat teologiese oorwegings in die Joodse aansprake nie altyd duidelik aangetoon word nie en dat die navorsingsvoorstel derhalwe leemtes op hierdie gebied aanvul. Sonder om in algemeenhede te verval, is twee doelstellings geformuleer:

- Om Christene in te lig en in staat te stel om op grond van teologies-verantwoordbare oorweginge, standpunt te kan inneem oor die verskillende gronde waarop Jode aanspraak op die land Israel maak.
- Om `n alternatiewe blik op die Midde-Oosterse konflik, wat op die oog af `n politieke en sekulêre dimensie vertoon, te bied.

Die volgende doelwitte is gestel:

- Om perspektief te verkry op die gronde waarop Jode aanspraak op die land Israel maak.
- Om aan te dui watter standpunte binne die Christendom bestaan oor die Jode, hul plek in God se verlossingsplan en of hul aansprake op die land teologies regverdigbaar is.
- Om die aard van die konflik in die Midde-Ooste te ondersoek, die spirituele dimensie daarvan aan te dui en dit in verband te bring met God se skeppingsdoel en verlossingsplan.
- Om ondersoek in te stel of politieke en sekulêre oplossings vir die konflik in die Midde-Ooste, soos `n Twee-party-staat, `n langtermynoplossing vir vrede is.

## 5. STELLINGNAME

`n Wetenskaplike studie binne die teologiese vakterrein impliseer noodwendig `n bestudering van die godsdienswetenskap en die gebruik van buite-Bybelse bronne wat aanvullend tot die Bybel bestudeer kan word. Dit is egter belangrik om die gewig en volgorde te bepaal waarvolgens elkeen van hierdie bronne beoordeel word.

Daar word vandag heelwat debat rondom die interpretasie en gesag van die Woord gevoer en hoewel dit as `n simplistiese verrekening van die Skrifbeskouingsdebat gesien kan word, kan daar breedweg twee beskouinge onderskei word: `n eerste beskouing wat die Bybel sien as `n boek waarin die woorde van mense oor God opgeteken staan en tweedens, `n beskouing wat die Bybel sien as die geïnspireerde Woord van God waarin Hy Hom aan die mens openbaar. Vanuit die godsdienswetenskap word aangevoer dat die twee beskouings aanvullend eerder as teenoorstaande gesien moet word, terwyl sommige gelowiges weer die twee beskouings direk teenoor mekaar wil stel.

Eersgenoemde beskouing voer aan dat dit nie soseer oor die letterlike interpretasie van die Woord moet gaan nie, maar eerder oor die boodskap of singewende waarheid daaragter. Scholtz (2006:2) motiveer hierdie standpunt soos volg: “Toenemend het mense besef dat die Bybel nie soseer die Woord van God is in die sin dat God alles letterlik aan die Bybelskrywers gedikteer het nie, maar dat dit die woorde van mense oor God is – en dat die Bybelboeke gevolglik alle swakhede van menslike dokumente vertoon”. Bykomend hiertoe word aangevoer dat, aangesien die opskrifstelling heelwat later plaasgevind het as wat die gebeure werklik afgespeel het, dit deur die skrywers as terugskouend aangebied is. Dit verduidelik dan waarom sekere Bybelse gebeure oënskynlik vooraf met soveel akkuraatheid beskryf kon word.

Die tweede beskouing sien die Bybel as "... meer as mense se woorde oor God. Dit is woorde en dade van mense wat onder die gesag en leiding van die Gees geleef, gedoen, gepraat en geskryf het" (König in Evangeliese Inisiatief 2007:6). Die tweede beskouing veronderstel `n meer direkte, letterlike interpretasie van die Bybel as God se woorde wat Hy onder leiding van die Heilige Gees aan mense oorgedra het en dit presies so deur hulle opgeteken is. In hierdie beskouing speel menslike interpretasie van die omstandighede en historiese gebeure `n sekondêre rol en dien dit meer om ondersteunend tot die teks te wees. Die gedeelte in 2 Tim 3:1 (NAV): "Die hele Skrif is deur God geïnspireer …" word dan geïnterpreteer as dat elke woord, soos dit opgeteken staan, daar is omdat God dit so wou hê. Voorspellings oor toekomstige gebeure word in teenstelling met die vorige beskouing, gesien as openbaringe wat God aan mense gegee het en wat later vervul is.

In dié navorsingstuk word die Bybel as bronteks en vertrekpunt gebruik met ander bronne wat sekondêr en aanvullend aangewend word. Hierdie bronne word ook gebruik om alternatiewe standpunte aan te bied as deel van die wetenskaplike ondersoek. Die historiese agtergrond en inagneming van die tydvak en omstandighede waarin die betrokke gebeure afspeel, word steeds as belangrik, maar eerder ondersteunend, beskou. Die navorser se keuse om ander bronne ondergeskik aan die Bybel te stel, vloei voort uit `n persoonlike oortuiging dat die woorde, soos dit opgeteken staan in die Bybel, die ware en geïnspireerde Woord van God is. Die Bybel se eie verklaring is dat dit die Woord van God is. Hierdie verklaring is dus die basis waarop die Skrif se outoriteit berus en vorm uit die navorser se oogpunt, die grondslag van ons geloof en optrede. Vir die navorser is die integriteit van God direk aan Sy Woord gekoppel. Indien enige ander bron bo die Woord van God gestel word, word God se integriteit by implikasie, in gedrang gebring. In Psalm 138:2 (AV) word gesê: "You have esteemed your Word above all Your Name". Kendall (2006:5) verduidelik hierdie gedeelte soos volg: "God is more interested in His own integrity than His reputation. One day God will clear and vindicate His Name, and every knee will bow". As dít die waarde is wat God as Skepper van die aarde en ook van die mens, aan Sy Woord heg, dan volg dit vir die navorser logies dat wetenskaplike bevindinge van God se skepsels, sekondêr tot Sy Woord staan.

In die studie is ruimte gelaat vir verskillende interpretasies van Bybelse gebeure. Die aanbieding van die plek en rol van die Joodse volk en die land Israel in God se verlossingsplan, asook die alternatiewe blik op die Midde-Oosterse konflik, is gedoen met die voorveronderstelling dat dit `n bepaalde Christelike insig bied en nie as verteenwoordigend van die algemene Christelike of Kerklike standpunt gesien behoort te word nie. Die doel is om `n wyer blik op die omstandighede

te bied sodat gelowiges volgens hul eie oortuiginge, `n ingeligte besluit kan neem en `n standpunt hieroor kan formuleer.

## 6. BEGRIPSVERHELDERING

Behalwe vir die bespreking van die onderstaande begrippe, word bykomende begrippe in die glossarium verhelder. Die navorsingstitel veronderstel `n interpretasie van bepaalde begrippe wat verdere toeligting vereis:

### 6.1 JOOD EN JOODSE AANSPRAKE

Die term Jood impliseer verskeie dimensies. Die meeste Jode sien hulself as `n verlenging van Bybelse Israel wat aan die term `n Bybels-historiese dimensie gee. Onderskeid word ook gemaak tussen godsdienstige en sekulêre Jode wat aan die term Jood ook `n godsdienstige dimensie gee. Binne Judaïsme, wat die godsdiens van die Jode is, bestaan verskillende godsdienstige groeperinge wat wissel van Ultra-Ortodoks tot meer liberale groepe. Sekulêre Jode is nie godsdienstig nie, maar hou wel by die Joodse kultuurgebruike en neem in `n mindere of meerdere mate deel aan godsdienstige feesdae wat nou gekoppel is aan die Joodse kultuur. Godsdienstige Jode maak wel aanspraak op die land Israel, hoewel nie alle groepe erkenning aan die Staat Israel gee nie en godsdienstige redes uit die *TeNaK* hiervoor aanvoer.

### 6.2 LAND ISRAEL

`n Onderskeid word gemaak tussen die land Israel en die Staat Israel. Die land Israel verwys na die grondgebied wat God aan Abraham en sy nageslag beloof het as deel van die onvoorwaardelike bloedverbond. Hoewel die grense van die Beloofde Land, of Kanaän, soos in die Bybel aangetoon word, nie altyd konsekwent is nie, stem dit grootliks ooreen met wat algemeen verstaan word onder die begrip, die land Israel. Die Staat Israel verwys na die onafhanklike Joodse staat wat in 1948 afgekondig is, sy aanprake op `n gedefinieerde grondgebied maak en deur `n hoofsaaklik sekulêre regering bestuur word.

### 6.3 TEOLOGIE

Die term teologie is afgelei van die Griekse woorde *Theos* (God) en *logos* (studie/kennis) en word gesien as `n “Wetenskap oor (die openbaring van) God” (HAT 2005:1173). Die fokus is dus op God en kan binne die Christelik-teologiese tradisie gesien word as enige poging om oor God en die maniere waarop Hy Homself deur Jesus Christus en die Heilige Gees openbaar, te praat (vgl Van der Watt 2003:1084). Deist (1992:258) definieer teologie as: “... a systematic reflection on religion in general and Christian religion in particular”, terwyl Willows en Swinton (2000:27)

aanvoer dat teologie hoofsaaklik `n praktiese aktiwiteit veronderstel wat ten doel het "... of providing a resource for a working Christian understanding that can inform practice'". Verder voeg hulle by dat "... it is a critical and evaluative activity that tests, refines and explores the nature of belief in service and as part of the community of Faith and that it should be creatively and positively related to the task of living and working Christianity in the present".

`n Teologiese evaluering van Joodse aansprake, veronderstel noodwendig dat die Bybel sentraal tot die evaluering staan. Die gebrek aan eenstemmigheid binne Christelike geledere ten opsigte van wát die Bybel is, lei tot verskille in interpretasie van Bybelse gebeure en gevolglik ook Jode se aansprake op die land Israel.

### 6.4 GEBRUIK VAN BYBELVERTALINGS EN AANHALINGS

Daar is oorwegend van die 1933 Afrikaanse Ou Vertaling (AOV) gebruik gemaak wanneer aanhalings gegee word. In gevalle waar die 1983 Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) `n bepaalde begrip duideliker stel, is aanhalings hieruit weergegee. Waar na spesifieke gedeeltes in die Bybel verwys is sonder `n direkte aanhaling, is slegs die betrokke boek, hoofstuk en vers aangedui sonder enige verwysing na `n spesifieke Bybelvertaling. Wanneer `n aanhaling uit `n betrokke Bybelvertaling gedoen is, word die Bybelvertaling as deel van die bronverwysing aangedui.

### 6.5 ABRAM EN ABRAHAM

Ter wille van eenvormigheid en om verwarring te voorkom, is die naam Abraham eerder as Abram deurgaans in die studie gebruik word. Slegs in die geval van direkte aanhalings uit die Bybel wat die naamsverandering van Abram na Abraham voorafgegaan het, is Abram gebruik.

### 6.6 VERWYSING NA DIE MANLIKE VORM

Met alle verwysings in die studie na die manlike, byvoorbeeld die gelowige as hy, word ook daarmee die vroulike geïmpliseer en is die bedoeling geensins om net na een geslag te verwys nie. Die rede vir die enkelgeslagtelike taalgebruik is ter wille van eenvoud en om `n gemakliker lees te bevorder.

## 7. TERREINAFBAKENING

Die tema onder bespreking bestryk `n wye navorsingsterrein. Ter wille van `n meer gefokusde, eerder as `n oppervlakkige studie, is die veld van ondersoek beperk tot Jode se aansprake op die land, hoewel aansprake ook vanuit Moslemgeledere gemaak word. `n Christelik-teologiese

evaluering van hierdie aansprake, asook die alternatiewe aanbieding van die oorsaak van die Midde-Oosterse konflik, verteenwoordig `n bepaalde Christelike perspektief wat nie as verteenwoordigend van die Kerklike standpunt gesien kan word nie.

## 8. WERKSWYSE EN METODOLOGIESE VERANTWOORDING

In die benadering en bespreking van die probleemstelling is besluit op `n uitgebreide literatuurstudie van die beskikbare, toeganklike en toepaslike bronne. `n Analise en evaluering van sowel primêre bronne (inligtingstukke, dokumente en onderhoude) as sekondêre bronne (koerantberigte, boeke, verhandelinge en proefskrifte) is gedoen. Die verskillende perspektiewe en aansprake wat gemaak word op die land Israel, is deeglik ondersoek deur gebruik te maak van verskeie buite-Bybelse bronne insluitend wetenskaplike navorsing wat nie noodwendig op Bybelse beginsels geskoei is nie. Hierdie bronne is indringend ondersoek en in diepte bestudeer, maar met die voorveronderstelling dat hierdie bronne ondergeskik is aan die Woord van God. Die Bybel is dus as vertrekpunt, as maatstaf en bronteks gebruik terwyl ander buite-Bybelse bronne sekondêr en aanvullend tot die Bybel gebruik is.

Na die insameling en ordening van data is verskynsels en begrippe soos beloftes en verbonde, Jode en Bybelse Israel, die land Kanaän, Joodse Sionisme, Christen-Sionisme en Vervangingsteologie bespreek en verduidelik. Die versamelde inligting is feitelik en sover moontlik objektief beskryf in `n logiese hoofstukindeling. Die navorsingstuk is dan afgesluit met `n Christelik-teologiese evaluering van die Joodse aansprake en `n alternatiewe blik op die Midde-Oosterse konflik waarna enkele bevindings en slotopmerkings gemaak is. Intersubjektiewe gesprekke is waar nodig met kenners gevoer. Die internet is ook gebruik om bykomende inligting wat nie altyd gepubliseer word nie, te bestudeer.

Aangesien vanuit `n bepaalde wetenskaplike benadering of ingesteldheid gewerk is, is van bepaalde wetenskaplike metodes en tegnieke gebruik gemaak. Daar is gepoog om `n wetenskaplike benadering te volg wat `n totaliteitsbeskouing, wat komponente soos objektiwiteit en `n kritiese ingesteldheid insluit, veronderstel. `n Chronologiese benaderingswyse is gevolg waar die probleemstelling in `n chronologiese tydsorde nagevors en weergegee is. In die navorsingsverloop is waar nodig van ander benaderingswyses gebruik gemaak. Alhoewel volkome objektiwiteit in geen wetenskaplike terrein en veral nie in die geesteswetenskappe moontlik is nie en die navorser die studie vanuit `n Christelik-teologiese vertrekpunt onderneem het wat reeds `n bepaalde standpunt impliseer, is daar gepoog om op `n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te werk te gaan en die resultate dienooreenkomstig aan te bied.

Die navorsing behels `n literatuur-teologiese studie waarin die volgende werkswyses gebruik is:

8.1 LITERATUURSTUDIE

`n Uitgebreide literatuurstudie van beskikbare, toeganklike en toepaslike bronne is gedoen. `n Verskeidenheid boeke, artikels en bronne op die internet is geraadpleeg wat as breë basis kon dien om `n analise en evaluering te doen en by bepaalde insigte uit te kom.

8.2 GESPREKVOERING

Verskeie gesprekke is oor `n tydperk van vyf jaar gevoer met betrokkenes aan verskillende kante van die spektrum.

## 9. VERDERE PROGRAMAANKONDIGING

| | |
|---|---|
| HOOFSTUK 1 | INLEIDENDE ASPEKTE |
| HOOFSTUK 2 | DIE BYBEL AS BRON IN JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL |
| HOOFSTUK 3 | DIE VOLK ISRAEL EN DIE LAND KANAÄN IN GOD SE SKEPPINGS-PLAN |
| HOOFSTUK 4 | JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL - GODSDIENSTIGE GRONDE |
| HOOFSTUK 5 | JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL - HISTORIESE GRONDE |
| HOOFSTUK 6 | JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL - POLITIEKE GRONDE |
| HOOFSTUK 7 | CHRISTELIK-TEOLOGIESE OORWEGINGS EN BEVINDINGE MET BETREKKING TOT JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND |

# HOOFSTUK 2

## DIE BYBEL AS BRON IN JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL

### 1. INLEIDING

Jode maak op verskeie gronde aanspraak op die land Israel soos blyk uit die volgende: ”God promised the land to the patriarch Abraham; the Jewish people settled and developed the land; the international community granted political sovereignty in Palestine to the Jewish people and the territory was captured in defensive wars” (*The Jewish claim to the land of Israel.* http://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/History/). Ten spyte van dié verskillende gronde is Jode se primêre aanspraak op die land godsdienstig van aard. Kahane (*There Is No Palestine.* http://www.kahanetzadak.com/palestine.html) bevestig hierdie standpunt vanuit `n Joodse oogpunt: “The fundamental and REAL Jewish claim to The Land of Israel is based on the fact that there is a Divine grant of the land to the Jewish people, and that G-d gave the Holy Land to the Jewish people in order that it be holy and create a holy society therein”. In hierdie aanspraak speel die Bybel `n belangrike rol.

Die betekenis van die term Bybel verskil vir Jode en Christene. Vir Jode verwys Bybel na die Hebreeuse Bybel *(TeNaK)* wat in inhoud grootliks ooreenstem met wat Protestantse Christene die Ou Testament noem, hoewel die volgorde van die boeke in die Ou Testament en *TeNaK* verskil. Vir Christene sluit die term Bybel, behalwe vir die Ou Testament ook die Nuwe Testament in. Jode aanvaar uiteraard nie die Nuwe Testament as gesagsbron nie: “The religion of the New Testament is a completely foreign religion that is not only un-Jewish but is also unfaithful to the Hebrew Bible” (Brown 2000b:xiii). In Jode se aansprake op die land Israel, word die Hebreeuse Bybel as primêre bron gebruik en vorm die verbond met Abraham en later met die volk Israel, die basis vir hierdie aansprake.

Deur die eeue heen is die Bybel, beide Ou en Nuwe Testament, verskillend gelees, bestudeer en geïnterpreteer - vir die letterkundige waarde daarvan, ter wille van die geskiedenis van die antieke wêreld, om die temas en verhale te bestudeer wat die werk van kunstenaars, komponiste en skrywers wêreldwyd geïnspireer het of om die grondslae van Joodse en Christelike oortuigings en etiese standaarde te bestudeer (vgl Travis in Alexander 2004:22). Sommige van hierdie bestuderingstegnieke is tipies van die Jodedom, terwyl vele ander later in Christelike geledere ontstaan het as gevolg van sendingwerk onder mense wat voorheen heidene was (vgl Bray in Alexander 2004:53).

Om die gebruik van die Bybel in Joodse aansprake op die land te verstaan, asook ter wille van die latere teologiese evaluering van hierdie aansprake, is dit nodig om die ontstaan en ontwikkeling van die Bybel in Joodse sowel as Christelike geledere te ondersoek. Die verskillende wyses van Bybelinterpretasie deur die eeue heen deur die godsdienswetenskap nagevors, moet ook aangedui word.

## 2. DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE BYBEL

Vanuit `n Christelike oogpunt gesien het die Bybel, beide Ou en Nuwe Testament, oor `n lang tydperk tot stand gekom. Dit word aanvaar dat die verhale van die Bybel nie dadelik neergeskryf is nie, maar eers in die volksmond geleef het voordat dit op skrif vasgelê is (vgl Van der Watt 2003:21).

### 2.1 VAN MONDELINGE TRADISIE TOT SKRIFTELIKE BRONNE

As gevolg van die hoë waarde wat volke wat binne `n mondelinge kultuur geleef het aan geheue geheg het, is gesofistikeerde memoriseringstegnieke ontwikkel. Dit is een van die redes waarom die geloofwaardigheid van Bybelse materiaal uit die vroegste tye, sowel as die herkoms daarvan, algemeen deur godsdienswetenskaplikes aanvaar word (vgl Wells in Alexander 2004:63).

Die volk Israel het opdrag ontvang om God se troue dade aan volgende geslagte oor te dra: "[7]Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan" (Deut 6:7, NAV). Ou Israel het geleef in `n wêreld waar nie net mondelinge tradisie belangrik was nie, maar ook die erfenis van die Ou Testament wat oor `n tydperk van 1,500 jaar deur geslagte Joodse skrifgeleerdes herhaaldelik oorgeskryf is. Hierdie oorskrywing is merkwaardig akkuraat gedoen soos die ontdekking van die Dooie See-rolle in 1947 bewys het (vgl Wells in Alexander 2004:63-64). Van der Watt (2003:23) sê in dié verband: "Die Hebreeuse alfabet is baie oud en het waarskynlik al bestaan toe die Jode die land Kanaän ingeneem het". Die skryfkuns het meegebring dat die mondelinge tradisie daarteen vergelyk kon word. Hinson (1990:6-7) voer verder aan dat gebeure oor die algemeen kort nadat dit plaasgevind het, aangeteken is en dat daar met redelike sekerheid vasgestel kon word wat in Israel op `n sekere tydstip gebeur het.

Die proses waardeur mondelinge tradisie oorgegaan het in geskrewe oorlewerings, asook die samestelling van materiaal en redaksionele afronding van die versamelings, is beïnvloed deur die verskillende omstandighede van die onderskeie tydperke waarin die verskillende boeke

geskryf is, asook deur die verskillende skrywers wat betrokke was (vgl Van der Watt 2003:38). Goldingay in Alexander (2004:46) sê in dié verband dat die onderskeie skrywers op verskillende kontinente in verskillende millennia geleef het en verskillende tale gepraat het. Hy beklemtoon dat die Bybel eerder `n biblioteek as `n enkele werk is wat deur verskillende skrywers geskryf is en uit `n verskeidenheid genres bestaan soos geskiedenis, verhale, wette, gebede, gedigte, liedere, visioene, profesieë en ander literatuursoorte. So bestaan die Ou Testament uit die wet, geskiedenis, wysheid en poësie, groot profete en klein profete. Die Nuwe Testament daarenteen bestaan uit evangelies, geskiedenis, briewe en apokalips (vgl Van der Watt 2003:38).

Kenners van die vormkritiek wat die vorm of genre van kleiner tekseenhede en die oorsprong van die genre in die gemeenskapslewe van Israel ondersoek, het die invloed van die mondelinge tradisie op verskeie gedeeltes van die Ou Testament soos Genesis, Eksodus, Josua, Rigters, en die Samuel-boeke uitgewys. In die Nuwe Testament is dit veral die Evangelies wat deur mondelinge tradisie beïnvloed is (vgl Wells in Alexander 2004:62). Volgens Venter (1987:53) kan die groot verskeidenheid tekstradisies waaruit die Bybel ontstaan het in drie geografiese hoofgroepe van tekstradisies verdeel word: die Aleksandrynse tradisie, die Palestynse en die Babiloniese tradisie.

## 2.2 DIE HEBREEUSE BYBEL

Waarna Christene as die Ou Testament verwys, staan by die Jode bekend as die *TeNaK*. Daarin is die skeppingsverhale en die geskiedenis van die Joodse volk, wat `n tydperk van ongeveer 2,000 jaar dek, opgeteken. Dit bestaan uit 24 boeke en is opgedeel in drie afdelings:

- Die Wet of *Torah* (Genesis tot Deuteronomium).
- Die Profete: bestaande uit die Vroeëre Profete (Josua tot 2 Konings); die Latere Profete (Jesaja, Jeremia, Esegiël) en die twaalf Klein Profete (Boek van Twaalf)
- Die Geskrifte: Psalms, Spreuke, Job, Hooglied, Rut, Klaagliedere, Prediker, Ester, Daniël, Esra, Nehemia en 1 & 2 Kronieke

(vgl Cohn-Sherbok in Alexander 2004:68).

Volgens Joodse tradisie het God die *Torah* aan Moses op die berg Sinaï geopenbaar. Die *Torah*-gedeelte van die *TeNaK* word deur die Jode as die basis van die Hebreeuse Bybel gesien. Na die openbaring op die berg Sinaï is dit van geslag tot geslag oorgelewer en sodoende is bykomstige wetgewing daarin opgeneem. Gedurende die Middeleeue is dit herbevestig dat die *Torah* die eintlike grondslag van Judaïsme vorm en gebaseer is op die

mistieke idee van `n oer-*Torah* wat reeds in die hemel bestaan het voordat die wêreld geskep is (vgl Cohn-Sherbok in Alexander 2004:68).

Navorsing van die 16de en 19de eeu konstateer dat die *Torah* (Vyf boeke van Moses) saamgestel is uit vier hoofdokumente wat aanvanklik afsonderlik bestaan het en later deur redakteurs saamgevoeg is. `n Ander teorie is dat die mondelinge tradisies deur die geskiedenis van Ou Israel heen aangepas is en eers later in `n enkele vertelling verwerk is. Ortodokse Jode verskil van hierdie siening terwyl nie-Ortodokse Jode dié bevindinge oor die algemeen aanvaar. Ten spyte van die verskillende teorieë, word algemeen aanvaar dat die *Torah* `n versameling tradisies is wat op verskillende tye in Ou Israel ontstaan het. Alle navolgers van Judaïsme aanvaar verder dat die Hebreeuse Bybel (*TeNaK*) fundamenteel tot die Joodse geloof is (vgl Cohn-Sherbok in Alexander 2004:69).

## 2.3 DIE CHRISTELIKE BYBEL / DIE OU EN NUWE TESTAMENT

Vir Christene sluit die term Bybel beide Ou en Nuwe Testament in. Net soos die Ou Testament is die Nuwe Testament `n versameling boeke wat oor `n tydperk deur verskillende skrywers in verskillende style geskryf is. Waar die Ou Testament hoofsaaklik fokus op God en die verhaal van die volk Israel, is die fokus van die Nuwe Testament op een spesiale persoon uit daardie volk, Jesus Christus (vgl Alexander 2004:527).

Die Hebreeuse Bybel (Ou Testament) is teen ongeveer die vierde - derde eeu vC in die vorm wat dit toe gehad het, in Grieks vertaal omdat baie Jode wat in Alexandrië, Egipte gewoon het, nie meer Hebreeus magtig was nie. So het die Hebreeuse Bybel in die vertaalde vorm van Grieks, bekend as die Septuagint, deel van die Christelike Bybel geword. Die vorming van die Hebreeuse Bybel self en die samevoeging daarvan met die Nuwe Testament om die Christelike Bybel te vorm, was `n ontwikkelingsproses wat `n geruime tyd geduur het. Dit het gedurende die eerste twee eeue nC uiteindelik sy finale beslag in die vorm van die Christelike Bybel gekry.

Inhoudelik stem die Ou Testament ooreen met die Hebreeuse Bybel. In die Christelike Bybel wat bestaan uit 66 boeke, word die Ou Testament verdeel in 39 boeke en die Nuwe Testament in 27 boeke. Die indeling van die Ou Testament en die volgorde daarvan is in die Christelike Bybel soos volg:

- Die 'Vyf Boeke': Genesis, Eksodus, Levitikus, Numeri, Deuteronomium
- Israel se geskiedenis: Josua, Rigters, Rut, 1 & 2 Samuel, 1 & 2 Konings, 1& 2 Kronieke, Esra, Nehemia, Ester

- Poësie en Wysheidsgeskrifte: Job, Psalms, Spreuke, Prediker, Hooglied
- Die Profete: Jesaja, Jeremia, Klaagliedere, Esegiël, Daniël en die 12 Klein Profete: Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria, Maleagi

(vgl Alexander 2004:14-15).

Die Nuwe Testament is oor `n tydperk van ongeveer 50 jaar deur verskillende outeurs in verskillende style geskrywe. Die verhaal van die Nuwe Testament dek `n periode van ongeveer 100 jaar, die tydsvak is die eerste eeu nC gedurende die regeringstyd van die Romeinse Ryk (vgl Alexander 2004:527).

Die Nuwe Testament bestaan uit:

- Die Evangelies van Matteus, Markus, Lukas en Johannes
- Geskiedenis van die Evangelie in Handelinge
- Briewe: Romeine, 1 & 2 Korintiërs, Galasiërs, Efesiërs, Fillipense, Kolossense, 1 & 2 Tessalonisense, 1 & 2 Timoteus, Titus, Filemon, Hebreërs, Jakobus, 1 & 2 Petrus, 1, 2 & 3 Johannes en Judas
- Die Apokaliptiese boek, Openbaring

(vgl Van der Watt 2003:38).

## 2.4 KANONISERING VAN DIE BYBEL

Kanon is `n Griekse woord wat stok of meetstok beteken en as `n standaard of reël gesien kan word. Vir Jode en Christene is dit `n lys boeke wat deur God geïnspireer is en as gesaghebbende Skrif beskou word waaraan baie waarde geheg word (vgl Travis en Elliott in Alexander 2004:70).

Die kanon van die Hebreeuse Bybel het na die vernietiging van die tempel in 70 nC, sy finale gestalte onder leiding van die Farisese party verkry en sy voltooiing teen ongeveer 100 nC bereik (vgl Venter 1987:55-65). Die Christendom het die Ou Testamentiese deel van sy kanon gevorm uit die tekstradisies van die Egipties-Griekse en nie uit die Palestynse of Babiloniese tekstradisies nie. Deur die eeue het die Hebreeuse kanon naas die Westerse Septuagint van die Christendom bestaan. Die Oosterse Ortodokse- en Roomse Christendom het voorkeur aan die omvang van die Septuagintvorm gegee wat groter is as die Hebreeuse weergawe daarvan en boeke bevat wat nie in die Hebreeuse versameling opgeneem is nie. Met die koms van die

Kerkhervorming en Protestantisme, het Luther gekies vir die Hebreeuse omvang, maar dit in die volgorde van die Septuagint gerangskik (vgl Venter 1987:67).

Die 39 boeke wat in die Protestantse Ou Testament voorkom, stem inhoudelik ooreen met die kanon van die Hebreeuse Bybel hoewel die verdeling in die aantal boeke verskil. Hierdie verskil kom daarby dat in die Hebreeuse Bybel 1 & 2 Samuel, 1 & 2 Konings, 1 & 2 Kronieke, Esra-Nehemia en die twaalf Klein Profete telkens as een boek in die Hebreeuse Bybel gesien word (vgl Travis en Elliott in Alexander 2004:70).

Die omvang van die Nuwe Testamentiese kanon is egter nooit formeel vasgestel deur `n ekumeniese raad van die hele kerk nie. Selfs vandag nog het die Etiopiese kerk se Nuwe Testament `n kanon van 38 boeke, terwyl die Ortodokse, Rooms-Katolieke en Protestantse Kerke `n kleiner gemeenskaplike kanon het (vgl Travis en Elliott in Alexander 2004:72). Heelwat briewe en verhale is ook geskryf wat nie in die kanon opgeneem is nie en bekend staan as Apokriewe boeke (vgl Van der Watt en Tolmie 2005:11).

## 3. REDAKSIEGESKIEDENIS VAN DIE BYBEL

Die Hebreeuse bronne wat die rou materiaal was waaruit die afsonderlike boeke van die Bybel ontstaan het en die bymekaarsit van hierdie boeke, is waarskynlik oor `n lang tydperk deur geslagte redakteurs gedoen om die huidige kanon te vorm. Die redigeringsproses, tegnies bekend as redaksie, het waarskynlik geduur vanaf voor die ballingskap tot in die 2de eeu vC. Die Nuwe Testament is veel gouer gefinaliseer met minder opvallende insette van redakteurs (vgl Wells in Alexander 2004:66).

Navorsing oor die werk van redakteurs, bekend as redaksiekritiek, probeer vasstel wat die teologiese bedoeling was met die manier waarop skrywers, vertalers en redakteurs die materiaal bymekaar gemaak en in `n spesifieke volgorde gerangskik het. Hierdeur kon `n beter begrip verkry word van die spesifieke boodskap wat oorgedra moes word asook die perspektief waaruit dit geskryf is (vgl Wells in Alexander 2004:66). So aanvaar sommige godsdienswetenskaplikes dat die verhaal van Abraham wat as orale literatuur bestaan het voordat dit neergeskryf is, geredigeer is om bepaalde teologiese perspektiewe te beklemtoon (vgl Wells in Alexander 2004:62).

Hoewel dit wil voorkom of die hele Pentateug `n enkele verhaal is wat `n samehangende geheel vorm en die werk is van `n enkele skrywer sonder enige betrokkenheid van `n redakteur, vertoon

dit tog verskeie uiteenlopende skryfstyle en word sommige verhale ook uit verskillende perspektiewe herhaal. Die 19de eeuse Duitse geleerde, Julius Wellhausen (1844-1918), het die moontlike historiese bronne waaruit die eerste vyf boeke gegroei het, aangetoon as J, E, D en P. Elkeen van die vier bronne praat op sy tipiese manier oor die ontstaan van Israel. Hierdie benadering, waarvoor hy die name **J**ahwis (ongeveer 950 vC), **E**lohis (ongeveer 750 vC), **D**euteronomis (ongeveer 620 vC) en **P**riestergeskrif (na 538 vC) gebruik het, word vandag nog in kommentare en indelings gebruik (Le Roux, 2006a:2). Indien Wellhausen se teorie aanvaar word, is: "... die huidige verhaal die resultaat van die finale redakteurs se 'weefwerk' (gedurende of ná die ballingskap), asook van dié van subredakteurs van die individuele bronne" (Wells in Alexander 2004:67). Nie alle Bybelnavorsers stem hiermee saam nie.

## 4. BYBELINTERPRETASIE

Deur die eeue heen is die Bybel deur godsdienswetenskaplikes en Bybelnavorsers op verskeie wyses gelees en geïnterpreteer. Met Bybelinterpretasie moet die verskillende soorte tekste in die Bybel in ag geneem word aangesien verskillende riglyne vir elkeen van die verskillende soorte tekste bestaan. Die tekssoorte wat oorwegend in die Bybel voorkom, is geskiedenis- en verhaaltekste (vgl Goldingay in Alexander 2004:46). Veral in die Ou Testament kom dit duidelik na vore waar die geskiedenis van die volk Israel in hoofsaak narratief verwoord word. Aangesien die onderhawige studie fokus op Joodse aanprake op die land Israel, is die aanbieding van die geskiedenis van die volk Israel en die interpretasie daarvan, van primêre belang.

### 4.1 LITERÊR-HISTORIESE INTERPRETASIE

Die oudste vorm van interpretasie is die literêr-historiese waar die geskiedkundige aard van die letterkunde in ag geneem word. Hierdie benadering fokus op die grammatika (die oorspronklike tale) sowel as die historiese omstandighede gedurende die ontstaan en interpretasie van die teks (vgl Deist en Burden 1980:111). Mettertyd het hierdie metode verskeie veranderinge ondergaan en het die fokus verskuif namate die vlak van geletterdheid verhoog het en die Bybel meer toeganklik geword het. Daar word verskeie rigtings in die verloop van literêr-historiese interpretasies onderskei:

#### 4.1.1 Joodse interpretasie

Die grammaties-historiese interpretasie van die Bybel ontstaan uit die Joodse tradisie aangesien die Bybel aanvanklik slegs in Hebreeus en `n paar gedeeltes in Aramees beskikbaar was. Die Joodse oorlewering van die teks het die presiese spelling en betekenis van die afsonderlike

woorde in die Hebreeuse Bybel beklemtoon. Christene het dit oorgeneem en toegepas op die Griekse vertaling van die Ou Testament (Septuagint) en ook op die Nuwe Testament (vgl Bray in Alexander 2004:53).

4.1.2 Vroeë Christelike kommentare

Teen die 4de eeu nC was daar aaneenlopende kommentare oor die inhoud van die Bybeltekste met `n sterk fokus op teologiese sowel as sosiale en etiese temas. In hierdie kommentare het dit hoofsaaklik gegaan oor die verduideliking van ongewone woorde, Bybelse name en so meer (vgl Bray in Alexander 2004:53).

4.1.3 Verval en herlewing

Gedurende die Middeleeue kwyn die literêr-historiese interpretasie hoofsaaklik omdat min mense Grieks en Hebreeus kon lees. Aangesien die Kerk aandring dat leerstellinge op helder uitsprake van die Skrif gebou moes word, verdwyn dit egter nie en word die belangrikheid van die literêr-historiese aard van die teks behou. Teen die 12de eeu nC en met die koms van die Renaissance, ontwikkel hernude belangstelling in die literêr-historiese interpretasie en herleef hierdie vorm met die opbloei van geleerdheid in die 15de en 16de eeu. Martin Luther (1483-1546) en Calvyn (1509-15640) ondersteun dit as enigste betroubare interpretasiemetode (vgl Bray in Alexander 2004:54).

4.1.4 Verbond-interpretasie

`n Fyner studie van die historiese gedeeltes van die Bybel lei tot die verbond-interpretasie. Hiervolgens is die Bybel die historiese opskrifstelling van God se heilsverhouding met Israel soos dit vasgelê is in die verbond wat Hy met hulle gesluit het. Verbond-interpretasie wys hoe die Ou Testament die Woord van God bly, selfs al is dele daarvan met die koms van Christus vervul. Historiese interpretasie met die verbond as uitgangspunt, het Bybelnavorsing oorheers tot aan die begin van die 19de eeu (vgl Bray in Alexander 2004:54).

4.1.5 Histories-kritiese denke

Die histories-kritiese metode ontwikkel in die 19de eeu in Duitsland onder leiding van Julius Wellhausen. Dit is krities in die lees en beoordeling van die Bybelteks in die lig van die moderne wêreldbeeld en histories in die sin dat dit historiese tegnieke toepas wat uit moderne geskiedfilosofie ontwikkel het. Ook is dit histories in die bemoeienis met die geskiedenis van die teks sowel as die historiese gebeure waarna dit verwys, eerder as met die teks in sy huidige vorm (vgl Bartholomew in Alexander 2004:58). Hoewel hierdie beskouing `n historiese fokus het,

word die Bybel veral gesien as `n dokument wat vertel van die verbondsgemeenskap en hulle verstaan van God – eerder as van God se openbaring aan hulle (vgl Bray in Alexander 2004:54).

Smit in Van der Watt (2003:1067) beskryf die histories-kritiese metode as "... die poging om met kritiese uitgangspunte en beginsels te probeer rekonstrueer wat die historiese konteks en gebeure agter die Bybelse verhale, berigte en woorde kon gewees het. Die belangstelling is dus in die oorsprong van die teks en die historiese omstandighede waarin dit ontstaan het, eerder as in die finale vorm of neerslag wat dit in die dokumente gevind het". Volgens Le Roux (2006b:1) het Herman Gunkel (1862-1932) na die histories-outentieke bronne agter die teks probeer soek en byvoorbeeld bevind dat die boek Genesis `n versameling van sages is. Hoewel sages geen outentieke historiese inhoud bevat nie, het dit iets van die voorstadia van die aartsverhale weergegee.

Uit die histories-kritiese metode ontwikkel die volgende: tekskritiek (bepaal watter beskikbare tekste van Ou Testament en Nuwe Testament die betroubaarste is); bronnekritiek (ondersoek die bronne waaruit tekste ontstaan); vormkritiek (ondersoek vorm of genres wat gebruik word en die oorsprong daarvan); tradisiekritiek (ondersoek oorsprong, ontwikkeling en oorlewering van Bybeltemas in die lewe van Israel) en redaksiekritiek (ondersoek die wyse waarop `n teks tot sy finale vorm geredigeer is) (vgl Smit in Van der Watt 2003:1067).

Die opvallende leemte van die historiese-kritiese metode is die gebrek aan fokus op Bybelboeke in hulle huidige vorm. Om dié leemte te vul, volg sedert die 1970's `n meer literêre benadering.

4.1.6 Literêre benadering

Hier word op die Bybelboeke as letterkundige tekste gefokus soos die narratiewe of poëtiese aard daarvan. Die verteller, die verhaallyn en karakteruitbeelding kom onder die soeklig (vgl Bartholomew in Alexander 2004:58).

Radikale nuwe tendense spruit in die laat 1970's uit die oplewing van nuwer literêre benaderings wat veral vrae stel oor die lesers van die teks en hulle wêreld. Daar word gesuggereer dat `n teks nie net een betekenis het nie, maar dat dit grootliks deur die leser(s) bepaal word. Uit veral postmoderne teorieë ontwikkel onder andere dekonstruksie-, feministiese- en ander perspektiewe waaruit die Bybel dan gelees word. Die uitwerking op die godsdienswetenskap was dat die begrip postmodernisme volgens Van der Watt (2003:27) "... die oorkoepelende woord geword [het] waarmee die reg van elkeen opgeëis word om uit die teks te haal wat hy

wil”. Bartholomew in Alexander (2004:58) sê ook in dié verband dat in die godsdienswetenskap die postmodernisme die oorheersende rol van die historiese-kritiek ondermyn het om dit met geen één enkele metode te vervang nie, maar met `n konstellasie van benaderings. Die indruk is geskep dat `n dominante metode volgens persoonlike voorkeur gekies kan word, terwyl daar eerder van `n veelheid van metodes gebruik gemaak behoort te word. Hierdie benadering het onder baie gelei tot vrae oor die gesag en outoriteit van die Skrif.

## 4.2 GEESTELIKE BOODSKAP OF BETEKENIS

Vanaf die vroegste tye is die Bybel op verskeie maniere gelees byvoorbeeld magies, naïef, dogmaties of allegories sodat lesers `n geestelike boodskap daaruit kon kry. Sommiges glo dat die Bybel nie `n duidelike boodskap van God af oordra nie, maar dat dit `n verborge raaisel is wat ontsyfer moet word. Metodes om hierdie boodskap te ontsyfer en te verstaan sluit onder andere in numerologie en allegoriese interpretasie (vgl Van der Watt 2003:25-26). In die afgelope jare het `n groeiende belangstelling onder geleerdes in die letterkundige genres in die Bybel, mense bewus gemaak van die verskillende betekenisvlakke in die teks wat daartoe gelei het dat die ou geestelike interpretasie weer herleef het (vgl Bray in Alexander 2004:56).

### 4.2.1 Kanonieke interpretasie

In reaksie teen die histories-kritiese interpretasie volg `n verdere benadering bekend as kanonieke interpretasie. Hiervolgens word aanvaar dat die Bybel baie bronne het, maar dat die verskillende bronne saam `n onderlinge verband het wat in `n enkele boek (kanon) aan ons oorgelewer is. Wyd uiteenlopende ontstaansbronne van die materiaal in die Bybel is dus minder belangrik as dít wat dit saambind. Bray in Alexander (2004:54-55) verduidelik dit so: “... wat regtig saak maak, is dat [die bronne] as `n enkele boodskap in `n enkele boek aan ons oorgelewer is”.

### 4.2.2 Teologiese benadering

Volgens Bartholomew in Alexander (2004:59) staan Bybelinterpretasie voor `n uitdaging aangesien daar in die breër wetenskaplike wêreld geen ooreenstemming is oor hoe die Bybel gelees moet word of in watter rigting die godsdienswetenskap behoort te ontwikkel nie. Onlangse tekens dui op die ontwikkeling van `n teologiese klem waarin `n Christelike interpretasieteorie voorgestaan word. Hiervolgens word beklemtoon dat Christene se benadering tot die Bybel geanker behoort te wees in `n Bybelse verstaan van die wêreld en dat die Bybel eerstens gelees moet word om te hoor wat God se boodskap is. Die beste manier van interpretasie vir `n Christen is hiervolgens om die Bybel te lees uit `n oortuiging dat dit God se Woord is.

Aangesien die benadering tot Bybeltekste volledig die interpretasie daarvan bepaal, is volgens Bartholomew in Alexander (2004:59) `n geïntegreerde benadering tot Bybelinterpretasie nodig waarin die historiese, literêre en teologiese aspekte saam verreken word. So `n benadering kan dan vergestalt word in `n kommunikasiemodel waar die rol van die sender, die boodskap en die ontvanger beklemtoon word en die teks in sy finale vorm gebruik word om die boodskap te verstaan. Bartholomew in Alexander (2004:59) sê verder in dié verband dat "Ons pogings tot interpretasie moet daarop gemik wees om die boodskap van die teks te onderskei, eers aan die oorspronklike lesers daarvan en dan aan lesers vandag". Ook Deist en Burden (1980:50) beklemtoon `n geïntegreerde benadering waar die rol van die uitlegger, die hoorder, die skrywer of spreker en die teks verreken word wanneer Bybelinterpretasie gedoen word.

### 4.3 BYBELVERTALINGS

Die Bybelboeke is in drie ou tale Hebreeus, Aramees en Grieks geskryf. Die meerderheid mense lees vandag vertalings van hierdie Bybeltekste in hul eie moedertaal. Vosloo *et al* (1991:22) voer aan dat vertaling noodwendig interpretasie is en dat daar nie iets bestaan soos "... `n 'kille' (bedoelende presies dieselfde) vertaling nie". Vertalings is selde die werk van een persoon. As gevolg van verskillende vertaalmetodes wat gebruik word, sê Van der Watt (2003:29) dat meer as een vertaling gebruik behoort te word wanneer Bybelstudie gedoen word. Dit stel die leser in staat om die verskillende verstaansmoontlikhede vir elke teks duideliker raak te sien (vgl Vosloo *et al* 1991:23).

## 5. DIE OU NABYE-OOSTE EN ISRAEL

Daar Israel deel was van die wêreld van die Ou Nabye-Ooste, is hulle op verskeie terreine soos taal en kultuur deur ander volke van daardie wêreld beïnvloed.

Bimson in Alexander (2004:30-31) konstateer dat hoewel argeologiese opgrawings nie die historisiteit van die Bybel kan bewys nie, dit wel die kulturele konteks belig. So vertoon Salomo se tempel ooreenkomste met Kanaänitiese tempels uit die Laat Bronstydperk (1500-1200 vC) sowel as met `n latere tempel in Noord-Sirië. Daar bestaan ook ooreenkomste in versierings en ontwerpe wat in Sirië en Assirië voorgekom het, asook ooreenkomste met Egiptiese tempels. Dit toon dat die detail van die Bybelse beskrywing ooreenstem met die destydse kulturele konteks. Wat taal betref, kan die invloed van die Ou Midde-Oosterse volke onder andere gesien word in Israel se aanvanklike gebruik van die plaaslike Kanaänitiese name vir die maande, waarna dit gedurende die Babiloniese gevangeneskap weer vervang is met Babiloniese name (vgl Bimson in Alexander 2004:42).

Hoewel Israel op verskeie terreine deur die Ou Midde-Oosterse volke beïnvloed is, was dit nie op godsdienstige gebied die geval nie. Abraham het gedurende sy reis vanaf Ur in Babilonië, deur Aram (Sirië) en deur Kanaän na Egipte en weer terug na Kanaän beweeg. Gevolglik het hy met `n verskeidenheid beskawings in aanraking gekom wat elkeen hul eie ideologieë en godsdienstige oortuigings soos politeïsme, etniese en ander oergodsdienste beoefen het (vgl Alexander 2004:26). Na Abraham se roeping deur God, beoefen hy in teenstelling met die ander volkere `n monoteïstiese godsdiens. Abraham en die volk Israel se keuse om een God te dien was dus teen die norm van hul tyd en sê Millard in Alexander (2004:107) in dié verband: "Al het hulle soveel in gemeen wat betref taal en kultuur, staan Israel wat betref geloof, apart van die res". Teen hierdie agtergrond moet die sluiting van verbonde in die Bybel gesien word en spesifiek die verbonde waarop die Jode hul aansprake op die land Israel baseer.

## 5.1 OU NABYE-OOSTERSE VERDRAE EN OU TESTAMENTIESE VERBONDE

Daar verbonde `n belangrike herhalende tema in die Bybel is en sentraal staan in Joodse aansprake op die land Israel, is dit nodig om na die aard van verbonde, die soorte verbonde, asook die elemente van `n verbond te kyk.

Die invloed van die Ou Nabye-Ooste op Israel se regstaal kan gesien word in die ooreenkomste wat bestaan tussen Ou Nabye-Oosterse Vassaalverdrae en die Ou Testamentiese verbonde soos aangetoon in navorsing wat die afgelope dekades in dié verband gedoen is. Daarin word veral gekyk na die verbonde wat God deur die geskiedenis heen met die Hebreeuse volk, asook met individue binne die volk, gesluit het (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:278).

Die Bybelse term verbond en die sekulêre term verdrag toon bepaalde ooreenkomste en volgens Wenham in Alexander (2004:210) word dieselfde woord vir `n internasionale verdrag as vir `n verbond tussen God en sy volk in Hebreeus gebruik. Baie ou verdrae wat ontdek is, dateer uit die tyd tussen 1500 vC tot 600 vC, die periode waarin die grootste deel van die Ou Testament ontstaan het. Verdrae was oorspronklik ontwikkel deur antieke Midde-Oosterse beskawings as "... a means of regulating relations between social or political entities" (*Covenant.* http://mb-soft.com/believe/text/covenant.htm). Die skrywers van die Ou Testament was dus goed bekend met die wyse waarop verdrae opgestel is. Verdragsterme en –idees toon dat hulle die verhouding tussen die vennote van die verdrae as `n goeie voorbeeld beskou het vir die verhouding tussen God en sy volk (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:278).

Ooreenkomste tussen verbonde en verdrae sluit die volgende in:

- Die <u>taal</u> is kleurryk en retories om die ondergeskikte vennoot te beïndruk en tot gehoorsaamheid aan die senior vennoot te dwing. `n Goeie ondergeskikte behoort sy meester te volg, te vrees, liefdetrou te betoon en na sy stem te luister**.** `n Opstandige vennoot sondig. Hierdie terme word ook in die Ou Testament gebruik in die verhouding tussen God en sy volk.

- Die <u>formaat</u> behels `n inleiding (name van die vennote word vermeld), `n historiese proloog (gee aanduiding van die verhouding van die partye in die verlede), voorwaardes (wedersydse verantwoordelikhede van die vennote word uiteengesit), `n dokument-klousule (beskryf die verdragsdokument en bepaal dat die ondergeskikte dit gereeld moet lees), `n lys gode wat getuies is by die sluiting van die verdrag en vervloekinge indien die ondergeskikte die verdrag verbreek, maar ook beloftes van voorspoed en seën indien die verdrag nagekom word.

- Die <u>inhoud</u> van beide verdrae en verbonde begin met die gebeure wat aanleiding gegee het tot die ooreenkoms. Verder dring beide vorme aan op die genade en barmhartigheid van die senior vennoot. By verdrae sowel as verbonde is die onverdiende guns van die senior vennoot die vertrekpunt wanneer die voorwaardes uitgespel word.

  (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:278).

## 5.2 VERBONDE EN DIE BYBEL

Deur die bestudering van die Bybel en verbonde kan tot `n beter verstaan van God se doel met die wêreld gekom word. Die Bybel begin met God wat die hemel en die aarde skep en gaan dan voort met die verhaal van God se bemoeienis met die mensdom tot op die dag wat Hy die geskiedenis sal afsluit (vgl Walton in Alexander 2004:18). God skep die mens met `n bepaalde doel in gedagte en Hy tree in `n verhouding met die mensdom om Sy doel te bereik. Wanneer die mens God se skeppingsdoel verydel deur sy ongehoorsaamheid, sluit God verskeie verbonde om die verhouding met die mensdom te herstel.

Die Bybel verwys na verskillende verbonde wat God met individue en met die volk Israel sluit. Barrick (1999:213) onderskei 5 aspekte wat in al die verbonde wat God met Israel gesluit het, voorkom: "... their authority resides in Him, they all came at a time of crisis, no covenant nullifies a previous one, salvation from sin is not obtained by keeping any covenant and significant negative events followed the instigation of each".

`n Verbond is volgens Odendal (2005:1265) `n ooreenkoms tussen verskillende partye waarin bepaalde beperkinge vervat word. Deist (1992:59) sien verbond as "The relationship between Yahweh and Israel, or between God and the Church, or between God and an individual believer (represented metaphorically as a treaty relationship)". Die woord testament, soos gebruik in die benaming Ou Testament en Nuwe Testament, het volgens Odendal (2005:1265) dieselfde betekenis as die term verbond.

Die wetlike aspek van die begrip verbond soos dit in die Bybel gebruik word, vloei voort uit `n antieke sekulêre gebruik waar `n verbond `n bindende en plegtige ooreenkoms tussen twee of meer partye beteken het (*Covenant.* http://mb-soft.com/believe/text/covenant.htm). Die begrip testament impliseer ook `n wetlike aspek en daarom is dit nie vreemd dat verbonde wat as wettige kontrakte beskou is, so `n integrale deel van die Bybel uitmaak nie. Die Bybel kan dus gesien word as `n wetsboek. Orlinsky in Hoffman (1986:28) sê in dié verband: "The Bible … is a lawbook, a work which in its totality derives from and constitutes the expression of law. The law, without which there would be no Bible, is the contract - covenant is the popular, in effect the theological term. This legal concept and contract, in action, is what the Bible is basically about".

Die term verbond sluit ook `n verhoudingsaspek in. Vir die Hebreërs van die Ou Testament is verbonde gebruik om mense se optrede binne bepaalde verhoudings soos huwelikskontrakte, handelsooreenkomste of mondelinge ondernemings te bepaal en te reguleer. Ook God se verhouding met die mens word in die Ou Testament in terme van verbonde uitgedruk: "18 ... maar met jou wil Ek `n verbond sluit" (Gen 6:18, NAV). Deur die Hebreeuse volk se geskiedenis heen sluit God verskeie verbonde met die volk en bly Hy getrou aan die bepalings daarvan. Daarom kan daar tereg na God verwys word as "... a covenant making and a covenant keeping God" (*Christ is Your Covenant Head*. http://www.omegafaith.org/covenanthead.htm).

5.2.1 Aard van verbonde

Verbonde word dikwels vanuit `n teologiese oogpunt beskou as voorwaardelik of onvoorwaardelik van aard. Voorwaardelik word gedefinieer as "... met vasgestelde kondisies, kondisioneel" (Odendal 2005:1348). In die geval van voorwaardelike verbonde word veronderstel dat bepaalde voorwaardes, eise of beperkings aan die partye gestel word. Die woord 'indien' word dikwels hieraan gekoppel: 'Indien jy …. doen, dan sal ek …..'. Onvoorwaardelike verbonde daarenteen veronderstel dat geen voorwaardes gestel word nie. Die een party onderneem om sekere dinge te doen of op `n bepaalde wyse op te tree sonder dat enige teenprestasie van die ander party verwag word (vgl Wilkinson 2000:8). Die implikasie hiervan sou wees dat in die geval van `n onvoorwaardelike verbond tussen God en `n spesifieke

party, die nakoming van die verbond nie afhanklik sou wees van die party se optrede nie, maar slegs van God se getrouheid aan sy verbondsbeloftes (vgl *What are the covenants in the Bible*? http://www.gotquestions.org/bible-covenants.html).

Barrick (1999:215) voer aan dat voorwaardelik uit `n menslike perspektief nie noodwendig voorwaardelik vanuit `n goddelike perspektief is nie. Hy verduidelik dat geen verbond tussen God en die mens ooit tot stand gekom het as gevolg van menslike onderhandeling nie, maar deur God met `n bepaalde doel in gedagte geïnisieer is. Alle verbondsbeloftes sal dus tot vervulling kom wat die argument ondersteun dat die sogenaamde voorwaardelike elemente "... never threatened the constituent nature of these covenants ..." (1999:215).

### 5.2.2 Soorte Verbonde

Wilkinson (2000:8) onderskei die volgende vier tipes verbonde in die tyd van die volk Israel:

- Verbale Verbond - Twee partye stel elkeen hulle voorwaardes en kom mondelings met mekaar ooreen om sekere dinge te doen of op `n sekere manier op te tree óf hulle daarvan te weerhou om sekere dinge te doen of op `n sekere manier op te tree.

- Skoenverbond - `n Meer ernstige ooreenkoms is deur `n skoenverbond bekragtig. Wanneer die twee partye ooreengekom het op die voorwaardes van die ooreenkoms, het hulle hul skoene uitgetrek en met mekaar geruil. Die uitruil van skoene het die transaksie of ooreenkoms bevestig en aangesien mense in daardie tyd meestal slegs een stel skoene gehad het, is beide partye daagliks aan hul beloftes herinner wanneer hulle hul skoene aan- en uittrek.

- Soutverbond - Met hierdie ooreenkoms het elke party die soutsak wat hy met hom saamgedra het oopgemaak, waarna die ander party `n handvol sout uitgehaal het. Beide het dan die sout uit die ander party se sak geneem en by die sout in sy eie sak gevoeg. Die sak is geskud om seker te maak dat die sout goed meng. Die simboliek agter hierdie handeling was dat in dieselfde mate wat dit onmoontlik sou wees om die ander party se sout te kan uitken en aan hom terug te gee, net so min was die twee partye van plan om op hul woord terug te gaan en die verbond te verbreek.

- Bloedverbond - Die bloedverbond word beskou as "... the highest and most binding form of covenant ..." (*Christ is Your Covenant Head*. http://www.omegafaith.org/covenanthead.htm) wat in die Bybel voorkom. Die Hebreeuse woord vir verbond *berîth*, is afkomstig van `n werkwoord wat dui op iets wat gesny of verdeel word (vgl *Christ is Your Covenant Head*.

http://www.omegafaith.org/covenanthead.htm). In die geval van `n bloedverbond, het die twee partye, afhangende van hul finansiële posisie, `n skaap, bok, vers of voëls geneem en in die helfte deurgesny. Die een helfte is aan die een kant van die pad en die ander helfte aan die ander kant van die pad neergesit. Beide partye het dan saam aan die bokant van die pad gaan staan, hul arms bymekaar ingehaak en saam op die pad tussen die twee helftes deurgeloop. Die simboliek hieraan verbonde was dat in dieselfde mate wat dit onmoontlik sou wees om die twee helftes van die diere weer saam te voeg en lewe aan die diere terug te gee, so oortuig is elke party dat hy nie sy beloftes sal verbreek nie. `n Verdere implikasie van `n bloedverbond was dat die party wat so `n ooreenkoms sou verbreek, met sy lewe, sy eie bloed, daarvoor sou betaal.

### 5.2.3 Elemente van `n verbond

Verbonde wat in die Bybel beskryf word, bevat bepaalde elemente. Vosloo en Van Rensburg (1993:2104) identifiseer die volgende:

- Partye – `n Verbond is `n ooreenkoms tussen twee of meer partye. Soms is die partye gelyk, maar in ander gevalle is `n senior en `n junior party in die verbondsverhouding betrokke.

- Beloftes - Verbonde behels dat die twee partye bepaalde beloftes aan mekaar maak wat hulle deur die verbondsluiting onderneem om te hou.

- Reëls - Verbonde het duidelike reëls en voorwaardes waarbinne die partye mag beweeg en spel dikwels die gevolge uit indien daar nie by die reëls gehou word nie.

- Eed - Verbonde of ooreenkomste is dikwels met `n eed verseël. Verbonde wat met `n eed bevestig is, is as `n baie ernstige en `n bindende ooreenkoms beskou en het die afdwingbaarheid daarvan soveel sterker gemaak.

- Verantwoordelikhede - Binne `n verbondsooreenkoms het elke party gewoonlik bepaalde verantwoordelikhede gehad wat hy moes nakom.

- Getuies - Getuies is dikwels geroep om die verbond te bekragtig.

- Tekens – God het van tekens, soos die reënboog en besnydenis gebruik gemaak wanneer Hy `n verbond sluit om mense aan die verbondsooreenkoms te herinner.

## 5.3 VERBONDE TUSSEN GOD EN DIE MENS

Volgens Alexander (2004:125) asook Vosloo en Van Rensburg (1993:278), kom verskeie verbonde in die Bybel tussen God en die mens voor. Dit sluit in die verbond met Noag (Gen 9), met Abraham (Gen 15 en 17), met die volk Israel deur Moses (Eks 19-20 en Deut 30), met koning Dawid en die Nuwe Verbond. Ander godsdienswetenskaplikes identifiseer meer verbonde soos Dakes (1998:709) wat vyftien verskillende verbonde aantoon. Volgens Alexander (2004:125) word die verbonde in elke stadium ryker aan belofte tot met die koms van Christus en die totstandkoming van die Nuwe Verbond. Aangesien die studie fokus op die Joodse (Hebreeuse) volk se aansprake op die land Israel (Kanaän), word die verbond met Abraham en sy nageslag asook die Deuteronomiese (Land-van-Israel/Palestina) verbond beklemtoon en net kortliks na van die ander verbonde verwys.

### 5.3.1 Die verbond met Noag

Hoewel die Noagitiese verbond nie direk verband hou met die navorsingsonderwerp nie, is dit belangrik om aan te toon hoe sekere aspekte herhalend voorkom in die sluiting van verbonde. Na die sondvloed word die skeppingsopdragte in Gen 9:1 en 7 herhaal en word beklemtoon dat die mens God se beeld of verteenwoordiger is en dat sonde nie die beeld van God in die mens laat verdwyn het nie. Die onderneming dat die aarde nie weer met water sal vergaan nie (Gen 9:11), word met `n verbond bevestig (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:26-27). As teken en herinnering aan Sy verbond, gee God die reënboog (Gen 9:12-17). Hierdie verbond is van God alleen afhanklik en om die mens te herinner aan Sy belofte, gee Hy dié sigbare teken.

### 5.3.2 Die verbond met Abraham

In Gen 12:1-4 kry Abraham die opdrag om sy land te verlaat. Hy ontvang beloftes van `n groot nageslag en seën asook die opdrag om vir ander tot seën te wees. In Gen 12:7 belowe God die land Kanaän aan Abraham en sy nageslag en in Gen 15:17-18 sluit God `n bloedverbond met Abraham waarin Hy die landsbelofte bevestig. Dié verbond vorm die kern van die studie en word in meer besonderhede in hoofstuk 4 bespreek.

### 5.3.3 Die verbonde met die volk Israel deur Moses

By die berg Sinaï (Eks 20) word `n verbond eksklusief met die volk Israel gemaak. Die Sinaïverbond is meer voorwaardelik van aard aangesien seën en voorspoed gekoppel word aan die volk se gehoorsaamheid aan die bepalinge wat gegee is. Die bepalinge moes dien as riglyn waarvolgens Israel, as God se uitverkore volk, in `n heilige verhouding met Hom moet leef. Dié Wet en ander bepalinge vir goeie orde in die samelewing, het elke aspek van Israel se lewe -

spiritueel, sosiaal, godsdienstig en burgerlik, beheer en gereguleer. Hierdie aspekte is gekoppel aan die voorwaardes vir die volk se verblyfreg in die land[1].

In die boek Deuteronomium (`n woord uit die Griekse vertaling wat `n tweede wetgewing impliseer), spreek Moses op die vooraand van die intog in Kanaän weer die volk toe. Volgens Alexander (2004:205) is hierdie toespraak `n herhaling en bevestiging van die Sinaï-verbond. Verskeie godsdienswetenskaplikes voer aan dat die gedeelte in Deuteronomium 30:1-10 `n uitbreiding is op die landsbelofte wat in Gen 12:1-3 aan Abraham gemaak is. Showers (*The Deuteronomic Covenant*. http://www.johnankerberg.org/Articles/) verskil hiervan en voer aan dat hoewel daar baie ooreenkomste is met die verbond wat by die Sinaïberg gesluit is, dit `n aparte verbond is en as bykomend tot die Mosaïese verbond gesien behoort te word. Hierdie verbond, bekend as die Deuteronomiese of Land-van-Israel/Palestina verbond, kan dan gesien word as die tweede verbond wat met die volk gemaak is en wat Jode gebruik ter ondersteuning van hul aansprake op die land Israel. Beide die Sinaïverbond en die Deuteronomiese of Land-van-Israel/Palestina verbond, word in Hoofstuk 4 in meer besonderhede bespreek.

5.3.4 Die verbond met Dawid

Dawid wou graag vir God `n tempel bou en hoewel hierdie wens nie toegestaan word nie maar vir sy seun Salomo, wat beskou is as `n man van vrede, gereserveer word, gee God aan Dawid `n belofte wat veel groter implikasies inhou. Met dié verbond ontvang Dawid verskeie beloftes waarvan die belofte dat die Messias uit sy nageslag sou kom, die grootste en mees belangrike is. Die belofte van `n Messias bied dwarsdeur die res van die Ou Testament hoop aan die volk tydens hul swaarkry-tye in die land asook tydens die ballingskap.

5.3.5 Die Nuwe Verbond

Met die Nuwe Verbond, soos vervat in Jeremia, word die volgende beloof: "[31]Daar kom `n tyd, sê die Here, dat ek met Israel en Juda `n nuwe verbond sal sluit. [33]... Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê (Jer 31:31,33, NAV). Skrywers van die Nuwe Testament sien in Jesus Christus die volle vervulling van Jeremia se profesie en maak die verbond ook op die Kerk van toepassing om vergewing van sondes en redding aan `n wyer wêreld as net Israel te bring (vgl Alexander 2004:450). Jode daarenteen voer aan dat Jeremia se woorde aan die volk Israel gerig is en dat wanneer die Messias kom, die Joodse volk weer in `n herstelde verhouding met God sal staan.

[1] *Hoofstuk 4, punt 3.4*

## 6. SAMEVATTING

Hoewel die Bybel vir beide Jode en Christene sentraal staan tot die verstaan van God en die uitleef van hulle geloof, heg die twee groepe verskillende betekenis aan die term Bybel. Jode erken slegs die *TeNaK* (wat Christene die Ou Testament noem) as gesagvol terwyl Christene beide die Ou en die Nuwe Testament aanvaar. Vanuit `n godsdienstige oogpunt baseer Jode hul aansprake op die land Israel hoofsaaklik op die Hebreeuse Bybel as die gesagdraende Woord van God.

Die agtergrond waarteen die Bybel ontstaan het, sowel as die ontwikkelingsgang in die verskillende interpretasies van die Bybel, is breedweg vanuit `n Christelike oogpunt aangedui. Die ontstaan van die Bybel uit `n mondelinge tradisie tot `n geskrewe bron is aangetoon. Volgens godsdienswetenskaplikes het redakteurs die skriftelike bronne saamgevoeg waaruit die Hebreeuse Bybel (die Ou Testament) soos ons dit vandag ken, ontwikkel het. Die hantering van die Bybel hang baie nou saam met die beskouing van wát die Bybel is. Omdat Jode en Christene hier van mekaar verskil, kan dit lei tot `n verskil in sienings oor die interpretasie van aansprake op die land Israel.

Verbonde in die Ou Testament toon bepaalde ooreenkomste met verdrae van die Ou Nabye-Oosterse volkere. Hoewel die verbond wat God met Abraham gesluit het, kenmerke dra van die Ou Naby-Oosterse verdrae, was die sluit van verbonde nie vreemd aan die kultuur van Israel nie en is verskeie verbonde ook met ander persone in die Ou Testament gesluit.

Vir hedendaagse Jode vorm die Hebreeuse Bybel (*TeNaK*) die grondslag van hul geloof. Hulle sien die verbond wat God met Abraham volgens die Hebreeuse Bybel gesluit het, as `n bloedverbond wat die mees bindende vorm van `n ooreenkoms of verdrag was. Hierdie bloedverbond is ook `n onvoorwaardelike verbond wat, in teenstelling met voorwaardelike verbonde, nie gebind is aan die nakoming van bepaalde voorwaardes nie. Die belofte van `n land as deel van hierdie verbond, lei gevolglik tot Jode se aanspraak op die land Israel. Onder Christene is daar nie eenstemmigheid oor die interpretasie van hierdie verbond nie. Hoe die landsbelofte in die verbond met Abraham en die herhaling daarvan aan Moses in die lewens van die aartsvaders en Josef realiseer, word in Hoofstuk 4 verder bespreek.

# HOOFSTUK 3

# DIE VOLK ISRAEL EN DIE LAND KANAÄN IN GOD SE SKEPPINGSPLAN

## 1. INLEIDING

Om Joodse aansprake op die land Israel vanuit `n Christen-teologiese standpunt te kan evalueer, is dit nodig om as vertrekpunt te kyk na hoe die boodskap van die Bybel vanuit hierdie hoek verstaan word.

Deur die bestudering van die Bybel en veral die boodskap van die boek Genesis, kan tot `n beter verstaan van God se doel met die mens gekom word. Daarin gaan God se skeppingsdoel, die verydeling van hierdie doel en die uiteindelike herstel van Sy doel deur Abraham, die verhaal van die Joodse volk en God se bemoeienis met hulle vooraf. Daar word gekyk na God se keuse van Abraham asook die volk Israel en die beloftes wat gemaak is. Hoewel die landsbelofte en die gepaardgaande aansprake op die land Israel die fokus van hierdie studie is, kan dit nie afsonderlik van die ander beloftes wat God aan Abraham gemaak het, gesien word nie. Daar sal oorsigtelik na die ander beloftes verwys word om só die geheelbeeld van God se reddingsplan met die wêreld, wat Hy deur middel van die volk Israel wil verwesenlik, aan die orde te stel.

Jode se aansprake op die land Israel verwys na die grondgebied wat in die Ou Testament bekend staan as die land Kanaän. Die kenmerke van die land Kanaän word bespreek, waarna gekyk word na die redes vir die insluiting van grondgebied in die verbondsooreenkoms met Abraham. Verder kom die rol van die land Kanaän in God se verhouding met die volk Israel onder die soeklig en word daar kortliks gekyk na die rol van die land in Judaïsme.

`n Verdere vraag is of die Jode van vandag `n voortsetting van Bybelse Israel is met wie God sy verbond gesluit het, al dan nie. Argeologiese bevindinge en wetenskaplike navorsing in hierdie verband word ondersoek, terwyl daar ook gekyk word na sinkretiese groepe wat ontstaan het na die ballingskap.

## 2. DIE BYBELSE BOODSKAP EN GOD SE SKEPPINGSDOEL

Vir die meeste Christengelowiges is die Bybel die Woord van God waarin Hy Homself openbaar en aan die mens verstaanbaar maak. Deur die Bybel openbaar God "... wie Hy is, wat Hy vir ons doen en van ons verwag ... [en] is die Christelike godsdiens [daarom] `n openbaringsgodsdiens"

(Van der Watt in Evangeliese Inisiatief 2007:3). Die gelowige vra homself af wat God se boodskap aan die mense van die antieke tye was en hoe dieselfde boodskap vandag oorgedra kan word om verstaanbaar te wees vir die postmoderne mens sodat hy presies dieselfde boodskap sal hoor as die mense van destyds en daardie boodskap dan in sy eie situasie kan vertolk.

## 2.1 DIE TEOLOGIESE BOODSKAP VAN GENESIS

Volgens Odendal (2005:1173) is teologie die "Wetenskap oor (die openbaring van) God". Aangesien die boodskap van Genesis in hoofsaak `n teologiese boodskap is, stel God Homself in hierdie boek aan die mensdom bekend en gee Hy opdrag om die aarde te vul, te vermeerder en te heers oor alles wat daarop leef (Gen 1:28). Genesis begin dus met God - `n God wat skep, `n God wat in verhouding tree met sy skepping en `n groter doel met sy skepsels in gedagte het. Genesis vertel van `n mensdom wat telkemale teleurstel, maar ook `n God wat telkemale oor-begin, `n genadige God wat telkens die inisiatief neem om Sy skepping in stand te hou om Sy skeppingsdoel te bereik. Genesis bevat verskeie boodskappe waarin God se verhouding en voortdurende bemoeienis met die mensdom, verduidelik word.

### 2.1.1 Die boodskap van die almag van `n Skepper-God

Die teologiese boodskap van Genesis lê eerstens in die almag van `n Skepper-God wat die heelal en die mensdom op `n wonderbaarlike en unieke manier skep. God word geopenbaar as Skepper, Onderhouer, Regter en Verlosser wat die mens bekendstel as die kroon van die skepping, geskape na die beeld van God, `n wese wat gemeenskap met God voer (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:2). God heg waarde aan die mens as kroon van Sy skepping, maar as sonde deel raak van die mens en die skepping, dring dit in elke verhouding in en versprei ook na almal rondom hom.

### 2.1.2 Die boodskap van genade

Na die sondeval word die donker kant van die mens se verhouding met God voorgehou: sy opstand teen, vervreemding van en oordeel deur God. Dan tree die genade van God na vore: God wat in liefde die mens nie verwerp nie, maar keer op keer na hom toe uitreik om te vergewe (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:3). God word leer ken as `n God van genade en liefde, `n God van oor-begin wanneer hy met `n opstandige en wederstrewige mensdom te make het.

### 2.1.3 Die boodskap van getrouheid

Deist in Bosman en Loader (1987:4) beskryf die tema van die Pentateug as "God se mag om getrou te bly aan die beloftes aan mense wat hulleself nie kon help nie". Dit kom duidelik na vore

in Genesis wanneer dit blyk dat die hoofkarakters Abraham, Isak en Jakob almal met onvrugbare vroue trou en dus nie self in staat is om die land wat God hulle beloof het, te bevolk nie. God bly egter getrou aan Sy beloftes van `n nageslag. Hy gee nie op met die mensdom nie en Hy wys telkemale dat Hy Sy plan tot uitvoer sal bring ten spyte van die wederstrewigheid van die mens.

### 2.1.4 Die boodskap van geloof

Genesis bring ook `n boodskap van geloof, veral een mens se geloofspad en geloofstryd met God, naamlik Abraham. Hy is gehoorsaam aan God se oproep om te trek, sy land (grond) op te gee, die bekende agter te laat en op God te vertrou op pad na `n vreemde en onbekende land (Gen 12:2). Hy kry verskeie kere die belofte van `n land en `n nageslag, maar sy geloof wankel telkens. Dan vervul God sy belofte op Sy tyd. Die nageslagsbelofte vervul Hy op `n stadium in Abraham en Sara se lewens waar dit uit `n menslike oogpunt onmoontlik is om kinders te verwek (Gen 21:2). God se bemoeienis met en voortdurende teenwoordigheid in Abraham se lewe asook dié van Isak, Jakob en die volk Israel, wys dat God `n besondere geloofspad met elkeen stap.

### 2.1.5 `n Boodskap van bemoediging en hoop

Genesis dra ook `n universele en ewigdurende boodskap van bemoediging - dat God nie perfekte mense uitkies (in Bybelse tye en vandag) om sy plan tot uitvoering te bring om sy doel te bereik nie. Bowenal bring Genesis `n boodskap van hoop - dit maak nie saak hoe donker die wêreld lyk en hoe hopeloos `n situasie voorkom nie, God is steeds in beheer (vgl Vosloo in Vosloo en Van Rensburg 1993:2).

## 2.2 GOD SE SKEPPINGSDOEL MET DIE MENS

<u>Wat</u> God se aanvanklike beweegrede was waarom Hy die hemel en aarde geskep het, is `n bron van uiteenlopende debat. Die Bybel sê egter baie duidelik <u>dat</u> God geskep het – die hemel en aarde, lig en donker, see en land, son, maan en sterre, visse, voëls en diere en die mens (Gen 1:1-27).

Wanneer God die mens skep, maak Hy sy skeppingsdoel bekend: "[26]Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld …" (Gen 1:26, NAV). God skep iets nuut en hy kies die mens om Hom in hierdie nuwe skepping te verteenwoordig: "[27]God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep …" (Gen 1:27, NAV). Hierdeur kom staan God in `n bepaalde verhouding met die mens: Skepper-God tot sy skepsel. God gee bepaalde regte en voorregte aan die mens as heerser van Sy skepping, maar verwag ook van

die mens om in `n bepaalde verhouding met Hom te leef. Hierdie verhouding behels vertroue, gehoorsaamheid en bowenal om aan God die eer te gee.

As God se verteenwoordiger, word die mens op aarde geplaas om Hom te verheerlik. Stowell (2002:174) stel dit soos volg: "We are called to live to glorify Him. It is the reason for our redemption (1 Cor 6:19-20), the all-consuming focus of our existence, and the measure of our maturity (1 Cor 10:31; 2 Cor 3:18)". Volgens Hedding (2004a:12) bevestig die Westminster Konfessie hierdie standpunt: "... the chief end of man is to glorify God and enjoy Him forever". Stowell (2002:174) verduidelik verder wat hy met verheerlik bedoel: "Basically glorifying means reflecting God's nature. It means giving visibility to His *invisibility* and *credibility* to His existence in a world that finds Him hard to believe".

Die realisering van hierdie doelwit word volgens Warren (2002:64) verwesenlik deur aanbidding. Op sy beurt beloof God sy seën: "In turn God promised to bless man, to give in abundance all that is needed in this life as well as the one to come. God's end goal had never changed. From the time that He created Adam, His desire was for man to recognize God as his creator, to live by His laws, to be faithful to Him, worship Him and enjoy life the way God had intended" (Dakes 1998:8).

## 2.3 DIE VERYDELING VAN GOD SE DOEL MET DIE MENS

Kort nadat God die mens in die Tuin geplaas het, hom van `n lewensmaat voorsien het en hom aangestel het om te heers oor die natuur, begin die stryd tussen God en die bose. Die vooruitsig om "[5]... soos God [te] wees deurdat julle alles kan sien" (Gen 3:5, NAV) lei daartoe dat die mens God se bevel om nie van die vrug van die boom te eet nie, verontagsaam (Gen 2:17). In stede van `n intieme verhouding met God en `n leefwyse waardeur Hy verheerlik word, het die mens ver van sy Skepper-God af beweeg en in `n magstryd met God begin tree. Deur sy ongehoorsaamheid aan God se opdrag, nooi die mens sonde in sy bestaan in en daarmee begin die stryd tussen goed en sleg, `n keuse vír God en `n keuse téén God.

Hierdie opstand teen God raak deel van die mens se bestaan op aarde en word voortgesit in die nageslag van Adam totdat God sien "[5]... hoe groot die verdorwenheid van die mens op die aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink" (Gen 6:5, NAV). Hierdie stelling staan in kontras met God se aanvanklike woorde nadat Hy die mens geskep het: "[31]Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed" (Gen 1:31, NAV). Nie alleen is God gegrief deur die optrede van die mens nie, maar betreur Hy die feit dat Hy die mens geskep het en verklaar Hy: "[7]… ek is bedroef dat Ek hulle gemaak het" (Gen 6:7, NAV). Met die mens se keuse

om teen die wil van God en sy skeppingsdoel in te gaan, het die basiese goedheid wat deel was van die mens, ook plek gemaak vir inherente kwaad en sleg. MacArthur (2001:12) sê in dié verband dat "Modern sociologists and psychologists have been trying for years to convince us that humanity is basically good. But that is not the case. We are fundamantally evil [and] the reason ... lies first of all in the fallenness of human nature".

Die toring van Babel wat deur die nageslagte van Sem, Gam en Jafet, seuns van Noag opgerig word, verteenwoordig nie net ambisie sonder God nie, maar in werklikheid `n ambisie teenoor God (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:29). Nie alleen word hier direk teen God se opdrag om te versprei en die aarde te bewoon, ingegaan nie: "[4]Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie" (Gen 11:4, NAV), maar kom dieselfde sug na mag en om soos God te wees, hier ter sprake: "… ons maak so vir ons `n naam" (Gen 11:4, NAV).

God se verwagtinge was deurentyd dat die mens Hom moes gehoorsaam, geloof in Hom moes hê en Hom moes vertrou, erken en aanbid as die ware God en Skepper van die heelal. Wanneer die mens sake in eie hande wou neem, het God ingegryp om die verhouding te herstel wat deur ongehoorsaamheid en opstand teen God versteur is.

## 2.4 HERSTEL VAN GOD SE DOEL MET DIE MENS

Die mens se opstand teen God stel die skeppingsdoel in gevaar. God kies `n mens (Abraham) en sy nageslag (die Israeliete) om `n mensdom wat ver van hul Skepper-God af beweeg het, na Hom terug te bring en so die skeppingsdoel te herstel. Abraham word geroep om uit sy vaderland te trek en in `n nuwe land, Kanaän, te gaan woon. Volgens rekords wat die genealogie van Noag se seuns aandui, het elkeen `n groepering of volk op sy eie gevorm en in `n bepaalde gebied of land gaan woon. Wanneer Abraham dus geroep word om sy land te verlaat, verlaat hy in werklikheid meer as net grondgebied. Hy verlaat sy volk, sy afkoms, alles wat aan hom bekend was, insluitend dít waaraan sy volk geglo en waarde geheg het. Essex (1999:197) verduidelik dit só: "common ancestry was the basis of national identity" en wanneer Abraham dus opdrag kry om sy land te verlaat, is die implikasie dat van hom verwag word: "... to renounce his identification with the nations who were in rebellion against Him".

God sluit `n verbond met Abraham en maak bepaalde beloftes[2] van `n groot nageslag, die land Kanaän, `n man van groot betekenis, `n spesiale verhouding tussen God en die mens en om al die volke van die aarde te seën (Chapman in Alexander 2004:214). Hy herbevestig die verbond

[2] *Hoofstuk 3, punt 3.2*

later met Isak en Jakob. In hierdie verbondsooreenkoms met Abraham[3] en ook later in die verbonde met die volk Israel[4], speel die land Kanaän `n prominente rol.

## 3. ABRAHAM EN DIE VOLK ISRAEL IN GOD SE SKEPPINGSPLAN

God kies Abraham, `n man wat op daardie stadium ander gode gedien het (Jos 24:2), om sy skeppingsplan tot uitvoer te bring.

### 3.1 GOD SE KEUSE VAN ABRAHAM

Die rede vir God se keuse van Abraham, `n afstammeling van Sem bo enige iemand anders, is nie duidelik nie. Die enigste verwysing na `n moontlike verhouding tussen God en `n voorsaat van Abraham, kan gevind word in Noag se woorde met betrekking tot sy seun Sem: "Prys die Here, die God van Sem!" (Gen 9:26, NAV). Telchin (1997:106) verduidelik God se keuse van Abraham op `n spirituele vlak: "The spiritual aspect of God's choice must not be missed. God chose Abraham for a purpose: He would entrust His truth to him. Abraham, in turn, would be faithful not only in his personal response to that truth, but as its faithful custodian – guarding the truth, teaching it to his children, instilling in them the determination to pass it on to their children after them, so that they too, would keep the way of the Lord".

God se keuse van Abraham maak hom die vader van verskeie nasies. Volgens Joodse siening word hy beskou as die vader van die Jode en die heidene. `n Jood volgens Hedding (2004a:23) is: "... a Gentile who has been brought into a peculiar relationship with God for the purpose of world redemption". Abraham was ook die voorvader van die eerste Christen en deur sy seun Ismael, volgens die Moslems, vader van die eerste Moslem (vgl Aumann 2003:24). Ook was Abraham die vader van die heidene. Hedding verduidelik die meervoudige vaderskap soos volg: "Abraham is the father of the Gentiles because God called him while he was a Gentile. He is also the father of the Jews because he was later circumcised" (2004a:23). Abraham is ook die vader van gelowiges as gevolg van sy geloofsverhouding met God. Paulus beklemtoon hierdie aspek in sy brief aan die Romeine waar hy uitwys dat Abraham die vader van alle gelowiges is wat ook onbesnede gelowiges insluit (Rom 9:8).

Hoewel Abraham `n heiden was wat afgode aanbid het op die tydstip wat God hom geroep het om sy vaderland te verlaat, gehoorsaam hy onmiddellik. In `n wêreld waar vele gode en godinne aanbid is, het Abraham hom van sy tydgenote onderskei deur te glo in en hom toe te wy aan

[3] *Hoofstuk 4, punt 2*
[4] *Hoofstuk 4, punt 3*

een God wat in elke behoefte kan voorsien (vgl Millard in Alexander 2004:132). Abraham se besluit om aan een God gehoorsaam te wees en Hom te volg, kan gesien word as `n eerste geloofstap om in `n besondere verhouding met God te staan: "[6]Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het" (Gen 15:6, NAV). In Hebreërs word van Abraham gesê: "[8]Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek ..." en "[9]Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte ..." (Heb 11:8-9, AOV). In Romeine word dié geloofsaspek verder beklemtoon: "[13]Dit is trouens nie omdat Abraham die wet van Moses onderhou het dat aan hom en sy nageslag die belofte gegee is dat hy die wêreld as besitting sal ontvang nie, maar omdat hy vrygespreek is deurdat hy geglo het" (Rom 4:13 NAV). Abraham se gehoorsaamheid lei tot `n besondere verhouding tussen hom en God wat implikasies inhou nie alleen vir sy nageslag nie, maar vir die hele wêreld: "[17]... dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder .... [18]En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het" (Gen 22:17-18, AOV).

## 3.2 DIE BELOFTES AAN ABRAHAM

Wanneer God Abraham oproep om sy land, sy mense en sy familie te verlaat om na `n land te trek wat vir hom aangewys sal word, word daar bepaalde beloftes aan hom gemaak. God se pad met Abraham bestaan uit `n reeks gebeurtenisse waarin die sluiting van `n verbond met hom en die twee basiese beloftes van nageslag en land, die oorheersende tema is (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:30).

### 3.2.1 `n Groot nageslag

Eerstens word die belofte van `n groot nageslag aan Abraham gemaak: "[2]En Ek sal jou `n groot nasie maak" (Gen 12:2, AOV). Wanneer hy begin twyfel of hy `n eie nasaat sal hê, bevestig God dat `n eie nasaat sy erfgenaam sal wees: "[4]... maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees (Gen 15:4, AOV). Hy laat Abraham opkyk na die hemel en sê aan hom: "[5]Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees" (Gen 15:5, AOV). Wanneer Abraham nege-en-negentig is, sê God aan hom: "[2]En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder" (Gen 17:2, AOV).

### 3.2.2 Seën

Wanneer God vir Abraham opdrag gee om sy land, sy mense en sy familie te verlaat en na `n land te trek wat vir hom aangewys sal word, beloof God dat Hy hom sal seën. As deel van hierdie seën, verwag Hy ook van Abraham om tot seën te wees. Hieruit is dit duidelik dat

Abraham `n middel tot `n doel is (vgl Hedding 2004a:21). Wanneer God Abraham roep om Hom te volg, is seën vir alle volke sy uiteindelike doel: "[3]... en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Gen 12:3, AOV). Sy seën is dus nie beperk tot Abraham en sy nageslag nie, maar deur die volk Israel wil God ook sy seën aan `n wyer wêreld bring (vgl Hedding 2004a:9). Taylor in Alexander (2004:110) verduidelik dat vanaf die begin van Israel se uitverkiesing dit duidelik was dat God `n sendingdoel met hulle in gedagte gehad het. Sy beloftes aan Abraham was nie net vir die selfsugtige genietinge van `n paar uitverkorenes nie, maar moes verantwoordelik gebruik word sodat ander kon deel in die voordele. Die universele seën-gedagte wat van toepassing gemaak word op elkeen wat Abraham seën, word verder geneem wanneer `n universele vervloeking uitspreek word op elkeen wat Abraham vervloek (Gen 12:3).

### 3.2.3 `n Man van groot betekenis

God beloof dat Hy Abraham `n man van groot betekenis sal maak (Gen 12:2). In teenstelling met die menslike poging om vir hulself naam te maak met die bou van die toring van Babel (Gen 11:4), beloof God dat Hy Abraham se naam groot sal maak. Essex (1999:197) verduidelik dit soos volg: "What men had sought by human effort, a `name', the Lord wil give to Abraham". Hierdie belofte word op verskeie maniere nagekom. Nie alleen het Abraham `n baie ryk en invloedryke man in sy tyd geword nie, maar was hy die vader van `n groot menigte nasies, insluitend die latere Joodse volk. Hy het in `n besondere verhouding met God geleef en hy en sy nageslag is deur God gekies om al die nasies van die aarde te bereik. Deur sy nageslag het die Persoon Jesus na die wêreld toe gekom en so is God se belofte om die hele wêreld deur Abraham te seën, vervul (vgl Vosloo en Van Rensburg 2003:31). Abraham word vandag deur die Jode, Christene en Moslems erken as aartsvader en `n man van groot betekenis.

### 3.2.4 Die belofte van `n land

Hoewel dit later duidelik is dat die nageslagsbelofte en landsbelofte nou aan mekaar verbind is, is daar aanvanklik geen aanduiding van `n belofte van grondgebied wanneer God Abraham roep om sy land te verlaat nie. `n Groot nageslag en baie besittings (insluitend grond) was in Bybelse tye `n teken van seën en voorspoed (Gen 26:-5). Abraham was later in sy lewe die vader van `n groot nageslag en het baie vee en ander besittings gehad. Hy was egter `n vreemdeling in `n land wat met uitsondering van die begraafplek naby Hebron wat hy gekoop het, nie aan hom behoort het nie en slegs volgens God se belofte aan hom en sy nageslag gegee is.

Eers nadat Abraham in Kanaän aangekom en deur die land getrek het, maak God by Sigem se aanbiddingsplek, sy belofte rakende die land aan Abraham bekend: "[7]Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee" (Gen 12:7, AOV). Millard in Alexander (2004:133) verduidelik dat op hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

belofte wat God aan Abraham gemaak het, die volk Israel se geskiedenis gebou is. Tydens `n hongersnood verlaat Abraham die Beloofde Land en gaan na Egipte. Met sy terugkeer word die belofte oor die land weer bevestig: “[14]Slaan tog jou oë op en kyk van die plek waar jy staan, na die noorde en suide, na die ooste en weste; [15]want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid. [17]Maak jou klaar, trek die land deur in sy lengte en sy breedte, want Ek sal dit aan jou gee” (Gen 13:14-15, 17, AOV).

Die beloftes aan Abraham word deur die verbond bekragtig[5] wat God later met sy seun Isak[6] en daarna ook met Jakob[7], seun van Isak en die broer van Esau opnuut sluit. Na die afsterwe van Jakob word die verbond nie weer met `n individu bevestig nie, maar word die verbondsbeloftes aan die volk Israel oorgedra (vgl Orlinsky in Hoffman 1986:37). Die land word as `n geskenk[8] gegee met `n bepaalde doel[9] in gedagte. Seën in die land wat God aan Abraham en sy nageslag beloof, word later gekoppel aan die vereistes[10] om gehoorsaamheid aan God en sy bepalinge.

## 3.3 GOD SE KEUSE VAN ISRAEL

God kies die nageslag van Abraham en verwys na hulle as “[13]... Israel my glory” (Jes 46:13, KJV). Hy sonder `n volk vir Hom af, gee aan hulle bepaalde wette en reëls wat hulle anders laat lyk as die nasies van hul tyd en Hy tree in `n besondere verhouding met hulle. Van die oomblik dat God die volk uitverkies het, het Hy hulle beskerm en versorg (vgl Walton in Alexander 2004:18-19). Sy keuse van Israel as sy uitverkore volk is egter nie gedoen op grond van hul eie prestasie nie.

### 3.3.1 Sy verbond met die aartsvaders

God se keuse van Israel word bevestig in Sy verbond met Abraham: “[7]En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as `n ewige verbond, om vir jou `n God te wees en vir jou nageslag ná jou” (Gen 17:7, AOV). In Eksodus 19:5-6 word die volk Israel beskryf as God se eiendom, `n koninkryk van priesters en `n heilige nasie. Volgens Barrick (1999:224) is hierdie drie beskrywings van Israel die gevolg van die beloftes wat in die Abrahamitiese verbond vervat is. Deur sy verbond verbind God homself aan die volk om die beloftes te vervul wat Hy met `n eed aan hul voorvaders Abraham, Isak en Jakob gemaak het

---

[5] *Hoofstuk 4, punt 2.1*
[6] *Hoofstuk 4, punt 2.4.2*
[7] *Hoofstuk 4, punt 2.5.2*
[8] *Hoofstuk 3, punt 6.3.1*
[9] *Hoofstuk 3, punt 6.7*
[10] *Hoofstuk 4, punt 3.4.1*

(Deut 9:5). Die fokus is dus nie op die volk nie: "[7]Die HERE het `n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke." (Deut 7:7, AOV), maar op God: "[8]Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het ..." (Deut 7:8, AOV).

### 3.3.2 Om vir alle nasies tot seën te wees

Israel word gekies as instrument en as deel van `n groter plan wat God reeds aan Abraham bekend gemaak het: "[3]... en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Gen 12:3, AOV). Soos `n priester namens die volk by God intree en die mense as't ware na God toe bring, so roep God die volk Israel op om as `n "[6]... `n koninkryk van priesters ..." (Eks 19:6, NAV), die heidennasies terug te bring na Hom toe sodat Hy sy seën aan `n groter wêreld kan bring. Israel se uitverkiesing is dus met `n doel en impliseer `n verantwoordelikheid, naamlik om tot seën te wees, `n lig vir al die nasies van die aarde en hulle na God te lei sodat hulle Sy redding kan ontvang: "[6]Ek maak jou `n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik" (Jes 49:6, NAV). Barrick (1999:224) verduidelik die wyer seën implikasie soos volg: "... God has chosen Abraham's descendants to be the recipients of blessing and also to be the channel for blessings upon all peoples. Through one particular nation all peoples would be blessed".

### 3.3.3 Die goddeloosheid van die heidennasies

Wanneer die land Kanaän aan die volk gegee word, is Israel se prestasie weer eens nie die rede vir God se besluit nie: "[5]Nie ter wille van jou geregtigheid en die opregtheid van jou hart kom jy in om hulle land in besit te neem nie, maar weens die goddeloosheid van hierdie nasies verdryf die HERE jou God hulle voor jou uit ..." (Deut 9:5, AOV).

Telkens wanneer na Israel se posisie as uitverkore volk verwys word of wanneer bepaalde beloftes aan hulle gemaak word, word dit in verband gebring met God se getrouheid aan sy eie beloftes, Sy genade en geduld met `n ongehoorsame volk, ander se goddeloosheid, as deel van Sy skeppingsdoel en as onderdeel van God se reddingsplan, maar nooit op grond van hul eie prestasie nie. Hedding (2004a:13-14) verduidelik dit so: "God needed Israel to be the vehicle by which He could bring this redemptive purpose into the world. In spite of her weaknesses, in spite of her failings, in spite of all of history, God will fulfill His plan through Israel and in the end He will get the glory".

# 4. VANAF BYBELSE ISRAEL TOT DIE JODE VANDAG

In die debat oor Joodse aansprake op die land Israel word stellings soos: “The Jews today don't have a drop of Abrahamic blood” en “The Jews have no racial or historical connection to the Bible and Palestine” (*Are Today's Jews Really Ancient Israel?* http://www.omegaletter.com/articles/articles.asp? ArticleID=1737) algemeen gemaak. Die vraag kan gestel word of die Jode van vandag `n verlenging van Bybelse Israel is, al dan nie. Indien wel, sou aangevoer kon word dat hulle die draers van die verbondsbeloftes is wat voortvloei uit die verbond wat met Abraham gesluit is en op grond daarvan, aanspraak op die land kon maak.

Indien geen verband gevind kan word tussen Jode vandag en die Israeliete wat Kanaän ingeneem het nie, sou aansprake op grond van hierdie belofte bevraagteken kon word. Kinsella (*Are Today's Jews Really Ancient Israel?* http://www.omegaletter.com/articles/articles.asp?ArticleID=1737) verduidelik dit so: “The Bible promised the land to the ‘seed of Abraham’ – the literal seed of Abraham, not the spiritual seed of Abraham. The spiritual seed of Abraham is the Church. If modern-day Jews are not Abraham’s literal seed, but merely the descendents of Jewish converts and followers of Judaic tradition, then the Israeli claim to the Land of Israel is false”. Onderliggend aan hierdie argument lê die vraag wie of wat beskou word as `n Jood en in watter mate hierdie definisie beïnvloed word deur `n bloedlyn wat teruggevoer kan word na Abraham.

## 4.1 VERANDERINGE VAN DIE JOODSE IDENTITEIT EN BENAMINGE VIR DIE JODE

Die Nuwe Testament verwys na “... national Israelites as the descendents of Abraham” (Essex 1999:211). Voorbeelde hiervan is te sien in Luk 16:24; 19:9; Joh 8:37; Hand 13:26 en Rom 11:1. In die verwysing na Bybelse Israel of die Israeliete, word gewoonlik bedoel die afstammelinge van Jakob (Israel) se twaalf seuns wat deur Moses uit Egipte en deur Josua die land Kanaän ingelei is. As gevolg van verskeie faktore het die samestelling van hierdie groep tydens verskillende tydperke in die volk se geskiedenis, veranderinge ondergaan.

### 4.1.1 Bybelse Israel

Die Israeliete wat Kanaän binnegegaan het, het die opdrag gekry om nie met die heidense volke in die land te vermeng nie: “[3]Jy mag nie met hulle ondertrou nie: jou dogter mag jy nie aan een van hulle seuns gee nie en vir jou seun mag jy nie een van hulle dogters as vrou vat nie, ...” (Deut 7:3, AOV). Gedurende die tydperk van die Rigters is die Kanaänitiese volke toegelaat om buite die stede wat die Israeliete verower het, te woon en voort te gaan met hul lewenswyse. Dit het daartoe gelei dat ten spyte van die opdrag wat aan hulle gegee is, daar in sommige gevalle

wel vermenging met die Kanaänitiese volke plaasgevind het en ook dat baie van die heidense gebruike en praktyke oorgeneem en afgode aanbid is (vgl Beers 1996:88).

Argeologiese data bevraageken verder die siening dat Kanaäniete en Israeliete van fundamenteel verskillende kulture afkomstig is en voer aan dat: " ... the Israelites were themselves Canaanites, and that "historical Israel", as distinct from "literary" or "Biblical Israel", was a subset of Canaanite culture" (*Canaan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Canaan). Volgens hierdie siening was die Israelitiese kultuur grootliks Kanaänities van aard. Genetiese studies daarenteen het bevind dat die sogenaamde 'Kanaänitiese geen' eerder gevind is onder "... modern Lebanese populations, including among Maronite Christians and Shiite Muslims, especially near the coast" (*Canaan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Canaan).

### 4.1.2 Israel na die ballingskap

Die volk Israel soos in die Bybel beskryf, is tydens die ballingskap uit Kanaän weggevoer en na lande geneem waar assimilasie met ander inheemse volke plaasgevind het. Hoewel Joodse gemeenskappe in dié lande gevorm is, het daar steeds vermenging met die plaaslike inwoners plaasgevind. Falcon en Blatner (2001:9) dui aan dat Joodse gemeenskappe in byna elke land voorgekom het en as gevolg van "... intermarriage and converts as well as social and cultural differences of the various countries, many different types of Jewish communities developed". Vermenging het ook plaasgevind tussen diegene wat in die land agtergebly het en die nuwe inwoners wat ingebring is wanneer die beheer van die land verander het. Becking (*Yahwism After the Exile: Perspectives on Israelite Religion in the Persian Era*. http://books.google.com/books?id=hwExATCqwvwC&pg=PA19&lpg=PA19&dq=jehud+israel+population&source=web&ots=6b-a4uph6&sig=LfqjkJ_ADDeIvCKk0dCm8_WxNYJ0#PPA18,M1) dui aan dat gedurende hierdie periode, Israel op etniese gebied beskou kon word as "... a conglomerate of various groups: descendants of the indigenous population of the Kingdom of Judah, returnees from the Babylonian Exile, Mesopotamians exiled by Assyrian Kings, Mesopotamians joining returnees from the Exile, proto-Samaritans, and the like".

Die benaming Jode was vanaf die tyd van die tweede tempel (561vC) algemeen in gebruik. Gedurende die Persiese periode (538-333 vC), is die terme Jode en Israel afwisselend gebruik. Na die terugkeer uit ballingskap is die benaming Israel deur die bannelinge gebruik om hulleself te beskryf en het hulle ook na hulleself as Judeërs verwys. In antieke bronne verwys die Grieke en Romeine na die land van die Jode as Judea en die inwoners as Judeërs. Vanuit `n godsdienstige konteks het die Jode na hulself as Israel verwys (*Israel - Concept*. http://www.livius.org/io-iz/israel/concept.html).

4.1.3 Judeërs

Die Aramese term Jehud is die naam van die provinsie wat tydens die Persiese Ryk aan die voormalige suidelike Koninkryk van Juda gegee is. Met die val van die Suidelike Koninkryk onder die Neo-Babiloniërs aan die begin van die sesde eeu vC, het die populasiesyfers in Judea ongeveer op 75,000 gestaan. Hoewel verskillende syfers in Jeremia en Konings aangegee word vir diegene wat in ballingskap gegaan het, sê Finkelstein (*Yehud*. http://en.wikipedia.org/wiki/Yehud) dat ongeveer 75% van die inwoners van Judea agtergebly het. Beide die grootte van Jehud sowel as sy bevolkingsamestelling na die ballingskap, bly steeds `n punt van kontensie: "Yehud's constituency also remains debated (e.g. was it comprised only of those Judeans who returned from Babylon, or did these intermix with 'the people (already) in the land?'" (*Yehud*. http://en.wikipedia.org/wiki/Yehud).

Later het Jehud die Arabiese dorp Jehudia geword wat vertaal word met 'plek van die Jode'. Gedurende die Onafhanklikheidsoorlog van 1948 het die Arabiese bevolking in geheel die dorp verlaat en in die vroeë vyftigerjare is die dorp herbevolk met Jode wat afkomstig was uit Turkye, Pole en ander gedeeltes van die Diaspora. Volgens CBS-statistieke was die populasie in die dorp teen 2001 ten volle Joods (vgl *Yehud*. http://en.wikipedia.org/wiki/Yehud).

4.1.4 Hellenistiese Jode

Die tydperk tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament is oorheers deur die Grieke en hulle invloed op die Jode.

Volgens die Jewish Encyclopedia (*Canaan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Canaan) word die term Hellenisme beskryf as "... a word used to express the assimilation, especially by the Jews, of Greek speech, manners, and culture, from the fourth century B.C.E through the first centuries of the common era". Gedurende die inter-testamentiese tydperk was Jode blootgestel aan die Griekse kultuur en invloed. Die Joodse geleerde, Philo van Aleksandrië is `n voorbeeld van `n Hellenistiese Jood wat die Hebreeuse Bybel uitgelê het met behulp van Griekse filosofie en allegoriese eksegese. Ook Paulus was `n Hellenistiese Jood wat in die Joods-Hellenistiese Tarsus gebore en opgevoed is (vgl Van der Watt 2003:1065). Assimilasie van taal, kultuur en gewoontes van Jode wat in Aleksandrië en omgewing gebly het, het plaasgevind met dié van die plaaslike bevolking.

4.1.5 Samaritane

Die Samiritane kan ook gesien word as een van die groeperinge wat aan die Jode verwant is, maar deur die eeue heen bepaalde identiteitsveranderinge ondergaan het.

Die Samaritane was nakomelinge van die oorlewende Israeliete van die Noordryk wat na die val van Samaria in 722-721 vC gemengde huwelike aangegaan het met setlaars uit ander streke (vgl France in Alexander 2004:531). Steinberg (*The Origin and Nature of the Samaritans and their Relationship to Second Temple Jewish Sects*. http://www.adath-shalom.ca/samaritan_origin.htm) omskryf Samaritane as "... an ancient Jewish sect, surviving to the present, which accepts the Torah as its only canonical scripture". Etnies gesproke is Samaritane afstammelinge van `n groep Israelse inwoners wat sedert die Babiloniese ballingskap tot en met die begin van die Christelike jaartelling met antieke Samaria verbind kan word (vgl *Samaritan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Samaritan#Early_history_according_to__Samaritan_Sources). Vanuit `n etniese oogpunt sê Steinberg (*The Origin and Nature of the Samaritans and their Relationship to Second Temple Jewish Sects*. http://www.adath-shalom.ca/samaritan_origin.htm): "... the Samaritans would seem to be descendants of the Joseph Tribes plus Levitical, Zadokite and, perhaps, other Israelite priestly elements. In addition, there was a small foreign, pagan upper class, settled in Samaria by the Assyrians in the 7th and 8th centuries BCE, which would seem to have been rapidly assimilated by the Israelite population".

Samaritane self beskou hulle as direkte afstammelinge van die Efraim- en Manassestam wat die Assiriese aanslag op die Noordelike Ryk (Israel) in 722 vC oorleef het. Hulle voer verder aan dat hulle godsdiens, in teenstelling met hoofstroom Judaïsme, die ware godsdiens van die antieke Israeliete is en reeds bestaan het voor die oprigting van die eerste Joodse tempel in Jerusalem (vgl *Samaritan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Samaritan#Early_history_according_to_Samaritan_Sources). Hoewel Samaritane nie ontken dat assimilasie tussen hulle en die Assiriërs plaasgevind het nie, voer hulle aan dat ander nasies ook met die Jode geassimileer het. Omdat die Assiriese ballingskap oor `n lang tyd gestrek het, was daar volgens hulle, meer geleentheid vir die Jode in ballingskap om te assimileer as wat daar was vir die enkele Assiriërs wat na Samaria gekom het en met die plaaslike bevolking vermeng geraak het. Verder maak Samaritane ook `n duidelike onderskeid tussen hulle voorgeslagte en dié van die inwoners van Samaria (vgl *Samaritan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Samaritan#Early_history_according_to_Samaritan_Sources).

Die spanning tussen die Jode wat weggevoer is en later teruggekeer het en dié wat agtergebly het, het voortgeduur. Esra en Nehemia het slegs dié Jode wat na die Babiloniese ballingskap na die land teruggekeer het, as suiwer en egte Jode beskou. Diegene wat nie weggevoer is en in die land agtergebly het, se afkoms is bevraagteken of hulle is beskou as nie-Jode. `n Voorbeeld hiervan is te sien in die boek Esra waar die plaaslike Samaritane hulp aan die Joodse bannelinge gebied het om die tweede tempel te herbou. Die Joodse bannelinge wat die

Samaritane nie as Jode erken het nie, het hulle nie as geskik geag om met so `n gewyde taak behulpsaam te wees nie (vgl *Samaritan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Samaritan#Early_history_according_to_Samaritan_Sources). Steinberg (*The Origin and Nature of the Samaritans and their Relationship to Second Temple Jewish Sects*. http://www.adath-shalom.ca/samaritan_origin.htm) verduidelik dat: "This was the case regardless of whether they practiced a syncretistic cult. This was the attitude about the time of the proclamation and acceptance of the Torah within the restored Jerusalem community".

Volgens September 2007-statistieke is daar vandag 701 Samaritane in die wêreld waarvan die meeste in Kiryat Luza in die Wesbank en in die stad Holon in Israel woon (vgl *Samaritan*. http://en. wikipedia.org/wiki/ Samaritan#Early_history_according_to_Samaritan_Sources).

### 4.2 ARGEOLOGIESE ONTDEKKINGS EN GENETIESE NAVORSING

Verskeie argeoloë staan vir `n ander rede skepties teenoor Jode wat aanspraak maak op die land op grond van die verbondsbeloftes met Abraham en ander historiese gebeure soos in die Bybel opgeteken. Hulle voer aan dat "... very little solid archaeological evidence supports the story of Abraham, the enslavement of Hebrews in Egypt, the Exodus, or the conquest of Canaan" (*Erasing History and Ourselves: Nadia Abu El-Haj, Israel, and the Western Tradition*. http://www.campus-watch.org/article/id/3010). Ook Israeli argeoloë het erken dat "... for a long time [they have] been qualifying and rejecting many parts of the story it tells on the basis of the evidence they gather" (*Erasing History and Ourselves: Nadia Abu El-Haj, Israel, and the Western Tradition*. http://www.campus-watch.org/article/id/3010).

Die Bybel was egter nooit bedoel om `n wetenskaplike of historiese dokument te wees wat "... an accurate chronicle of a sequence of events, arranged in chronological order" (vgl *The Bible Unearthed: Archaeology's new vision of ancient Israel and the origin of its sacred texts*. http://www.bibleinterp.com/commentary/Finkelstein_Silberman_022001.htm) bied nie. Bybelse argeoloë en navorsers bevestig dat "... the Bible provides an important testimony for early Israel" eerder as wat dit "... another ancient literary source about ancient heroes, kingdoms, and adventure" is (*The Bible Unearthed: Archaeology's new vision of ancient Israel and the origin of its sacred texts*. http://www.bibleinterp.com/ commentary/Finkelstein_Silberman 022001.htm).

Op argeologiese gronde alleen is dit dus moeilik om `n verband al dan nie, tussen Jode vandag en Bybelse Israel aan te toon.

Ook op die terrein van die genetika word navorsing gedoen om te bepaal of daar `n verband tussen die Jode van vandag en Bybelse Israel is. Wade (*In DNA, New Clues to Jewish Roots.* http://www.humanitas-international.org/perezites/news/jewish-dna-nytimes.htm) verduidelik die rol van Genetika in hierdie studies: "Geneticists use the Y chromosome and mitochondrial DNA to track the movement of populations because each is passed unchanged from parent to child, escaping the genetic shuffle that occurs on the rest of genome between generations. Since the Y chromosome passes down only from father to son, and mitochondrial DNA is always inherited from the mother alone, the two elements serve to track the genetic history of men and women respectively". Interessante bevindinge is gemaak met die bestudering van die DNA van Levitiese priesters. Kinsella (*Are Today's Jews Really Ancient Israel?* http://www.omegaletter.com/articles/articles.asp?ArticleID=1737) verduidelik dat ongeveer 50% van 'Cohanim' wat beskou word as afstammelinge van Aäron, het `n "... unusual set of genetic markers on their Y chromosome [and] this genetic signature of the Cohanim is extremely rare outside of Jewish populations".

Selfs met hierdie navorsing kan steeds nie konklusiewe antwoorde geformuleer word om die verband tussen Bybelse Israel en die verskillende Joodse gemeenskappe vandag bo alle twyfel vas te stel nie. Navorsers waarsku daarom dat "... even if Jews are a group definable in ethnic, as opposed to cultural or religious terms, it is either impossible or unwise to define an ethnic group genetically" (*In DNA, New Clues to Jewish Roots.* http://www.humanitas-international.org/perezites/news/jewish-dna-nytimes. htm).

## 4.3 JODE VANDAG

Om verder lig op die saak te werp, is dit nodig om die definisie van `n Jood en die vereistes om deel uit te maak van hierdie groep, te ondersoek.

Die definisie van `n Jood en Joods-wees is vandag veral vir Jode self, baie belangrik. Die vraag word dikwels gevra of `n persoon as Jood kwalifiseer op grond van sy godsdiens, sy Joodse afkoms, sy kultuur en of dit ook op `n bepaalde keuse berus (vgl Telchin 1997:98). Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (Odendal en Gouws 2005:502) word `n Jood slegs omskryf as: "Iemand van Hebreeuse, Israelitiese afkoms".

Telchin (1997:98) voer aan dat die definisie van Joods-wees, deur die geskiedenis heen verander het en wat dit beteken om `n Jood te wees, verskillend deur verskillende groepe geïnterpreteer is. Tydens Hitler se bewind het die geringste aanduiding van `n Joodse verbintenis in `n persoon se voorgeslagte, hom as `n Jood geklassifiseer. Die Israelse regering wat hoofsaaklik sekulêr is, se Wetgewing op Terugkeer bepaal dat: "... anyone born of a Jewish

mother or anyone who has converted to Judaism can move to Israel to claim citizenship" (Falcon en Blatner: 2001:11). Ortodokse Jode daarenteen het tydens `n debat hieroor aangedring op die insluiting van `n godsdienstige aspek in die kwalifikasie. Na gesprekke met verskeie Joodse belangegroepe is besluit dat `n persoon van Joodse afkoms steeds as `n Jood geklassifiseer word al is hy nie godsdienstig nie op voorwaarde dat hy nie `n ander geloof aanneem nie (vgl Telchin 1997:100). Hoewel sekere Jode wel op grond van `n bloedlyn aanspraak daarop maak dat hulle `n verlenging van Bybelse Israel is, is daar diegene wat hulself as Jode beskou omdat hulle hul met die Joodse godsdiens en leefwyse identifiseer, hoewel hulle nie noodwendig van Joodse afkoms is nie.

In die lig van bogenoemde argumente kan die suiwerheid van `n Joodse bloedlyn vanaf Abraham en Sara tot by diegene wat hulself vandag as Jode beskou, tereg bevraagteken word. Wanneer dieselfde kriteria egter ook op volke soos die Engelse, Franse of enige ander volk van toepassing gemaak sou word, sou daar moeilik bewyse van `n 'suiwer' ras, volk of nasie gevind kon word. Ten spyte van hierdie verskillende interpretasies, is daar tog wel `n onsigbare band wat Jode wêreldwyd aan mekaar bind. Hedendaagse godsdienstige en sekulêre Jode is dit eens dat hulle `n verlenging van Bybelse Israel is: "Being Jewish (being 'a Jew') means you're a Member of the Tribe. The tribe started with a couple named Abraham and Sarah about 4,000 years ago" (Falcon en Blatner 2001:10).

## 5. KANAÄN VOOR DIE ISRAELITIESE INNAME VAN DIE LAND

Kanaän is die naam wat na 2000 vC gegee is aan die streke wat min of meer ooreenstem met die gebiede wat vandag as Libanon en Israel bekend staan (vgl Millard in Alexander 2004:231). Hoewel die land nie `n groot grondgebied insluit nie, is die ligging daarvan besonder belangrik. Sedert Bybelse tye is daar om beheer van dié smal strook land tussen die see en die woestyn aan die oostelike kus van die Middellandse See geveg en het veral die groot beskawings van Mesopotamië in die noordooste en Egipte in die suide, beheer oor die grondgebied tussen hulle probeer verkry (vgl Alexander 2004:36). Later in die geskiedenis het die Griekse, Persiese, Romeinse, Arabiese en Turkse Ryke op verskillende tye beheer van die land verkry. Dié gebied was geografies goed geleë en die Ryk wat dit besit het, het grootliks beheer oor die internasionale handel kon uitoefen. Aan hierdie gebied is verskeie name deur die geskiedenis heen gegee.

## 5.1 NAME EN GRENSE VAN DIE LAND

Die herkoms van die naam Kanaän is onduidelik en verskeie verklarings word daarvoor gegee. Een hiervan is dat die naam afgelei is van "... the Semitic root **k-n-'* meaning *'to be subdued'*" (*Canaan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Canaan). Hierdie betekenis word ondersteun deur die Bybelse verhaal van Gam waar die name van die afstammelinge van sy seun Kanaän, ooreenstem met verskeie etniese groepe wat later in die land Kaään aangetref is. Volgens die geslagsregister word Sidon aangedui as: "... his firstborn son, to be subdued by the descendents of Shem" (*Canaan*. http://en. wikipedia.org/wiki/Canaan). Die klassieke Joodse siening omtrent die land Kanaän en sy verskillende name is dat "... Canaan is the geographical name; the renaming as Israel prior to its conquest by the the people of Israel marks its sanctification, the origin of the Holy Land concept. This land was later renamed Palestine by the Romans. In the Bible and elsewhere, Zion originally meant the region around Jerusalem but, because of the importance of this city, came to designate the whole of the land, as for example in the naming of Zionism" (*Canaan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Canaan).

Die grondgebied wat as Kanaän bekend gestaan het, het die kusstreke aan die Middellandse See ingesluit en binnelands gestrek tot by die Jordaanrivier. Hoewel die landsgrense voortdurend verander het en verskillend aangetoon word in verskillende Bybelboeke, word algemeen aanvaar dat die gebied bestaan het uit wat vandag bekend staan as: "... Israel, the West Bank, and the Gaza Strip, plus adjoining coastal lands and parts of Lebanon and Syria (*Canaan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Canaan).

## 5.2 LANDSKAP EN HULPRBONNE

Kanaän het in skerp kontras met sy buurland Egipte gestaan wat betref topografie en hulpbronne. Hierdie kontras word ook in die Hebreeuse Bybel weergegee: "[10]For the Land to which you come, to possess it - it is not like the land of Egypt that you left, where you would plant your seed and water it on foot like a vegetable garden. [11]But the Land .... is a Land of mountains and valleys; from the rain of heaven it drinks water; [12]a land that Hashem, your God seeks out; the eyes of Hashem, your God, are always upon it, from the beginning of the year to year's end (Deut 11:10-12, *TeNaK*).

Die landstreek was klein en slegs `n gedeelte kon vir landboudoeleindes aangewend word. `n Groot gedeelte het bestaan uit bergagtige wêreld wat voorheen deur woude bedek was. Reënval in die streek was laag, veral in die laer Negeb- en Sinaï-woestyngedeeltes met slegs een groot rivier, die Jordaan, wat water aan die streek voorsien het. Die land was ook skaars aan ander hulpbronne soos metale, edelgesteentes, hout, ens. Die kusstreke was hoofsaaklik

deur sandduine bedek (vgl Liverani 2003:5-6). Argeologiese opgrawings het aangedui dat die streek sy voorspoedigste en vrugbaarste tydperk beleef het gedurende die Middel Bronstydperk. Die stad Hasor was prominent gedurende hierdie tydperk terwyl Egipte `n nominale aandeel in hierdie voorspoed gehad het (vgl *Canaan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Canaan).

## 5.3 GEOPOLITIESE FRAGMENTASIE

Die bevolking in Kanaän was hoofsaaklik gekonsentreerd in die laer gedeeltes en op die "... plain that borders the Mediterranean Sea and the Valley of Jezreel, which cuts through the central mountain chain from west to east at the level of Mount Carmel and the Sea of Galilea" (Pixley 1992:17). Aangesien hierdie areas die vrugbaarste was, was dit ook die gedeeltes waardeur die handelsroetes geloop het. Die gebied was opgedeel in verskeie klein koninkryke wat elkeen sy eie hoofstad gehad het (vgl Dowley 2001a:10). Die koninkryk het beheer uitgeoefen oor die omliggende dorpies wat finansieel bygedra het tot die koninkryk. Die koninkryke het hul inkomste aangevul deur tolgelde en heffings te eis van handelsreisigers wat deur die gebied beweeg het. In die bergwêreld was daar min stede met Hasor, Sigem en Jerusalem as die bekendste (vgl Pixley 1992:18).

## 5.4 EGIPTIESE INVLOED EN BEHEER

Die streek waarbinne Kanaän geval het, is met tye deur die Egiptiese Ryk beheer terwyl verskeie kleiner koninkryke elk deur sy eie heerser geadministreer is: "Tydens die inval onder Josua se leiding het die land bestaan uit `n paar klein stede wat elk deur sy eie prins regeer is, maar nominaal onderhorig aan Egipte was" (Millard in Alexander 2004:231). Elkeen van die koninkryke moes sekere belastings betaal en finansieel bydra tot die Egiptiese Ryk. Konflik tussen die verskillende koninkryke was aan die orde van die dag en verskeie opstande en aanvalle deur rebelle het voorgekom (vgl Pixley 1992:18).

## 5.5 INWONERS VAN KANAÄN

Verskeie migrerende stamme soos die Amoriete, Feresiete, Kanaäniete, Hetiete, Girgasiete, Hewiete en Jebusiete (vgl Jos 24:11) was in die land teenwoordig. Enkele van die volke verdien verdere toeligting.

### 5.5.1 Kanaäniete

Kanaäniete is gesien as: "... one of seven regional ethnic divisions or `nations' driven out before the Israelites following the Exodus. Specifically, the other nations include the Hittites, the Girgashites, the Amorites, the Perizzites, the Hivites, and the Jebusites" (*Canaan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Canaan). Die Kanaäniete het hoofsaaklik teen die kus en langs die

Jordaanrivier gewoon en "... were never known to be united and was divided into numerous city-states, dependent upon Egypt" (*Canaan*. http://en.wikipedia.org/wiki/Canaan). Die Kanaäniete het afgode aanbid soos Baäl, die god van weersomstandighede en vrugbaarheid en Astarte sy vrou, die godin van liefde en oorlog asook `n groot aantal ander gode waarvan El die hoofgod was. Elke stad het sy eie beskermgod of –godin gehad. Hoewel hierdie gode wrede eise gestel het soos kinderoffers, het hulle nie wette gemaak waarvolgens die volk moes leef nie en kon inwoners min of meer maak soos hulle goeddink (vgl Millard in Alexander 2004:231).

### 5.5.2 Amoriete

Die Amoriete was `n nomadiese volk wat Semities gepraat en uit die Middel-Eufraatgebied gekom het, maar na Sirië-Palestina versprei het waar hulle hul laat in die derde en vroeg in die tweede millenium vC gevestig het (vgl Alexander 2004:781). Volgens die Jewish Encyclopedia (*Amorites*. http://www.jewishencyclopedia.com/view.jsp?letter=A&artid=1422) is die Amoriete afstammelinge van die vierde seun van Kanaän. Sommige wetenskaplikes voer weer aan dat die Filistyne en Amoriete sinoniem is en al die nie-Israelitiese bewoners van Kanaän sou insluit. Hul taal, slegs uit persoonsname bekend, is die vroegste gedokumenteerde voorbeeld van Wes-Semities. Tydens die Israelitiese inval in Kanaän het hulle die Amoritiese konings (Sihon en Og), wat die grootste deel van die land oos van die Jordaan beheer het, verslaan. Die stamme Gad, Ruben en die halwe Manassestam het hulle gebied beset en die oorblywende onderworpe Amoriete, is geleidelik in Israel opgeneem (vgl Alexander 2004:781).

### 5.5.3 Filistyne

In ongeveer 1200 vC het die Seevolke, so genoem deur die Egiptenare, die oostelike streke van die Middellandse See ingeval. Buite-bybelse bronne maak ook melding van Filistyne wat waarskynlik oorspronklik van die Aegiëse streek of suidelike Anatolia afkomstig was (vgl Shanks 1988:86). Nadat Egipte die Filistyne in 1175 vC verslaan het, het die Filistyne Kanaän probeer oorneem en teen die Israeliete geveg om beheer oor die land. Uiteindelik het die Filistyne beheer behou oor vyf sleutelstede: Asdod, Askelon, Ekron, Gasa en Gat, elkeen met sy eie heerser. Die Filistyne was onderhorig aan koning Dawid en sommige van sy opvolgers, maar het `n afsonderlike groep gebly tot in die Persiese tyd (vgl Millard in Alexander 2004:232).

Kaart 1 dui die verskillende groepe aan wat in die land Kanaän teenwoordig was tydens die Israeliete se inname van die land tussen die vyftiende en twaalfde eeu vC (http://www.bible-history.com/map-israel-joshua/index.html).

**KAART 1: STAMME IN DIE LAND KANAÄN TYDENS DIE ISRAELITIESE INNAME**




## 6. DIE LAND KANAÄN IN GOD SE SKEPPINGSPLAN

Kanaän is die naam van die grondgebied wat ter sprake is wanneer God sy verbond met Abraham sluit en vertoon verskeie eiesoortige kenmerke wat dit onderskei van ander grondgebiede.

### 6.1 DIE LAND BEHOORT AAN EN WORD UITGESONDER DEUR GOD

As eienaar van sy skepping, maak God dit duidelik dat die aarde en alles wat daarop woon aan Hom behoort: “[5]... want die hele aarde is myne” (Eks 19:5, AOV). Ook Paulus bevestig dit in sy brief aan die gemeente in Korinte: “[26]... want die aarde met alles wat daarop is, behoort aan die Here” (1 Kor 10:26, NAV). Wat die land Kanaän spesifiek betref, bevestig God sy eienaarskap wanneer Hy in Levitikus aan die volk Israel sê: “[23]Die grond moet ook nie vir altyd verkoop word nie; want die land is myne” (Lev 25:23, AOV). As eienaar van sy skepping, hou God ook `n wakende oog oor die land: “[12]... die oë van die Here jou God is altyddeur daarop, van die begin van die jaar tot die einde van die jaar” (Deut 11:12, AOV).

## 6.2 DIE LAND IS DEEL VAN `N VERBONDSBELOFTE WAT IN VERVULLING GAAN

Wanneer die volk Israel onder leiding van Josua die land Kanaän binnegaan en in besitneem, gaan die verbondsbeloftes van God in vervulling. Die verbond wat God met Abraham gesluit en met Isak, Jakob en hulle nageslag (Deut 1:8) bevestig het, kom dus tot sy volle reg wanneer die Israeliete Kanaän in besit neem. Orlinsky in Hoffman (1986:41) verduidelik dit soos volg: "The Israelite occupation of Canaan, then, constituted and fulfilled not just an element, even an important one, but the very heart of the covenant between God and each of the three patriarchs and, finally and for all time, the Israelite nation".

Die vervulling van die verbondsbelofte aan Abraham het ook `n verdere implikasie. Aangesien seën aan al die nasies ingesluit word wanneer God sy verbond met Abraham sluit, is die binnegaan van die Beloofde Land, `n verdere stap in God se groter plan. Chapman (2003:122) verduidelik dit soos volg: "This means that the conquest of the land should not be seen as an end in itself. It is merely one stage in the unfolding of God's plan for history, which is to lead to blessing for *all* the nations of the earth".

## 6.3 DIE LAND WORD GEGEE

As eienaar van die skepping en dus ook van die land Kanaän, is dit God se keuse om die land te gee aan wie Hy wil. Wanneer Hy aan Abraham die belofte maak: "[24]...en Ék sal dit aan julle as besitting gee ..." (Lev 20:24, AOV) en hierdie belofte later met Isak en Jakob bevestig, maak God hiermee sy keuse bekend. Volgens `n antieke oorlewering word vertel dat die wêreld die Jode daarvan sal beskuldig dat hulle die land van die Kanaänitiese stamme gesteel het (vgl hiervoor die pseudepigrafiese boek Jubilee 10:28-36). Op hierdie aantyging sal die Jode met `n teenvraag reageer: Waarom het God die Ou Testament begin met die skepping van die wêreld en nie met die ontstaan van die Joodse volk nie? En dan self die vraag beantwoord dat God, deur met die skepping te begin, dit duidelik stel: "I am the Creator of the Universe. Everything is mine. I chose to give the Land of Israel to the Jewish people" (*The Promised Land*. http://www.aish.com/literacy/jewishhistory). Ook Kahane (*There Is No Palestine*. http://www.kahanetzadak.com/palestine.html) huldig hierdie standpunt: "No other arguments ... have any relevance to the essential fact that the One who created the entire world and who possesses it, has the power and the right to give it to whomever he chooses and this is what was done more than 3,000 years ago at the time of Moses and Joshua. This is what remains inalienable right today".

Orlinsky in Hoffman (1986:31) verduidelik dat die *gee-gedagte* in die oorspronklike Hebreeuse tekste meer inhou as net `n blote gee: "… the root *ntn* in these contexts had the force not simply

of "give" but of "assign, deed, transfer, convey", that it was used as a legal, real estate term to indicate transfer of ownership of or title to a piece of property".

In verskeie ander tekste word die gedagte dat God die gewer is, herhaal. Enkeles word vermeld:

| | |
|---|---|
| 🕮 | "Ek het julle `n land gegee wat julle nie bewerk het nie, stede wat julle nie gebou het nie …" (Jos 24:13, NAV). |
| 🕎 | "I gave you a land for which you did not labor and cities that you did not build …" (Jos 24:13, *TeNaK*) |

| | |
|---|---|
| 🕮 | "Die Here julle God het hierdie land vir julle gegee as julle besitting ..." (Deut 3:18, NAV). |
| 🕎 | "Hashem, your God, gave you this Land for a possession …" (Deut 3:18, *TeNaK*). |

| | |
|---|---|
| 🕮 | "Want Ek gee die land aan julle as besitting" (Num 33:53, NAV). |
| 🕎 | "… for to you have I given the Land to possess it" (Num 33:53, *TeNaK*). |

Die gee van land wat eers deur ander volke bewoon is, is nie uniek aan of beperk tot die volk Israel nie. Wanneer die Israeliete oppad na Kanaän is, trek hulle deur die gebied van Moab by Ar. Hulle kry opdrag om hulle nie aan te val nie: : "[9]… omdat Ek Ar aan die kinders van Lot as `n besitting gegee het" (Deut 2:9, AOV). Wanneer hulle deur Seïr trek waar die nageslag van Esau gewoon het, kry hulle opdrag om nie teen hulle oorlog te maak en hulle grond te verower nie: "[5]… want Ek het aan Esau die gebergte Seïr as `n besitting gegee (Deut 2:5, AOV). Die Goriete het vroeër in Seïr gewoon, maar is deur die nageslag van Esau verslaan en uitgeroei en hulle het: "[12]… in hulle gebied gaan woon soos die Israeliete later met hulle vyande gedoen het in die land wat die Here vir hulle as besitting gegee het (Deut 2:12, NAV). Ander voorbeelde hiervan is die Refaïete, ook bekend as Samsummiete, wat vroeër in die gebied gewoon het en verdryf is: "[21]Die Here het die Samsummiete voor die Ammoniete uit verdryf, en die Ammoniete het hulle verslaan en in hulle gebied gaan woon" (Deut 2:21, NAV). Ook die Kaftoriete wat uit Kaftor afkomstig was, het die Awiete wat in dorpe tot by Gasa gewoon het, verdelg en in hulle plek gaan woon (Deut 2:23). Die gee van die land toon verskeie dimensies:

### 6.3.1 As `n geskenk

Brueggeman (2002:45) verduidelik dat die land aan Israel gegee word as `n geskenk van God en dit "... binds Israel in new ways to the giver". Odendal en Gouws (2005:293) beskryf `n geskenk as: "Dit wat `n mens aan `n ander gee sonder om vergoeding daarvoor te ontvang of te verwag". Amaru (1986:67) merk in dié verband op: "And in every instance of covenant making, not only is the land mentioned, but the specific territory of land promised is denoted as God's gift". Orlinsky in Hoffman (1986:42) voeg by dat die land `n geskenk was wat in dankbaarheid

aanvaar moes word. Ook Chapman (2003:122) wys daarop dat in Jos 24:13 aan die volk verduidelik word dat hulle die land bewoon en `n bestaan daaruit maak hoewel hulle geen aandeel in die verkryging en bewerking daarvan gehad het nie. Daarom sê hy: “Since this is how the land came to them, it must always be seen as something given by God – an undeserved, unsolicited gift”.

### 6.3.2 As `n blywende besitting / erfdeel

Besitting word gedefinieer as: “... iets wat jy het, wat in jou mag is, waaroor jy beskik byvoorbeeld goed, grond, ens; wat iemand besit, eiendom” (Odendal en Gouws 2005:86) en impliseer `n meer permanente status as iets wat slegs geleen word.

In die Hebreeuse Bybel sowel as die Christelike Bybel word die woord besitting in sommige verse afgewissel met die woord ‘heritage’ (erfenis) of ‘inheritance’ (erfdeel) wat volgens Odendal en Gouws (2005:206) omskryf word as: “... nalatenskap [of] deel wat `n mens as erfgenaam volgens wet kry, iets wat mens besit asof dit geërf is”. Verder word die woord eiendom ook as wisselvorm gebruik wat beteken: “... [dit] wat aan `n persoon of liggaam behoort; besitting” (2005:221).

| | |
|---|---|
| 📖 | Ek sal julle bring na die land toe wat Ek met `n eed aan Abraham, Isak en Jakob belowe het. Ek sal dit julle eiendom maak. Ek is die Here” (Eks 6:7, NAV). |
| 🕎 | I shall bring you to the land about which I raised My hand to give it to Abraham, Isaac, and Jacob; and I shall give it to you as a heritage – I am Hashem (Ex 6:8,*TeNaK*) |

| | |
|---|---|
| 📖 | Wanneer julle in Kanaän kom, moet die land wat vir julle as besitting aangewys is, die volgende grense hê: ...” (Num 34:2, NAV). |
| 🕎 | “When you come to the land of Canaan, this is the land that shall fall to you as an inheritance, the land of Canaan according to its borders” (Num 34:2, *TeNaK*). |

| | |
|---|---|
| 📖 | “... en bekyk Kanaän wat Ek vir die Israeliete as besitting sal gee.” (Deu 32:49, NAV). |
| 🕎 | “... and see the land of Canaan that I will give to the Children of Israel as an inheritance” (Deu 32:49, *TeNaK*). |

### 6.3.3 Aan Abraham

Abraham is die eerste persoon aan wie God die belofte van `n land maak. Voor die sluiting van die bloedverbond[11] word gesê: “[7]Ek is die Here wat jou uit Ur van die Galdeërs laat wegtrek het om hierdie land aan jou te gee as jou besitting” (Gen 15:7, NAV). Hierdie belofte word herhaal wanneer God aan Abraham sê: ” [8]Ek gee aan jou ... die hele Kanaän, as `n blywende besitting, ...” (Gen 17:8, NAV).

[11] *Hoofstuk 2, punt 5.2.2*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 6.3.4 Aan Jakob

Die belofte van die land wat as besitting gegee is, word ook aan Jakob oorgedra: "[4]... jy en jou nageslag sal die land waarin jy woon, as besitting ontvang, die land wat God aan Abraham gegee het" (Gen 28:4, NAV).

### 6.3.5 Aan die volk Israel

Ook die volk Israel is die ontvanger van die landsbelofte. Wanneer Moses die voorskrifte aan die volk gee en hulle herinner waarom God hulle uit Egipte laat trek het, word die belofte van die land wat as besitting gegee word, herhaal: "[37]Omdat die Here julle voorvaders liefgehad het en hulle nageslag uitgekies het, en Hy julle deur sy grote krag in sy teenwoordigheid laat trek uit Egipte uit [38]om nasies, groter en sterker as julle, voor julle uit te verdryf en om julle in hulle land in te bring om dit aan julle te gee as julle besitting" (Deut 4:37-38, NAV).

### 6.3.6 Vir altyd

Wanneer gekyk word na die tydperk wat die land as besitting of eiendom gegee word, volg dit uit die volgende verse dat daar nie `n einddatum aan gekoppel is nie:

| | |
|---|---|
| | Ek gee aan jou ... die hele Kanaän, as `n blywende besitting, en Ek sal hulle God wees (Gen 17:8, NAV). |
| | "and I will give ... - the whole of the land of Canaan – as an everlasting possession, and I shall be a God to them." (Gen 17:8, *TeNaK*). |

| | |
|---|---|
| | Die hele landstreek wat Ek belowe het, sal Ek vir julle nageslag gee om vir altyd in besit te neem (Eks 32:13, NAV). |
| | " ... and the entire land of which I spoke, I shall give to your offspring and it shall be their heritage forever" (Ex 32:13, *TeNaK*). |

| | |
|---|---|
| | "... sodat ... julle nageslag en julle lank kan woon in die land wat die Here julle God vir altyd aan julle wil gee (Deu 4:40, NAV). |
| | "… so that you will prolong your days on the Land that Hashem, your God, gives you, for all the days" (Deu 4:40, *TeNaK*). |

Sommige godsdienswetenskaplikes bevraagteken egter die tydsduur van "altyd" in die lig van die beëindiging van die besit van die land tydens die ballingskap.

## 6.4 DIE LAND IS BEWOON

Met Abraham se eerste aankoms in Kanaän was die grondgebied reeds deur die Kanaäniete beset (Gen 12:6). Wanneer Abraham saam met Lot uit Egipte terugkeer, het die Kanaäniete en die Feresiete steeds in die gebied gewoon (Gen 13:7). Tydens die sluiting van die landsverbond, stel God dit duidelik dat die grondgebied wat Hy aan Abraham gee, reeds deur ander volke

bewoon word: "[18]Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, ... [19]die land van die Keniete, die Kenissiete en die Kadmoniete [20]die Hetiete, die Feresiete en die Refaïete, [21]die Amoriete, die Kanaäniete, die Girgasiete en die Jebusiete" (Gen 15:18-21, NAV).

Terwyl Isak en Jakob in die land Kanaän rondgetrek het, het hulle in aanraking gekom met verskillende volkere wat op daardie tydstip in die land gewoon het. Wanneer Isak na Gerar naby Hebron toe trek, word verwys na koning Abimelek van die Filistyne (Gen 26:1) en wanneer Jakob wegtrek van Sigem na Bet-El, word melding gemaak van ander bewoners in die land (Gen 35:5). Ook wanneer God aan Moses opdrag gee om na die Beloofde Land te trek, word daar na spesifieke volke verwys: die Kanaäniete, Amoriete, Hetiete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete (Eks 33: 1-2). Wanneer Moses die voorskrifte ontvang waarin die volk opgeroep word om in `n heilige verhouding met God te leef, word hulle vermaan om nie op te tree soos die Egiptenaars by wie hulle gebly het of soos die Kanaäniete na wie se land hulle oppad is nie (Lev 18:3). Die twaalf verspieders wat terugkeer uit Kanaän, rapporteer dat die Amoriete in die Suidland, die Hetiete, Jebusiete en Amoriete in die Bergwêreld, en die Kanaäniete by die see en langs die Jordaan woon (Num 13:29).

In verskeie ander verse word vermeld dat die Beloofde Land Kanaän `n bewoonde land was van die tyd wat God Abraham daarheen laat trek het tot op die stadium wat die Israeliete die Jordaan oorgesteek het om die land in besit te neem.

## 6.5 DIE LAND IS HEILIG

Die land wat aan die Israeliete gegee is, is deel van die verbondsbeloftes en vorm dus ook deel van die verbondsvereistes. Brueggeman (2002:50) verduidelik dit so: "The gifted land is covenanted land, it is not only nourishing space, but also covenanted place". As deel van die verbondsvereistes verwag God van die Israeliete om heilig te leef. Die heiligheid van God lê hierdie opdrag ten grondslag: "[2]Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig" (Lev 19:2, NAV).

Die land is dus heilig omdat God daarin teenwoordig is en daarom verwag Hy van die Israeliete om in `n heilige verhouding met Hom in die land te leef en die land rein te hou: "[34]Julle moenie die land waarin julle bly en waar Ek teenwoordig is, onrein maak nie, want Ek, die Here, is teenwoordig by die Israeliete" (Num 35:34, NAV). Harrington (2001:101) verduidelik dit soos volg: "Since the holiness of the Land derives directly from the presence of the Holy One who owns it and resides within it, restrictions on its human inhabitants are inevitable and unsurprising". `n Heilige verhouding het geïmpliseer dat die volk aan Hom alleen getrou sou bly

en volkome toegewyd aan Sy voorskrifte sou leef: "Ek is die Here julle God. Wy julle aan my diens en wees heilig, want Ek is heilig" (Lev 11:44, NAV). Harrington (2001:91) voeg in dié verband by: "Holy land is God's land ... the land of Israel is owned by the Holy One and therefore subject to numerous restrictions which maintain its holy status".

Wanneer die Israeliete in die land aankom, is die land verontreinig deur heidense gebruike en praktyke: "[27]Omdat die vorige inwoners hierdie afstootlike dinge gedoen het, is die land verontreinig" (Lev 18:27, NAV). Die onreinheid van die land word dus direk gekoppel aan die optrede van die heidense nasies wat in die land gewoon het en wie se optrede God gegrief het: "[23]Ek het juis `n afsku van hulle gekry omdat hulle al hierdie dinge doen" (Lev 20:23, NAV). As gevolg van hul optrede sê God dat Hy teen hulle en die land sal optree want "[25]Hulle het die land verontreinig en Ek het die land daarvoor gestraf sodat hy sy bewoners uitgespoeg het" (Lev 18:25, NAV). Israel word gewaarsku dat hulle dieselfde lot te wagte kan wees: "[28]As julle die land verontreinig, sal hy júlle ook uitspoeg soos hy die heidene vóór julle uitgespoeg het" (Lev 18:28, NAV).

## 6.6 DIE LAND IS VRUGBAAR

Kanaän word op verskeie plekke in die Bybel beskryf as `n vrugbare land. Wanneer Moses geroep word om die volk Israel uit slawerny te bevry, word die land soos volg beskryf: "[8]… `n goeie en uitgestrekte land, `n land wat oorloop van melk en heuning" (Eks 3:8, NAV). Wanneer die volk op pad na Kanaän is, word meer besonderhede oor die land gegee: "[7]... `n land met waterstrome, met fonteine en riviere wat in valleie en berge ontspring, [8]`n land met koring en gars, wingerdstokke, vyebome en granate, `n land met volop olyfolie en heuning, [9]`n land sonder armoede, waarin jy genoeg sal eet niks sal kortkom nie ... " (Deu 8:7-9, NAV).

Wanneer die verspieders terugkeer nadat hulle die land gaan verken het, bevestig hulle: "[27]... waarlik, dit loop oor van melk en heuning, en dít is sy vrugte " (Num 13:27, AOV). Wanneer Esegiël die opdrag kry om die volk te veroordeel, beskryf God die land as "[6]...`n land wat oorloop van melk en heuning, `n sieraad onder al die lande" (Eseg 20:6, NAV). In Maleagi word van die land gesê: "[12] ... julle sal in `n begeerlike land woon" (Mal 3:12, NAV).

## 6.7 DOEL MET DIE LAND KANAÄN

God gee aan Abraham die belofte van `n land en `n groot nasie. Om die voorvader van `n groot en betekenisvolle nasie te wees, is baie nakomelinge eerstens `n vereiste. Tweedens moet daar `n spesifieke land wees vir die nakomelinge om in te woon. Essex (1999:208) verduidelik die verband tussen nageslag-land-nasie soos volg: "People coming from a common ancestor

inhabiting a particular land, comprise a nation". Wanneer God die volk Israel uit Egipte bring en na die land lei wat Hy aan Abraham en sy nageslag beloof het, is hulle volgens Brueggemann (1977:6) op daardie stadium "... a landless people ...". Ten spyte van hierdie grondlose posisie waarin hulle hulself bevind, het hulle `n belofte van `n toekomstige grondgebied om aan vas te hou. Israel is dus "... a people on the way because of a promise, and the substance of all its promises from Yahweh is to be in the land, to be placed, and secured where Yahweh is yet to lead it (Brueggemann 1977:6).

Vir Israel is die land `n belofte van God wat hulle in geloof aanvaar. God het egter `n bepaalde doel in gedagte wanneer Hy die land Kanaän aan Abraham en sy nageslag beloof. As uitverkore volk, moes die Israeliete in `n spesifieke land op `n bepaalde wyse optree en in `n besondere verhouding met God leef om te verseker dat Hy sy doel kon bereik om seën aan `n wyer wêreld te bring. Kanaän is die plek waar "... God was revealing himself more fully through his dealings with the Israelites" (Chapman 2003:125). Orlinsky in Hoffman (1986:34) verduidelik dat die seëninge wat God as deel van sy verbondsbeloftes aan Abraham en sy nageslag maak, nie tot uitvoering kon kom op enige stuk grond nie: "For be it noted that everything in the contract, all the blessings – economic, territorial, political, increase in population, and the like – all these would be forthcoming from God to Israel not in Abraham's native land in Mesopotamia, nor in Aram-naharaim/Paddan-aram, nor in Egypt, but in the Promised Land".

## 6.8 DIE LAND KANAÄN IN DIE VERHOUDING TUSSEN GOD EN ISRAEL

Die verhaal van die volk Israel speel af teen die agtergrond van hul wisselende verhouding met God waar seën ervaar word wanneer hulle gehoorsaam is terwyl tugtiging volg op hul ongehoorsaamheid. In hierdie verhouding tussen God en sy volk, speel die land deurgaans `n prominente rol.

Deur God se teenwoordigheid in hulle lewens sou die volk anders lyk en optree as die omliggende nasies. Wanneer God Israel seën en voorspoedig maak, sou die heidense volke dit raaksien en die God agter die volk begin soek. So sou hulle `n lig vir die nasies kon wees en ander volke na God toe trek. Ook deur die manier waarop hulle met die grondgebied omgegaan het, wou God aan die wêreld wys dat Hy Israel ook op landbou-ekonomiese gebied seën wanneer hulle sy voorskrifte onderhou en gehoorsaam. Die aktualisering van God se verhouding met sy volk kon dus net geskied binne die grense van die land wat Hy geheilig en aan hulle gegee het: "God's blessings, even the full worship of God are associated with and are possible in the Land of Israel alone" (Orlinsky in Hoffman 1986:41).

Indien Israel die voorskrifte sou volg, kon die land vir hulle tot groot seën wees. Daarteenoor kon die land vir hulle groot teenspoed oplewer indien die voorskrifte verontagsaam word. Die volk het dus voortdurend voor `n keuse van vír God of téén God gestaan en volgens hul keuse is die land vir hulle tot seën of tot vloek gemaak (vgl Vosloo en Van Rensburg 2003:186).

## 7. SAMEVATTING

Joodse aansprake op die land Israel moet beoordeel word in die lig van God se skeppingsplan en sy skeppingsdoel met die mens soos dit in die Bybel voorgehou word. Wanneer die mens hierdie doel verydel, kom God en herstel Sy skeppingsdoel deur `n mens, Abraham en sy nageslag, die volk Israel. Hy sluit `n verbond met Abraham waarin bepaalde beloftes aan hom gemaak word waarvan die lands- en nageslagsbelofte die oorheersende tema in die Ou Testament is. Seën word aan Abraham beloof, maar hierdie seën is nie net beperk tot Abraham en sy nageslag nie. Deur Abraham wil God sy seën aan `n wyer wêreld bring.

Joodse aansprake op die land Israel veronderstel noodwendig `n verband tussen Bybelse Israel en die Jode vandag. Argeologiese opgrawings en wetenskaplike navorsing bevraagteken hierdie aansprake op grond van onvoldoende getuienis ter bevestiging van `n suiwer bloedlyn tussen Abraham en die Jode vandag. Uit die volk se geskiedenis blyk dit dat assimilasie en vermenging veral tydens die ballingskap plaasgevind het ten spyte van die opdrag om nie met die heidennasies te vermeng nie. Die vraag of daar wel vandag `n 'suiwer' ras, volk of nasie bestaan asook die kriteria van wie as `n Jood beskou word, maak hierdie saak minder eenvoudig. Jode wêreldwyd word egter deur `n onsigbare band aan mekaar gebind en deel `n spesiale konneksie met die land wat aan Abraham en sy nageslag beloof is.

Die land Kanaän maak deel uit van die verbondsbeloftes aan Abraham. Identifikasie met Abraham ondersteun gevolglik Jode se aanspraak op die land Israel. Wanneer eers Abraham en later die volk Israel, Kanaän binnegaan, is dit reeds bewoon. Die beloofde land is dus `n bewoonde land en spesifieke opdragte word gegee oor hoe met die mense en die land omgegaan moet word. Die land word met `n bepaalde doel gegee en speel `n prominente rol in die verhouding tussen God en sy uitverkore volk. Van die volk word verwag om in `n heilige verhouding met God te leef en só `n lig vir die omringende heidennasies te wees. Wanneer hulle hierdie bepalinge gehoorsaam, ervaar hulle voorspoed en seën terwyl hulle in die land bly, terwyl tugtiging en teëspoed die resultaat is van ongehoorsaamheid. Die name en grense van die land Kanaän het deur die geskiedenis verander. Daar word egter algemeen aanvaar dat hedendaagse Israel, die Wesbank, die Gasastrook asook aangrensende kusstreke en gedeeltes

van Libanon en Sirië hierby ingesluit is. Die land Kanaän vertoon eiesoortige kenmerke soos dat dit uitgesonder is deur God, heilig is en op `n uitsonderlike wyse aan die volk Israel oorgedra is. Hierdie kenmerke onderskei die land Kanaän van ander grondgebiede wat gevolglik die Jode se aansprake daarop, versterk.

# HOOFSTUK 4

## JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL - GODSDIENSTIGE GRONDE

±1950--------------------------------------±1720 vC------------------------------------------------------------------------------------------±1250vC--------------±1220vC

| Tyd van die Aartsvaders | Israel in Egipte | Uittog | Intog |
|---|---|---|---|

Van der Watt (2003: 99,129)

### 1. INLEIDING

Grondliggend aan Joodse aansprake op die land Israel, lê hulle verstaan van God se doel met die skepping, met Israel (die Joodse volk) en met die land Israel. Die beloftes in die Hebreeuse Bybel (Ou Testament) en meer spesifiek God se verbonde met Abraham, Isak en Jakob asook die volk Israel, speel hierin ´n belangrike rol. Chapman (2003:14) verduidelik die verband tussen die Hebreeuse Bybel en Joodse aansprake op die land soos volg: “Jews can therefore point to their own scriptures as the title deeds which prove their claim of ownership”.

Joodse aansprake vanuit ´n godsdienstige oogpunt word hoofsaaklik gemotiveer deur twee verbonde – die eerste een met Abraham (Abrahamitiese verbond) en die tweede met die volk Israel deur Moses (Deuteronomiese of Land-van-Israel/Palestina-verbond). Bepaalde beloftes word aan Abraham gemaak wanneer God hom opdrag gee om sy vaderland te verlaat. Na sy aankoms in Kanaän, sluit God met hom ´n bloedverbond[12] waarin ´n groot nageslag asook die land Kanaän aan hom beloof word. Hierdie verbond word later met Isak, Jakob en die volk Israel herbevestig. Die wyse waarop die bloedverbond gesluit is, staan in teenstelling met die latere verbond wat God met Israel by Sinaï gesluit het en lei daartoe dat ´n onderskeid gemaak word ten opsigte van die besitreg van die land teenoor die volk se verblyfreg in die land.

Jode wêreldwyd is in ooreenstemming dat die land Israel sentraal tot die Joodse godsdiens staan. Daar word egter ´n duidelike onderskeid gemaak tussen Sionisme, wat ´n meer sekulêre en politieke fokus het, en Judaïsme, waar die fokus meer op die godsdienstige is. Godsdienstige Sionisme word ook ondersoek waar die Hebreeuse Bybel gebruik word om Sionistiese doelwitte te regverdig.

[12] *Hoofstuk 2, punt 5.2.2*

## 2. DIE VERBOND MET ABRAHAM

God sluit ‘n verbond met Abraham wat later met Isak en Jakob bevestig word. Deist (1992:1) omskryf die verbond met Abraham as: “The covenant between God and Abraham, guaranteeing a great offspring for Abraham, a land of his own and God’s care of him and his offspring”. Die ewigdurendheid van die verbond word beklemtoon: “A lasting covenant between God and mankind, passed on from one generation to the next by ‘inheritance’ and guaranteeing God’s care of the faithful”.

Die belangrikheid van die Abrahamitiese verbond in die uitleg en verstaan van die Bybel word algemeen aanvaar. Verskille bestaan egter in die interpretasie van die verbond. Sommige godsdienswetenskaplikes verdeel die beloftes aan Abraham in drie kategorieë: land, nageslag en seën. Ander verdeel die beloftes in persoonlik, nasionaal en universeel (vgl Essex 1999:208). Barrick (1999:223) onderskei weer drie elemente wat die verbond karakteriseer: “... (1) its promissory tone, (2) emphasis on divine fulfillment, and (3) references to land, prosperity, and blessing, and/or cursing”.

Wanneer Jode identifiseer met Abraham en hulleself sien as die voortsetting van die nageslag van Abraham (Israel), is die beloftes in die Abrahamitiese verbond en spesifiek die belofte oor die land, die belangrikste grondrede wat Jode aanvoer wanneer aansprake op die land Israel ter sprake is (vgl Goldstein 8 Junie 2006). Ellisen (2003:117) ondersteun hierdie standpunt: “This covenant is the bedrock of Israel’s claim to the land, both religiously and historically”. Ook Chapman (2003:14) bevestig hierdie verband wanneer hy Joodse aansprake vanuit ´n godsdienstige oogpunt verbind aan die verbond met Abraham en sy nageslag: “Jewish claims to the land are based not only on history, but also on the Hebrew Bible, and in particular the promise of God to give the land to Abraham and his descendants as an everlasting possession (Gen 17:8)”.

### 2.1 DIE BELOFTES AAN ABRAHAM WORD IN `N VERBOND GEKONKRETISEER

Wanneer Abraham opdrag ontvang om sy vaderland te verlaat, word bepaalde beloftes aan hom gemaak: “[2]En Ek sal jou `n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy `n seën sal wees. [3]En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word (Gen 12:2-3, AOV). Wanneer hy in Kanaän aankom, verskyn God aan hom en sê: “[7]Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee (Gen 12:7, AOV).

Hoewel Abraham die ontvanger is van die belofte van `n groot nageslag, is hy op hierdie stadium kinderloos. Wanneer hy alternatiewe oorweeg waaruit daar vir hom `n nageslag kan kom, gee God aan hom die versekering dat `n eie nasaat sy erfgenaam sal wees: "[4]Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees (Gen 15:4, AOV). Hierna word die landsbelofte weer aan hom bevestig: "[7]Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee" (Gen 15:7, AOV).

Wanneer Abraham vra na `n bewys dat hy die land sal besit, verseël God sy belofte deur `n bloedverbond[13] met hom te sluit, wat, soos in hoofstuk 2, aangetoon: "the highest and most binding form of covenant" (*Christ is Your Covenant Head*. http://www.omegafaith.org/covenanthead.htm) is. Nadat Abraham die diere volgens voorskrif voorberei het, laat God `n diep slaap oor hom kom, beweeg Hy alleen tussen die stukke vleis deur en sê aan Abraham: "[18]... Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier: [19]die Keniete en Kenissiete en Kadmoniete [20]en Hetiete en Feresiete en Refaïete [21]en Amoriete en Kanaäniete en Girgasiete en Jebusiete" (Gen 15:18-21, AOV). Met hierdie simboliese handeling waar God alleen tussen die diere deurbeweeg, word die beloftes rakende die land in `n onvoorwaardelike verbond[14] gekonkretiseer.

Op nege-en-negentig is Abraham steeds sonder `n erfgenaam by sy vrou Sara. Dan verskyn God weer aan hom, sluit die nageslagsbelofte by sy verbond in en bevestig dat die verbond ook betrekking het op die nageslagte van Abraham: "[7]En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as `n ewige verbond, om vir jou `n God te wees en vir jou nageslag ná jou" (Gen 17:7, AOV). Ook word die besit van die land Kanaän weer bevestig: "[8]En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as `n ewige besitting; ..." (Gen 17:8, AOV). Millard in Alexander (2004:133) voer aan dat hoewel Abraham nie verwag het dat hyself die land sou besit nie, hy die versekering nodig gehad het dat sy nageslag wel die land sou besit. Die noue verband tussen nageslag en land is opvallend wanneer God telkemale wanneer Hy sy beloftes rakende die een herhaal, ook die beloftes rakende die ander een bevestig.

## 2.2 KENMERKE VAN DIE LANDSVERBOND

Hoewel die landsverbond deel uitmaak van die Abrahamitiese verbond en nie as `n aparte verbond gesien word nie, sal daar vir doeleindes van die bespreking na die landsverbond

[13] *Hoofstuk 2, punt 5.2.2*
[14] *Hoofstuk 2, punt 5.2.1*

verwys word. Die doel hiermee is om die landsaspekte te onderskei van die nageslagsaspekte in die Abrahamitiese verbond. Die landsverbond vertoon bepaalde eiesoortige kenmerke wat in sommige opsigte ooreenstem met ander verbonde in die Ou Testament.

### 2.2.1 God sluit die verbond

In die sluiting van `n ooreenkoms of verbond was beide partye gewoonlik direk daarby betrokke. In dié geval neem God die volle inisiatief, Hy laat `n diep slaap oor Abraham kom en sluit dan eensydig die verbond. Met hierdie handeling stel God dit duidelik dat dit Hý is wat die verbond sluit en dat die nakoming daarvan, van Hom alleen afhanklik is. God verwys telkemale in ander tekste daarna dat Hý die inisieerder is en die verbond sluit. Enkele voorbeelde hiervan is:

- "En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, ... " (Gen 17:2, AOV).
- En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou ... " (Gen 17:7, (AOV).

### 2.2.2 Partye wat geraak word

Daar is verskillende partye wat deur die landsverbond geraak word. Hoewel God die inisieerder van die verbond is en Hy aanvanklik die verbond met Abraham sluit, word nie net Abraham daarby ingesluit nie, maar ook sy nageslag en hulle geslagte na hulle:

- En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as `n ewige verbond, om vir jou `n God te wees en vir jou nageslag ná jou (Gen 17:7, (AOV).

God bevestig die verbond ook met Isak:

- "... want aan jou en jou nageslag sal Ek al hierdie lande gee: Ek sal die eed bevestig wat Ek vir jou vader Abraham gesweer het" (Gen 26:3, AOV).

en ook met Jakob:

- "En die land wat Ek aan Abraham en Isak gegee het, sal Ek aan jou gee; en aan jou nageslag ná jou sal Ek die land gee (Gen 35:12, AOV).

### 2.2.3 God is eienaar van die verbond

God is nie alleen die iniseerder van die verbond nie, maar ook eienaar daarvan. Hy maak dit duidelik dat hoewel Hý die verbond met Abraham en sy nageslag sluit, dit Sý verbond is en dat Hý die een is wat die bepalinge van die verbond sal nakom.

- "En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou ..." (Gen 17:2, AOV).
- "... kyk, my verbond is met jou ..." (Gen 17:4, AOV).
- "... en Ek sal my verbond met hom [Isak] oprig ..." (Gen 17:19, AOV).

2.2.4 God bevestig die verbond met `n eed

Deist (1992:175) beskryf `n eed as: "A pronouncement in which God (or some other high authority) is invoked as witness to the sincerity of a promise made by a speaker". God is die hoogste gesag wat as getuie geroep kan word wanneer `n belofte gemaak word. In hierdie geval is God self aan die woord en verbind Hy Hom om die beloftes wat Hy gemaak het, na te kom. Hy kan Hom op geen hoër gesag beroep om as getuie op te tree nie, daarom is die implikasie hiervan dat `n eed van God vas en onveranderlik is aangesien God nie op Sy Woord teruggaan nie. Tekste wat hierdie beginsel ondersteun is:

- "Hy sal nie die verbond vergeet wat Hy met `n eed aan julle voorvaders bevestig het nie" (Deut 4:31, NAV).
- "... God sal gewis op julle ag gee en julle uit hierdie land laat optrek na die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob met `n eed beloof het" (Gen 50:24, AOV).
- "... om te bevestig die eed wat Ek vir julle vaders gesweer het om aan hulle te gee `n land wat oorloop van melk en heuning soos dit vandag is ... " (Jer 11:5, AOV).

2.2.5 Teken van die verbond

God gee telkens `n teken as herinnering wanneer Hy `n verbond sluit. Die bedoeling van `n teken was om die verbondspartye te herinner aan die ooreenkoms wat gemaak is. Met die Noagitiese verbond gee God die reënboog as teken terwyl die besnydenis as teken ingestel word vir die Abrahamitiese verbond: "[13]So moet dan my verbond in julle vlees wees as `n ewige verbond" (Gen 17:13, AOV). Abraham kry opdrag om toe te sien dat hy en sy nageslag en al hulle geslagte die verbondsteken dra as teken dat hulle die blywende verbond aanvaar het. Vosloo en Van Rensburg (1993:39) verduidelik die verband tussen die twee aspekte soos volg: "Die aanvaarding van die verbond het gepaard gegaan met die uitvoering van die besnydenisvoorskrif".

Hoewel die besnydenis geen nuwe rite was nie en deur baie ander omringende volkere beoefen is, was dit vir Israel die uiterlike teken – vanaf geboorte – van die spesiale verhouding met God; dit was nie net `n merk van eienaarskap nie, maar het hulle herinner aan die werklikheid van al God se beloftes (vgl Millard in Alexander 2004:135). Die besnydenis was ook `n teken van die volk se gehoorsaamheid aan God. Wanneer Abraham homself, sy seun Ismael en al die mans laat besny (Gen 17:23), aanvaar hulle hiermee God se verbond en verbind hulle hulself aan Hom. Amaru (1986:67) verduidelik dit soos volg: "When the promises are formalized, and the term covenant is applied, circumcision of males is commanded specifically as a sign of acceptance of the promise of divine gifts of land … of which God has a special relationship". Wanneer Isak later gebore word, is Abraham getrou aan die verbond en besny hy Isak op die

agtste dag (Gen 21:5). God voel so sterk oor die verbondsteken dat Hy die volgende opdrag gee ten opsigte van elke lid van die manlike geslag wat nie besny is nie: "[14]... dié siel moet uit sy volksgenote uitgeroei word: hy het my verbond verbreek" (Gen 17:14, AOV).

Verder word beide Abraham en sy vrou se name verander wanneer God die verbond met hulle sluit (Gen 17:19, 21). Saraï word Sara en Abram verander na Abraham. Die meeste ou volke het groot betekenis aan die name van mense en plekke geheg en `n naam het dikwels iets oor hulle herkoms gesê of `n verwagting uitgedruk. Persoonsname in die Bybelse wêreld was ook gekoppel aan `n persoon se identiteit en die etimologie van die naam het dikwels iets vertel van die karakter of oortuiging van die persoon (vgl Hess in Alexander 2004:121). Millard in Alexander (2004:135) voeg by dat die naamsverandering van Abraham dui op `n nuwe begin wanneer Abram, wat 'roemryke vader' beteken verander na Abraham, 'vader van baie'.

## 2.3 VOORWAARDELIKHEID EN DUUR VAN DIE ABRAHAMITIESE VERBOND

Die Bybel verwys na verskillende verbonde wat God met Israel gesluit het waarvan sommige voorwaardelik[15] en ander onvoorwaardelik van aard is. Met uitsondering van die Sinaï-verbond wat meer voorwaardelik van aard is, vertoon die ander verbonde onvoorwaardelike eienskappe wat daarop dui dat God steeds sy verbondsbeloftes sal nakom onafhanklik van mense se optrede (*What are the covenants in the Bible?* http://www.gotquestions.org/bible-covenants.html).

Wat die duur van die verbond betref, is daar verskeie tekste wat aandui dat daar geen tydsbeperking aan gekoppel is nie. Aan beide Abraham en Isak word die versekering gegee dat die verbond blywend is: "[7]Dit is `n blywende verbond" (Gen 17:7, NAV) en ook "[19]Ek sal my verbond met hom hou as `n blywende verbond, en ook met sy nageslag" (Gen 17:19, NAV).

Die verbondsluitingseremonie asook die verwysing na die ewigdurendheid daarvan, gee aan die verbond 'n onvoorwaardelike karakter. Omdat die verbond op die onveranderlikheid van God se Woord[16] gebaseer is en die nakoming daarvan slegs van God afhanklik is, kan die verbond nie verbreek word of tot `n einde kom nie. Essex (1999:202) vat dit soos volg saam: "His promise is certain because He cannot lie; his covenant is certain because He cannot die". Vosloo en Van Rensburg (1993:38) ondersteun hierdie siening en voeg by dat die verbond gesetel is in God en sy getrouheid en daarom gesien kan word as `n blywende verbond.

[15] *Hoofstuk 2, punt 5.2.1*
[16] *Hoofstuk 4, punt 2.2.4*

### 2.4 VOORTSETTING VAN DIE VERBOND MET ABRAHAM SE NAGESLAG

Die verbond wat met Abraham gesluit is, word deur Isak en nie Ismael, voortgesit. Hoewel Ismael as eersgeborene volgens die gebruik van die tyd as Abraham se erfgenaam gereken behoort te word, beweeg God buite kultuurgebruike en tradisie wanneer Hy sê: "[12]... want uit Isak sal jou nageslag gebore word" (Gen 21:12, NAV). Die keuse van Isak as draer van die verbondsbeloftes word reeds aan Abraham bekend gemaak voor Isak se geboorte: "[19]... jou vrou Sara sal vir jou `n seun in die wêreld bring. Jy moet hom Isak noem. Ek sal my verbond met hom hou as `n blywende verbond, en ook met sy nageslag" (Gen 17:19, NAV).

#### 2.4.1 Ismael

Hoewel Ismael, die seun wat uit ongeduld en twyfel in God se belofte om `n nasaat te voorsien as Abraham se eersteling gebore word, word hy nie as die erfgenaam en draer van die verbondsbeloftes gereken nie: " [21]Maar my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou anderjaar op hierdie tyd sal baar" (Gen 17:21, AOV).

Ismael bly egter steeds Abraham se kind: "[13]Maar Ek sal ook die seun van die slavin tot `n nasie maak, omdat hy jou kind is" (Gen 21:13, AOV) en hoewel hy nie die verbondsdraer is nie, ontvang Hy ook God se seën: "[20]Ook wat Ismael aangaan, het Ek jou verhoor. Kyk, Ek seën hom en maak hom vrugbaar en vermeerder hom buitengewoon. Twaalf vorste sal hy verwek, en Ek sal hom `n groot nasie maak." (Gen 17:20, AOV). Hierdie belofte word waar wanneer Ismael met `n Egiptiese vrou trou en die voorvader word van twaalf stamme: "[13]... Nébajot; dan Kedar en Adbeël en Mibsam [14]en Misma en Duma en Massa, [15]Hadad en Tema, Jetur, Nafis en Kedma" (Gen 25:13-15, AOV).

Abraham en Sara se besluit om self in te gryp en `n nasaat te voorsien, het nie alleen spanning in Ismael en Isak se verhouding gebring nie, maar het ook tot konflik tussen hul nageslagte gelei: "[18]Sy [Ismael se] nageslag het gewoon in die gebied van Gawila af tot by Sur, oos van Egipte in die rigting van Assur, en hulle het met al Ismael se broerskinders oorlog gemaak" (Gen 25:18, NAV). Van Ismael word gesê: "[12]...En hy sal `n wilde-esel van `n mens wees: sy hand teen almal, en almal se hand teen hom! En hy sal teenoor al sy broers woon" (Gen 16:12, NAV).

Hoewel baie Arabiere hul herkoms na Ismael as afstammeling van Abraham terugvoer, sê Goiten in Ellisen (2003:115): "... there is nothing in the Bible to indicate that Ishmael was the forefather of the Arabs, nor was this belief held by the ancient Arabs". Moslems se aanspraak op hul herkoms en verbintenis aan Abraham deur middel van Ismael word egter deur Mohammed in die Koran gemaak: "Abraham in truth was not a Jew, neither a Christian; but he was a Muslim

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(Sura 3:60). And We made covenant with Abraham and Ishmael (Ibid 2:110)" (Ellisen 2003:115). Hoewel Arabiere dus nie noodwendig hul ontstaan na Ismael terugvoer nie, is die sterk verbintenis wat Moslems (insluitend Moslem Arabiere) met Ismael sien, deel van die konflik wat vandag bestaan tussen Jode en Moslems. Aansprake op die land Israel vanuit Moslemgeledere word onder andere op grond van hierdie verbintenis met Abraham gemaak.

2.4.2 Isak

Isak se geboorte is die eerste sigbare teken van die vervulling van die nageslagsbelofte. Kort hierna word Abraham se geloof getoets wanneer hy die opdrag kry om Isak te offer en die nageslagsbelofte sodoende in gevaar stel. Abraham se gehoorsaamheid lei daartoe dat Isak se posisie as erfgenaam by twee geleenthede bevestig word wanneer daar na hom verwys word as 'enigste seun': "[12]... want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun, jou enigste, van My nie teruggehou het nie." (Gen 22:12, AOV) en "[16]... Ek sweer by Myself, spreek die HERE, omdat jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie, ..." (Gen 22:16, AOV).

Abraham beveel sy hoofslaaf om vir Isak `n vrou te gaan haal onder sy eie mense. Hy laat die slaaf met `n eed beloof om nie vir Isak met `n Kanaänitiese meisie te laat trou nie (Gen 24:3). Die landsbelofte weeg egter so swaar by Abraham dat hy die slaaf vrystel van die verpligting om vir Isak `n vrou saam te bring indien die slaaf hom sou verseker dat hy Isak nie sal laat teruggaan na Abraham se land van herkoms nie: "[8]Maar as die vrou jou nie wil volg nie, dan is jy ontslae van hierdie eed aan my. Jy moet net my seun nie weer daarheen bring nie" (Gen 24:8, AOV).

Hoewel Abraham behalwe Ismael, ook anders kinders gehad het (ses kinders by Ketura na Sara se dood), word almal van Isak af weggestuur: "[6] ... maar aan die seuns van die byvroue van Abraham het Abraham geskenke gegee en hulle, nog by sy lewe, van sy seun Isak af oos laat wegtrek, na die Oosland." (Gen 25:6, AOV). Ook Ismael word saam met sy ma van Isak af weggestuur en het hulle gaan woon in die Paranwoestyn waar sy ma hom met `n Egiptiese vrou laat trou het (Gen 21:21). Wanneer Abraham sterf word hy deur beide Isak en Ismael in die Makpelagrot begrawe (Gen 25:7-8) en het Abraham alles wat hy nagelaat het, aan Isak laat toekom (Gen 25:5). Abraham het dus vir elkeen van sy seuns voorsien, maar Isak het sy pa se enigste erfgenaam gebly - van al sy besittings sowel as die verbondsbeloftes (vgl Millard in Alexander 2004:140).

Wanneer Isak tydens `n hongersnood oorweeg om die land te verlaat, word aan hom gesê: "[2]Moenie aftrek na Egipte nie; woon in die land wat Ek jou sal aanwys. [3]Vertoef as vreemdeling

in hierdie land" (Gen 26:2-3, AOV). Hiermee saam word die beloftes van die landsverbond aan hom herhaal: "[3]Ek sal met jou wees en jou seën; want aan jou en jou nageslag sal Ek al hierdie lande gee: Ek sal die eed bevestig wat Ek vir jou vader Abraham gesweer het" (Gen 26:3, AOV). Ook die belofte rakende `n groot nageslag word bevestig: "[4]En Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel ... " (Gen 26:4, AOV). Onmiddellik na die bevestiging van die verbondsbeloftes herhaal God sy uiteindelike plan met Abraham en die Joodse volk: "[4]... en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word" (Gen 26:4, AOV).

## 2.5 VOORTSETTING VAN DIE VERBOND MET ISAK SE NAGESLAG

Isak bevind hom in dieselfde posisie as sy pa Abraham wanneer die nageslagsbelofte bedreig word deur Rebekka se onvrugbaarheid. Sy gebed word verhoor wanneer sy vrou Rebekka swanger raak met `n tweeling. Weer word die orde en gebruike van die tyd omvergegooi wanneer God aan Rebekka sê: "[23]Twee nasies is in jou skoot, en twee volke sal van mekaar gaan uit jou liggaam; en die een volk sal sterker wees as die ander volk; en die oudste sal die jongste dien." (Gen 25:23, AOV). Wanneer Rebekka geboorte skenk aan tweelingseuns, word Esau eerste gebore met Jakob wat aan Esau se hakskeen vashou, tweede (Gen 25:26).

### 2.5.1 Esau

As eersgeborene sou Esau Isak opvolg as hoof van die familie en `n dubbele porsie van die erflating ontvang. Seën in Bybelse tye was nou verbind aan geboortereg en wanneer Esau sy reg as eersgeborene aan Isak verkoop, verbeur hy volgens Millard in Alexander (2004:140) alle reg op die erflating en die seën wat daarmee gepaardgaan. Ten spyte hiervan maak Esau hom gereed om sy vader se seën te ontvang. Gedagtig aan God se woorde tydens haar swangerskap dat die oudste die jongste sal dien, besluit Rebekka om in te gryp en te verseker dat Jakob en nie Esau, die seën ontvang. Die plan slaag en Isak dra sy seën en ook die verbondsbeloftes aan Jakob oor.

Hoewel Jakob die seën ontvang, lei dit tot `n verslegting in sy verhouding met Esau: "[41]En Esau was Jakob vyandig gesind vanweë die seën waarmee sy vader hom geseën het, en Esau het in sy hart gedink: Die dae van die rou oor my vader is naby; dan sal ek my broer Jakob doodmaak." (Gen 27:41, AOV). Die seën het wel vir Jakob voorspoed gebring, maar nie geluk en vrede nie. Die haat van Esau sou Jakob vir twintig jaar lank teister sodat hy nie weer sy ma gesien het nie (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:57). Vir Esau was daar geen onmiddellike seën nie maar wel `n belofte vir die toekoms: "[39]Kyk, ver van die vet grond van die aarde sal jou woonplek wees, en ver van die dou van die hemel daarbo. [40]En van jou swaard sal

jy lewe, en jou broer sal jy dien. Maar as jy jou kragte inspan, sal jy sy juk van jou nek afruk" (Gen 27:39-40, AOV).

Op veertigjarige ouderdom trou Esau met Jehudit en Basmat, albei Hetiete wat baie kommer in Isak en Rebekka se lewe gebring het (Gen 26:35). Isak erken Jakob uiteindelik as ware erfgenaam van die verbondsbeloftes en maak seker dat sy seun met die regte vrou trou. Soos wat Abraham nie wou hê Isak moes met `n Kanaänitiese meisie trou nie, gee Isak ook opdrag aan Jakob om vir hom `n vrou te gaan soek onder sy eie mense (Alexander 2004:141). Vosloo en Van Rensburg (1993:57) verduidelik dat dit nie hier soseer om rassevermenging gegaan nie, maar godsdienstige vermenging, of sinkretisme. Wanneer Esau besef dat sy pa Isak die Kanaänitiese meisies met wie hy getroud is afkeur, trou hy met Magalat, dogter van Ismael, Abraham se seun (Gen 28: 7-9).

Hoewel die Landsbelofte nie aan Esau oorgedra word nie, gee God ook aan hom en sy nageslag `n stuk grondgebied. Wanneer die Israeliete later uit Egipte na Kanaän op pad is, beveel God hulle om nie oorlog te maak teen die nageslag van Esau wat in Seïr woon nie en sê verder: "[5]… want Ek sal julle van hulle land selfs nie `n voetbreed gee nie; want Ek het aan Esau die gebergte Seïr as `n besitting gegee" (Deut 2:5, AOV).

2.5.2 Jakob

Wanneer Isak vir Jakob seën, word hy die ontvanger van die verbondsbeloftes. Hy ontvang nie net die seën wat God aan Abraham en Isak beloof het nie, maar die wyer seën-vervloeking kombinasie word ook aan hom oorgedra: "[29]Vervloek is hulle wat jou vloek, en geseënd hulle wat jou seën" (Gen 27:29, AOV). Wat sy broer Esau betref, word gesê: "[29]… oor jou familie sal jy heers, jou broers sal voor jou buig" (Gen 27:29, NAV). Die implikasie hiervan is dat die jongste oor die oudste sal heers en Esau se familie as onderdane aan Jakob gegee word.

Op pad na Paddan-Aram om vir hom `n vrou te gaan soek, verskyn God in `n droom aan Jakob en word die verbondsbeloftes van die land en `n nageslag wat aan Abraham en Isak gemaak is, aan hom bevestig: "[13]Die land waar jy op lê en slaap, sal Ek aan jou en jou nageslag gee; [14]en jou nageslag sal wees soos die stof van die aarde, en jy sal uitbrei na die weste en ooste, en na die noorde en suide" (Gen 28:13-14, AOV). God voeg `n persoonlike waarborg by: "[15]... kyk, Ek is met jou, en Ek sal jou bewaar oral waar jy heengaan, en Ek sal jou terugbring in hierdie land; want Ek sal jou nie verlaat nie, totdat Ek gedoen het wat Ek jou gesê het." (Gen 28:15, AOV). Ook word die universele seën aan hom oorgedra: "[14]… en in jou en jou nageslag sal al die

geslagte van die aarde geseën word" (Gen 28:14, AOV). Ter herinnering van die verbondshernuwing rig Jakob `n klippilaar op, salf dit met olie en gee daaraan die naam Bet-El.

Jakob kom by sy ma se broer Laban aan, trou met sy niggies Lea en Ragel en vertoef uiteindelik twintig jaar buite die verbondsland. Jakob word in hierdie periode ryklik geseën en sy familie asook sy slawe, troppe vee en ander diere groei in getalle (vgl Barton in Alexander 2004:144). Wanneer Laban se toegeneentheid teenoor Jakob begin afkoel en die familieverhoudinge stram raak, kry Jakob opdrag om terug te keer na sy familie en sy vaderland. As deel van hierdie opdrag gee God weer aan Jakob die versekering: "[3]... Ek sal met jou wees" (Gen 31:3, AOV).

Op sy pad terug na Kanaän, kruis Jakob se paaie met dié van sy broer Esau. Hoewel die ontmoeting goed verloop, het die vertrouensbreuk tussen Jakob en Esau ook later vir die volk Israel verreikende implikasies gehad wanneer hulle deur die grondgebied van die Edomiete, Esau se nageslag, wou trek (vgl Barton in Alexander 2004:145). Die Israeliete is verbied om hulle aan te val op grond van die onderlinge verwantskap (Deut 2:5) en later het hulle bittere vyande geword as gevolg van Israel se jarelange oorheersing van Edom (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:71).

Met Jakob se terugkeer na die verbondsland, word sy status as aartsvader deur `n verskyning van God bevestig (Gen 35:11) en word die beloftes aan Abraham en Isak nou onwankelbaar aan hom oorgedra (vgl Barton in Alexander 2004:115). Hy ontvang ook sy nuwe naam, Israel, na sy worstelstryd met God (Gen 32:29). Hoewel beide Isak en Jakob met tye die Beloofde Land verlaat het, het God hulle telkens laat terugkeer sodat die landsbelofte tot vervulling sou kom. Chapman (2003:116) verduidelik dit soos volg: "God therefore assured Abraham's son and grandson that he fully intended to fulfil his promise about the land".

Vir beide Isak en Ismael asook Jakob en Esau, sluit God se seën `n groot nageslag en voorspoed in. Bykomend hiertoe ontvang Isak en Jakob die verbondsbeloftes wat hulle erfgename van die land Kanaän maak, terwyl aan beide Ismael en Esau `n ander streek gegee word (vgl Orlinsky in Hoffman 1986:34).

### 2.5.3 Josef

Hoewel Abraham, Isak en Jakob as die aartsvaders gesien word, word deur Josef, die jongste van Jakob se twaalf seuns, die voortbestaan van Jakob se nageslag moontlik gemaak. Na jare van kinderloosheid, word Josef vir Jakob en Ragel gebore. Hy word as slaaf aan die eienaars van `n handelskaravaan verkoop wat op hul beurt hom weer aan `n Egiptiese amptenaar

verkoop. Ten spyte van sy terugslae, word hy uiteindelik verhoog tot die hoogste amp in die Egiptiese staat waar die hele land deur hom bestuur is (Gen 41:41). Whybray (1995:57) voer aan dat Josef God se hand in sy ontberinge gesien het en "... specifically attributed his survival and good fortune to God, who was the real controller of al these events and has sent him to Egypt". Intussen bly Jakob en sy elf seuns in Kanaän totdat hongersnood hulle uit die land dryf. Wanneer Jakob se huishouding uiteindelik na Egipte vertrek, gaan hulle met die wete dat God by hulle sal wees en Hy hulle uiteindelik sal terugbring na die Beloofde Land – en dan as `n volk (vgl Alexander 2004:152). Wanneer Jakob en sy familie in Egipte aankom, word die beste deel van die land aan hulle toegewys op sterkte van Josef se posisie.

Noudat Jakob `n veilige tuiste het, dreig die landsbelofte/verbond egter om verdring te word. Jakob kry wel `n tydelike land (Egipte), maar hy verbind hom steeds aan die land wat God beloof het (Kanaän) deur Josef `n eed te laat aflê om hom, na sy afsterwe, te begrawe in die graf van sy voorvaders (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:88). Ook Josef versoek om nie in Egipte begrawe te word nie, maar dat sy liggaam saamgeneem word wanneer God die volk teruglei na Kanaän. Jakob dra sy seën aan sy seuns asook aan Efraim en Manasse, die seuns van Josef oor en bevestig dat na sy afsterwe, God by hulle sal wees en hulle sal terugbring na die land van hul voorvaders (Gen 48:21). Josef bevestig hierdie woorde wanneer hy aan sy broers sê: "[24]Ek gaan sterwe, maar God sal gewis op julle ag gee en julle uit hierdie land laat optrek na die land wat Hy aan Abraham, Isak en Jakob met `n eed beloof het" (Gen 50:24, AOV).

Wanneer Jakob sterf word die verbondsbeloftes nie weer aan `n individu oorgedra nie, maar aan die volk Israel. Orlinsky in Hoffman (1986:37) merk in dié verband op: "With the death of the last of the patriarchs, the covenant with God ceases to be individual, and becomes national, i.e. the descendants of the patriarchs, as a nation – in accordance with God's initial and oft-repeated promise – who become the covenanted partner; while He was the 'God of Abraham, of Isaac, and of Jacob,' He [God] never became the God of Moses, or of David, or of Elijah, or of Amos, or of any other individual, but only of Israel".

## 3. DIE VERBONDE MET ISRAEL

Reeds in die Abrahamitiese verbond dui God sy verbintenis met Abraham se nageslag, die volk Israel, aan. Hoewel Israel hulle as slawe in Egipte bevind, vorm dit deel van God se plan om hulle daarvandaan uit te lei en uiteindelik te bring na die land wat Hy aan Abraham beloof het.

### 3.1 ISRAEL IN EGIPTE

Tydens Jakob en sy seuns se verblyf in Egipte, beleef hulle voorspoed en hulle getalle neem toe. Josef se ekonomiese beleid bepaal dat die farao die eienaar van die land is terwyl die volk Israel sy huurlinge word (vgl Alexander 2004:152). Met hierdie beleid word die moontlikheid egter geskep dat Jakob se nageslag slawe kan word in `n nuwe bedeling.

Bykans 300 jaar na Josef en sy broers se afsterwe, gebeur dit wel en verloor die volk sy bevoorregte status. Die Israeliete bevind hulle as `n slawevolk onder `n nuwe farao uit `n dinastie wat lankal vergeet het wat Egipte aan Josef verskuldig was (vgl Alexander 2004:159). Ten spyte van die toenemende onderdrukking vermeerder die Israeliete in so `n mate dat hulle `n bedreiging vir die plaaslike bevolking word (Eks 1:9). Die nuwe koning wat die risiko hiervan raakgesien het, stel maatreëls in plek om die Israeliete se bevolkingsaanwas te beperk. Moses, wat die koning se plan om alle baba seuntjies dood te maak, vryspring, word geroep om die volk uit die verdrukking te bevry omdat God hulle gekerm gehoor het en "[24]... gedink [het] aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob" (Eks 2:24, AOV). God se ingryping om die Israeliete te bevry, vloei dus voort uit die verbond wat met Abraham gesluit en met Isak en Jakob bevestig is.

Egipte was bekend vir sy towerkuns en afgodediens. Afgode was dikwels `n verpersoonliking van die natuurmagte of –verskynsels (son, maan) of van begrippe (regverdige orde). Die farao was deurentyd die hoeksteen van die gemeenskap, synde die middelaar tussen die gode en die mense (vgl Kitchen in Alexander 2004:154). Teen hierdie agtergrond van onderdrukking en afgodediens kom Moses na die volk met die beloftes van die God van hul voorvaders om hulle uit die mag van Egipte te bevry en te lei na die Beloofde Land. Met die tien plae bewys God nie alleen sy superieure mag bo dié van die Egiptiese gode nie, maar gebruik Hy die tiende plaag om aan die volk te wys dat Hy ook mag oor die dood het. Die Egiptenare besef hiermee dat die God van Israel magtiger is as al die gode wat hulle aanbid. Die bevryding van die Israeliete uit Egipte word `n sleuteloomblik in die geskiedenis van die volk Israel wat hulle "... vir die res van hulle bestaan sou onthou as die tyd toe God hulle gered en as sy volk aangeneem het" (Walton in Alexander 2004:19). Pixley (1992:11) bevestig hierdie standpunt: "The exodus from slavery in Egypt is not an event like any other within the history of Israel. It is the founding event of the people of Israel".

### 3.2 DIE SINAÏVERBOND

Drie maande na die uittog uit Egipte kom die Israeliete in die Sinaïwoestyn aan (Eks 19:1). Moses tree as tussenganger tussen God en die volk op en ontvang, as uitvloeisel van die

ooreenkoms met God (vgl die aanhef van die Dekaloog in Eks 20:2), die Wet. Verskeie bepalings vir goeie orde in die samelewing word ook gegee waarop die volk antwoord: "[7]Alles wat die HERE gespreek het, sal ons doen en daarna luister!" (Eks 24:7, AOV). Moses rig hierna as sigbare teken en herinnering `n altaar van twaalf klippe vir elkeen van die twaalf stamme van Israel op, sprinkel die bloed van die brandoffers op die altaar en op die volk en kondig aan: "[8]Dit is die bloed van die verbond wat die HERE met julle gesluit het op grond van al hierdie woorde" (Eks 24:8, AOV). Voorskrifte vir offergawes en die oprigting en gebruik van `n heiligdom word gegee, waarna die sabbat as teken van die verbond tussen God en die volk ingestel word (Eks 31:13).

Vosloo en Van Rensburg (1993:123) dui aan dat die kern van die Sinaïverbond saamgevat word in die woorde wat God tot Moses gespreek het reeds voor hulle uit Egipte getrek het: "[7]... en Ek sal julle as my volk aanneem en vir julle `n God wees." (Eks 6:7, AOV). Hiermee verbind God die volk aan Hom en begin Hy dus die Tien Gebooie met: "[2]Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het" (Eks 20:2, AOV). By die Sinaïberg word Israel in die volle sin van die woord die volk van God. Hy maak Sy wil aan hulle bekend (Eks 20), lê beslag op hulle hele lewe en bied aan hulle `n manier waarop hulle hul sondes kan bely en versoening doen (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:128).

Die Sinaïverbond sluit aan by die Abrahamitiese verbond waarin dieselfde belofte wat God voorheen aan Abraham gemaak het: "[7]... om vir jou `n God te wees en vir jou nageslag ná jou" (Gen 17:7, AOV) ook aan die volk gegee word. Wat die landsbelofte aan Abraham betref, bevestig God aan Moses reeds voor hy die volk uit Egipte lei, dat Hy Kanaän aan die volk Israel sal gee: "[7]En Ek sal julle bring in die land waaromtrent Ek my hand opgehef het, om dit aan Abraham, aan Isak en aan Jakob te gee; en Ek sal dit aan julle as `n besitting gee, Ek, die HERE" (Eks 6:7, AOV). In die Sinaïverbond word bepaalde voorwaardes aan Israel se verblyfreg in die Beloofde Land gekoppel wat aan hierdie verbond dus `n voorwaardelike karakter[17] gee. Die voorwaardes vir verblyfreg in die land staan egter afsonderlik van die besitreg daarvan.

## 3.3 VERBLYFREG VS BESITREG

Volgens Joodse sowel as evangelikale Christelike siening word verblyfreg in die land onderskei van besitreg van die land. Volgens hierdie beskouing word die landsverbond wat God met Abraham gesluit het, as `n onvoorwaardelike verbond[18] gesien en gevolglik word besitreg van die land aan die volk verleen. Hierteenoor staan die verbond wat God met die volk in die

[17] *Hoofstuk 2, punt 5.2.1*
[18] *Hoofstuk 2, punt 5.2.1*

Sinaïwoestyn gesluit het en wat bepaalde voorwaardes bevat wat daaraan `n voorwaardelike karakter[19] gee en dus slegs verblyfreg aan die volk impliseer.

### 3.3.1 Besitreg

Die land behoort aan God[20] en die besitreg van die Beloofde Land word aan die volk Israel oorgedra binne die konteks dat dit steeds aan Hom behoort: "He emphasized that the land belonged to Him; it was His special covenant land, which He was giving to His covenanted people" (Ellisen 2003:7). Die land word met `n eed aan Abraham en sy nageslag verbind en as `n blywende besitting aan hulle beloof. Omdat die belofte van God nie afhanklik is van die aartsvaders of die volk Israel se optrede nie, word die besitreg nie geraak deur Israel se latere ongehoorsaamheid nie (*What are the covenants in the Bible?* http://www.gotquestions.org/bible-covenants.html). Die besitreg is dus slegs van God se getrouheid aan sy eie beloftes[21] afhanklik. Die onvernietigbaarheid van die aanspraak berus dus nie op menslike optrede nie, maar op God se belofte, Sy getrouheid aan Sy Woord en die ewigdurendheid van Sy bestaan.

### 3.3.2 Verblyfreg

Met die verbondsluiting by die Sinaïberg word bepaalde voorskrifte, bepalings en voorwaardes aan die volk gegee waarvolgens hulle in die Beloofde Land moes leef. Indien die volk hierdie voorskrifte, bepalings en voorwaardes sou nakom, sou dit hulle verblyfreg in die land waarborg en sou hulle God se seën ervaar. Die teenoorgestelde was egter ook van toepassing – indien die voorwaardes nie nagekom word nie, verloor hulle die reg om in die land te bly en sou hulle God se tugtuging ervaar. Hedding (2004b:9) verduidelik dit soos volg: "She has the right of domicile so long as she lives righteously in the land. If she forsakes her God and walks away from Him then she forfeits the privilege of living in the land that will nevertheless remain hers forever". Ellisen (2003:7) ondersteun die standpunt dat die volk se verblyfreg in die land voorwaardelik is en afhang van: "... Jewish obedience and conduct (Deut 28)".

`n Verdere bepaling ten opsigte van hul verblyfreg in die land, word in die Deuteronomiese verbond (Land-van-Israel/Palestina-verbond)[22] vervat. Hiervolgens sou hulle na die land kon terugkeer indien hulle berou toon en na God terugdraai (Deut 30:1-5). Amaru in Hoffman (1986:81) verduidelik dit soos volg: "And while the actual occupation of the Land is dependent upon obedience to the law, the Land promise remains eternally covenanted and eternally viable in that repentance and return to God affect restoration to the Land". Hedding (2004b:9) bevestig

[19] *Hoofstuk 2, punt 5.2.1*
[20] *Hoofstuk 3, punt 6.1*
[21] *Hoofstuk 4, punt 2.2.4*
[22] *Hoofstuk 4, punt 3.5*

hierdie standpunt: "So while the land is forever hers, her right of domicile – the privilege to live in the land – is determined by her reconciled relationship with Him".

Volgens die Jode het hulle dus `n onvervreembare reg op die land as gevolg van God se verbond met Abraham. Verblyfreg word slegs verleen solank hulle aan die voorwaardes en bepalinge voldoen.

### 3.4 VOORWAARDES VIR VERBLYFREG IN DIE LAND

By die Sinaïberg word verskeie voorskrifte en bepalings aan die volk gegee wat herhaal word wanneer hulle op die punt staan om die land binne te gaan. Hierdie voorskrifte en bepalings dek `n verskeidenheid van aspekte soos die wyse waarop feeste onderhou moet word, onderskeid tussen rein en onrein kos, onaanvaarbare praktyke, reëlings vir `n ordelike gemeenskap, en so meer. Daar word spesifieke opdragte gegee ten opsigte van hul teenwoordigheid in die land asook die wyse waarop die land ingeneem en verower behoort te word. Seën en voorspoed sou volg wanneer die volk die voorskrifte en bepalinge sou gehoorsaam terwyl tug die gevolg van ongehoorsaamheid sou wees. Onderliggend hieraan lê God se eis om onverdeelde trou aan Hom as enigste God.

Spesifieke voorskrifte sluit in:

#### 3.4.1 Gehoorsaamheid aan die bepalinge

Die volk word opdrag gegee: "[22]Julle moet al my voorskrifte en bepalings gehoorsaam en dit uitvoer" (Lev 20:22, NAV) en voor `n keuse gestel: "[26]Let op, ek hou julle vandag die seën en die straf voor: [27]die seën sal kom as julle die gebooie van die Here julle God gehoorsaam, wat ek julle vandag gee; [28]die straf sal kom as julle ongehoorsaam is aan die gebooie van die Here julle God en die pad verlaat wat ek julle vandag aangewys het en ander gode aanhang waarvan julle nou nog nie eers weet nie" (Deut 11:26-28, NAV).

Gehoorsaamheid sou lei tot seën. Die grond sou oorvloedige opbrengste lewer en daar sal genoeg wees om van te lewe. Israel sou `n gedugte nasie word wat onder die volke bekend is. God sal by hulle wees en tussen hulle woon en daar sal vrede in die land wees. Hulle sal veilig en gelukkig lewe in die land wat God aan hulle toevertrou het (Lev 26:3-13). Seën, voorspoed en verblyfreg in die land is gevolglik die resultaat van gehoorsaamheid aan die bepalings: "[18]As julle dit doen, sal julle sonder sorge in die land kan woon" (Lev 25:18, NAV).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Ongehoorsaamheid daarteenoor sou tugtiging tot gevolg hê. Volgens Vosloo en Van Rensburg (1993:188) sal hierdie tugstappe in vyf fases geskied: die land sal gekenmerk word deur siektes, misoeste en vyandelike invalle; die land sal droogte ervaar; roofdiere sal `n verskrikking voer; die volk se getalle sal afneem as gevolg van vyandelike invalle en pessiektes en in die finale fase sal die land totaal verwoes word en die volk in ballingskap weggevoer word (Deut 11:17). Straf, swaarkry en `n verbeuring van verblyfreg is dus die gevolg van ongehoorsaamheid: “[16]As julle die verbondverpligtings wat die Here julle God julle opgelê het, nie hou nie en julle dien ander gode en buig voor hulle, sal die toorn van die Here teen julle ontvlam en sal julle gou verdwyn uit die goeie land wat Hy julle gegee het” (Jos 23:16, NAV).

Orlinsky in Hoffman (1986:40) verduidelik die implikasie hiervan soos volg: “Since the greatest reward offered to Israel in the covenant with God is peace and prosperity in their own land, so the greatest punishment for violating the covenant is the loss of land, exile, drought, epidemic, locust, even invasion by and loss of sovereignty to a more powerful nation”. Hoewel droogte, pes, swak oeste en selfs onderwerping beskou was as genoegsame straf vir oortreding van die bepalinge, was die mees ekstreme vorm van straf gesien as: “... banishment from the Land, exile and captivity” (Orlinsky in Hoffman 1986:46).

Indien die volk na hul verstrooiing tot inkeer kom en hul sondes bely, tree die beloftes in die Deuteronomiese (Land-van-Israel/Palestina) verbond[23] in werking: “[42]Ek [sal] die beloftes wat Ek aan Jakob, aan Isak en aan Abraham gegee het, weer van krag maak. Ek sal my beloftes oor die land weer van krag maak” (Lev 26:42, NAV). Verder word beloof dat: “[3] ... die Here jou God [sal] jou omstandighede verander. Hy sal jou jammer kry en jou weer bymekaarmaak van oral af waarheen Hy jou tussen die volke verstrooi het. [5]Hy sal jou terugbring na die land toe wat deur jou voorvaders besit is en jy sal dit in besit neem” (Deut 30:3-5, NAV). Ellisen (2003:8) verduidelik dat omdat God bewus was van die volk se geneigdheid tot sonde en “... how they would fail miserably in the following centuries, the Lord still assured them of their final return and restoration after being scattered to the ends of the earth”.

### 3.4.2 Verowering en inname van die land

In die boek Josua word bevestig dat in die Beloofde Land wat reeds bewoon is, plek gemaak word vir die volk Israel: “... maar Ek het hulle in julle hand gegee, sodat julle hul land in besit geneem het, en Ek het hulle voor julle uit verdelg” (Jos 24:8, AOV).

[23] *Hoofstuk 4, punt 3.5*

Die volk kry opdrag om die land te verower en die nasies wat daar woon, te oorwin. Sewe nasies, die Hetiete, Girgasiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete word by name genoem wat in Israel se mag gegee sal word (Deut 7:1). Spesifieke instruksies word aan die volk gegee: "[51]As julle die Jordaan na Kanaän toe oorsteek, [52]moet julle al die inwoners van dié land verdrywe. Vernietig al die afgodsbeelde wat hulle vir julle uitgesny en gegiet het, en verwoes al hulle hoogtes. [53]Neem die land in besit en gaan woon daar, want Ek gee die land aan julle as besitting. [54]Verdeel die land deur loting volgens hulle stamme" (Num 33:51-54, NAV). Die volk word gewaarsku oor die gevolge van ongehoorsaamheid aan die opdrag om al die nasies te verslaan en te verdryf: "[55]As julle nie al die inwoners van die land verdryf nie, sal dié van hulle wat oorbly, soos splinters in julle oë en soos dorings in julle sye wees. Hulle sal teen julle oorlog maak oor die land waarin julle woon, [56]en dan sal Ek aan júlle doen wat Ek aan húlle wou doen!" (Num 33:55-56, NAV).

In die boek Rigters word verduidelik dat elke stam verantwoordelik was om sy toegekende gebied te verower. Ten spyte van Josua se opdragte het nie al die stamme die heidense volke verslaan en die stede ingeneem soos hulle beveel is nie (vgl Beers 1996:86). Van die heidense volke is toegelaat om in hul stede aan te bly wat tot afgodsdiens onder die Israeliete gelei het. Die volk het die opdrag: "[33]Hulle mag nie in jou land bly woon nie, ..." verontagsaam en gevolglik het die voorspelling: "[33]... want dan sal hulle jou verlei om teen My te sondig deur hulle gode te dien. Dan sal hulle jou tot `n val bring" (Eks 23:33, NAV), waar geword.

### 3.4.3 Optrede teenoor die heidense nasies

Die volk is tydens die tweede vaslegging van die tien gebooie gewaarsku om nie `n verdrag te sluit met die inwoners van die land nie (Eks 34:12). Hulle ontvang ook spesifieke opdragte oor die wyse waarop hulle teenoor die inwoners en hul afgodspraktyke moet optree: ondertrouery met heidense inwoners word verbied, verbondsooreenkomste mag nie gesluit word nie, hulle mag nie bejammer word nie, heidense altare, klippilare en gewyde pale moet afgebreek en afgodsbeelde moet verbrand word (Deut 7:1-5). Onderliggend aan hierdie opdragte lê God se eis om onverdeelde trou aan Hom as enigste en ware God (Eks 34:14).

Gedurende die regeringstyd van die Rigters het die volk afvallig geraak en heidense gebruike nagevolg (vgl Beers 1996:86). Hoewel God aan hulle die versekering gegee het: "[1]Ek sal my verbond met julle nooit verbreek nie", het hulle die gepaardgaande opdrag "[2]... maar julle mag nie `n verdrag sluit met die inwoners van hierdie land nie. Julle moet hulle altare afbreek" (Rig 2:1-2, NAV) geïgnoreer. `n Engel het die gevolge van hul optrede aan hulle bekend gemaak: "[3]Daarom sê Ek vir julle: Ek sal nie hierdie nasies van julle af wegdryf nie. Hulle sal vir

julle `n strik word, en hulle gode sal vir julle `n valstrik word" (Rig 2:3, NAV). Dit was die voorspel tot die verval, latere ballingskap en verstrooiing van die volk.

3.4.4 Optrede teenoor die land

Behalwe vir die waarskuwings teen die inwoners se gebruike en praktyke, is verskeie opdragte rakende die volk se optrede teenoor die land gegee. Baie van die wette kan slegs binne die grense van die land uitgevoer word en staan bekend as *mitzvot ha-teluyot ba-'haretz*. Die ander bepalinge kan breedweg in drie kategorieë verdeel word: landbou, reinheid en bestuur en etiese aspekte (vgl Harrington 2001:101). So is voorskrifte gegee oor die kruising van diere (Lev 19:19), saai van verskillende saad in een land (v19), oes van vrugtebome (v23-25). Die sabbatsjaar is ingestel om die land na ses jaar te laat rus en na sewe sabbatsjare moes die vyftigste landbouseisoen as `n besondere hersteljaar gevier word waartydens die besit van grond terugkeer na sy oorsponklike eienaars (Lev 25:10). Afgodsoffers is ten sterkste verbied. Wanneer die landsbepalinge gehoorsaam word, sou seën volg: "God's goodness pours out upon it and its inhabitants, bringing prosperity and protection" (Harrington 2001:91), terwyl ongehoorsaamheid die teenoorgestelde tot gevolg het: "When these requirements are not met, the land becomes defiled and in need of purification. Its residents are denied its benefits and expelled" (2001:91).

Die belofte van seën en voorspoed in die land wanneer hulle aan God gehoorsaam is en straf en verwerping uit die land wanneer hulle ongehoorsaam is, word dus direk gekoppel aan die voorwaardes vir verblyfreg in die land[24].

3.5 DIE DEUTERONOMIESE (LAND-VAN-ISRAEL/PALESTINA) VERBOND

Die tweede verbond wat gebruik word wanneer Jode hul aansprake op die land op godsdienstige gronde verduidelik, staan bekend as die Deuteronomiese verbond, ook bekend as die Land-van-Israel/Palestina verbond. Hierdie verbond volg na die Sinaïverbond wat God by Horeb met die volk deur Moses gesluit het en word gesien as bykomend daartoe: "[1]Dit is die woorde van die verbond wat die HERE Moses beveel het om met die kinders van Israel te sluit in die land Moab, behalwe die verbond wat Hy met hulle by Horeb gesluit het" (Deut 29:1, AOV). Hoewel sekere godsdienswetenskaplikes redeneer dat die teologie van Deuteronomium die polities-religieuse situasie van die tyd waarin die boek geskryf is reflekteer, is die bedoeling van die verbond steeds om: "... Godsvolk op te roep tot suiwerheid in aanbidding en tot liefdevolle gehoorsaamheid aan God in die verbondsverhouding" (Van der Watt 2003:1056).

[24] *Hoofstuk 4, punt 3.4*

Die volk bevind hulle aan die oostekant van die Jordaan, bykans veertig jaar na die uittog uit Egipte. Toegerus met die gebooie wat hulle by Sinaï ontvang het asook `n volledige stel wette en riglyne wat verduidelik hoe God van hulle verwag om te leef (na die hernuwing van die verbond), staan hulle op die punt om die land binne te gaan en `n nasie daar te vestig wat: "God moes gehoorsaam en vir die ander nasies tot voorbeeld moes wees" (Vosloo en Van Rensburg 1993:243).

Sommige Bybelnavorsers beskou die Deuteronomiese verbond as `n verlenging of uitbreiding van die Sinaïverbond. Showers (*The Deuteronomic Covenant.* http://www.johnankerberg.org/Articles/) voer egter aan dat: "This covenant was established by God with the nation of Israel after the establishment of the Mosaic Covenant (the Law), and it was separate from the Mosaic Covenant". Showers (*The Deuteronomic Covenant.* http://www.johnankerberg.org/Articles/) beklemtoon die volgende aspekte om sy standpunt te ondersteun:

- Die Deuteronomiese verbond word gesluit aan die einde van Israel se veertig-jaar-lange omswerwinge in die wildernis kort voor hulle Kanaän sou binnegaan (Deut 29:5-8).

- Die verbond word in die land van Moab gesluit (Deut 29:1) wat oos van die Dooi See aan die oorkant van die land Kanaän geleë was.


- Die partye tot die verbond was God en die nuwe generasie Israeliete wat Kanaän kon binnegaan nadat die geslag wat uit Egipte weggetrek het, as gevolg van hul opstand en ongehoorsaamheid, die voorreg verbeur het om die Beloofde Land binne te gaan.

Volgens Showers (*The Deuteronomic Covenant.* http://www.johnankerberg.org/Articles/) het `n nuwe generasie op die punt gestaan om `n nuwe hoofstuk in Israel se geskiedenis te begin en was die doel van die verbond om hulle te herinner aan: "... Israel's special covenant relationship with Jehovah", waarby hy voeg dat: "This reminder appears to have been the purpose of the Deuteronomic Covenant". Moses dui aan dat die beloftes, soos vervat in die Deuteronomiese verbond, eers vervul sal word nadat al die beloftes van seën en straf wat in Deuteromium 28 opgeteken is, tot vervulling gekom het en Israel werklik tot God terugkeer en Hom gehoorsaam: "[1]En as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen die HERE jou God jou verdryf het, [2]en jy jou tot die HERE jou God bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, [3]dan sal die HERE jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen die HERE jou God jou verstrooi het" (Deut 30:1-2).

Die beloftes in die Deuteronomiese verbond behels: dat die volk na die land teruggebring sal word nadat hulle oor die wêreld verstrooi is (Deut 30:3-5); dat God die Israeliete sal hervorm en hul harte sal verander sodat hulle `n toegewyde lewe sal leef (Deut 30:6); dat God belowe om Israel se vyande te straf (Deut 30:7) en indien die volk Hom gehoorsaam, Hy hulle voorspoedig sal maak (Deut 30:8-9). Moses lei die volk tot teen die grens van die Beloofde Land en gee die leisels aan Josua oor om die volk in te lei. Na die volk in Kanaän gevestig is, laat Josua aan die einde van sy lewe die volk in Sigem bymekaarkom om weer eens hulle verbintenis met God te bevestig.

Kaart 2 dui die volk se uittog uit Egipte, deur die woestyn tot by die Beloofde Land aan (http://www.ebibleteacher.com/imagehtml/otmaps.html).

**KAART 2 : VANAF EGIPTE TOT BY DIE BELOOFDE LAND**



## 4. JUDAÏSME EN SIONISME IN DIE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL

In Joodse aansprake op die land Israel, bestaan verskille tussen Judaïste en Sioniste.

### 4.1 JUDAÏSME EN SIONISME

Judaïsme is die godsdiens van die Jode en vir Judaïste is God en die nakom van bepalinge in die *Torah* ononderhandelbaar (*Palestine vs. Israel as the Name of the Holy Land*. http://www.levitt.com/essays/palestine.html). Judaïsme leer dat die Joodse volk in `n besondere verhouding tot God staan. Die land, as deel van God se onvoorwaardelike verbond met die aartsvaders en die volk Israel, speel hierin `n belangrike rol.

Sionisme word in die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) (Odendal en Gouws 2005:1002) beskryf as: "Oorspronklik, strewe van, beweging onder die Jode om hul eie staat in Palestina te stig, en tans om hierdie staat te ontwikkel". Theodore Herzl (1860-1904), die vader van moderne Sionisme, het tot die oortuiging gekom dat `n Joodse tuisland die enigste plek is waar Jode veilig sou wees van vervolging en antisemitisme[25]. Hoewel Herzl nie godsdienstig was nie, het die verbondsbelofte waarin God aan Israel `n land sou gee asook die aanvaarding dat vandag se Jode `n voortsetting van Bybelse Israel is, die grondslag van Herzl se Sionisme gevorm en kon hy aansluiting vind by die droom wat elke Jood deur die eeue heen gekoester het om eendag na Jerusalem en Sion te mag terugkeer (Die Kerkblad 2004:65).

Sionisme kan gesien word as `n moderne uitdrukking van `n eenduisend-negehonderd-jaar oue droom van die Jode om Israel weer te herbou en op te rig nadat die Romeine in die eerste eeu nC die tempel en Jerusalem verwoes het (*The Error Of Replacement Theology*. http://www.ldolphin.org/replacement/). Nageslagte van die Joodse volk wat uit Jerusalem en die omliggende Judea verban is, het vasgehou aan die hoop dat hulle weer eendag sou terugkeer. Hierdie eeue oue hoop word weerspieël in die nasionale volkslied van Israel, *Ha-Tikvah,* wat 'Die Hoop' beteken (*The Land of Israel*. http://www.jewfaq.org/israel.htm).

| ***Ha-Tikvah (Hebreeus)*** | ***The Hope (Engels)*** |
|---|---|
| Kol od baleivav p`nima | As long as deep within the heart |
| Nefesh Y'hudi homiya | The Jewish soul is warm |
| Ul'fa-atey mizrach kadima | And toward the edges of the east |
| Ayin L'Tziyon tzofiya | An eye to Zion looks |
| Od lo avda tikvateynu | Our hope is not yet lost, |
| Hatikva bat sh`not alpayim | The hope of two thousand years |
| Lih'yot am chofshi b'artzenu | To be a free people in our own land |
| Eretz Tziyon v'yirushalayim. | In the land of Zion and Jerusalem. |
| Lih'yot am chofshi b'artzenu | To be a free people in our own land |
| Eretz Tziyon v'yirushalayim. | In the land of Zion and Jerusalem. |

[25] *Hoofstuk 6, punt 6.3*

Met die totstandkoming van die Staat Israel in 1948[26] het die fokus van die sekulêre Sioniste verskuif na die instandhouding en ontwikkeling van die land (vgl Van Wyk 1991:73). Vandag word Sionisme gesien as `n voortdurende poging om deur politieke metodes, die Joodse volk se nasionale bestaan te verseker deur die instandhouding en beveiliging van die Staat Israel.

Sioniste fokus dus op dié aspekte wat die voortbestaan van die volk kan verseker terwyl die godsdienstige aspek van Joodswees in die proses ontken word. Die onversoenbaarheid van Sionisme en Judaïsme lê dus in die plek en die waarde wat beide groepe aan die godsdienstige aspek van Joodswees heg.

## 4.2 DIE LAND ISRAEL VS DIE STAAT ISRAEL

Die meerderheid Jode glo dat hulle die Uitverkore Volk van God is: "Who has *chosen us from all the peoples* and gave us His Torah" (*Jews Opposed to Zionism*. http://www.jewsnotzionists.org/), dat die land Israel aan hulle behoort en dat die land Jode wêreldwyd onlosmaaklik daaraan verbind: "Living outside of Israel is viewed as an unnatural state for a Jew" (*The Land of Israel*. http://www.jewfaq.org/israel.htm). Die wêreld buite Israel word dikwels na verwys as *galut*, wat gewoonlik vertaal word met diaspora. `n Meer direkte vertaling is ballingskap of gevangeniskap wat beteken dat: "When we live outside of Israel, we are living in exile from our land (*The Land of Israel*. http://www.jewfaq.org/israel.htm).

Hoewel die land vir alle Jode `n besondere plek inneem, deel nie alle Jode die sienswyse van die Sioniste nie. Vir Sioniste gaan dit oor die Staat Israel wat onder Joodse beheer, `n veilige vesting vir Jode bied waar hulle in vrede in hul eie land kan woon en nie uitgelewer is aan ander nasies se genade en moontlike uitsettings soos deur die geskiedenis heen gebeur het nie. Soos met alle polities-ideologiese bewegings is daar verdeeldheid oor die geldigheid van Sionisme en die bestaansreg van die Staat Israel. Selfs in binnekringe van die Sioniste-beweging is daar uiteenlopende standpunte met konserwatiewe Sioniste wat voorstanders is van `n Joodse tuisland terwyl ander die idee van `n Joodse volk en `n Joodse tuisland teenstaan (vgl Goldman 12 Augustus 2004).

Vir Ortodokse Jode is die land Israel van groot belang, terwyl die totstandkoming en bestaan van die Staat Israel vir hulle onaanvaarbaar is. Volgens hulle standpunt is die land deel van die verbondsbeloftes wat aan Abraham gemaak is, is die volk se geskiedenis ten nouste met die grondgebied verbind en is dit die enigste land waarin hulle die Joodse wette, soos vervat in die

[26] *Hoofstuk 6, punt 3.5*

*Mishna*, kan uitvoer. Hulle voer verder aan dat die Jode nie uitverkies is om te domineer of oor ander mense of groepe te heers nie, maar wel om die Skepper van die Heelal en Vader van almal, asook die mensdom te dien. Volgens die *Torah* is die Jode `n ryk van priesters en `n heilige volk wat `n bepaalde opdrag van God ontvang het en onder bepaalde Godgegewe verpligtinge staan. Deur die totstandkoming van die sekulêre Joodse staat en implementering van Sionistiese doelwitte, word die karakter van en opdrag aan die Joodse volk gewysig en word die volk ondergeskik gemaak aan gewone wêreldse wette en vereistes vir nasionale bestaansreg. Nie alleen voel ondersteuners van Judaïsme dat dit verraad teen die Joodse volk is nie, maar beëindig die Sioniste daarmee die unieke en buitengewone verhouding tussen God en Sy volk wat deur die eeue heen daartoe gelei het dat die Joodse volk, in teenstelling met enige ander volk en teen alle verwagtinge in, bly voortbestaan het (vgl *Jews Opposed to Zionism*. http://www.jewsnotzionists.org/).

Volgens hul interpretasie van die *Torah* word die beëindiging van die ballingskap, die terugkeer van die volk Israel asook die totstandkoming van `n staat en weermag verbied totdat die Messias kom. In die lig hiervan staan die doelstellings en aktiwiteite van die Sioniste in direkte teenstelling met die *Torah* en grens dit aan godslastering: "... an attempt to re-establish Jewish rule in Israel by human agency is blasphemous, since only the Messiah can accomplish this (*Religious Zionism* http://en.wikipedia.org/wiki/Religious_Zionism). Hulle sien dit verder as `n gebrek aan vertroue in God se reddingskrag en as opstand teen God. Hierdie argument word verder ondersteun deur die feit dat nie Herzl, nóg enige van die Eerste Ministers van die Sionistiese staat, godsdienstig was of geglo het in die goddelike oorsprong van die *Torah* en bestaan van God nie (*Jews not Zionists*. http://www.jewsnotzionists.org/).

Godsdienstige Sioniste-groepe in Israel, soos die *Mizrachi,* probeer om die tradisionele praktyke van Judaïsme met Sionistiese aktiwiteite te versoen: "Religious Zionists are a faction within the Zionist movement who justify Zionist efforts to build a Jewish state in the land of Israel on the basis of Judaism" (*Religious Zionism* http://en.wikipedia.org/wiki/Religious_Zionism). Hulle glo dat die land Israel (*Eretz Yisrael*) deur God aan Bybelse Israel gegee is en daarom `n permanente en onvervreembare reg tot die land aan die Jode as voortsetting van Bybelse Israel gee. Vir hulle is sekulêre Jode se motiewe steeds godsdienstig gefundeer: "Secular Zionists may think they do it for political, national or socialist reasons, but in fact - the actual reason for them coming to resettle in Israel is a religious Jewish spark ("Nitzotz") in their soul, planted by God. Without their knowledge, they are contributing to the divine scheme and actually committing a great Mitzvah" (*Religious Zionism* http://en.wikipedia.org/wiki/Religious_Zionism). Kritiek teen godsdienstige Sioniste behels dat hulle ten doel het om aan Sionisme `n valse godsdienstige

kleur te gee en sodoende onder die vaandel van Judaïsme, steun van die godsdienstige gemeenskap te verkry (vgl *The Difference Between Judaism and Zionism.* http://www.jewsnotzionists.org/differencejudzion.html).

## 5. SAMEVATTING

Joodse aansprake op die land Israel vanuit `n godsdienstige oogpunt, is gegrond op hulle verstaan van twee verbonde - die verbond met Abraham en die Deuteronomiese verbond (Land-van-Israel/Palestina-verbond).

Die beloftes aan Abraham word verseël deur `n bloedverbond wat die bindendste vorm van `n verbond in Bybelse tye was. Dié verbond is gesluit tussen God en Abraham sonder die aktiewe betrokkenheid van die tweede party (Abraham) en vertoon bepaalde kenmerke. Volgens Joodse en evangelikale Christengroepe word die Abrahamitiese verbond as onvoorwaardelik beskou, terwyl die geldigheidsduur wat daaraan gekoppel is, hierdie gedagte ondersteun.

Die verbond met Abraham word voortgesit met sy nageslag. Telkens word dit duidelik dat tradisie en kultuurgebruike nie in die pad staan van God se plan en wie Hy kies om sy plan tot volvoering te bring nie. Isak word bo Ismael gekies, terwyl Jakob en nie Esau nie, die draer van die verbondsbeloftes word. Na Jakob word die verbond nie weer met `n individu bevestig nie, maar word dit aan die volk Israel oorgedra. Israel bevind hom egter in Egipte as `n slawevolk. Wanneer God hulle swaarkry sien en aan sy verbond met Abraham dink, word Moses gestuur om die volk uit Egipte te lei. By Sinaï word die Wet aan die volk gegee en verbind God Hom opnuut aan die volk deur die Sinaïverbond. Die volk ontvang spesifieke voorwaardes en bepalinge waarvolgens hulle moes leef en die sabbat word ingestel as teken van die verbond. Die Beloofde Land (Kanaän) word die konteks waarbinne God met sy volk in `n heilige verhouding wil leef, waar Hy hulle wil seën en waar Hy hulle wil gebruik om `n lig vir die nasies te wees.


Hoewel God as eienaar van die land die besitreg aan die volk Israel oordra, is daar bepaalde voorwaardes aan hul verblyfreg in die land gekoppel. Gehoorsaamheid aan God en sy bepalinge word die voorwaarde waaraan sëen en voorspoed vir die volk in die land gekoppel word. Die teendeel is egter ook waar: straf, swaarkry, verbeuring van verblyfreg en `n verstrooiing onder die heidennasies word voorgehou as die gevolg van ongehoorsaamheid.

Die tweede verbond wat gebruik word in Joodse aansprake op die land Israel is die Deuteronomiese of Land-van-Israel/Palestina verbond. Hierdie verbond word gesien as afsonderlik van en bykomend tot die Sinaïverbond. Die beloftes wat in die Deuteronomiese verbond vervat is, kan eers tot vervulling kom wanneer die vorige beloftes van seën en voorspoed wat aan die Sinaïverbond gekoppel is, vervul is. Volgens Deuteronomistiese siening sluit hierdie beloftes in dat by die volk se terugkeer na die Beloofde Land, nadat hulle oor die wêreld verstrooi is, God die Israeliete se harte sal verander sodat hulle `n toegewyde lewe sal leef, terwyl God Israel se vyande sal straf.


Waar Sioniste `n meer sekulêre en politieke fokus in hul aanspraak op `n Joodse staat het, grond Judaïste hul aansprake primêr op die godsdienstige. Volgens Ortodokse sienings is die totstandkoming en voortbestaan van die Staat Israel teen die bepalinge van die *Torah* en distansieer Ortodokse Jode hulle daarom van Sionistiese doelwitte. Ten spyte van uiteenlopende sieninge binne die Jodedom, bly hul aanspraak op die grondgebied van Israel ´n gemeenskaplike faktor wat Jode wêreldwyd aan mekaar bind.

## HOOFSTUK 5

## JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL - HISTORIESE GRONDE




Van der Watt (2003:1-941)




*Historical Timeline*. http://israelipalestinian.procon/viewresource.usp?resourceID=1149

### 1. INLEIDING

Joodse aansprake op die land Israel berus ook op historiese gronde. Onderliggend hieraan lê die argument dat daar sedert die inname van die land Kanaän, deur elke periode van die geskiedenis van die Joodse volk, altyd `n Joodse teenwoordigheid in die land was.

`n Groot gedeelte van die geskiedenis van die Jode is nou verbind met Bybelse geskiedenis. Vanaf die Eerste Wêreldoorlog is die geskiedenis van die Jode weer nou verweef met politieke gebeure in die wêreldgeskiedenis. Vir doeleindes van die studie word die bespreking verdeel in Joodse aansprake op die land Israel op historiese gronde (Hoofstuk 5) en Joodse aansprake op die land Israel op politieke gronde (Hoofstuk 6). Aansprake op historiese gronde dek die periode vanaf die Israeliete se inbesitname van die land Kanaän, die periode voor die ballingskap asook die tydperk na die ballingskap onder beheer van die Persiërs, die Grieke (Hellenistiese Ryk) en die Romeine tot en met die beëindiging van die Ottomaanse Ryk. In hoofstuk 6 word aansprake op politieke gronde ondersoek vanaf die Eerste Wêreldoorlog (1914) tot en met hedendaagse gebeure in die land Israel (tot en met 2007) asook die rol van die onderskeie regerings gedurende daardie tye.

Wanneer die Israeliete die land Kanaän binnegaan, is die land reeds bewoon en moes bestaande stede met militêre mag oorgeneem word. Na die verowering van die Suide en die Noorde word die land onder die twaalf stamme van Israel verdeel. `n Periode volg waarin die land verenig onder Israelitiese koningskap bestaan, hoewel die koninkryk later skeur in `n Noordelike en Suidelike Ryk en deur afsonderlike regeerders beheer word. Wanneer die Assiriërs uit die noorde aanval, neem hulle beheer oor die ryk van Israel en kom die Noordelike Ryk tot `n einde. Met die latere oorname deur die Neo-Babiloniese Ryk kom ook die soewereine beheer van die Suidelike Ryk tot `n einde. Groot getalle Judeërs is in hierdie tyd uit die land gedeporteer, terwyl dié wat agterbly het, hulle onder vreemde oorheersing bevind het. Na die Judeërs se terugkeer uit ballingskap, het hulle vir kort periodes in die geskiedenis `n mate van onafhanklikheid geniet. Hulle was egter nie weer in staat om dieselfde mate van soewereiniteit te geniet as wat van die tiende tot sesde eeu vC geheers het nie.

Vanaf ongeveer 597 vC het die Judese gemeenskap in die land onder beheer van die een buitelandse mag na die ander gestaan (vgl Chapman 2003:24). Wêreldryke soos die Neo-Babiloniërs, Perse, Grieke, Romeine, Arabiere en Turke was in beheer van die land. Met uitsondering van die periode waarin die Hasmonese Ryk beheer teruggeneem het (vgl tydlyn hierbo), was die Hebreeuse volk nie weer amptelik in beheer van die land tot en met die afkondiging van die Staat Israel in 1948 nie.

## 2. DIE LAND KAÄNAN ONDER ISRAELITIESE BEHEER

Aangesien dit onmoontlik is om `n presiese datum vir die inbesitname van Kanaän deur die Israeliete aan te dui, aanvaar navorsers dat `n moontlike datum vir die intog in die periode tussen 1240 vC en 1200 vC kan wees (vgl Van der Watt 2003:81).

Met die Israelitiese inname van Kanaän word die land begrens deur die Egiptiese Ryk in die suide en die Assiriese Ryk in die noorde. Die land is nie deur `n bepaalde Ryk beheer nie, maar is deur verskeie volke, insluitend sewe Kanaänitiese stamme, bewoon. Hierdie Kanaänitiese stamme het hulle in een-en-dertig vesting-stadstate regoor die land gevestig wat elkeen deur sy eie ‘koning’ regeer is (vgl Spiro 14/68). Millard in Alexander (2004:228-229) beskryf dié tydperk in die geskiedenis (13de eeu vC) as `n periode wat gekenmerk is deur groot militêre veldtogte, invalle en `n algemene verval van kulturele standaarde. Teen hierdie agtergrond val Israel die land Kanaän binne.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 2.1 ISRAEL NEEM KANAÄN IN BESIT


Wyd uiteenlopende menings bestaan oor Israel se inbesitname van die land Kanaän. Sommige wetenskaplikes voer aan dat die inname `n geleidelike infiltrasie deur nomadiese veeboere was, ander sien dit as `n kombinasie van infiltrasie en trekbewegings van `n paar stamgroepe vanuit Egipte oor verskeie geslagte heen, terwyl nog ander `n algemene opstand onder die land se inwoners voorstel (vgl Millard in Alexander (2004:228-229).

Volgens Bybelse geskiedenis steek die Israeliete, onder Josua se leiding, die Jordaanrivier oor en neem die land met militêre mag in. Hoewel Israel verskeie stede aangeval en oorwin het, word slegs van enkeles wat totaal vernietig is, melding gemaak. Deurgaans word beklemtoon dat die voormalige inwoners verdryf, doodgemaak en hul eiendom oorgeneem is sonder dat die stede afgebrand en vernietig is. Millard in Alexander (2004:228) voer aan dat die Israeliete se opdrag was om die heidense heiligdomme en kultiese voorwerpe te vernietig en die inwoners te verdryf en nie om al die stede in die land te verwoes nie. `n Verlate land wat in puin gelê is, sou van min waarde wees en aangesien Israel nie ingestel was op totale vernietiging nie, sou dit misleidend wees om alle tekens van verwoesting in die Kanaänitiese stede in die Laat Bronstydperk met die Israeliete se inname te probeer verbind (vgl Millard in Alexander 2004:228-229). Met die oorwinning van die laaste strategiese stede in die Noorde word die inname van die land Kanaän afgesluit.

Die land moet nou verdeel en aan die twaalf stamme gegee word sodat verdere beheer en besit daaroor geneem kan word.

Kaart 3 dui Josua se veroweringe in die land Kanaän van die suidelike, sentrale en noordelike gebiede aan (Alexander 2004:233).

KAART 3: JOSUA SE VEROWERINGE IN DIE LAND KANAÄN




2.2 DIE LAND KAÄNAN WORD ONDER DIE TWAALF STAMME VERDEEL


Met inagneming van wat verower is en wat uitstaande is, kry Josua opdrag om die land te verdeel onder die stamme van Israel. Die stamme Ruben, Gad en die halwe Manasse stam het reeds hul grondgebied aan die oostekant van die Jordaan gekry en gevolglik word die land Kanaän tussen die oorblywende stamme verdeel. Elke stam moes die grondgebied wat aan hom toegewys is, verower, maar dit gebeur nie orals nie. Die gebiede wat steeds onoorwonne gebly het, sluit die kusstreke van die Middellandse See (Filistynse stadstate) en dele in die Noorde (Fenesië en Libanon) in. Hoewel Dawid later die Filistyne en Siriërs in die Noorde onderwerp het, het Israel nooit beheer oor Fenesië (Tirus en Sidon) gekry nie (vgl Millard in Alexander 2004:235).

Josua sterf en geen enkele opvolger word aangewys nie. Van die oorblywende leiers is verwag om die wet te onderhou en te verseker dat die volk getrou bly aan die bepalinge en vereistes wat

aan hulle gegee is voor hulle die land binnegekom het (vgl Millard in Alexander 2004:237). Hierdie leiers, die Rigters, word deur Spiro (15/68) beskryf as: “Jewish leaders who arise during this time, unify the people, get them to repent, deal with the spiritual problems of the nation, and also deal with the physical threat. They are military leaders who know how to mobilize the nation for war against an enemy, but their real power lies in their Torah knowledge and ability to adjudicate Jewish law”. Verskeie rigters het opgetree, maar die volk het aangedring op `n eie koning soos wat die omliggende volke gehad het.

Kaart 4 toon aan hoe die land onder die stamme van Israel verdeel is (http://www.ebibleteacher.com/ imagehtml/ otmaps.html).

**KAART 4: DIE VERDELING VAN KANAÄN ONDER DIE TWAALF STAMME**




2.3 DIE LAND KAÄNAN ONDER DIE VERENIGDE KONINKRYK

Saul word in ongeveer 1020 vC as eerste koning van Israel gesalf waarna Dawid hom in ongeveer 1000 vC opvolg. Aanvanklik is daar verdeeldheid onder die stamme met die suide


(Juda) en Dawid as koning en die noorde (ander stamme) met Is-Boset op die troon. Na `n burgeroorlog van etlike jare word Dawid koning oor die hele Israel (vgl Van der Watt 2003:298-299). Met die verowering van Jerusalem wat in Kanaänitiese hande was, die vestiging daarvan as die hoofstad van die Verenigde Koninkryk van Israel asook die verskuiwing van die verbondsark na Jerusalem, word die politieke en religieuse eenheid van Israel bevestig (vgl Van der Watt 2003:300).

Dawid word as een van die belangrikste figure in die Joodse geskiedenis beskou. As krygsman het hy deur militêre mag vrede in die land gebring en is Israel gevestig as een van die sterkste nasies in die Midde-Ooste. Gedurende sy regeringstyd is beide die ryke van Egipte en Assirië aan die kwyn wat die geleentheid vir Israel geskep het om ongestoord uit te brei en sy posisie te verstewig sonder inmenging van die groter, omliggende ryke (vgl Spiro 18/68).

Teen ongeveer 965 vC volg Salomo Dawid as koning van die Verenigde Koninkryk op en met geen oorloë om te veg nie, konsentreer hy daarop om Israel een van die rykste nasies te maak. Hy fokus op die uitbreiding van handelsbetrekkinge en politieke alliansies. Verskeie handelsroetes wat noordelike en suidelike lande met mekaar verbind het, het deur die land geloop. Belastings wat gehef is op goedere wat deur die koninkryk beweeg het, was `n belangrike bron van inkomste vir die regering. Verder het vorige vyande wat deur Dawid verslaan is, groot bedrae aan die Verenigde Koninkryk betaal vir `n vreedsame naasbestaan (vgl Beers 1996:134). Om die groot ryk wat van Egipte in die suide tot Mesopotamië in die noorde gestrek het, te bestuur, het `n omvangryke administratiewe bestuurstruktuur vereis wat duur was en hoë belastings tot gevolg gehad het. Salomo bou die eerste tempel in Jerusalem en heers oor die Verenigde Koninkryk in die Beloofde Land. Na hierdie tydperk in die volk se geskiedenis word dikwels verwys as Israel se Goue Era (vgl Spiro 19/68).

Kaart 5 dui die koninkryke van Saul, Dawid en Salomo aan (http://www.searchingthescriptures.net/main pages/mappages/map053.htm).

**KAART 5: DIE LAND ONDER KONINGSKAP**





2.4 DIE KONINKRYK SKEUR

Die hoë belastings en dwangarbeid tydens Salomo se bewind het tot ontevredenheid onder die volk gelei. Met sy dood in ongeveer 923 vC, is sy seun Rehabeam geadviseer om die belastinglas op die inwoners te verlig. Sy weiering het gelei tot opstande en verdeeldheid waarna die stamme in die noorde in Jerobeam `n leier en woordvoerder gevind het (vgl Shanks 1988:109).

Na mislukte onderhandelinge tussen Jerobeam and Rehabeam verklaar die rebellestamme hul onafhanklikheid en die Verenigde Ryk skeur in twee: `n Suidelike Ryk bekend as Juda met Jerusalem as hoofstad onder beheer van Rehabeam en `n Noordelike Ryk, bekend as Israel met Samaria as die hoofstad wat deur Jerobeam regeer is (vgl Hitti 1961:97). Die Noordelike en Suidelike Ryke het elkeen verskeie konings gehad wat vir afwisselende tydperke en met wisselende sukses hul ryke bestuur het. Dié tydperk in Israel se geskiedenis is gekenmerk deur voortdurende aktiewe of koue oorloë tussen die twee ryke.

Kaart 6 dui die verdeling van die koninkryke aan in ongeveer 925 vC (http://www.studylight.org/se/pbm/).

**KAART 6: DIE KONINKRYKE VAN ISRAEL EN JUDA**




## 3. BEËINDIGING VAN DIE ISRAELITIESE BEHEER IN DIE LAND

Die konings van Israel het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here en hulle vertroue in ander gode en politieke magte gestel. Sommige van die konings van Juda word egter meer positief deur die geskiedenis beoordeel. Die konings en die volk se sonde lei tot die oordeel wat

God oor hulle uitspreek (vgl Van der Watt 2003:82). Na die val van Samaria in 722 vC en Jerusalem in 587 vC, verloor Israel amptelike beheer oor die land.

### 3.1 DIE ASSIRIESE RYK EN DIE VAL VAN ISRAEL, DIE NOORDELIKE RYK (722vC)


Die Assiriërs het gedurende die grootste deel van die Ou Testamentiese era in die noordelike deel van die hedendaagse Irak langs die Tigrisrivier gewoon. Die Assiriërs was hoofsaaklik `n Semitiese volk en hul taal en skrifstelsel was baie na aan dié van die Babiloniërs. Nineve, Asur en Kalag was hul belangrikste stede en elke stad het `n hooftempel gehad waar die beskermgod van die stad aanbid is (vgl Millard in Alexander 2004:432).

Die Assiriërs het in die 9e eeu vC met Israel in aanraking gekom toe hulle hul belange na die suidweste probeer uitbrei het (vgl Millard in Alexander 2004:432). Die Assiriese Ryk het sy grense oor `n tydperk van bykans 250 jaar aansienlik uitgebrei. Tydens koning Hosea, die laaste koning van Israel se bewind, val Samaria na `n beleëring van drie jaar (725-722vC) deur Assirië. Baie van die inwoners is gedeporteer en die Noordelike Ryk (Israel) het ophou bestaan (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:514). Nadat die volk in ballingskap weggevoer is, stuur Assirië in die volgende paar jaar Babiloniërs, Arameërs en ander volke na die land om dit te herbevolk. Ten spyte van die deportasie van Israelse inwoners, bly daar steeds `n groot aantal Israeliete in die streek agter (vg Ahlström, 1993:899).

Ook Juda het teen die Assiriërs te staan gekom. Tydens Hiskia, koning van Juda se bewind, val koning Sanherib van Assirië Juda aan en verower al die vestingstede. Hulle kon egter nie daarin slaag om Jerusalem te verower nie. Na 635 vC het Assirië se beheer in die weste begin verswak en in 612 vC tot `n einde gekom met die Babiloniese oorname van die hele gebied vanaf die Persiese Golf tot by die grens van Egipte (vgl Alexander 2004:433, 456). Met die die Assiriese verowering van die Noordelike Ryk asook dele van die Suidelike Ryk het net Jerusalem vir die Judeërs behoue gebly.

Kaart 7 dui die geringe gedeelte van die Verenigde Koninkryk van Israel, wat as Juda na die Assiriese aanvalle behoue gebly het, asook die uitbreiding van die Assiriese Ryk aan. (www.ebibleteacher.com/imagehtml/otmaps.html).

**KAART 7: UITBREIDING VAN DIE ASSIRIESE RYK TEEN 824 vC EN 640 vC**




3.2 DIE NEO-BABILONIESE RYK EN DIE VAL VAN JUDA, DIE SUIDELIKE RYK (587 vC)


Die Babiloniërs onder koning Nebukadneser was teen 612 vC die wêreldmag in die noorde en het die suidelike deel van die hedendaagse Irak beslaan (dié gedeelte waardeur die Tigris- en Eufraatrivier na die Persiese Golf vloei). Saam met Egipte was Babilonië een van die vroeë sentrums van beskawing in die Midde-Ooste. In `n stryd tussen Egipte en Babilonië, word onder Nebukadneser se leiding, die Egiptiese farao Neko in 605 vC by Karkemis verslaan en beheer Babilonië die gebied vanaf die Persiese Golf tot by die grens van Egipte. Juda, onder koning Jojakim, word gevolglik ook aan Babilon onderhorig, maar bly steeds onder Judese beheer (vgl Millard in Alexander 2004:456-457).

Na drie jaar kom koning Jojakim in opstand teen Babilonië, hy sterf en word deur sy seun Jojagin, opgevolg. Nebukadnesar trek op en beleër Jerusalem. Die tempel en paleis is beroof, maar nie verwoes nie (vgl Vosloo en Van Rensburg1993:558). Koning Jojagin word in 597 vC saam met talle vooraanstaande inwoners as gevangenes na Babilonië geneem (vgl Beers 1996:172). Sedekia word as koning aangestel in Jerusalem, maar kom tien jaar later in opstand. Nebukadneser keer terug, vernietig in 587 vC Jerusalem en die tempel en voer koning Sedekia en die stedelike bevolking weg na Babilonië (vgl Millard in Alexander 2004:457). Die val van Jerusalem het die einde ingelui vir die Ryk van Juda: "With the capture and destruction of Jerusalem, the kingdom of Judah went out of existence. The land was devastated, and several

of the leading classes of the population were killed either in the war or after the capture of Jerusalem" (Ahlström 1993:798). Die boere in die landelike gebiede van Benjamin het egter agtergebly en later verder versprei (vgl Liverani 2003:192-193).

Kaart 8 dui die Neo-Babiloniese Ryk teen ongeveer 539 vC aan waar Juda deel van die Ryk uitmaak (www ebibleteacher.com/imagehtml/otmaps.html). Kort hierna het die Perse beheer oor dié gebied geneem.

**KAART 8: DIE NEO-BABILONIESE RYK TEEN 539 vC**




3.3 DIE ISRAELIETE TYDENS DIE BALLINGSKAP (587 – 538 vC)

Met die val van die Suidelike Ryk honderd-ses-en-dertig jaar na die Noordelike Ryk, bevind `n groot gedeelte van die Israelitiese bevolking hulle in ballingskap buite die land met `n klein gedeelte wat in die land agtergebly het.

Beide die Assiriërs en Babiloniërs wou die Judese identiteit vernietig. Die Assiriërs wou deur die invoer van verskillende bevolkingsgroepe die plaaslike bevolking in die land laat vermeng. Sodoende kon `n eenvormige Assiriese provinsiale kultuur wat op effektiewe plaaslike administratiewe strukture gebou is, daargestel word. Die Babiloniërs daarenteen het die oorwonne gebiede verlaat sodat dit agteruitgegaan het en tot sosio-politieke en kulturele verval

gelei het. Die Assiriese deportasie was baie effektief om die nasionale identiteit uit te wis terwyl die Babiloniese deportasies daarenteen "... could not extinguish the deportees' sense of identity, so that they were able, if they wanted, to rebuild their ethnic-political, religious and habitual individuality" (Liverani 2003:195).

In Juda word Gedalja, wat voorheen in die paleis van koning Sedekia gewerk het, deur die Babiloniërs aangewys om die oorblywende mense en infrastruktuur in Juda te bestuur. Lede van die adelstand wat nie in ballingskap weggevoer is nie, het hulle by Gedalja gevoeg en `n eed van samewerking afgelê waarin hulle hul aan die nuwe heersers onderwerp het en sou streef na oorlewing, ekonomiese herstel en sosiale eenheid. Met die moord op Gedalja breek `n algemene opstand uit en vlug sommige na Ammon terwyl ander `n heenkome in Egipte vind. Juda word in chaos agtergelaat met geen heersersklas en `n bevolking wat swaar gebuk gaan onder die gevolge van die oorlog, plae, hongersnood en emigrasie (vgl Liverani 2003:193-194). Die regeerders van Babilon beskryf die land op daardie stadium as: "... an empty land, a country of miserable squatters camped in the ruins of ancient cities, infested by nomadic incursions, a country abandoned by God and humans" (Liverani 2003:234).

Nebukadneser was Babilon se magtigste heerser, maar sy opvolgers was nie van dieselfde militêre gehalte nie (vgl Millard in Alexander 2004:457). Kort na sy dood het die Ryk begin agteruitgaan en het koning Kores II van Persië die Babiloniërs verslaan en Babilon ingeneem. Beers (1996:172) verduidelik die kort duur van Babiloniese beheer: "Within a century, it had overthrown the Assyrians, risen to a world power, and crumbled into extinction by the might of the Persians".

## 4. DIE LAND JUDA ONDER BEHEER VAN DIE PERSIESE EN GRIEKSE (HELLENISTIESE) RYKE (539 – 166 vC)

Onder Persiese beheer word die Jode toegelaat om na Juda terug te keer en onder Griekse beheer kom Juda, soos die res van die bewoonde wêreld, onder die invloed van die Hellenistiese beskawing.

### 4.1 DIE PERSIESE RYK (539vC)

Kores II neem in 550 vC beheer oor Ekbatana, die hoofstad van die Mediërs wat oor `n groot deel van Persië regeer het, waarna hulle ooswaarts beweeg en Babilon in 539 vC inval (vgl Millard in Alexander 2004:480). Na die oorname van die stad het die hele Babiloniese Ryk, insluitend Juda, die nuwe Persiese bewind erken (vgl Hitti 1951:217). Kores II het die Ryk in

provinsies verdeel, elk met sy eie regeerder of *satraap* wat afkomstig was uit die Persiese of Mediese adelstand. Sy administratiewe beleid het die groot ryk in staat gestel om verafgeleë volke suksesvol oor `n lang afstand te bestuur.


Kores II vaardig `n dekreet in 538 vC uit waarin almal wat tydens die Babiloniese Ryk gevange geneem en verban is, toegelaat word om na hul land van herkoms terug te keer (vgl Spiro 24/68). In 538 vC keer 50,000 Jode uit ballingskap terug na Juda, slegs `n klein gedeelte van die volk wat hulle eens was - `n Israel wat tot byna aan die wortels teruggesnoei is. Onder leiding van Serubbabel word begin met die herbou van die tempel in Jerusalem.

Jode wat in die land agtergebly het en met die volke wat deur die Babiloniërs ingebring is, vermeng geraak het, het teenstand gebied teen die groot invloei van Joodse bannelinge. Na aanleiding van struwelinge tussen die twee groepe, word konstruksiewerk aan die tempel gestaak. Onder aansporing van die profete Haggai en Sagaria en met die toestemming van koning Darius II word die tempel voltooi en in 428 vC ingewy (vgl Alexander 2004:331). Die Joodse ballinge het paasfees gevier saam met "[21]... elkeen wat hom van die onreinheid van die nasies van die land afgesonder het om saam met hulle die HERE, die God van Israel, te soek" (Esra 6:21 AOV). Hier is dit nie net die 'oorblyfsel' van Israel wat getrou is aan hulle Joodsheid nie, maar ook diegene wat hulle nie vereenselwig het met die onreinheid van die heidene in die land nie (vgl Alexander 2004:332).

Kaart 9 dui die teenwoordigheid van Jode in die omgewing van Jerusalem aan na hulle terugkeer uit ballingskap (http://www.eretzyisroel.org/~samuel/presence.html).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


**KAART 9: VERSPREIDING VAN JODE NA DIE TERUGKEER UIT BALLINGSKAP**




Jerusalem en die hele distrik is vanuit Samaria geadministreer met plaaslike sake wat onder beheer van die Joodse hoëpriester gestaan het (vgl Van der Watt 2003:84). Die Persiese Ryk heers oor Juda vanaf Kores II se oorwinning in 539 vC oor Babilonië totdat Aleksander die Grote en sy Griekse leër in 334 vC begin het om die Persiese Ryk te verower (vgl Millard in Alexander 2004:480, 522 en Chapman 2003:25).

Kaart 10 dui die Persiese Ryk in ongeveer 480 vC aan waar Juda `n geringe deel van die Persiese Ryk uitmaak (www.ebibleteacher.com/imagehtml/otmaps.html).

**KAART 10: DIE PERSIESE RYK MET JUDA AS 'N PROVINSIE TEEN ONGEVEER 480 vC**




## 4.2 DIE GRIEKSE RYK (334 vC)

Aleksander die Grote word in 336 vC koning van Masedonië asook van die Griekse stadstate wat deur sy pa, Phillip II oorwin is.

Binne `n dekade oorwin hy die Persiërs en neem beheer oor die oostelike Middellandse See-gebied, insluitend Juda. Kort na die inname is Griekse stede orals in die land opgerig: "... along the Mediterranean coast, as well as inland at Beth-Shean and Samaria, and even to the east in Transjordan" (Shanks 1998:178). Die plaaslike inwoners het onder die invloed van die Griekse beskawing, kultuur en denke gekom met Grieks wat die internasionale spreektaal geword het (vgl Alexander 2004:790 & 523). Die Ou Testament is in Aleksandrië in Noord-Egipte in Grieks vertaal vir die Griekssprekende Jode daar en Griekse gode is aan die inwoners van die land bekendgestel (vgl Elliot en Travis in Alexander 2004:522-523).


Juda se ligging het daartoe gelei dat die land op die periferie van die verskillende wêreldryke gebly het. Met die setels van die wêreldmagte ver weg, het die land `n mate van stabiliteit en isolasie ervaar. Na die dood van Aleksander in 323 vC het sy vier generaals die Griekse ryk verdeel. Seleukus, leier van die Seleukiede, het vanaf Antiogië in Sirië oor die oostelike deel van die ryk geheers terwyl Ptolemeus Lagus, leier van die Ptolemese Ryk, die gebiede van Egipte en Palestina bestuur het. So is Juda vasgevang in die politieke en militêre onderstrominge van die Ptolemese en Seleukidiese ryke: "Judea sat in the middle of the Seleucid and Ptolemaic

empires that were in almost constant warfare over their boundaries" (Falcon en Blatner 2001:150). Tog het die streek op die gebied van handel en nywerheid floreer en in Juda het die Joodse bevolking beperkte godsdienstige- en administratiewe outonomiteit geniet (vgl *History of Palestine - Hebrew Bible Period.* http://en.wikipedia.org/wiki/Image: Levant_830.svg).

Nadat Juda aanvanklik onder beheer van die Ptolemeërs van Egipte geval het, het die Seleukidiese koningshuis in ongeveer 198 vC beheer oor die gebied oorgeneem (vgl Shanks 1998:179). Die koning, Antiogus III het die Jode godsdiensvryheid gewaarborg, maar Antiogus IV Epifanes kom in botsing met die Jode. Antiogus Epifanus was bekommerd oor die Jode se lojaliteit en het probeer om die Joodse godsdiens, wat hy as samebindende faktor onder die Jode gesien het, te vernietig om so die Jode in die Hellenistiese wêreld te integreer. Hy stel die volgende maatreëls in plek: die Hoëpriester word vervang met `n persoon wat lojaal aan die koning is; Joodse feesdae asook die onderhouding van die sabbat word verbied; die *Torah* mag nie bestudeer word nie; *kosher*-bepalings rondom voedsel mag nie toegepas word nie; *Torah* boekrolle is verbrand, varkvleis is oor Joodse boeke geoffer om dit te ontheilig; afgodediens is in die tempel ingestel; Jode is gedwing om Griekse afgode te aanbid en deel te neem aan die offerdienste terwyl die Hoëpriester gedwing is om varkvleis in die tempel te offer. Jode is verder verbied om die besnydenis toe te pas, hulle is vervolg, gemartel en doodgemaak (Spiro 27/68).

Kaart 11 dui die Griekse Ryk met Juda as `n provinsie teen die einde van Aleksander die Grote se bewind aan (http://www.studylight.org/se/pbm/images/ppt/029.ppt#285,1).

**KAART 11: DIE GRIEKSE RYK MET JUDA TEEN 323 vC**



## 5. JOODSE ONAFHANKLIKHEID (166 – 63vC)

Onder die Makkabeërs en die Hasmoniërs verkry die Jode onafhanklikheid.

### 5.1 Die Makkabeërs

Antiogus Epifanes se wrede optrede en die afdwing van die Hellenistiese kultuur op die Jode lei tot opstand en onder leiding van Judas Makkabeus vind die Makkabese Opstand plaas. Na drie jaar van intense guerilla oorlogvoering word die Seleukidiese Siriërs uit Jerusalem verdryf waarna die tempel weer in 165 vC gereinig is (vgl Chapman 2003:25). Gedurende die Makkabese periode "Jews achieved sovereignty in Palestinian land and their Kingdom of Judea controlled most of the region of Palestine (without the Negev but with the West Bank, Golan, and parts of the Gaza Strip) and parts of eastern Jordan" (*History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine).

Die kwart-eeu van Makkabese opstand kan volgens Shanks (1998:183) in 4 periodes verdeel word:

- 166-164 vC: `n Tydperk van intense guerilla oorlogvoering onder leiding van Judas Makkabeus. Beheer is in dié tyd weer oor Jerusalem verkry, die tempel is gereinig, ingewy en offerandes is weer ingestel.

- 164-160 vC: Daar word gefokus op bystand aan Jode wat deur nie-Joodse bure aangeval is. Jode uit die Transjordaan, Galilea en die Meditereense kusstrook is na Jerusalem gebring waar hulle hervestig is. In 162 vC is beheer oor Jerusalem weer afgestaan aan die Seleukidiese weermag. `n Vredesverdrag is gesluit waarin die Jode weer kon voortgaan met die uitleef van hul godsdiens, hoewel hulle `n Hellenistiese hoëpriester moes aanvaar. In 161 vC het Judas Makkabeus die Griekse generaal Nicanor in `n groot veldslag oorwin. Die oorwinning was van korte duur want `n jaar later sterf hy in `n stryd met `n nuwe Seleukidiese weermag wat sy verskyning in Juda gemaak het.

- 160-152 vC: Baie Jode vlug uit Jerusalem en vestig hulle uiteindelik in gedeeltelike isolasie naby Bet-El.

- 152-141 vC: `n Onstuimige tydperk waarin die Makkabeërs die Seleukidiese mag uiteindelik breek.


### 5.2 Die Hasmoniërs

In 134 vC neem Johannes Hirkanus, uit die Makkabese geslagslyn, beheer oor en vestig die Hasmonese Ryk in 128 vC. Dié Ryk was sedert die val van Jerusalem in 586 vC die eerste Joodse staat (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:1355) waarin Jode weer `n eie "... Jewish royal

house to rule over them" (Spiro 27/68) verkry het. Die laaste twee Hasmonese heersers was twee broers wat tydens `n argument oor wie as koning moet regeer, Rome gevra het om as bemiddelaar op te tree. Hierdie besluit het die geleentheid vir die Romeinse Ryk geskep om in 63 vC, onder leiding van generaal Pompejus, Israel binne te gaan en `n einde te maak aan die Hasmonese Ryk.

Kaart 12 dui die uitbreiding van Juda aan onder die Makkabeërs en Hasmoniërs tot met die inval van die Romeine (www.ccthomasville.org).

**KAART 12: JUDA TYDENS DIE MAKKABESE VEROWERINGE**



## 6. DIE LAND GEDURENDE ROMEINSE BEHEER (63 vC – 634 nC)

Gedurende dié tydperk kom Joodse beheer tot `n einde en word die land deel van die Romeinse Ryk. Onder die Bisantynse Ryk is die land onderhorig aan Christelike beheer.

### 6.1 DIE ROMEINSE RYK (63 vC – 330 nC)


Die Romeine onder Julius Caesar het in 63 vC die Griekse kolonies sowel as Griekeland verower en die magtige Romeinse Ryk met Rome as hoofstad gevestig. Die beëindiging van Joodse onafhanklikheid deur Pompejus het volgens Spiro (30/68) gelei tot "... one of the bleakest periods of Jewish history". Hirkanus II is aangestel as die skynheerser van die land. Antigonus volg hom in 40 vC op, maar word in 37 vC tereggestel (vgl Vosloo en Van Rensburg 1993:1354).

Met die Romeinse oorname word Juda se naam verander na Judea, die Hasmonese Ryk het opgehou bestaan en dié gebied het `n provinsie van die Romeinse Ryk geword. Onder Pompejus is baie Jode vermoor en is die gebied opgedeel en aan soldate gegee as beloning vir hul sukses in die stryd: "Pompeii split up much of the land ... Gaza, Jaffa, Ashdod and other Jewish cities were now a part of the map of the Roman Empire" (Spiro 30/68).

Die Romeinse beheer oor die land het verskeie vorme aangeneem: soms was plaaslike skynkonings aan bewind soos Herodes die Grote (37 – 4 vC) wat die tempel vergroot en verbeter het en Jerusalem as die hoofstad van Judea hernoem het; ander kere is die land bestuur deur Romeinse prokurators soos Pontius Pilatus (26-36 nC); en in ander gevalle was dit onder direkte beheer van die Romeinse Ryk (135-330 nC) (vgl Chapman 2003:25). In 70 nC het die gebied `n Romeinse provinsie geword wat deur Sirië geadministreer is (vgl *History of Palestine - Hebrew Bible Period.* http://en.wikipedia.org/wiki/Image:Levant_830.svg).

Gedurende die Herodiaanse periode was die Jode oor groot gedeeltes van Palestina versprei soos gesien kan word in Kaart 13 (http://www.eretzyisroel.org/~ samuel/presence.html).

**KAART 13: JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA GEDURENDE DIE HERODIAANSE TYDPERK (4 vC – 44 nC)**




Hoewel die meerderheid Jode hulle onderwerp het aan die Romeinse gesag, was daar van tyd tot tyd kleiner Joodse groepe wat teen die Romeinse oorheersing in opstand gekom het. In 66 nC het baie Joodse Christene uit Jerusalem gevlug en hulle gedistansieer van `n Joodse rebellie en Joodse nasionalisme (vgl Pillay en Hofmeyr 1991:10). Hierdie Joodse opstand teen die Romeine het in 70 nC geëindig met die plundering van Jerusalem en `n tweede vernietiging van die tempel deur die Romeine. `n Groep Jode het weerstand gebied by Massada naby die Dooie See, maar in 73 nC neem die Romeine ook beheer oor dié vesting (vgl Chapman 2003:25). Baie Jode het die land verlaat en oor Europa en noordelike gedeeltes van Afrika versprei.

In 132 nC het die Jode onder leiding van Bar Kochba, weer in opstand gekom teen die Romeinse oorheersing en met 200,000 man die Romeine uit Jerusalem gedryf. In 135 nC neem die Romeine weer beheer oor Jerusalem en word Jode op groot skaal uitgemoor. In `n poging om te verhoed dat die Jode weer groepeer en beheer oor die land verkry, is verskeie

onderdrukkende maatreëls ingestel: Jode is van hul land geskei met die deportasie van duisende inwoners; onder aanvoering van Hadrianus is gepoog om die Joodse teenwoordigheid in Jerusalem uit te wis deur die stad af te breek en `n nuwe stad te bou; `n heidense tempel ter ere van Jupiter is gebou in die plek van die Joodse tempel en Jerusalem is in `n Romeinse kolonie omskep en herdoop na *Aelia Capitolina*. Volgens Sipro (38/68) het die Romeine nie alleen gepoog om Jode van hul land te vervreem nie, maar "... it also sought to separate them from Judaism".

Die oorblywende Jode in dié streek is verbied om *Aelia Capitolina* binne te gaan. Die enigste uitsondering is gemaak op die 9de dag van die maand *Av*, die dag waarop die tempel vernietig is. Jode kon dan die stad binnegaan en terwyl hulle treur oor die Tempel, hulself herinner aan die groot ramp wat hulle getref het. Om enige nasionale en saambindende faktore uit te wis, is nie net Jerusalem se naam verander nie, maar is die land ook herdoop: "To further squelch any nationalistic feeling... Hadrian renamed the land *Philistia* (Palestine) after the Phillistines, an extinct people who once occupied the Mediterranean coastal area and who were some of the bitterest enemies of the Jews described in the Bible" (Spiro 38/68). Die Romeine het die provinsie van Judea (wat reeds Samaria ingesluit het) met Galilea verenig om `n nuwe provinsie, Sirië-Palestina te vorm (vgl *History of Palestine - Hebrew Bible Period*. http://en.wikipedia.org/wiki/Image:Levant_830.svg).

Hoewel hierdie onderdrukkende maatreëls hoop op Joodse nasionale onafhanklikheid laat verdwyn het, het Joodse gemeenskappe bly voortbestaan in verskillende gebiede aan die kus sowel as in Galilea (vgl Chapman 2003:25). Die vervolging en onderdrukking van Jode het gelei tot `n verdere uitbreiding van Joodse Diaspora na Egipte, die Romeinse Ryk en die Hellenistiese wêreld. Onder die Bisantynse Ryk sou die Joodse bevolking tog in die noorde van Palestina steeds aansienlik bly (vgl *History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine).

## 6.2 DIE BISANTYNSE (OOS-ROMEINSE) RYK (330 – 634)

Konstantyn, die eerste Christelike keiser van die Romeinse Ryk wat in 312 tot bekering gekom het, het in 330 beheer oor die hele Romeinse Ryk verkry. Hy verskuif die hoofstad van Rome na Bisantium en herdoop dit na Konstantinopel. Die Romeinse Ryk verdeel amptelik in twee met die oostelike gedeelte bekend as die Bisantynse Ryk. Vir die volgende drie eeue was Palestina `n provinsie van die Bisantynse Ryk (vgl Chapman 2003:26).

Die Christelike geloof wat in Palestina ontstaan het, het oor die wêreld versprei. Daar Palestina algemeen aanvaar is as die bakermat van die Christendom, word dit die vergaderplek van

pelgrims vanoor die wêreld. Verskeie kloosters word gebou soos dié naby Jerigo en oos van Betlehem. `n Joodse opstand in 352 teen die Bisantynse regering in Tiberias en ander dele van Galilea is wreed onderdruk (vgl *History of Palestine - Hebrew Bible Period* http://en.wikipedia.org/wiki/Image: Levant 830.svg). Konstantyn verklaar die Christelike geloof in 380 met die afkondiging van die Edik van Tessalonika tot amptelike staatsgodsdiens van die Romeinse Ryk (vgl Pillay en Hofmeyr 1991:28).

In ongeveer 390 is Palestina in drie bisdomme georganiseer: "Palaestina Prima, Secunda, and Tertia (First, Second, and Third Palestine)" (*History of Palestine - Hebrew Bible* http://en.wikipedia.org/wiki/ Image: Levant 830.svg). Palestina Prima het bestaan uit Judea, Samaria, die kusstreke en Perea. Die goewerneur was in Sesarea woonagtig. Palestina Sekunda het bestaan uit Galilea, die laer Jisreëlvlakte, die streke oos van Galilea en die westelike gedeelte van die voormalige Dekapolis met die regering in Skitopolis. Die derde bisdom, Palestina Tertia was ook bekend as Palestina Salutaris en het ingesluit: "... the Negev, southern Jordan — once part of Arabia — and most of Sinai with Petra as the usual residence of the governor" (*History of Palestine - Hebrew Bible Period* http://en.wikipedia.org/wiki/Image: Levant 830.svg).

Die eerste twee bisdomme van Palestina het toenemend verchristelik hoewel sekere dele, soos Gasa, weerstand gebied en voortgegaan het met die aanbidding van heidense afgode. Hoewel Palestina gedurende die Bisantynse Ryk `n Christelike sentrum geword het, het heelwat Joodse en Samaritaanse gemeenskappe behoue gebly (vgl *History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/History of Palestine). Die Christendom verkry groter politieke, ekonomiese en militêre mag wat lei tot `n verslegting in Christene en Joodse verhoudinge. Anti-Joodse gevoelens wat in die Vroeë Kerk sigbaar was, het met tyd al hoe feller geword en tot georganiseerde geweld teen en vervolging van Jode gelei.

Konstantyn, wat die Bisantynse Ryk as Christelik wou vestig, het by die Konsilie van Nicea in 325 die versoek van die biskop van Jerusalem om die tempel van Venus (Afrodite) af te breek en met `n kerk te vervang, goedgekeur. Dié tempel is vroeër deur die Romeine opgerig op die plek waar, volgens oorlewering, Jesus se kruisiging plaasgevind het en die leë graf was (vgl Chapman 2004:57). Volgens Walker in Chapman (2004:59) was hierdie `n belangrik stap vir die nuwe Christelike ryk: "... the emerging Christian empire needed powerful symbols of the new order, which Jerusalem could provide in a unique way". Met die oprigting van die kerk wou Konstantyn toon dat die Christelike godsdiens triomfeer oor die Romeinse gode asook Judaïsme. Met die inhuldiging van die nuwe kerk het Jerusalem voortaan as Christelike

Jerusalem bekend gestaan en die land as `n Christelike Heilige Land. Christene het van oral na die land gestroom en verskeie pelgrimstogte is daarheen onderneem. Onder Christelike beheer het Palestina geweldige opbloei beleef. Stede soos Sesarea, Jerusalem, Neapolis en Gasa het verskeie hoogtepunte beleef (vgl *History of Palestine - Hebrew Bible Period* http://en.wikipedia.org/wiki/Image: Levant_830.svg).


Met Jerusalem se verchristeliking is Jode vir `n paar eeue nie toegelaat om die stad binne te gaan nie. Tydens die bewind van Keiserin Eudocia in 438 is die verbod op Jode wat by die tempel wou aanbid, opgehef. Keiser Justinianus (527-565) daarenteen se georganiseerde pogings om Jode te dwing om na die Christelike geloof oor te skakel, het gelei tot verswakte verhoudinge tussen Christene en Jode (vgl Chapman 2003:26).

Onder Bisantynse beheer het die Jode afwisselende onderdrukking en onafhanklikheid beleef. In 613 het die Persiese weermag onder leiding van Khosaru II Palestina binnegeval. In `n poging om outonome beheer oor Jerusalem te verkry, het die Jode (onder leiding van Benjamin van Tiberias) teen die Bisantynse beheer in opstand gekom en die Persiërs gehelp. In 614 beset die Persiërs Sirië, Egipte en Palestina. Hulle neem beheer oor Jerusalem en verwoes die meeste van die kerke. Sowat 37,000 Christene vlug uit Jerusalem. Vir die Jode in Jerusalem het sake effens verbeter: "The Jews of Jerusalem gained autonomy to some degree ..." (*History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/ History_of_Palestine).

Vir bykans drie jaar was Jerusalem weer in die hande van die Jode totdat die Bisantyne die Persiërs weer in 617 oorwin het en hul beheer oor die land herstel het (vgl Chapman 2003:26). Die Persiërs het `n vredesverdrag met die Bisantyne gesluit wat in stryd was met `n ooreenkoms tussen hulle en die Jode. Gevolglik is die Jode uit Jerusalem verban en nie toegelaat om binne `n radius van 5 kilometer van die stad te woon nie. In 625 het die Bisantynse weermag na Jerusalem teruggekeer en is hulle deur Benjamin van Tiberias begroet. Amnestie is intussen aan dié Jode verleen wat saam met die Persiërs geveg het en die Jode het hulle by die Bisantyne geskaar. Met die hulp van die Jode wat amnestie ontvang het, marsjeer die Bisantyne in 629 Jerusalem binne. Die Jode se blydskap was egter van korte duur: "... upon entry, the Christian priests in Jerusalem convinced the emperor that God commanded him to kill Jews and therefore his amnesty was invalid, whereupon the Byzantines massacred the Jews in Jerusalem and put thousands of Jewish refugees to flight from Palaestina to Egypt" (*History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/ History_of_Palestine). Teen 634 het die Bisantynse Ryk beheer oor die Midde-Ooste begin verloor.

Kaart 14 dui die Palestynse Bisdomme in Palestina aan (http://en.wikipedia.org/wiki/Image:Israel_Byzantine_5c.jpg).

**KAART 14: BISANTYNSE BISDOMME IN PALESTINA**




## 7. VAN ROMEINSE TOT OTTOMAANSE BEHEER (634 – 1517)

Met die Arabiere se oorname van die Bisantynse Ryk, is `n einde gebring aan Christenbeheer oor die land. Hoewel die Kruisvaarders vir `n tyd weer in beheer was, was die land vir bykans 800 jaar in Moslemhande voor die Ottomaanse Turke beheer oorgeneem het.

### 7.1 DIE LAND ONDER DIE ARABIERE EN SELJUK TURKE (634 - 1099)

Aan die begin van die 7de eeu het die Islamgeloof onder Mohammed in Saoedi-Arabië ontstaan en vinnig veld gewen in die Arabiese Skiereiland, Noord-Afrika, Midde-Ooste en Suidelike Europa. Ellissen (2003:26) beskryf die Arabies-Islamitiese uitbreiding soos volg: “In the sixth century, the Arabs were desert nomads; in the seventh century they were conquerors on the march; in the eighth century they were masters of an empire that made the Mediterranean a Mohammedan lake; and in the ninth century they were the standard-bearers of a dazzling

civilisation, leaders in art, architecture, and science while western Europe was sinking deeper and deeper into a dark morass of its own making". Gedurende die Wes-Europese agteruitgang en die Middeleeue het die Arabies-Islamitiese Ryk tot `n formidabele ryk gegroei (vgl Van der Watt 2003:967-968).


In 634, twee jaar na die dood van die profeet Mohammed, het die weermagte van die Kalifate van die Arabies-Islamitiese Ryk, Palestina en Jerusalem verower asook streke van Mesopotamië, Sirië en Egipte (vgl *History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). Sophronius, die biskop van Jerusalem, dra die mag aan Kalief Omar oor tydens die sluiting van `n ooreenkoms op die Olyfberg (vgl Chapman 2004:60). Die eerste Bisantynse Bisdom van Palestina in die suide wat Judea, Filistea en suidelike Jordanië ingesluit het, is in Arabies herdoop na *Filastin*. Die tweede Bisdom van Palestina in die noorde, wat Samaria, Galilea, Golan en die noordelike dele van Jordanië beslaan het, is Jordanië genoem (vgl *History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine).

Kalief Omar besoek die Tempelberg en vind slegs `n hoop bourommel en `n afvalsterrein waarna hy opdrag gee vir die oprigting van `n aanbiddingsplek vir Moslems. Die Al-Aksa moskee word opgerig op die terrein waar die tempels van Salomo en Herodes voorheen was, dieselfde plek waarvandaan Mohammed se hemelvaart volgens Moslems plaasgevind het (vgl Chapman 2004:97). Palestina word hierna gevestig as `n Heilige Plek vir Moslems en drie-en-vyftig jaar later word die Rotskoepel naby die Al-Aksa moskee opgerig (vgl Price 2001:129).

Met die Arabiere se oorname het die inwonersprofiel in die land verander en het Palestina vir die volgende 450 jaar deel geword van die Arabies-Islamitiese Ryk: "The Arab conquerors colonized Palaestina, and over the centuries it acquired a Muslim, Arabic-speaking majority, through immigration, language shift and conversion" (*History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). Christene en Jode is toegelaat om in Jerusalem aan te bly en met sekere voorbehoude, voort te gaan met die uitleef van hul godsdiens. Arabies het die algemene spreektaal geword en teen die 13de eeu het Islam die godsdiens van die meerderheid in Palestina geword (vgl Chapman 2003:26).

Kaart 15 dui die teenwoordigheid van Jode aan tydens die Arabiese oorname van die land (http://www.eretzyisroel.org/~samuel/presence.html).

**KAART 15: JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA MET DIE ARABIESE OORNAME**




Vanaf 661 is die Ryk bestuur deur die Oemajjade, `n Arabiese koningshuis wat vanuit Damaskus regeer het. In 750 het die Abbasiede weer die bewind oorgeneem en die Ryk vanuit Bagdad bestuur (vgl Chapman 2003:26). Verhoudinge tussen Jode, Christene en Moslems was in `n groot mate harmonieus gedurende die eerste 370 jaar van Moslembeheer. In the 900's, het die Fatimiede, `n self-aangekondigde Sii'itiese kalifaat, beheer oorgeneem. Onder die Fatimiede is Jode sowel as Christene wreedaardig onderdruk en is baie kerke vernietig (vgl *Early History - Palestine History*. http://www.palestinefacts.org ). Dit was veral die geval in 1009 toe die kalief in Egipte, al-Hakim, ook bekend as die Mal Kalief, opdrag gegee het dat die Kerk van die Heilige Graf in Jerusalem, vernietig word (vgl Chapman 2004:61 en *Early History - Palestine History*. http://www.palestinefacts.org).

Die Seljuk Turke, afkomstig uit Sentraal-Asië, het intussen groot dele van Wes-Asië wat Klein-Asië en Palestina ingesluit het, ingeneem (vgl *History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). In 1070 het die Seljuk Turke Jerusalem van die Fatimiede verower. Opstand in Jerusalem teen die Seljuk Turke is deur die Seljuk generaal Atsiz met bloedige geweld onderdruk (http://www.aish.com/literacy/jewishhistory/Crash_Course_in_Jewish_History Part_36-Timeline). Die Seljuk Turke regeer minder as dertig jaar in Palestina en word vervang

deur die Fatimidiese regeerders van Egipte. Die Fatimiede buit die stryd tussen die Christelike Kruisvaders (wat intussen op die toneel verskyn het) en die Seljuk Turke uit en sluit `n ooreenkoms met die Kruisvaders in 1098 waarna hulle Jerusalem, Jaffa en ander dele van Palestina verower (vgl *Israel and Palestine – A brief history.* http://www.mideastweb.org/briefhistory.htm).


7.2 DIE KRUISTOGTE EN DIE MAMLUKKE (1099-1517)

Terwyl Palestina onder Arabies-Islamitiese beheer was, is Christene toegelaat om pelgrimstogte na Jerusalem te onderneem. Met die oorname deur die Seljuk Turke, het pelgrimstogte vanuit die Weste na Jerusalem lewensgevaarlik geword (vgl Grant 1951:207-210). Militêre ekspedisies, bekend as kruistogte, is deur Europese Christene georganiseer om Jerusalem van die Moslems te bevry (vgl Chapman 2004:61). Met die Eerste Kruistog neem die Kruisvaarders Jerusalem in 1099 in. Groot getalle Moslems, Jode en selfs Christene is doodgemaak. Die Kruisvaarders vestig `n koninkryk in Palestina met Jerusalem as hoofstad. Die Al-Aksa moskee word omskep in barakke vir die soldate, terwyl ander moskees in kerke verander is. Vir die volgende agt-en-tagtig jaar is die Kruisvaarders in beheer van Palestina (vgl Chapman 2004:101).

Verdere uitbreiding en oorname deur Islamitiese magte in die ooste lei tot die Tweede Kruistog wat onsuksesvol is. Saladin van die Ajjoebiede Sultanaat, behaal in 1187 die oorwinning tydens die Slag van Hitti. Jerusalem en gedeeltes van die streek word deur hom oorgeneem, die Al-Aksa moskee word gerestoureer en gereinig en die stad staan weer bekend as *Al-Quds* (vgl Chapman 2004:101 en *Early History - Palestine History*. http://www.palestinefacts.org). `n Derde Kruistog om Jerusalem te herower word in 1189 deur Richard die Leeuhart en koning Fillip II van Frankryk gelei, maar is onsuksesvol. Die Kruisvaarders beheer hierna `n al kleiner wordende area langs die kuslyn van Palestina. In daaropvolgende Kruistogte poog die Kruisvaarders vergeefs om Jerusalem te herower. In 1229 gedurende die Sesde Kruistog, slaag Keiser Frederik II daarin om die oorgawe van Jerusalem te bewerkstellig waarna die stad weer oopgestel is vir pelgrims (vgl Grant 1951: 207-210). In 1244 verwoes die Ajjoebidiese sultan van Egipte Jerusalem met die hulp van die Turke. Christene word doodgemaak en die heilige plekke beskadig (http://www.aish.com/literacy/jewishhistory/Crash_Course_in_Jewish_History_Part_36-Timeline). Saladin (Ajjoebidiese Sultanaat) het Jerusalem en gedeeltes van die streek beheer tot in 1250 toe hulle deur die Mamlukse Sultanaat verslaan is.

Kaart 16 dui die teenwoordigheid van Jode aan tydens die Kruistogte (http://www.eretzyisroel.org/~samuel/presence.html).


**KAART 16: JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA TYDENS DIE KRUISTOGTE**




Die Mamlukke was van Turkse en Mongoolse oorsprong en slawe van die Abbasidiese kalifaat. Hulle is in die weermag opgeneem en hul sukses as soldate het gelei tot `n magsoorname oor die kalifate in Egipte, Sirië en die Arabiese skiereiland (vgl Chapman 2003:27). Onder die Mamlukse Sultanaat se bewind het Palestina agteruitgegaan: "Mamluks burned and sacked towns and villages, uprooted orchards, and destroyed wells" wat daartoe gelei het dat: "Palestine had become a wasteland" (*Early History - Palestine History*. http://www.palestinefacts.org).

Kaart 17 dui die teenwoordigheid van Jode in Palestina aan tydens die Mamlukke se beheer van die land (http://www.eretzyisroel.org/~samuel/presence.html).

**KAART 17: JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA TYDENS MAMLUKBEHEER**




Hoewel die Kruisvaarders beheer behou het van `n gedeelte van die land, is hulle finaal deur die Mamlukke in 1291 verdryf tydens die oorname van hul laaste vesting by die hawe van Akra. Ten spyte van dié finale nederlaag, het die gees van die Kruistogte nog lank bly voortleef en het die Kruisvaarder-beweging vir die volgende 200 jaar `n bepalende invloed op die hele Europa gehad (vgl Chapman 2004:101). Die bekende Kruistogte-historikus, Steven Runciman in Chapman (2004:61) beskryf die nalatenskap van die Kruistogte op Moslems soos volg: "It was this blood-thirsty proof of Christian fanaticism that recreated the fanaticism of Islam". Hoewel die Kruisvaarders vir `n periode daarin geslaag het om beheer oor Palestina uit te oefen, was die land in dié tyd grootliks in Moslemhande.

Die uitroeiing van duisende Jode in Palestina gedurende dié tydperk het gelei tot anti-Joodse gevoelens in Europa waar Joodse gemeenskappe reeds gevestig was. Volgens Telchin (1997:62) was die Kruistogte `n keerpunt in die Joodse geskiedenis: "... the Crusades marked the turning point in Jewish history whereby settled Jewish communal life in Europe was ended and intense race-aversions started". Jode is geteiken as die oorsaak van verskeie sosio-ekonomiese en maatskaplike probleme en uitsettings uit verskeie Europese lande het gevolg. Spiro (46/68) gee `n oorsig van die uitsettings:


- Joodse uitsettings uit England (1290)
- Joodse uitsettings uit Frankryk (1306 and 1394)
- Joodse uitsettings uit Hongarye (1349 and 1360)
- Joodse uitsettings uit Duitsland (1348 and 1498)
- Joodse uitsettings uit Oostenryk (1421)
- Joodse uitsettings uit Lithuania (1445 and 1495)
- Joodse uitsettings uit Spanje (1492)
- Joodse uitsettings uit Portugal (1497)

## 7.3 DIE OTTOMAANSE ERA (1517 – 1917)

Die Ottomaanse Turke het Palestina in 1517 binnegeval en beheer by die Mamlukke oorgeneem. Vanaf 1517 is Palestina sowel as die moderne state van Sirië, Libanon, Jordanië, Irak en groot dele van Saudi Arabië en Noord-Afrika deur die Ottomaanse Turke beheer (vgl *History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). Tydens die oorname het die bevolking uit hoofsaaklik Moslems bestaan met sowat dertig Joodse gemeenskappe wat in verskeie dele van die land gewoon het. Die dorpie Safed het gedien as hul hoofsentrum (vgl Chapman 2003:27).

Kaart 18 dui die teenwoordigheid van Jode in Palestina aan tydens die begin van die Ottomaanse era (http://www.eretzyisroel.org/~samuel/presence.html).


**KAART 18: JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA IN DIE 16E EEU**



Gedurende die eerste drie eeue is die land grotendeels van buite-invloede geïsoleer, hoewel verskeie pogings om beheer oor die land te neem tydens die Ottomaanse era plaasgevind het. Napoleon van Frankryk het in alliansie met Groot Brittanje teen die Ottomaanse Ryk oorlog gevoer. Palestina is binnegeval en stede is beset, maar in 1801 is hulle verslaan en uit die land verdryf.

Kaart 19 dui die teenwoordigheid van Jode in Palestina aan in 1800 (http://www.eretzyisroel.org /~samuel/presence.html).

**KAART 19: JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA IN 1800**





In 1831 het Muhammad Ali, die Egiptiese onderkoning, Palestina beset maar in 1840 het die Ottomaanse Ryk weer beheer oor die land geneem (vgl *Early History - Palestine History*. http://www.palestinefacts.org). Teen die einde van die 18de eeu het die Turkse Ryk begin agteruitgaan: “By the turn of the century, the Ottoman empire was challenged by both the forces of European expansionism from without and by non-Muslim minorities within” (Harper 1986:29).

Die ontdekking van nuwe seeroetes na die Ooste het die belangrikheid van die Midde-Ooste as handelsroete laat afneem. Die Ottomaanse belastingstelsel was verwoestend en het bygedra tot

die afname in infrastruktuurontwikkeling en lae populasiegroei (vgl *Early History - Palestine History*. http://www.palestinefacts.org). Jode is veral aan hoë belastings onderwerp, maar ten spyte hiervan het die eerste *Aliya* (terugkeer van Jode) in 1881 in teenreaksie op Joodse vervolgings plaasgevind. Die stigting van Herzl se Sioniste-beweging[27] het bygedra tot Jode se terugkeer en verskeie nuwe Joodse kolonies is gevestig. Voortdurende teikening van Jode in Europese lande het bygedra tot die geleidelike toename van Joodse getalle in die land. Gedurende die Eerste Wêreldoorlog het getalle skerp begin toeneem en teen 1914 was daar reeds ongeveer 60,000 Jode in die land. Teen die einde van die Ottomaanse era het Joodse immigrante hulle meestal in een van die vier heilige stede, Jerusalem, Safed, Tiberias of Hebron gevestig waar daar reeds betekenisvolle grootte Joodse gemeenskappe gevestig was (vgl *History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine).

Kaart 20 dui die teenwoordigheid van Jode in Palestina aan teen die einde van die Ottomaanse era (http://www.eretzyisroel.org/~samuel/presence.html).

**KAART 20: JOODSE TEENWOORDIGHEID IN PALESTINA IN 1914**




[27] *Hoofstuk 6, punt 3.2*

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog is Ottomaans-Turkse beheer oor Palestina in 1917 deur die gekombineerde magte van Brittanje en Frankryk beëindig (vgl Chapman 2003:27).

## 8. SAMEVATTING

Om die legimiteit van Joodse aansprake op die land Israel uit `n historiese perspektief te bepaal, is die geskiedenis wat in die gebied van Israel afgespeel het, nagevors vanaf Josua se inbesitname van die Beloofde Land, Kanaän, in ongeveer 1220 vC tot aan die einde van die Ottomaanse Ryk.

Israel het met hulle aankoms in Kanaän die opdrag van God gehad om die land wat God aan hulle belowe het, te verower (Jos 1:6, 9). Nadat die strategiese stede in die suide en noorde oorwin is en Kanaän onder die twaalf stamme verdeel is, moes Israel hulle verdedig teen volke wat reeds in die land teenwoordig was asook teenoor vyande in die omliggende streke. Gedurende die Rigtertydperk moes Joodse leiers sorg dat die volk verenig en aan God gehoorsaam bly. Omdat Israel `n koning, net soos al die volke rondom wou hê, word Saul as eerste koning aangestel.

Dawid wat Saul as koning opgevolg het, word as een van die belangrikste figure in die Joodse geskiedenis beskou. Hy slaag daarin om die koninkryk uit te brei en die land as `n gedugte teenstander in die streek te vestig. In Salomo se tyd brei die Verenigde Koninkryk verder uit en strek van Egipte in die suide tot Mesopotamië in die noorde. Met die skeuring en verdeling van die Verenigde Ryk in `n Suidelike Ryk (Juda) en `n Noordelike Ryk (Israel) in 925 vC, neem die agteruitgang en disintegrering van beide Ryke `n aanvang. Gevolglik word van die inwoners van die Noordelike Ryk deur Assirië in 722/721vC gevange geneem en gedeporteer. Die gebied word herbevolk en so word die Joodse identiteit effektief in die Noordelike Ryk (Israel) uitgewis. In die Suidelike Ryk (Juda) neem Nebukadneser II en sy Babiloniese magte Jerusalem in 597 vC in. In 587 vC verwoes hy Jerusalem en die tempel en die meeste Judeërs word in ballingskap na Babilonië weggevoer.

Die Persiese Ryk neem beheer oor by die Babiloniërs waarna Kores II van Persië in 539 vC `n dekreet uitvaardig sodat almal wat tydens die Babiloniese Ryk gevange geneem en verban is, toegelaat is om na hul land van herkoms terug te keer. Aangesien die Jode In Babilon toegelaat is om hulle eie identiteit uit te leef, keer net `n gedeelte van die bannelinge in 538 vC terug na Juda. Dié wat teruggekeer het, het na hul aankoms in die land weer begin bou aan `n Joodse volk met `n eie identiteit en trots in die land wat God met `n verbond aan hulle beloof het. Met

die herbou van die tempel ontstaan struwelinge met die Jode wat tydens die ballingskap agtergebly en vermeng geraak het met ander heidense volke. Onder Griekse beheer, poog Antiogus Ephifanus om Judaïsme, wat hy gesien het as die samebindende faktor onder die Jode, te vernietig. Indien hy hierin kon slaag, was sy kanse om die Jode suksesvol te integreer in die Hellenistiese wêreld, groter. Na die Joodse opstand teen die Grieke se pogings om hul taal, kultuur en godsdiens op die Jode af te forseer, is die Hasmonese Ryk na `n stryd van 25 jaar gevestig met `n Joodse koninklike huis in beheer.

Teen die middel van die eerste eeu voor Christus neem die Romeine beheer oor die Griekse Ryk en bring ook aan Joodse onafhanklikheid `n einde. Verskeie Joodse opstande teen die Romeinse Ryk lei in 70 nC tot die tweede vernietiging van die tempel, die verwoesting van Jerusalem en uitwissing van duisende Jode. Die opstand onder Bar Kochba en die onderdrukking daarvan in 135, lei tot die verbanning van Jode uit Jerusalem. Baie is as slawe weggevoer en ander het die land permanent verlaat, hoewel groepe Jode steeds in sekere gebiede agtergebly het: "Jewish communities continued to exist, primarily in the Galilee, the northernmost part of Palestine" (*Israel and Palestine – A brief history.* http://www.mideastweb.org/briefhistory.htm).

Hoewel die land tydens Bisantynse beheer `n Christelike karakter verkry het, het verskeie Joodse en Samaritaanse gemeenskappe bly voortbestaan. Onder Arabies-Islamitiese beheer was verhoudinge tussen die Jode, Christene en Moslems redelik harmonieus gedurende die eerste 370 jaar van Moslembeheer. Onder die Fatimiede is die Jode sowel as die Christene (insluitend Christen-Jode) wreedaardig onderdruk en baie kerke is vernietig. Die wreedhede teenoor Jode het anti-Joodse sentimente laat oorspoel na Europa waar Joodse gemeenskappe reeds gevestig was. In die tyd van die Ottomaanse Turke het die land agteruitgegaan, maar ten spyte hiervan het die eerste *Aliya* (terugkeer van Jode) in 1881 plaasgevind. Teen die einde van die Ottomaanse Ryk was daar `n voortdurende terugkeer van Jode na Palestina.


Dit is duidelik dat daar vanaf die inname van die land Kanaän, deurentyd `n Joodse teenwoordigheid in die land was. Selfs nadat die Joodse Ryk deur die Babiloniërs vernietig is en van die inwoners as bannelinge wegevoer is, het groepe Jode teruggekeer en Joodse gemeenskappe steeds in Juda bly voortbestaan: "Jews had never stopped coming to "the Holy land or Palestine in small numbers througout the exile. Palestine also remained the center of Jewish worship and a part of Jewish culture" (*Israel and Palestine – A brief history.* http://www.mideastweb.org/briefhistory.htm).

Die daaropvolgende heersers van die Persiese en Griekse Ryke het probeer om die Jode te onderdruk en te elimineer, maar kon nie daarin slaag nie. Na die Makkabeër-opstand en die totstandkoming van die Hasmonese Ryk, vind uitbreiding van Palestynse grondgebied plaas. Die volgende periodes in die geskiedenis van die land is gekenmerk deur afwisselende beheer deur die Christene en Islamitiese Ryke. Onder die Ottomaanse Ryk is Jode, wat gevlug het vir vervolging deur die Spaanse Inkwissisie, deur die Turke genooi om hulle in Palestina te vestig (*Israel and Palestine – A brief history.* http://www.mideastweb.org/briefhistory.htm).

Om sy belange in Egipte teen die Turke te beskerm, verkry Brittanje die ondersteuning van die Arabiere gedurende die Eerste Wêreldoorlog, hulle verslaan die Turke en verkry beheer deur middel van `n mandaat oor Palestina. Met die Sioniste se terugkeer na die land in die 19de eeu, het hulle by Jode wat nooit die land verlaat het nie, aangesluit. Polities gesproke was daar na die beëindiging van die Turkse beheer oor Palestina vordering in die Jode se ideaal om `n eie grondgebied te verkry.

# HOOFSTUK 6

## JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL - POLITIEKE GRONDE




*Historical Timeline*. (http://israelipalestinian.procon/viewresource.usp?resourceID=1149)

## 1. INLEIDING

Die derde aanspraak wat Jode op die land Israel maak, is polities van aard. Die ondersteunende argument wat hiervoor aangevoer word, is dat die grondgebied amptelik aan die Jode toegeken is met die goedkeuring van die Partisieplan deur die Verenigde Nasies (VN). Verskeie gebeure binne en buite die land het die goedkeuring van die Partisieplan voorafgegaan.

Met die beëindiging van die Ottomaans-Turkse beheer oor Palestina aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog, is die land as mandaatgebied aan Brittanje toegeken. Die Britse Mandaat van Palestina het die terme en voorwaardes bevat vir die daarstelling van `n Joodse tuisland soos vervat in die Balfour-Deklarasie. Joodse gemeenskappe wat in verskeie Europese lande gevestig was, is sedert die twaalfde eeu onderwerp aan inkwisisies, vervolgings en uitsettings (vgl Ellisen 2003:31). Teen die agtergrond van dié vervolgings, het Sionisme as sekulêre, politieke beweging in die vroeë 19de eeu ontstaan. Met die Britse onttrekking uit Palestina in Mei 1948, is die geleentheid vir die Sioniste geskep om die eerste onafhanklike Joodse staat af te kondig. Onmiddellik hierna moes die Joodse staat sy nuutgevonde status verdedig in die eerste van menige oorloë wat hierop gevolg het. Verskeie vredesprosesse is van stapel gestuur en vandag word steeds na `n oplossing vir vrede gesoek.

Politieke aansprake van Jode op die Staat Israel hou verband met die sosio-ekonomiese toestand in Israel. Hoewel die inwoners van die Staat Israel vandag oorwegend Joods is, is daar `n beduidende groep Arabiere in Israel woonagtig wat as Israelse burgers gereken word. Die toename in getalle van nie-Joodse burgers in Israel word algemeen onder Jode na verwys as

'the cancer from within' en hou `n risiko vir die voortbestaan van die land as `n Joodse staat in (vgl *Israel's Growing Cancer.* http://www.masada2000.org/cancerwithin.html). Die aangrensende Palestynse gebiede hou verder `n veiligheidsrisiko vir Israel in en voortdurende aanvalle en teenaanvalle verhoog spanning tussen die twee groepe en belemmer vredesprosesse.

Gebeure in die Midde-Ooste en spesifiek Israel en die Palestynse gebiede, beïnvloed Jode wêreldwyd. Die vae onderskeid tussen anti-Sionisme en antisemitisme lei verder tot voorvalle van geweld teen Jode en Joodse instellings. Haat teen Jode is nie beperk tot Palestyne, Arabiere of Moslems nie en hoewel antisemitisme dikwels as `n Midde-Oosterse verskynsel gesien word, is daar in Westerse lande `n toename in voorvalle van antisemitisme.

Op politieke gebied blyk die verskillende aansprake op die grondgebied waarbinne Israel val, onversoenbaar te wees. Die gebrek aan vordering om `n oplossing vir die konflik te vind, word bemoeilik deur botsende aansprake van die onderskeie partye.

## 2. POLITIEKE ONTWIKKELINGE VANAF DIE BEËINDIGING VAN OTTOMAANS-TURKSE BEHEER TOT DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE STAAT ISRAEL

### 2.1 DIE EERSTE WÊRELDOORLOG EN POLITIEKE ONTWIKKELINGE

In 1914 breek die Eerste Wêreldoorlog tussen die Sentrale Magte (die Ottomaanse Turke en sy bondgenote Duitsland, Oostenryk-Hongarye en Bulgarye) en die Geallieerde Magte (Frankryk, Rusland, Brittanje, Italië en die Verenigde State van Amerika) uit (vgl *1919 Paris Peace Conference*. http://en.wikipedia.org/wiki/ParisPeaceConference%2C1919). Met die beëindiging van die oorlog in 1917 reik die Britse regering die Balfour-Deklarasie uit waarin steun vir `n Joodse tuisland gegee word. Verskeie onderhandelinge, ooreenkomste en ondernemings het die val van die Turkse Ryk in 1917 en die toekenning van Palestina aan Brittanje as mandaatgebied, voorafgegaan.

#### 2.1.1 Die Hussein-McMahon-Korrespondensie

Die uitbreek van die oorlog in 1914 forseer Brittanje om sy belange in die Suezkanaal in Egipte te beskerm en hy begin soek vir `n bondgenoot in die Midde-Ooste.

Die sjerif Hussein bin Ali van Mekka wat oor `n groot Arabiese staat wou regeer, sluit aan by organisasies soos al-Fatat en Al-Ahd wat ten doel gehad het om die Ottomaans-Turkse beheer te beëindig (vgl *McMahon-Hussein Correspondence*. http://en.wikipedia.org/wiki/Hussein-

McMahonCorrespondence). Brittanje sien Hussein en die Arabiere as bondgenoot en onderhandelinge lei tot die Damaskus-Protokol waarin die Arabiere hul steun aan Brittanje beloof in ruil vir `n onafhanklike Arabiese staat wat sou strek van "... the 37th parallel on the southern border of Turkey, bounded in the east by Persia and the Persian Gulf, in the west by the Mediterranean Sea and in the south by the Arabian Sea" (*History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine) waarby Palestina ingesluit sou wees.

In briefwisseling met Sir Henry McMahon, Britse Hoëkommissaris in Egipte wat vanaf 1915-1916 plaasgevind het en bekend geword het as die Hussein-McMahon-Korrespondensie, is die toekoms van die Arabiese lande in die Midde-Oosterse streek, insluitend die gebied waarbinne Palestina geval het, bespreek. Hoewel die Hussein-McMahon-Korrespondensie nie in `n geskrewe ooreenkoms vervat was nie, het die Arabiere McMahon se beloftes as `n formele ooreenkoms tussen hulle en Brittanje gesien. Die Arabiere het gevolglik `n militêre mag van bykans 70,000 op die been gebring wat onder aanvoering van Hussein se seun Faisal, die Groot Arabiese Opstand in Junie 1916 begin het (vgl *McMahon-Hussein Correspondence*. http://en.wikipedia.org/wiki/Hussein-McMahonCorrespondence). Faisal het met behulp van die Britse luitenant-kolonel, Thomas Edward Lawrence, ook bekend as Lawrence van Arabië, die Arabiese magte teen die Ottomaanse Turke aangevoer.

### 2.1.2 Die Sykes-Picot-Ooreenkoms

Intussen het geheime onderhandelinge in 1916 plaasgevind tussen die regerings van Brittanje en Frankryk om beheer oor die voormalige Ottomaanse-gebiede te behou en die streek in `n Britse en Franse Mandaat te verdeel nadat die Ottomaanse Turke verslaan is. Dié onderhandelinge loop uit op die Sykes-Picot-Ooreenkoms wat in stryd met die gees van die Hussein-McMahon-Korrespondensie was. Volgens hierdie ooreenkoms sou Brittanje beheer kry oor die gebied wat ongeveer Jordanië, Irak en `n klein gedeelte rondom Haifa insluit. Frankryk sou mandaatbeheer kry oor die suid-oostelike gebied van Turkye, Noord-Irak, Sirië en Libanon. Die streek waarbinne Palestina geval het, sou onder Internasionale Administrasie val (vgl *Sykes-Picot Agreement.* http://en.wikipedia.org/wiki/Sykes-Picot_Agreement).

Met die Russiese Rewolusie van 1917 en sy onttrekking aan die Geallieerde Magte, is Rusland ontneem van enige aansprake op Ottomaanse gebied. Vladimir Lenin het daarop `n kopie van die Sykes-Picot-Ooreenkoms vrygestel. Dit was `n groot verleentheid vir die Geallieerde Magte en het bygedra tot groeiende wantroue onder die Arabiere. Hierdie ooreenkoms word dikwels gesien as die keerpunt in Westerse-Arabiese verhoudings (vgl *Sykes-Picot Agreement.* http://en.wikipedia.org/wiki/ Sykes-Picot_Agreement).

### 2.1.3 Beëindiging van die Ottomaans-Turkse beheer oor Palestina

Op 11 Desember 1917 het die Britse generaal, Edmund Allenby, met die hulp van Frankryk en die Arabiese magte, beheer oor Jerusalem geneem en hiermee die 400-jarige bewind van die Ottomaanse Turke in Palestina beëindig (vgl Reekie 1993:27). Generaal Allenby se aankoms in Jerusalem het saamgeval met die eerste dag van die Joodse fees, *Hanuka*, wat die Jode se bevryding van Antiogus Epifanes se onderdrukkende beheer in die tweede eeu vC herdenk. Vir die Jode wat besig was om hierdie agt-dae-lange fees te vier, was Allenby se binnekoms in die stad `n teken van Goddelike ingryping (vgl Reekie 1993:28).

### 2.1.4 Die Balfour-Deklarasie

In 1917 het die Britse buitelandse sekretaris, lord Balfour, `n brief genoem die Balfour-Deklarasie, aan die Joodse finansierder, lord Rothschild, geskryf waarin hy die Britse regering se verbintenis tot die skepping van `n Joodse staat in Palestina uitgespreek het. Die doel daarvan was "... to favour the establishment in Palestine of a national home for the Jewish people while respecting the rights of the indigeneous majority" (*History of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). Hierin is Brittanje spesifiek getaak om erkenning te gee aan die historiese verbintenis van die Jode aan Palestina en om vir hulle `n nasionale tuisland te skep. Terselfdertyd sou erkenning gegee word aan die godsdienstige en burgerregte van alle inwoners van Palestina (vgl *British Mandate of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/british_mandate_of_palestine).

Die Balfour-Deklarasie het steun gegee aan die Sionisme-beweging[28] wat ten doel gehad het om `n Joodse staat in Palestina te vestig in reaksie op groeiende antisemitisme[29] in Europa. Prince (2005:37) verduidelik die belangrikheid van die Balfour-Deklarasie soos volg: "The Balfour Declaration did not create a Jewish state, but it prepared the way for one".

### 2.1.5 Die Hogarth-Boodskap

In Januarie 1918 besorg David Hogarth `n brief namens die Britse regering aan Hussein waarin Brittanje en sy bondgenote hul intensie om die Arabiese magte die geleentheid te gee om weer `n volwaardige nasie te word, bevestig. Die brief het verder aangedui dat Jode toegelaat moes word om na Palestina terug te keer terwyl die bestaande bevolking se vryheid op ekonomiese en politieke gebied erken moes word (vgl *McMahon-Hussein Correspondence*. http://en.wikipedia.org/wiki/Hussein-McMahonCorrespondence). Na die oordrag van die boodskap het Hogarth gerapporteer dat "Hussein would not accept an

---

[28] *Hoofstuk 6, punt 3.2*

[29] *Hoofstuk 6, punt 6.3.1*

independent Jewish State in Palestine ..." (*McMahon-Hussein Correspondence*. http://en.wikipedia.org/wiki/Hussein-McMahonCorrespondence).

2.1.6 Die Faisal-Weizmann-Ooreenkoms

Chaim Weizmann, latere president van die Wêreld-Sioniste-Organisasie, het Faisal, seun van Hussein wat intussen koning van Hijaz geword het, ontmoet om steun te kry vir die vestiging van Joodse immigrante in Palestina. Na die vergadering was Weizmann optimisties dat `n ooreenkoms bereik sou kon word veral in die lig van Faisal se opmerkings oor die Palestynse Arabiere. Volgens Weizmann was Faisal "... contemptuous of the Palestinian Arabs whom he doesn't even regard as Arabs" (*Sharm el-Sheikh Memorandum (1999).* http://en.wikipedia.org/wiki/Sharm_e-Sheikh_memorandum). Kort voor die Paryse Vredeskonferensie van 1919 het Faisal en Weizmann `n ooreenkoms onderteken waarin Faisal sy steun gegee het aan Joodse immigrasie na Palestina en die vestiging van `n Joodse staat in daardie gebied. In ruil daarvoor wou Faisal hê dat `n groot gebied as Arabiese staat erken word met Sirië as basis. Die Faisal-Weizmann-Ooreenkoms wat op 3 Januarie 1919 onderteken is, was egter van korte duur.

2.1.7 Die Paryse Vredeskonferensie in 1919

Die Vredeskonferensie in Parys het met enkele onderbrekings vanaf 18 Januarie 1919 tot 21 Januarie 1920 geduur. Tydens die konferensie het die oorwinnaars van die Eerste Wêreldoorlog vredesverdrae met die onderskeie partye onderhandel en is die nederlaag van die Ottomaanse Turke amptelik bevestig en daarmee saam die beëindiging van die Ottomaans-Turkse beheer oor die Midde-Oosterse streek (vgl *History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). Wantroue onder die Arabiere, wat reeds ontstaan het met die bekendmaking van die Sykes-Picot-Ooreenkoms, het verhoog toe die Paryse Vredeskonferensie nie die Arabiese staat soos in die Faisal-Weizmann-Ooreenkoms beskryf is, erken het nie. Faisal het hierop gereageer met `n aankondiging dat Palestina deel moes word van sy nuwe Arabies-Siriese koninkryk (vgl *1919 Paris Peace Conference*. http://en.wikipedia.org/wiki/Paris_Peace_Conference%2C_1919). Hiermee het die toutrekkery oor die grondgebied tussen die Jode en die Arabiere opnuut momentum gekry.

2.2 DIE BRITSE MANDAAT VAN PALESTINA (1922-1948)


Vanaf 1917 tot en met 1920 het Brittanje die gebied waarbinne Palestina geval het beset. In 1920 is daar tydens `n vergadering van die Volkebond in San Remo, `n mandaat vir Palestina aan Brittanje gegee. Die grense van die gebied asook die terme van die mandaat is egter eers in 1922 gefinaliseer en in hierdie periode het die Britse regering Palestina onder burgerlike reg geplaas. Die mandaat wat as die Mandaat vir Palestina of ook die Britse Mandaat van Palestina

bekend staan, het die terme en voorwaardes bevat vir die daarstelling van `n Joodse tuisland soos vervat in die Balfour-Deklarasie. Hoewel die mandaat in Julie 1922 goedgekeur is, is dit eers in September 1923 in werking gestel (vgl *British Mandate of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/british_mandate_of_palestine en Harper 1986:32).

### 2.2.1 Grense van die Britse Mandaatgebied

Kaart 21 dui die grense van die Britse Mandaat van Palestina aan waar Palestina en Transjordanië onder verskeie wetlike en administratiewe reëlings saamgevoeg is. (http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine).

**KAART 21: BRITSE MANDAAT VAN PALESTINA IN 1920**




Aanvanklik het beide Palestina en die gebied oos van die Jordaanrivier (Transjordanië) binne die Britse Mandaat van Palestina geval hoewel Transjordanië in September 1923 `n aparte mandaat gevorm het (vgl *History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). Jerusalem was die hoofstad van die gebied wat aan die westekant begrens is deur die Middellandse See, met die Franse Mandaat van Libanon, die Franse Mandaat van Sirië en die Britse Mandaat van Mesopotamië aan die noordekant, die koninkryk van Saoedi-Arabië aan die ooste- en suidekant en die koninkryk van Egipte aan die suidwestekant (vgl *British Mandate of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/british__mandate_of_palestine).

2.2.2 Die Churchill-Witskrif

Die verskillende interpretasies van die Hussein-McMahon-Korrespondensie, die Sykes-Picot-Ooreenkoms en die Balfour-Deklarasie het gelei tot onversoenbare verskille in die debat oor Palestina. In `n poging om die geskil op te los, het die Churchill-Witskrif van 1922 beklemtoon dat "Palestine was part of the excluded areas of 'Syria lying to the west of the District of Damascus'" (*Sykes-Picot Agreement.* http://en.wikipedia.org/wiki/Sykes-Picot_Agreement). Hiermee het Brittanje hul argument dat Palestina nooit deel sou uitmaak van `n nasionale Arabiese tuisland in die groter Sirië-gebied nie, probeer duidelik stel.

2.2.3 Joodse immigrasie na Palestina

Onder die Britse Mandaat het die getalle Joodse immigrante na Palestina skerp toegeneem. In 1920 het die Joodse populasie 11% persent van die totale bevolking in Palestina uitgemaak terwyl die persentasie vanaf 1922 tot 1946 toegeneem het tot 33% (vgl *British Mandate of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/british_mandate_of_palestine). Hierdie toename kan toegeskryf word aan faktore soos die opkoms van Sionisme, Joodse vlugtelinge uit Europa gedurende Hitler se bewind asook die weiering van lande soos die VSA, Frankryk, Brittanje en andere om Joodse vlugtelinge te huisves.

Arabiese leiers buite Palestina was aanvanklik ten gunste van `n reëling dat Palestina aan die Jode gegee word in ruil vir `n vrye, onafhanklike Arabiese gebied in die Midde-Ooste. Palestynse Arabiere het egter Joodse immigrasie en die idee van `n Joodse tuisland sterk teengestaan wat daartoe gelei het dat `n Palestynse nasionaliteit apart van die algemene Arabiese nasionaliteit ontstaan het. Voortdurende konflik tussen Joodse immigrante en Palestynse Arabiere het gelei tot die aanbeveling van die Britse Peel-kommissie in 1936 dat die westelike gedeelte van Palestina tussen die Arabiere en die Jode verdeel word. Dit het gelei tot opstande en protesaksies teen Britse beheer van die gebied. Die Jode was ontevrede oor die aanbevelings van die Britse Peel-kommissie en die Palestynse Arabiere was teen die Joodse immigrasie gekant. Verdere gevegte tussen die Arabiere, Brittanje en die Jode het uitgebreek. Die Jode het militêre groepe soos die *Irgun* en *Lehi* op die been gebring om teen die Britte te veg terwyl die *Haganah* en die *Palmach* op die Palestynse Arabiere gekonsentreer het. Teen die tyd wat orde herstel is in Maart 1939 het meer as 5,000 Arabiere, 400 Jode, and 200 Britte gesterf (vgl *History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine).

Die voortdurende gevegte en opstande in die Britse Mandaatgebied, die skynbaar onversoenbare verskille tussen Arabiere en Jode, asook wêreldwye simpatie vir Joodse slagoffers van die Tweede Wêreldoorlog, het gelei tot Brittanje se besluit om aan die Palestynse

gebied te onttrek (vgl Harper 1986:39). In 1947 oorhandig die Britse Regering die saak aan die pasgestigte Verenigde Nasies (VN) wat die Volkebond opgevolg het, en dui aan dat hy die Britse Mandaat wou termineer en teen Mei 1948 uit die gebied wou onttrek (vgl *British Mandate of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/british_mandate_of_palestine).


## 2.3 DIE PARTISIEPLAN (1947)

Die VN se Spesiale Komitee oor Palestina (UNSCOP) het in 1947 op `n feitesending na Palestina vertrek waar samesprekings met verskeie belangegroepe, insluitend leiers van die Arabiese state, gevoer is. Duitsland en Oostenryk is besoek om die omstandighede te evalueer waaronder Joodse immigrante wat deur Britse troepe uit Palestina gerepatrieer is, geleef het. `n Partisieplan wat Palestina in `n Joodse en Arabiese gedeelte sou verdeel, is opgestel.

### 2.3.1 Voorgestelde grense volgens die Partisieplan

Kaart 22 dui die voorgestelde grense aan wat in die Partisieplan uiteengesit is (http://www.mfa.gov.il/MFA/Facts+About+Israel/Israel+in+Maps/1947+UN+Partition+Plan.html).

**KAART 22: VOORGESTELDE GRENSE VOLGENS DIE PARTISIEPLAN IN 1947**



#### 2.3.2 Beëindiging van die Britse Mandaat

Op 31 Augustus 1947 stel UNSCOP die volgende voor: beëindiging van die Britse Mandaat; verdeling van Palestina in `n Palestynse en Joodse staat; bestuur van die land as `n ekonomiese eenheid en toekenning van spesiale status aan Jerusalem as `n internasionale stad (vgl Reekie 1993:43). Tydens die Algemene Vergadering van die VN op 29 November 1947 in New York, is oor dié verslag beslis. Beide die Britse regering en die Arabiere was oortuig dat die aanbevelings nie aanvaar sou word nie en elkeen het geglo dat hulle beheer oor Palestina sou verkry. Met 10 lande insluitend Brittanje wat buite stemming gebly het, het 33 lande ten gunste van en 13 lande teen die voorstel gestem. Die Britse Mandaat is beëindig maar het amptelik eers op 14 Mei 1948 verval.

## 3. POLITIEKE ONTWIKKELINGE WAT DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE STAAT ISRAEL VOORAF GEGAAN HET

Verskeie politieke gebeure en optredes teen Joodse gemeenskappe wêreldwyd het bygedra tot die totstandkoming van die Staat Israel in 1948. Joodse vervolgings, antisemitisme en die ontstaan van Sionisme sou hierin `n belangrike rol speel.

### 3.1 JOODSE VERVOLGINGS

Joodse gemeenskappe wat eeue reeds in verskeie Europese lande gevestig was, het vanaf die twaalfde tot die negentiende eeu in relatiewe vrede met die plaaslike inwoners saamgewoon en op ekonomiese en maatskaplike gebied bygedra tot vooruitgang van die betrokke lande. Wanneer toestande in `n land versleg het, is Jode egter daarvoor blameer en is hulle vervolg of uit die land gesit.

#### 3.1.1 Europa se Swart Dood

Vanaf 1348-1349 het `n epidemie bekend as die Swart Dood, Europa getref. Na berekening is meer as `n derde van die wêreldbevolking hierdeur uitgewis en tot 75% van Asië en Europa se bevolking (vgl Ellisen 2003:28). In 1351 het die Swart Dood ook in Palestina uitgebreek en teen 1500 het die inwonertal tot 200,000 afgeneem (vgl *Early History - Palestine History*. http://www.palestinefacts.org). In die histerie oor die onvermoë om die epidemie te stop, is die Jode as sondebok uitgesonder. Ellisen (2003:29) verduidelik dit soos volg: "First, they were thought to be under a divine curse for their rejection and killing of Christ. Second, they were suspected of using their intellectual talents to seek revenge against their oppressors". Joodse dorpe is afgebrand in Duitsland, Switserland, Spanje en Frankryk. Diegene wat nie self in die

epidemie gesterf het nie, is gemartel, verbrand of vermoor. Finkelstein in Ellisen (2003:29) beweer dat meer as 200 Joodse gemeenskappe gedurende 1348-1349 uitgewis is.

### 3.1.2 Spaanse Inkwisisie

Die veertiende eeu in Spanje is gekenmerk deur `n oplewing op ekonomiese gebied asook `n skerp toename in Joodse getalle. Hoewel Spaanse Jode bygedra het tot die sukses en vooruitgang van die land, het die skerp toename in die Joodse bevolking vrese by die owerhede laat ontstaan. Dit het gelei tot die instelling van beperkende en onderskeidende maatreëls: Jode moes apart van die Spaanse bevolking woon; huwelike tussen Joodse mans en Christenmeisies was onwettig tensy die man bekeer is; minimum kontak tussen die twee groepe is toegelaat aangesien die Semitiese ras (waarvan die Jode deel was) as onrein beskou is; interkommunikasie tussen die twee groepe is beperk en Christene en Jode is nie toegelaat om saam aan tafel te sit nie (vgl Telchin 1997:64). In 1412 het die regering van Kastilië, Jode gedwing om hul hare en baarde te laat groei om hulle van die res van die gemeenskap te onderskei.

Spaanse Jode wat die Christelike geloof aangeneem het om hulself en hul families te beskerm, het as Marranos bekend gestaan. Hulle het dikwels in die geheim voortgegaan om hul Joodse geloof te beoefen, maar indien dit bekend sou word, is hul eiendom gekonfiskeer en moes hulle voor `n skynhof verskyn. Baie is gemartel en doodgemaak. Volgens Telchin (1997:66) het tussen 30,000 en 50,000 Marranos tydens die Spaanse Inkwisisie op die brandstapel gesterf. Op 31 Maart 1492 is `n edik in Grenada onderteken wat bepaal het dat Jode wat nie die Christelike geloof wou aanvaar nie, uit die land gesit moes word. Ongeveer 170,000 Jode het Spanje verlaat en `n heenkome in Europa, Portugal, Noord-Afrika en Turkye gevind. Duisende is ook na Meksiko en Argentinië gedeporteer waar Joodse gemeenskappe tot vandag toe aangetref word.

### 3.1.3 Uitsetting uit Brittanje en ander Europese lande

Inkwisisies teen Jode het vir meer as sewe honderd jaar in een of ander vorm in Wes- en Sentraal-Europa voortgeduur. Jode het die skuld gekry vir die sosiale verval en dergelike probleme in die Europese samelewing. In 1263 is 400 Jode in Londen op Palmsondag vermoor; 680 is in die kloktoring opgesluit en 290 is gehang. In 1290 is `n uitsettingsbevel gegee waarvolgens alle Jode teen 1 November 1290 Engeland moes verlaat (vgl Haggee 2006:76). In 1306 is 100,000 Jode uit Frankryk verdryf hoewel Jode tien jaar later weer toegelaat is om terug te keer. In 1394 is Jode weer uit Frankryk verban. Portugal het in 1497 gevolg en Litoue in 1495

met die gevolg dat "By the middle of the sixteenth century, Western Europe, which for one thousand years had been the center of European Jewry, had practically no Jewish population left" (Dimont in Ellisen 2003:31). Jode het ooswaarts uitgewyk waar groot getalle Jode `n tuiste in die oostelike dele van Europa en veral in Pole, gevind het.

### 3.1.4 Die Rooms-Katolieke Kerk en die Reformasie

Martin Luther het die Rooms-Katolieke Kerk uitgedaag oor hul leerstellinge en die bestaande orde bevraagteken. Met sy 95 Stellings wat hy in 1517 teen die Wittenbergse kerkdeur vasgeslaan het, is die Reformasiebeweging gebore wat vinnig deur noordelike Europa versprei het. Die Rooms-Katolieke Kerk het met `n Kontrareformasie begin en Jode het hulle midde in `n evangelisasie- en sendingstryd bevind. Luther was aanvanklik simpatiek teenoor die Jode: "Perhaps I will attract some of the Jews to the Christian faith. For they [the Church] have dealt with the Jews as if they were dogs and not human beings" (Telchin 1997:67). Luther het egter sy siening omtrent die Jode verander en in 1543 `n blaadjie getiteld *Die Jode en hulle leuens* gepubliseer. Hierin stel hy voor dat diegene wat hulle nie wou bekeer nie, die volgende behandeling moes kry: hul sinagoges moet aan die brand gesteek word, Joodse gebedeboeke moet vernietig word, rabbi's moet belet word om te preek, Joodse huise moet vernietig word, Jode moet op een plek, soos in `n stal gehuisves word en sodoende leer dat hulle nie baas in `n ander se land kan wees nie. Verder moes hulle van alle paaie en markpleine verban word, hul eiendom gekonfiskeer word en laastens "... these poisonous envenomed worms should be drafted into forced labour and made to earn their bread by the sweat of their noses" (Telchin 1997:68).

Johnson in Telchin (1997:68) beskryf hierdie publikasie van Luther as "... the first work of modern anti-Semitism, and a great step forward on the road to the *Holocaust*". Hierdie anti-Joodse gesindheid was algemeen in Luther se tyd en as prominente figuur in Duitsland, het sy werke bygedra tot die gesindheid wat die Duitsers teenoor die Jode ontwikkel het en uiteindelik tot die Tweede Wêreldoorlog en vervolging van Jode tydens die *Holocaust* gelei het (vgl Telchin 1997:69).

### 3.1.5 Die Eerste en Tweede Wêreldoorlog

Die Eerste Wêreldoorlog wat in 1914 tussen die Sentrale en Geallieerde Magte uitgebreek het, het gelei tot die verdere vervolging van Jode. Na die oorlog is Jode uit verskeie lande verban en is daar geweier om Joodse vlugtelinge te huisves. Dit het die noodsaaklikheid van `n veilige Joodse staat verhoog. Die Sioniste-beweging het momentum gekry en Brittanje wat mandaatbeheer oor Palestina gehad het, het deel geraak van die onderhandelingsproses om `n

Joodse staat te vestig: "During World War I, the Zionist cause gained some degree of support from Great Britain" (*The Land of Israel*. http://www.jewfaq.org/israel.htm).

Die Tweede Wêreldoorlog is gekenmerk deur ongehoorde uitwissing van Jode. Die ideaal van die Paryse Vredeskonferensie van 1919 dat `n era van vrede en rekonsiliasie en "….some form of democratic government would be established in most countries of the world" (Grant 1951:488-489), is nie verwesenlik nie. Ongekende nasionalisme wat gelei het tot die opkoms van diktators en despotiese heersers het oor die wêreld ontstaan. Hitler, wat `n groot ondersteuner van Luther se latere standpunt oor die Jode was, het `n nou verhouding met pous Pius XII, wat onder historici bekend staan as 'Hitler se pous', gehad. Na die Eerste Wêreldoorlog het Duitsland gesukkel om ekonomies weer op die been te kom. Hitler het die blaam daarvoor voor die Jode se deur gelê. Sy siening dat die Duitsers superieur is en vermenging met minderwaardige rasse, insluitend die Jode, tot die Duitsers se ondergang sou lei, het groot steun vir sy Naziparty onder veral die Duitse jeug tot gevolg gehad. Sy siening van en optrede teenoor die Jode het hy só regverdig: "Today, I believe that I am acting in accordance with the Almighty Creator by defending myself against the Jew, I am fighting for the work of the Lord" (Telchin 1997:70).

Die vervolging van Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog en die gebeure tydens die *Holocaust* het die behoefte aan `n Joodse tuisland verder verhoog. Jode wat uit Nazi-Duitsland wou vlug, moes dikwels terugkeer as gevolg van immigrasiebeperkinge by die grensposte van lande soos die VSA, Brittanje en Palestina (vgl *The Land of Israel*. http://www.jewfaq.org/israel.htm). Baie van diegene wat teruggestuur is, het in die gaskamers of strafkampe beland. Hitler se felle haat vir die Jode het daartoe gelei dat ses miljoen Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog gesterf het (vgl Falcon en Blatner 2001:179), terwyl sy noue verhouding met die pous gelei het tot die siening dat die Kerk Hitler se optrede teenoor die Jode ondersteun en goedkeur (vgl Haggee 2006:79).

## 3.2 ONTSTAAN VAN SIONISME

In teenreaksie op die vervolging van Jode, het Sionisme[30] ontstaan. Hoewel die Bybelse begrip van Sionisme godsdienstig van aard is, was die beweging wat tot stand gekom het, primêr polities: "Zionism was not a religious movement; it was primarily political. The early Zionists sought to establish a secular state of Israel, recognized by the world, through purely legal means" (*Christian Zionism*. http://www.icej.org/articles). Die Sionisme-beweging voer sy ontstaan terug na 1894 toe Alfred Dreyfus, `n Joodse kaptein in diens van die Franse weermag,

[30] *Hoofstuk 4, punt 4.1*

beskuldig is van spioenasie vir Duitsland. Dreyfus is skuldig bevind en na Frankryk se berugte Duiwelseiland verban. Die skare wat die hofsaak bygewoon het, het met sy skuldigbevinding "Death to the Jews!" (Reekie 1993:19) uitgeskreeu.

Theodore Herzl (1860-1904), `n Jood afkomstig uit Boedapest wat die saak in Parys, Frankryk as joernalis bygewoon het, het besef dat indien die Franse so kon optree teenoor Jode met wie hulle vir meer as honderd jaar saam in vryheid geleef het, Jode soortgelyke optrede op enige ander plek kon verwag. So het die noodsaaklikheid van `n eie land waarin Jode veilig kon wees, ontstaan (vgl Reekie 1993:19). In die laat 1800's stig Herzl en Chaim Weizmann `n politieke organisasie, bekend as die Sioniste-beweging, met die  doel om `n Joodse staat in Palestina te vestig. "They saw the state of Israel as a necessary refuge for Jewish victims of oppression, especially in Russia, where pogroms were decimating the Jewish population" (Reekie 1993:19). Hoewel hy sy idee van `n Joodse tuisland tydens die eerste Sioniste kongres in Basel, Switserland reeds in 1897 voorgestel het, is sy droom eers in 1948 verwesenlik. Herzl word gevolglik beskou as die vader van Sionisme (vgl Harper 1986:23).

## 3.3 DIE ROL VAN JOODSE SIONISTE IN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE STAAT ISRAEL

Verskeie godsdienstige en nie-godsdienstige Jode het hulle beywer vir die daarstelling van `n onafhanklike Joodse staat:

### 3.3.1 Dr Chaim Weizmann

Die Russies-gebore Jood Weizmann, was in Engeland woonagtig en `n prominente leier in die Sioniste-beweging. As latere president van die Wêreld-Sioniste-Organisasie vanaf 1920 tot 1931 en weer vanaf 1935 tot 1946, was hy instrumenteel in die totstandkoming van die Balfour-Deklarasie. Sy ontmoeting met president Harry Truman van die VSA in April 1948 het bygedra tot die VSA se onmiddellike erkenning van die Joodse staat. In Februarie 1949 is hy as Israel se eerste staatspresident verkies, `n posisie wat hy tot sy dood in 1952 beklee het (vgl Reekie 1993:35).

### 3.3.2 David Ben-Gurion

Ben-Gurion is in 1886 in Pole gebore en het in 1906 na Palestina geïmmigreer waar hy die grondslag van die Histadrut en Arbeidersparty gelê het. Hy het as voorsitter van die Joodse Agentskap gedien en is aangewys as die nuwe Staat Israel se eerste premier. Vir Ben-Gurion het die Bybel sentraal gestaan in sy Sionistiese aspirasies en was die land Israel vir hom onlosmaaklik verbind aan die Joodse volk: "An unbroken tie between our people and our land

has persisted through all these centuries in full force" (Chapman 2003:13). Hy het `n groot aandeel gehad in die totstandkoming en beginjare van die nuwe staat (vgl Reekie 1993:36).

### 3.3.3 Golda Meir

Golda Meir wat op 3 Mei 1898 in Kiev in die Russiese Ryk gebore is, immigreer in 1906 saam met haar familie na Milwaukee, Wisconsin in die VSA waar sy betrokke geraak het by Sioniste organisasies. Na haar troue verlaat sy die VSA en vestig haar in 1921 in Israel. Meir het na die VSA gereis om Amerikaanse Jode in te lig oor die nood van die Joodse gemeenskap in Palestina en die behoefte aan fondse vir die aankoop van wapens. Die reaksie vanuit Joodse en Christelike kringe was oorweldigend. Binne 6 weke is meer as $50 miljoen ingesamel waarop Ben-Gurion die volgende gesê het: "Some day when history will be written, it will be said that there was a Jewish woman who got the money which made the State possible" (Reekie 1993:35). Meir was deel van `n groep van vier-en-twintig, waarvan slegs twee vroue, wat die *Declaration of the Establishment of the State of Israel* op 14 Mei 1948 onderteken het (vgl *Golda Meir*. http://en.wikipedia.org/wiki/Golda_Meir). Sy was ook deel van Israel se eerste afvaardiging na Moskou waarna sy as Minister van Arbeid, Minister van Buitelandse Sake en uiteindelik as premier van die Staat Israel gedien het.

## 3.4 DIE ROL VAN CHRISTEN-SIONISTE IN DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE STAAT ISRAEL

Ondersteuning vir `n Joodse staat het ook vanuit Christelike geledere en meer spesifiek evangelikale groeperinge, gekom. Dié Christene was simpatiek teenoor die Jode, het die konsep van `n Joodse tuisland ondersteun en was instrumenteel in die totstandkoming van die Staat Israel. Christen ondersteuners van die Staat Israel, ook bekend as Christen-Sioniste, motiveer hul standpunt vanuit hulle siening van die Bybel en meer spesifiek hulle beskouing oor die Ou Testamentiese beloftes wat aan Abraham rakende die land gemaak is. Aumann (2003:171) beskryf Christen-Sioniste as "Christians who recognize the State of Israel politically on the basis of a fundamental theological understanding".

Ondersteuning aan Jode vanuit Christelike geledere het veral vanuit Brittanje gekom. Die vertaling van die Bybel in Engels in die 16de en 17de eeu, tesame met `n groeiende geestelike verdieping in die Engelse Kerk "... transformed the religious climate of the nation, and hence, the attitudes of many Christians toward the Jewish people" (Reekie 1993:21). Ten spyte van die wegbeweeg van die outoriteit van die Skrif na `n fokus op die rede gedurende die 17de en 18de eeu, het die Franse Rewolusie in 1789 tot hernude belangstelling in die eindtye en die rol van die Jode hierin, gelei. In James Bicheno se boek, *Signs of the Times*, sien hy in die gebeure in

Europa tekens wat die eindtyd inlui. Brittanje se oorwinning oor Napoleon nadat hy Egipte en Palestina in 1798 binnegeval het, het gelei tot die oortuiging dat "Britain would henceforth be used by God in assisting the restoration of the Jews" (Reekie 1993:22). Die godsdienstige oplewing gedurende die 18de en 19de eeu het verder gelei tot die stigting van verskeie organisasies wat ten doel gehad het om Christen-Joodse verhoudings te verbeter.

Verskeie Christene het `n rol gespeel in die verandering in gesindheid teenoor Jode en die uiteindelike totstandkoming van die Joodse staat:

#### 3.4.1 Michael Solomon Alexander

Alexander, `n voormalige Joodse rabbi, was die eerste biskop van Jerusalem. Sy aankoms in Jerusalem op 21 Januarie 1842 met die woorde: "Of the Jews to the Land, of the Jewish people to the Messiah, and of the Church to its Jewish origins" het die begin van `n herstelproses ingelui (Reekie 1993:24).

#### 3.4.2 Benjamin Disraeli

Disraeli, ook bekend as lord Beaconsfield, was van Joodse afkoms hoewel hy die Christelike geloof aangeneem het. As premier van Brittanje het hy `n verstandhouding tussen Judaïsme en die Christelike geloof aangemoedig, was hy `n "... romantic Zionist by heart" en het hy bygedra om verhoudinge tussen Jode en Christene te verbeter (Reekie 1993:25).

#### 3.4.3 Sir Laurence Oliphant

As soldaat, diplomaat, skrywer, joernalis en lid van die Britse Parlement het Oliphant hom beywer om Europese Jode weer in die Staat Israel te vestig. Saam met `n klein groepie Russiese Jode het hy en sy vrou Engeland verlaat en hulle in Haifa gevestig om hulp te verleen aan nuwe Joodse immigrante (vgl Reekie 1993:26).

#### 3.4.4 William Hechler

Hechler was Christelike kapelaan in die Britse ambassade in Wenen, Oostenryk. Nadat hy Theodore Herzl se boek *Der Judenstaat* gelees het, het hy sy dienste aangebied om Herzl te help om sy droom te verwesenlik. Nie alleen was Hechler instrumenteel om verskeie deure vir Herzl en Sionisme oop te maak nie, maar het hy hom by die Wêreld Sioniste Kongres in 1903 sterk uitgespreek teen Brittanje se voorstel om Uganda as alternatief vir `n Joodse staat te oorweeg. Sy geloof en visie word in `n brief aan die groothertog van Baden saamgevat: "According to the Bible the Jews must return to Palestine, and I therefore help this movement as

a Christian and in complete faith for the truth of the Bible, for this is the cause of God" (Reekie 1993:27).

### 3.4.5 Generaal Edmund Allenby

As Britse generaal, het Allenby meegewerk om die 400-jarige Ottomaans-Turkse beheer van Palestina te beëindig. Met sy binnekoms in Jerusalem het hy by die Jaffapoort van sy perd afgeklim, te voet die stad binnegegaan en gesê: "... no one but the Messiah should enter this city mounted" (Reekie 1993:28). Vir die Jode in Palestina was Allenby se aankoms in die woorde van Reekie (1993:28): "... a sign of Redemption". Nie alleen is die Turkse bewind in Palestina hiermee beëindig nie, maar was Brittanje se beheer oor die land die begin van `n proses wat gelei het tot die Partisieplan waarin voorsiening gemaak is vir `n onafhanklike Joodse staat.

### 3.4.6 Arthur James Balfour

Balfour het in `n evangelikale familie grootgeword waar geleer is dat "... the Jew must first return to Palestine and then will come the final consummation" (Reekie 1993:29). Op 2 November 1917 is Balfour, wat as Britse Buitelandse Sekretaris gedien het, se brief wat die bekende Balfour-Deklarasie bevat het, in Londen by lord Rothschild afgelewer. Hierin is die Britse regering se steun vir `n nasionale tuisland in Palestina uitgespreek asook Brittanje se voorneme om die proses te fasiliteer.

### 3.4.7 Charles Wingate

Wingate is in Indië gebore en het twee groot passies gehad: die militêre wetenskap en die Bybel. Eers as kaptein en later as generaal-majoor, het hy in die Britse weermag diens gedoen. In 1936 is hy na Palestina verplaas waar sy lewenslange liefde en simpatie met Sionisme begin het. Sy bydrae tot `n onafhanklike Joodse staat was in die vorm van militêre opleiding aan jong Joodse *Haganah* rekrute wat hom die titel van 'Vriend' in die beweging besorg het. Sy vriendskap met en ondersteuning aan die Jode het hom die gramskap van die Britse Mandaatregering op die hals gehaal en is hy verplaas nadat sy paspoort gestempel is as: "Not allowed to enter Palestine" (Reekie 1993:31). Hy is in 1944 in `n lugaanval in Burma dood, maar die nalatenskap van sy Makkabese geesdrif het voortgeleef in die kibboetse waar hy jong Joodse soldate opgelei het.

## 3.5 DIE AFKONDIGING VAN DIE STAAT ISRAEL

Met die beëindiging van die Britse mandaat op 14 Mei 1948, is die geleentheid geskep vir die Sioniste om die onafhanklike Staat Israel af te kondig.

3.5.1 Die verklaring van `n onafhanklike Joodse staat

Die dokument, bekend as die Onafhanklikheidsverklaring van die Staat Israel, is in die voorafgaande maande opgestel en aangepas na konsultasie met verskeie belangegroepe. Britse troepe in Palestina is op 14 Mei 1948 onttrek terwyl die *Vaad Leumi* (Joodse Nasionale Raad) kort voor die beëindiging van die Britse Mandaat, by die Tel-Aviv Museum bymekaargekom en die verklaring bekragtig het. Hierna het David Ben-Gurion die nuwe Staat Israel afgekondig met die woorde: "We hereby proclaim the establishment of the Jewish State in Palestine, to be called *Medinat Israel* (the State of Israel)" (Hagee 2006:86). Na die ondertekening is die seremonie afgesluit met die sing van *Ha-Tikvah*[31], die nasionale volkslied.

President Truman van die VSA het onmiddellik die nuwe staat erken waarna Guatemala, Nicaragua, Uruguay, die Sowjetunie, Pole, Tsjeggo-Slowakye, Joego-Slawië, Ierland en Suid-Afrika gevolg het (vgl *The Land of Israel*. http://www.jewfaq.org/israel.htm). Die omliggende Arabiese state en Palestynse Arabiere het die onafhanklikheidsverklaring teengestaan (vgl *Declaration of Independence (Israel).* http://en.wikipedia.org/wiki/Declaration of the Establishment of the State of Israel).

3.5.2 Die regte van state en die regte van Israel

Bykans elke nasie in die wêreld maak aanspraak op sy land op sterkte van sy oorwinning oor en besetting van die grondgebied. `n Nasie, byvoorbeeld die Engelse of die Spanjaarde sou in `n land aankom en die plaaslike inwoners, byvoorbeeld die Indiane, in gevegte oorwin. Daarna sou hulle hul daar vestig en die land `n nuwe naam, byvoorbeeld die Verenigde State van Amerika, gee. Die aanspraak 'Might makes right' is deur die eeue heen algemeen aanvaar as die wyse waarop grondgebied onder `n land se beheer gekom het (vgl *The Promised Land*. http://www.aish.com/literacy/jewishhistory). Op hierdie gronde sou die Joodse volk ook aanspraak op die land Israel kan maak.

Om as `n staat te kwalifiseer, is die internasionale regsposisie dat daar van politieke gemeenskappe vereis word om aan vier kriteria te voldoen: "First, there must be a people; second, there must be a territory; third, there must be a government; and fourth, there must be a capacity to enter into relations with other states" (*An Answer to the New Anti-Zionists: The Rights of the Jewish People to a Sovereign State in their Historic Homeland.* http://www.jcpa.org/jl/vp507.htm). In sy betoog waarom Israel tot die VN toegelaat behoort te word, het die Amerikaanse verteenwoordiger op die VN se Veiligheidsraad in 1948 aangevoer dat Israel wel

[31] *Hoofstuk 4, punt 4.1*

aan al vier hierdie kriteria voldoen. Hiervolgens sou aangevoer kon word dat Israel wel op historiese en wetlike gronde kwalifiseer om as `n staat te bestaan op die grondgebied wat aan hulle toegeken is.

## 4. ISRAEL AS ONAFHANKLIKE STAAT SEDERT 1948

Die afkondiging van die Staat Israel het `n era ingelui wat gekenmerk is deur konflik tussen Jode en Arabiere en wêreldmagte wat poog om vrede in die Midde-Ooste te bewerkstellig.


### 4.1 DIE ONAFHANKLIKHEIDSOORLOG VAN 1948

Die Arabiere en hulle bondgenote wat nie van plan was om `n Palestynse staat, soos voorgestel deur die Partisieplan te erken nie, het binne enkele ure na die afkondiging van die Staat Israel, troepe van Jordanië, Sirië, Egipte, Libanon en Irak gestuur om `n aanval op die Joodse staat te loods. In die daaropvolgende sewe maande het gevegte voortgeduur en het Israel groot gedeeltes in die noorde (Galilea) en die suide (Negeb), wat aanvanklik volgens die Partisieplan aan die Palestyne gegee is, verower (vgl Ellisen 2003:75).

Met die bereiking van `n wapenstilstand in Januarie 1949, het die situasie in Israel aansienlik verander: Israel was nou in beheer van 77% van die land, `n derde meer as wat volgens die Partisieplan aan hulle toegeken is; Jerusalem is verdeel in `n oostelike gedeelte onder Palestynse beheer en `n westelike gedeelte onder Joodse beheer; 700,000 – 800,000 Palestynse Arabiere het gevlug; die Wesbank, insluitend Oos-Jerusalem wat aanvanklik deel van die Palestynse staat sou vorm, is deur Jordanië geannekseer; en die Gasastrook is deur Egipte beset (vgl Chapman 2003:31).

Kaart 23 dui die grense van die Staat Israel aan na die Onafhanklikheidsoorlog (1948-1949). (http://www.mfa.gov.il/MFA/Facts%20About%20Israel/Israel%20in%20Maps/Armistice%20Lines%201949-1967)

**KAART 23: GRENSE VAN DIE STAAT ISRAEL NA DIE ONAFHANKLIKHEIDSOORLOG**




## 4.2 ISRAEL VERDEDIG SY LANDSGRENSE

Israel se oorwinning in die Onafhanklikheidsoorlog van 1948 het nie `n einde gebring aan die stryd om beheer oor die land Israel nie. In die volgende vyf-en-twintig jaar moes die Israelse weermag `n verdere drie keer mobiliseer om die landsgrense te verdedig (vgl Ellisen 2003:82). Ook daarna is die stryd tussen Israel en sy Arabiese buurlande voortgesit.

### 4.2.1 Die Suez / Sinaï-oorlog (1956)

Sedert die Onafhanklikheidsoorlog het Israel gebuk gegaan onder terroriste aanvalle vanoor die grens met Egipte. President Nasser (Egipte) se nasionalisering van die Suezkanaal in Julie 1956, het tot `n internasionale krisis gelei. Die Suezkanaal het onder direkte beheer van Brittanje gestaan. Israel het `n geheime ooreenkoms met Brittanje en Frankryk gesluit en Egipte op 29 Oktober 1956 aangeval. Binne `n week het Israelse magte beheer oor die hele Sinaï geneem waarna Brittanje en Frankryk met lugaanvalle op die Suezkanaal gevolg het. Die VSA het ingegryp en Frankryk en Brittanje het hulle magte onttrek. Israel het ingestem om uit die Sinaïgebied te onttrek nadat Egipte Israel die versekering gegee het dat hy nie die Joodse staat sal aanval of sou inmeng met Israelse verskeping van goedere in die Golf van Akaba nie (vgl Chapman 2003:32).

4.2.2 Die Sesdaagse Oorlog (Junie 1967)

Teen die einde van 1966 het die voortslepende geweld tussen Israel en sy Arabiese bure `n hoogtepunt bereik. President Nasser van Egipte het die Golf van Akaba vir Israelse verskeping van goedere gesluit. Hierdie optrede wat in stryd was met die ooreenkoms wat na die Suez/Sinaï-oorlog in 1956 bereik is, is deur Israel as `n oorlogsverklaring geïnterpreteer. President Nasser het verder die VN versoek om hul magte aan die grens tussen Egipte en Israel te onttrek waarna hy hulle met Egiptiese troepe vervang het (vgl Chapman 2004:145).

Die Siriese president, Nureddin al-Atassi het die Arabiese Bond tot aksie opgeroep met: ".... a policy of scorched earth for Palestine" (Ellisen 2003:83). Die weermagte van Jordanië, Sirië en Irak het ook tot die stryd toegetree. In antisipasie op `n aanval het Israel op 5 Junie 1967 `n eerste lugaangeval geloods en bykans die hele Egiptiese lugmag vernietig terwyl dit nog op die grond was. Sirië het aan Israel se noordelike grens begin om dorpies naby die Golanhoogland aan te val. Met die bykans totale uitwissing van die Egiptiese lugmag, kon Israel van sy soldate na die noordelike grens verskuif. Na Jordanië se weiering om sy troepe uit Jerusalem te onttrek, het Israelse magte in die Ou Stad inbeweeg en beheer oor die Tempelberg en die Westelike Muur geneem. In minder as `n week het Israel beheer geneem van die hele Sinaï, die Gasastrook, die Wesbank (insluitend die Ou Stad in Jerusalem) en die Golanhoogland (vgl Chapman 2004:145).


Nadat Israelse magte beheer oor die Ou Stad verkry het, het die Israelse regering Jerusalem omskep in `n geïntegreerde Joodse stad. Daar is begin met die herstel en hervestiging van die Joodse Kwartier in die Ou Stad; Oos-Jerusalem wat oorwegend Arabies was, is omring deur nuwe Joodse buurtes wat opgerig is om die hele Jerusalem deel van Israel te maak; Oos-Jerusalem en die Arabiese gedeeltes daarrondom is op 18 Junie geannekseer en op 28 Junie het die Knesset wetgewing uitgereik waarin verklaar is dat "Jerusalem is one city, indivisible, the Capital of the State of Israel" (Chapman 2004:145).

Die Sioniste-beweging wat vanaf 1937-1967 ten gunste was van die verdeling van Jerusalem tussen die Jode en die Arabiere en toestemming verleen het tot die internasionalisering van die stad as deel van die VN se Partisieplan in 1947, het na afloop van die Sesdaagse Oorlog hul vorige sentiment vervang met "... broad bipartisan support for the policy that claimed the whole of Jerusalem as the eternal capital of the State of Israel" (Chapman 2004:146). Die VN se Veiligheidsraad het in Resolusie 242, Israel opdrag gegee om te onttrek uit die gebiede wat tydens die 1967 oorlog verower is. Israel het geweier wat daartoe gelei het dat dié gebiede vandag bekend staan as die Besette Gebiede. In die resolusie is ook melding gemaak van die

erkenning van Israel se reg op voortbestaan (vgl Chapman 2003:33). Chapman (2004:146) onderskei `n tweeledige belangrikheid in die uitkoms van die Sesdaagse Oorlog: die grondgebied onder Israel se beheer het aansienlik vergroot en Israel se oorname van die Ou Stad in Jerusalem het belangrike implikasies ingehou vir vredesonderhandelinge wat hierna sou volg.

Kaart 24 dui die landsgrense van die Staat Israel aan na die Sesdaagse Oorlog in 1967 (Dowley 2001a:1).

**KAART 24: LANDSGRENSE VAN DIE STAAT ISRAEL NA DIE SESDAAGSE OORLOG**




4.2.3 Die Jom Kippoer-oorlog (1973)

Nie alleen het die 1967-oorlog groot verliese aan menselewens vir veral Egipte, Jordanië en Sirië ingehou nie, maar het elkeen van dié lande ook grondgebied aan Israel afgestaan. Met Nasser se dood en die onbekende Anwar Sadat as Egipte se opvolger, het Israel hom misreken met sy Arabiese buurlande en hul planne om wraak te neem: “The Jews grossly underestimated Arab determination and ingenuity for retaliation and inexplicably discounted the huge Arab military buildup of that summer” (Ellisen 2003:86). Die Arabiese aanval op Israel is geloods op

Jom Kippoer, die mees heilige dag op die Joodse kalender waartydens `n groot deel van Israel se militêre reserviste met verlof tuis was. In wat beskryf is as "... an earthquake of an assault" (Ellisen 2003:87), het die Arabiese Bond met `n sterk militêre weermag en wapentuig wat deur die Sowjetunie verskaf is, Israel op 6 Oktober 1973 vanuit die noorde en die suide aangeval.

Israel se magte is onkant betrap deur Egipte wat die Suezkanaal oorgesteek het terwyl Siriese magte in die noorde gepoog het om beheer oor die Golanhoogland te verkry. Israel se beperkte weermag moes verdeel om aan beide grense weerstand te bied. Egipte het daarin geslaag om Sinaï gedeeltelik binne te dring hoewel hulle onsuksesvol was om die gebied weer onder hulle beheer te kry (vgl Chapman 2003:33). `n Wapenstilstand is op 24 Oktober 1974 afgekondig sonder enige noemenswaardige voordeel vir enige party: "The war had no real winners except in the sense of mutual survival" (Ellisen 2003:89). `n Positiewe gevolg van die oorlog was dat president Sadat van Egipte Jerusalem in 1977 besoek het om `n vredesplan met Israel te onderhandel. Golda Meir se bekende woorde aan president Sadat: "We've been waiting for you for a long time" weerspieël die gevoelens wat met die dertig-jaar-lange Israel-Arabiese konflik gepaard gegaan het (vgl Goldstein 2003:1).

#### 4.2.4 Invalle in Libanon (1978 en 1982)

In Maart 1978 het die Israelse weermag die suidelike gedeeltes van Libanon binnegeval in `n poging om die Palestynse terroristemagte te stuit wat dié gedeelte as basis gebruik het om oorgrens-aanvalle op Israel te loods. In Junie 1978 het Israel, na druk van die VN, aan Libanon onttrek. `n Buffersone onder beheer van die Libanese Christelike milisie, wat bondgenote van Israel is, is in plek gestel. Op 6 Junie 1982 het die Israelse weermag weer `n volskaalse inval in Libanon geloods om magte van die Palestynse Bevrydingsorganisasie (Engelse afkorting PLO) te verwyder en Israel se noordelike grens te beveilig. In die proses is Palestynse kampe vernietig en is Beiroet vir twee maande beleër totdat die PLO-milisie en PLO-leierskap die stad verlaat het. Hierna het die Israelse weermag Wes-Beiroet binnegegaan. Later die jaar het die Israelse weermag onttrek, maar beheer behou oor `n tien-myl-lange strook in die suide van die land (vgl Chapman 2003:33).

#### 4.2.5 Anneksasie van die Golanhoogland (1981)

Menachem Begin wat vanaf 1977 premier van Israel was, het in `n poging om Israelse noordelike grens te beveilig, `n amptelike wetsontwerp in 1981 uitgereik waarin die Golanhoogland amptelik deur Israel geannekseer is (vgl Chapman 2003:33).

### 4.2.6 Libanon-Oorlog van 2006

Die Libanon-Oorlog van 2006 het op 12 Julie 2006 begin. Hizbollah-militantes het `n vuurpylaanval op Israelse dorpies aan die noordelike grens geloods in `n poging om die aandag weg te lei van `n beplande missielaanval op twee weermagvoertuie wat die grens gepatrolleer het. Terwyl verskeie Israelse burgers in die vuurpylaanvalle beseer is, is drie van die sewe Israelse soldate wat in die twee voertuie was, gedood. Twee is gewond en die twee oorlewendes is gevange geneem en na Libanon geneem. Na nog vyf Israelse soldate in `n mislukte reddingspoging gesterf het, het Israel met grootskaalse lugaanvalle op Libanese teikens, insluitend burgerlike infrastruktuur, begin. Israelse voetsoldate het die suidelike grens van Libanon oorgesteek terwyl Libanon die noordelike gedeeltes van Israel met vuurpylaanvalle aangeval het. Die VN het tussenbeide getree en `n wapenstilstand op 14 Augustus afgekondig terwyl die oorlog amptelik op 8 September 2006 beëindig is. In die oorlog wat 34 dae geduur het, het meer as `n duisend mense gesterf en infrastruktuur, veral in Libanon, is erg beskadig (vgl *2006 Lebanon War.* http://en.wikipedia.org/wiki/2006_Lebanon_War).

## 4.3 DIE PALESTYNSE STRYD OM ONAFHANKLIKHEID

Behalwe die PLO wat in 1964 as amptelike liggaam van die Arabiese Bond tot stand gekom het om hulle te beywer vir Palestynse onafhanklikheid, het `n meer radikale groep Palestyne onder Jasser Arafat hulle eie organisasie, Fatah, gevorm. Hulle het met militêre operasies in 1965 begin en spanning tussen Israel en die Palestynse Arabiere het verskerp (vgl Harper 1986:50). Aanvalle is eers vanaf Jordanië en later vanaf Libanon teen die Jode geloods (vgl Greenup 1988:88).

### 4.3.1 Eerste Intifada (Desember 1987 - September 1993)

Die Intifada, wat opstand beteken, het begin as `n skynbaar spontane protes onder Palestyne in die Besette Gebiede na 20 jaar van Israelse beheer. Kinders en jongmense het Israelse soldate met klippe en petrolbomme bestook en `n algemene staking is uitgeroep (vgl Chapman 2003:33). In die Eerste Intifada het meer as `n duisend Palestyne in skermutselinge met Israelse soldate gesterf en meer as 20,000 is beseer (vgl *History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). Morris in Chapman (2003:34) beskryf die uitkoms van die Eerste Intifada soos volg: "The Intifada ended in a stalemate, with the Palestinians unable to eject the Israelis from the territories and the Israelis unable to stop the violence ... Ultimately, the result of the Intifada was a basic restructuring of geopolitical realities in the region, one of which was the start of the emergence of a Palestinian state".

### 4.3.2 Verklaring van `n Palestynse staat (1988)

Na `n vergadering in Algerië, het die Palestynse Nasionale Raad `n onafhanklikheidsverklaring op 15 November 1988 uitgereik: "It unilaterally proclaimed the establishment of a new independent state called the 'State of Palestine' but at that time the PLO had no control of any territory" (*Palestinian Declaration of Independence.* http://en.wikipedia.org/wiki/Palestinian_Declaration_of_Independence). Hierdie verklaring asook latere stellings deur Jasser Arafat waarin erkenning gegee is aan die Staat Israel se bestaansreg, die partisiebeginsel, 'n Twee-party-staat-oplossing en afkeur van terrorisme in alle vorme, het gelei tot wye erkenning van `n Palestynse staat in die Besette Gebiede (Chapman 2003:34). Israel het egter steeds beheer gehad oor die Palestynse staat: "No *de facto* independent state has come into existence in the disputed territories since" (*Palestinian Declaration of Independence.* http://en.wikipedia.org/wiki/Palestinian_Declaration_of_Independence).

Jasser Arafat het die saak van die Palestyne benadeel met sy goedkeuring van die aanval op Koeweit (2 Augustus 1990) deur Saddam Hussein van Irak. Dit het gelei tot die Golfoorlog. Die internasionale wêreld het dit moeilik gevind om te begryp dat Arafat enersyds sterk protes kon aanteken teen wat beskou is as die onwettige besetting van die Wesbank deur Israel, terwyl hy ondersteuning aan Irak se besetting van Koeweit gegee het (vgl Chapman 2003:34). Die VN se Veiligheidsraad het Irak opdrag gegee om uit die gebied te onttrek waarop Saddam Hussein ingestem het op voorwaarde dat `n Irakese onttrekking gekoppel word aan `n Israelse onttrekking uit die Wesbank. `n Verdere voorwaarde van Hussein was dat die VN `n internasionale konferensie moes belê om die Palestyns-Israelse konflik by te lê. Die vyf permanente lede van die VN se Veiligheidsraad het geweier om die voorwaardes te aanvaar. Na `n paar weke se aanvalle deur die multinasionale magte, het Irakse magte uit Koeweit onttrek (vgl Chapman 2003:35).

### 4.3.3 Tweede Intifada (Oktober 2000)

Tydens die Clinton-onderhandelinge tussen Jasser Arafat en Ehud Barak het Ariel Sharon, leier van die Likudparty die Tempelberg besoek. Met sy besoek op 28 September 2000 het Sharon, begelei deur 1,000 polisieoffisiere, dit duidelik gestel dat Israel nooit sy aansprake op die Tempelberg sal opgee nie. Die Palestyne het Sharon se besoek as `n daad van ekstreme provokasie geïnterpreteer en `n tweede Intifada, ook bekend as die Al-Aksa Intifada, het gevolg. Palestynse protesoptogte in die strate het mettertyd in geweld ontaard en selfmoordbomaanvalle wat tot die dood van baie Israelse burgerlikes gelei het, het skerp toegeneem (vgl Chapman 2003:36).

Dié tydperk is gekenmerk deur: "Palestinian suicide bombing in Israel that killed many civilians, and by Israeli Security Forces invasions and targeted killings of Palestinian militant leaders and organizers during which many Palestinian civilians were also killed or injured" (*History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). Teen die einde van November 2001 het sowat 862 Palestyne gesterf en is 25,000 beseer terwyl 239 Israeli's gesterf en 800 beseer is. `n Ooreenkoms met die Palestyne het noodsaaklik geword om vrede en stabiliteit in Israel te bewerkstellig en om verdere menseverlies te voorkom.

## 4.4 POGINGS OM VREDE DEUR ONDERHANDELINGE TUSSEN DIE PALESTYNE EN DIE ISRAELI'S TE BEWERKSTELLIG

Aangesien oorlog en opstande nie die konflik in die Midde-Ooste kon oplos nie, is deur vredesonderhandelinge gepoog om `n oplossing vir die Israel-Palestynse stryd te kry. Harper (1986:67) verduidelik dit soos volg: "A military solution to the Palestine conflict now seems impossible. For Israel, endless warfare has divided its people, bankrupted its economy, and accelerated Jewish emigration, yet the country's security is as precarious as ever". Die Palestyne se omstandighede was ook haglik.

### 4.4.1 Vanaf Camp David I (1978) tot en met Camp David II (2000)

Verskeie ooreenkomste en verdrae is tussen 1978 en 2000 onderhandel in `n poging om die konflik te probeer oplos.

- Camp David I (1978)

Anwar Sadat se besoek aan Jerusalem in 1977 om `n vredesplan met Israel te onderhandel, het gelei tot die Camp David-Ooreenkoms in September 1978. In hierdie ooreenkoms het Israel, Egipte en die VSA ooreengekom dat: Israel uit Sinaï sal onttrek; dat Israel en Egipte sou poog om verhoudinge te normaliseer; dat dié ooreenkoms sou lei tot verdere onderhandelinge tussen Israel en Egipte met die doel om volkome onafhanklikheid aan die Palestyne in die Wesbank en Gasastrook te gee (vgl Chapman 2003:33). Jerusalem het egter die punt van kontensie gebly. Die aangeleentheid is bespreek, maar sterk verskille hieroor het byna die hele konferensie laat misluk. Chapman (2004:173) som die Camp David-Ooreenkoms só op: "Camp David in 1978, therefore, while it helped Egypt by restoring Sinai, did nothing to alter the situation in Jerusalem".

- Die Madrid-Konferensie (1991)

Die Golfoorlog van 1990 en die val van die Sowjetunie in 1991 het gelei tot samesprekings in Madrid oor die Israel-Palestynse kwessie gedurende Oktober 1991. Aangesien Israel geweier het dat `n aparte Palestynse afvaardiging deelneem aan die gesprek, het die Palestyne uiteindelik as deel van die Jordaniese afvaardiging aan die samesprekings deelgeneem. Israel

het verder daarop aangedring dat Jerusalem nie op die konferensie se agenda geplaas word nie (vgl Chapman 2004:177). Dié Amerikaansgeleide inisiatief onder aanvoering van president Bush en staatsekretaris James Baker, het gelei tot `n driedaagse konferensie in Madrid waar sake soos Resolusies 242 en 338 van die VN se Veiligheidsraad en die grond-vir-vrede-formule bespreek is (vgl Chapman 2003:35). Hoewel geen ooreenkoms bereik is nie, is onderneem om voort te gaan met die gesprekke: "Although the conference set up a process of continuing and negotiations between Israel and the Palestinians, the slow process was eventually overtaken by the secret negotiations which culminated in the Oslo Accord" (Chapman 2004:177).

- Die Oslo-Vredesverdrag (1993)

Terwyl die Madridproses aan die gang was, het geheime onderhandelinge in Desember 1992 met die Noorweegse regering as bemiddelaar, `n aanvang geneem. `n Ooreenkoms is op 13 September 1993 onderteken deur die Israelse premier, Yitzak Rabin en PLO leier, Jasser Arafat. Die ondertekeningseremonie het onder leiding van president Bill Clinton by die Withuis in Washington plaasgevind. Die ooreenkoms het voorsiening gemaak vir die daarstelling van `n Palestynse owerheid in Gasa en Jerigo wat gevolg sou word deur `n geleidelike onttrekking van Israelse magte en die oorhandiging van beheer aan die Palestyne. Aspekte soos Joodse nedersettings in die Wesbank en Gasastrook, die status van Jerusalem en die reg op terugkeer van Palestynse vlugtelinge is vir `n latere bespreking gelaat (vgl Chapman 2003:35).

Besware uit beide Joodse en Palestynse geledere teen dié verdrag het gelei tot verdere geweld: "... from the beginning of the Oslo peace process, there were radical elements on both sides that believed any kind of agreement was treason, and they attempted to force talks to a stop by acts of terror" (Price 2001:125). Ten spyte van weerstand onttrek Israel in Mei 1994 uit gedeeltes van die Gasastrook en Jerigo waarna Arafat sy hoofkwartier op 1 Julie 1994 na Gasa verskuif. Voortdurende beskuldigings tussen Israel en die Palestyne oor die nie-nakoming van bepalings en tydskale daarin vervat, het voortgeduur. Die status van Jerusalem, soos in elkeen van die vorige samesprekings en telkens hierna, het ook in die Oslo-Vredesverdrag die struikelblok in die vredesonderhandelinge gebly: "Ultimately, the peace process was doomed from the start because of irreconcilable positions over the status of Jerusalem" (Price 2001:125).

- Die Israel-Jordaniese Vredesverdrag - Kaïro (1994)

Na geheime onderhandelinge tussen die Israelse en Jordaniese regerings, is `n vredesverdrag op 26 Oktober 1994 tussen die eerste ministers van Israel en Jordanië, president Clinton en die Russiese minister van buitelandse sake onderteken. Met hierdie verdrag het beide Israel en Jordanië mekaar se reg "... to live in peace within secure and recognised boundaries" (Chapman 2003:36), erken.

- Oslo II (1995)

In September 1995 het Jasser Arafat en Yitzak Rabin teruggekeer na die Withuis om die Tussentydse Ooreenkoms oor die onttrekking uit die Wesbank en Gasastrook te onderteken. Die ooreenkoms het `n tydskedule ingesluit waarvolgens Israel uit gedeeltes van die Besette Gebiede sou onttrek. Hierdie gebiede sou in `n A, B en C sone verdeel word met Area A wat ten volle deur die Palestynse Owerheid beheer word, Area B wat onder Palestynse burgerlike, maar Israelse militêre beheer sou staan terwyl Area C onder volle Israelse beheer gebly het (vgl Ellisen 2003:104). Hierdie ooreenkoms is nie universeel deur die Jode of die Palestyne aanvaar nie. Binne twee maande is Rabin in `n sluipmoordaanval dood en is Benjamin Netanyahu as sy opvolger in Mei 1996 aangewys. Netanyahu se suksesvolle verkiesingsveldtog, waarin hy beloof het om sterker teen Arafat op te tree, het gevolglik daartoe gelei dat geen verdere ontmoetings in die daaropvolgende vier maande tussen hom en Arafat plaasgevind het nie. Hierdie optrede het die spanning tussen Israel en die Palestyne verhoog (vgl Ellisen 2003:104). Onder Netanyahu se bewind begin Israel toenemend teenkanting toon teen die idee van `n onafhanklike Palestynse staat (vgl Chapman 2003:36).

- Wye River Memorandum (1998)

As gevolg van die eskalering in die konflik het die VSA weer tot die onderhandelingsproses toegetree. In Oktober 1998 ontmoet die Israeli's en die Palestyne president Bill Clinton in Maryland en stel hulle die Wye River Memorandum op. Vorige beloftes is herbevestig terwyl die gefaseerde Israelse onttrekking gekoppel is aan spesifieke Palestynse aksies en optredes. Ellisen (2003:105) verduidelik dat die memorandum `n ander belangrike gevolg gehad het: "... the agreement increased the role of the United States in monitoring the compliance of both parties".

- Sharm el-Sheikh Memorandum (1999)

Die Sharm el-Sheikh Memorandum was `n poging om die onderhandelinge tussen Israel en die Palestynse Owerheid wat intussen `n dooiepunt bereik het, weer op dreef te kry. Die memorandum is op 4 September 1999 in Sharm el-Sheikh in Egipte, deur die premier van Israel, Ehud Barak en die PLO-voorsitter, Jasser Arafat, onderteken. Die VSA se staatsekretaris, Madeleine Albright het toegesien dat die proses vlot verloop terwyl die memorandum mede-onderteken is deur Egipte se president, Hosni Mubarak en koning Abdullah van Jordanië. Die ooreenkoms het die volgende stappe ingesluit: "Israeli withdrawal from a further 11% of the West Bank; the release of 350 Palestinian prisoners; the opening of safe passages between the West Bank and Gaza; and a seaport to be built in Gaza. There was also a timetable for final

status talks to deal with Jerusalem, borders, refugees and settlements. A framework agreement on permanent status (FAPS) was to be achieved by February 2000 and permanent agreement by September 2000" (*Sharm el-Sheikh Memorandum (1999).* http://en.wikipedia.org/wiki /Sharm_e-Sheikh_memorandum).

- Camp David II (2000)

In Julie 2000 het president Clinton die Israelse premier, Ehud Barak en PLO-voorsitter, Jasser Arafat na Camp David genooi vir gesprekke om `n finale ooreenkoms te bereik. Arafat het Barak se aanbod om 90% van die Besette Grondgebied, insluitend Oos-Jerusalem, aan die Palestyne te gee, van die hand gewys. Die Ou Stad in Jerusalem waar die Tempelberg geleë is, het die struikelblok gebly en geen ooreenkoms is bereik nie.

4.4.2 Vredespogings vanaf Camp David II (2000) tot die Annapolis-konferensie (2007)

In Oktober 2000 breek die Tweede Intifada onder die Palestyne uit waarna verdere vredesonderhandelinge volg.

- Die Clinton-voorstelle (2000) en Taba (2001)

Na die mislukte Camp David-onderhandelinge, het president Clinton in Desember 2000 die volgende voorgestel: "... everything that is Arab to the Palestinians and everything that is Jewish to the Israeli's" (Chapman 2004:182). In Januarie 2001 het `n verdere gesprek by Taba, in Sinaï plaasgevind waar die drie onderhandelingsvennote president Clinton, Ehud Barak en Jasser Arafat nader aan die bereiking van `n ooreenkoms gekom het. Barak het egter die verkiesing in Israel `n maand later verloor en Ariel Sharon is as premier verkies. Sharon het geweier om die beginsels waaroor in Taba ooreengekom is, te aanvaar met die gevolg dat geen werklike vordering gemaak is nie.

- Die Padkaart-vir-vrede (2002)

`n Kwartet bestaande uit die Verenigde State van Amerika (VSA), die Europese Unie (EU), Rusland en die Verenigde Nasies (VN) het in 2002 `n plan, bekend as die Padkaart-vir-vrede ter tafel gelê in `n poging om die Israel-Palestynse konflik op te los. Op 24 Junie 2002 het die Amerikaanse president, George W. Bush, vir die eerste maal die moontlikheid van `n onafhanklike Palestynse staat wat in vrede langs die Staat Israel bestaan, ter tafel gelê (vgl *History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/ wiki/History_of_Palestine).

- Die Geneefse Ooreenkoms (2003)

Dié ooreenkoms is deur gematigde ondersteuners van Israel en die Palestyne oor `n periode van drie jaar in die geheim onderhandel. Volgens hierdie ooreenkoms word Jerusalem verdeel met Oos-Jerusalem as die hoofstad van die Palestynse staat en Wes-Jerusalem as die hoofstad van Israel. Die Tempelberg sal onder soewereine Palestynse beheer val asook die grootste gedeelte van die Ou Stad, terwyl die Klaagmuur en die Joodse gedeelte van die stad onder Israelse soewereiniteit bly (vgl Chapman 2004:183).

- Annapolis-konferensie (2007)

Dié Midde-Oosterse vredeskonferensie is op 27 November 2007 in Maryland in die VSA gehou. Behalwe vir die VSA, onder leiding van president George W. Bush en Condoleezza Rice, is die konferensie bygewoon deur die Palestynse President Mahmoud Abbas, Israelse premier Ehud Olmert, sowel as afgevaardigdes van Sjina, die Arabiese Liga, Rusland, die Europese Unie en die Verenigde Nasies. Tydens die konferensie is vir die eerste keer ooreengekom dat `n Twee-party-staat-oplossing die enigste weg is om die Israel-Palestynse konflik aan te spreek. `n Gesamentlike verklaring wat deur albei partye onderteken is, lui: “We agreed to immediately launch good faith, bilateral negotiations in order to conclude a peace treaty resolving all outstanding issues, including core issues, without exception, ..." en dat "The final peace settlement will establish Palestine as a homeland for the Palestinian people just as Israel is the homeland for the Jewish people” (*Annapolis Conference*. http://en.wikipedia.org/wiki/Annapolis Conference).

Ten spyte van die voortslepende geweld in die Midde-Ooste, het vredesonderhandelinge in die Israel-Palestynse konflik op die wêreld se politieke agenda gebly. Met Jasser Arafat se dood in 2004 en Mahmoud Abbas as `n meer aanvaarbare onderhandelingsvennoot vir die VSA en Israel, vind gesprekke steeds plaas. Die EU se posisie om langtermynvrede in die Midde-Ooste te bewerkstellig, word deur die meerderheid ondersteun en behels “... a two-State solution leading to a final and comprehensive settlement of the Israeli-Palestinian conflict based on implementation of the Road Map, with Israel and a democratic, viable, peaceful and sovereign Palestinian State living side-by-side within secure and recognised borders enjoying normal relations with their neighbours in accordance with UN Security Council Resolutions 242, 338, 1397, 1402, and 1515 and on the principles of the Madrid Conference” (*The Middle East Peace Process*. http://ec.europa.eu/external_relations/mepp /index.htm).


# 5. ISRAELSE EN PALESTYNSE DIVERSITEIT TEN OPSIGTE VAN GEOGRAFIE, ETNISITEIT, GODSDIENS EN SOSIO-POLITIEKE SITUASIE

Die diversiteit van die Israeli's en die Palestyne dra by om `n oplossing vir die konflik te bemoeilik.

## 5.1 GEOGRAFIESE VERDELING

Kaart 25 dui die geografiese verdeling aan van Israel en die Palestynse gebiede met laasgenoemde wat uit twee afsonderlike gebiede bestaan (http://www.globalpolicy.org/security/issues/israel-palestine/occupindex.htm).

**KAART 25: GEOGRAFIESE VERDELING VAN ISRAEL EN DIE PALESTYNSE GEBIEDE**




### 5.1.1 Israel

Israel is geleë aan die oostekant van die Middellandse See en word aan die noorde deur Libanon, die noord-ooste deur Sirië, die ooste en suid-ooste deur Jordanië en die suid-weste deur Egipte begrens. Die noordelike en suidelike grense is 424 km van mekaar terwyl die breedte van die land, op sy wydste punt, 114 km is. Voor die 1967-Oorlog het die gebied ongeveer 20,700 km² beslaan. Na die Sesdaagse Oorlog het Israel `n addisionele gebied van

7,099 km² beheer, wat die Wesbank, Oos-Jerusalem en die Golanhoogland insluit (vgl *Geography of Israel*. http://en.wikipedia.org/wiki/ Geography_of_Israel).

5.1.2 Palestynse gebiede

Die Palestynse gebiede bestaan uit die Wesbank en die Gasastrook wat sedert die Sesdaagse Oorlog deur Israel beheer word. Dit bestaan dus uit twee afsonderlike gebiede.

- Wesbank (Judea en Samaria)

Die Wesbank, wat in Bybelse tye as Judea en Samaria bekend gestaan het, beslaan `n oppervlakte van 5,860 km² waarvan 5,640 km² uit land en 220 km² uit water bestaan. `n Gedeelte van die Dooie See val binne die grense van die Wesbank wat deur Israel en Jordanië begrens word (vgl *Geography of the West Bank*. http://en.wikipedia.org/wiki/Geography of_the_West_Bank).

- Gasastrook

Die suidelike grens tussen Egipte en die Gasastrook is ongeveer 11 km lank terwyl die gebied vir 51 km aan Israel grens met `n 40 km kuslyn teen die Middellandse See. Die totale oppervlakte van die gebied beslaan ongeveer 360 km² (vgl *Geography of the Gaza Strip*. http://en.wikipedia.org/ wiki/Geography_of_the_Gaza_Strip).

5.2 ETNIESE EN GODSDIENSTIGE VERSPREIDING

5.2.1 Israel

Tabel 1 gee `n aanduiding van die etniese verdeling van Israel se bevolking van 6,990,900 volgens die Israelsensus van 2005 (vgl *Demographics of Israel*. http://en.wikipedia.org/wiki/ Demographics_of_ Israel#Population):

**TABEL 1: ETNIESE VERDELING VAN DIE ISRAELSE BEVOLKING**

| Etniese groep | Populasie | % van Totaal |
|---|---|---|
| Jode | 5,313,800 | 76.0% |
| Israel-Arabiere | 1,377,100 | 19.7% |
| Ongeaffilieerd | 300,000 | 4.3% |

Bogenoemde data sluit alle wettige Israelse burgers van die Staat Israel in. Jode, Moslems, Christene en ander burgers wat in gebiede bly wat deur die Palestynse Owerheid geadministreer word, is nie hierby ingesluit nie.

- Joodse Inwoners

Sowat 68% van die Jode in Israel is plaaslik gebore (*Sabras*) waarvan die meeste tweede of derde generasie Israeli's (Jode) is terwyl die res *(Olim)*, na Israel geïmmigreer het: 22% vanaf Europa en die Amerikas, 10% vanaf Asië, Afrika en Arabiese lande (vgl *Demographics of Israel.* http://en.wikipedia.org/wiki/Demographics_of_Israel#Population).

Jode word tradisioneel in die volgende groepe geklassifiseer, hoewel hierdie indeling al minder gebruik word as gevolg van assimilasie van en huwelike tussen die onderskeie groepe (vgl *Demographics of Israel.* http://en.wikipedia.org/wiki/Demographics_of_Israel#Population).

**TABEL 2: TRADISIONELE KLASSIFIKASIE VAN JODE**

| | |
|---|---|
| *Ashkenazi* | Jode wie se voorouers vanaf Duitsland, Frankryk en Oos-Europa afkomstig was. |
| *Sephardi* | Jode wie se voorouers in Spanje en Portugal gewoon het tot in 1492 waarna hulle na Griekeland, Italië, Engeland, Nederland en elders in Europa versprei het. |
| *Bené Roma* | Jode wie se voorouers hoofsaaklik in sentraal-Italië gewoon het |
| *Mizrahim* | Jode wie se voorouers in Arabiese- of Moslemlande soos Iran, Irak, Jemen en Sirië gewoon het. |
| *Beta Israel* van Ethiopië | Jode wat tydens Operasie Salomo en Operasie Moses na Israel gebring is. Sowat 100,000 woon vandag in Israel. |
| Indiese Jode | Jode vanaf vyf afsonderlike gemeenskappe in Indië en Burma wat elkeen sy eiesoortige afkoms het. |

- Israel-Arabiere

Die Arabiese populasie in Israel is saamgestel uit afstammelinge van diegene wat gedurende die 1948 Arabies-Israelse Oorlog binne Israelse grense agtergebly het. Verder word die getalle opgemaak uit Palestyne wat sedert 1993 na Israel geïmmigreer het sowel as Druse en Bedoeïene. Sowat 9% van Israeli-Arabiere is Christene uit verskeie denominasies waarvan die meeste Katoliek en Ortodoks is (vgl *Demographics of Israel.* http://en.wikipedia.org/wiki/Demographics_of_Israel#Population). Ongeveer 71% van die Arabiese populasie woon in 116 verskillende gebiede binne Israel waar hulle die meerderheid uitmaak. Van die oorblywende

29% woon 24% in stede soos Jerusalem, Haifa, Tel-Aviv en Lod waar Jode weer in die meerderheid is. Die oorblywende 5% is Bedoeïengemeenskappe (4%) wat in die Negeb woonagtig is, terwyl die oorblywende 1% in areas woon wat bykans heeltemal Joods is. Die dorp met die grootste Arabiese populasie is Nasaret (vgl *Jewish Virtual Library - Statistics Regarding Israeli Arabs*. http://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/Society_&_Culture/israeli arabs.html).

- Ander (ongeaffilieerd)

Die oorblywende 4.3% of ongeveer 300,000 wat die res van Israel se bevolking uitmaak, bestaan uit nie-Joodse immigrante.

Tabel 3 gee `n aanduiding van die verskeidenheid gelowe wat in Israel aangetref word (vgl *Jewish Virtual Library - Statistics Regarding Israeli Arabs*. http://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/Society_&_Culture/israeliarabs.html):

**TABEL 3: GODSDIENSTIGE VERDELING IN ISRAELSE GEBIEDE**

| Godsdiens | Populasie | % van Totaal |
|---|---|---|
| Joods (Judaïsme) | 5,313,800 | 76.0% |
| Moslem (Islam) | 1,140,600 | 16.3% |
| Christen (Christelike geloof) | 146,000 | 2.1% |
| Druse (Islam vertakking) | 115,200 | 1.7% |
| Ongeklassifiseerd deur eie keuse | 272,200 | 3.9% |

5.2.2 Palestynse gebiede

Tabel 4 gee `n aanduiding van die etniese en godsdienstige verspreiding van die inwoners van die Palestynse gebiede soos verskaf deur die CIA *World Fact Book* van 2006 en onlangse hersienings wat daarop gevolg het (vgl *Demographics of the Palestinian territories.* http://en.wikipedia.org/wiki/Demographics_of_the_Palestinian_territories). In dié syfers is sowat 267,163 Israelse setlaars wat in die Wesbank woon en meer as 200,000 Israeli's in Oos-Jerusalem, ingesluit.

.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 4: ETNIESE EN GODSDIENSTIGE VERSPREIDING VAN INWONERS IN PALESTYNSE GEBIEDE**

| Gebied | Populasie | Etniese groepe | Godsdienstige verdeling |
|---|---|---|---|
| Wesbank | 2,535,927 | 83% Palestynse Arabiere en andere (Koerde, Sjarkasiër, Armeens)<br><br>17% Jode | 75% Moslem (hoofsaaklik Soenni)<br>17% Joods<br>8% Christene en ander<br>*Indien nie-burgers van die Palestynse Owerheid uitgesluit word:*<br>90.1% Moslem<br>9.8% Christene<br>0.1% Joods |
| Gasastrook | 1,080,000 | 99.4% Palestynse Arabiere en andere<br>0.6% Jode | 98.7% Moslem (hoofsaaklik Soenni),<br>0.7% Christene<br>0.6% Joods |

## 5.3 DIE SOSIO-POLITIEKE SITUASIE IN ISRAEL

### 5.3.1 Sosiale omstandighede

Humanitêre en maatskaplike omstandighede in Israel en veral die Palestynse gebiede is swak. Israelse inwoners leef in vrees vir selfmoordbomaanvalle wat die afgelope aantal jare die lewens van groot getalle burgerlikes geëis het terwyl dorpe soos Sderot daagliks deur *Scud* missiele geteiken word. In Gasa en die Wesbank is die lewensomstandighede van Palestynse burgerlikes haglik. Geweld en Israelse militêre optrede in die gebied het nie alleen die infrastruktuur beskadig en menselewens geëis nie, maar die gereelde sluiting van grensposte verhinder Palestyne om Israel binne te gaan, `n inkomste te verdien en voedsel en mediese voorrade aan te vul. Volgens die VN is verwag dat die werkloosheidsyfer van 23% in 2005 tot 29% in 2006 sou toeneem terwyl Palestyne wat in armoede leef en op 44% beraam is, in 2006 sou toeneem tot 67% (vgl *2006 Lebanon War.* http://en.wikipedia.org/ wiki/2006_Lebanon_War). Die onwaarskynlikheid van `n oplossing in die nabye toekoms lei daartoe dat veral die Palestynse jeug, toenemend aansluit by organisasies soos Hamas, Fatah en die Jihad-beweging.

### 5.3.2 Politieke situasie

Stabiliteit en vrede in die Midde-Oosterse streek is vir die wêreld, veral vir Westerse moondhede, van groot belang weens hul afhanklikheid van Midde-Oosterse olievoorrade. Verskeie wêreldmoondhede speel gevolglik `n prominente rol in die politieke gebeure in die Midde-Ooste.

Die Padkaart-vir-vrede wat deur die Kwartet (VSA, EU, Rusland en die VN) opgestel is, het ten doel gehad om die vlaag van geweld en lewensverlies in Israel te beëindig. Jasser Arafat, leier van die PLO, is deur beide Israel en die VSA as `n onwaardige onderhandelingsvennoot en `n struikelblok tot die totstandkoming van `n Palestynse staat gesien. Mahmoud Abbas, tweede-in-bevel van die PLO, is hierna met Arafat se instemming, as premier aangestel. Aangesien Abbas nie dieselfde invloed en steun onder die Palestyne as Arafat geniet het nie, kon hy nie daarin slaag om die terroriste organisasies te laat ontbind of die geweld stop te sit nie.

Israel, onder leiding van Sharon, het in weerwil van die voorwaardes van die Padkaart-vir-vrede voortgegaan om nuwe nedersettings in die Besette Gebiede op te rig in reaksie op die voortslepende geweld op Israeli's. Beide partye het mekaar beskuldig van die nie-nakoming van die vredesvoorwaardes en hul optredes daarvolgens geregverdig. Israel het voortgegaan om die leierskap van Hamas en ander terroriste organisasies te teiken en in Maart 2004 is sjeik Ahmed Yassin, stigter en geestelike leier van Hamas in `n sluipmoordaanval dood. Sy opvolger is binne enkele maande daarna in `n aanval deur Israel gedood (*Palestinian State (proposed).* http://www.infoplease.com/ipa/A0776421.html).

Sedert die begin van die Tweede Intifada in 2000, het die veiligheidsituasie in Israel en die Palestynse gebiede versleg. Die toename in Palestynse selfmoordbomaanvalle op Israelse burgers het gelei tot verskerpte teenaanvalle deur die Israelse weermag. Geweld en terreuraanvalle deur Hamas en die Al-Aksa-Martelbrigade het voortgeduur. Palestyne wat daagliks deur die grensposte beweeg het om in Israel te werk, het die risiko van aanvalle op Israelse burgerlikes verhoog. In 2004 het die Israelse regering gevolglik sy planne om `n veiligheidsmuur wat Israel sou skei van die Palestynse gebiede, aangekondig. Kritiek teen die muur is vanuit verskeie oorde uitgespreek. Volgens die VN sou Israel met die oorspronklike roete, ongeveer 15% van die Wesbank by sy grondgebied byvoeg. In Julie 2004 het Israel sy beplande roete aangepas en in Mei 2005 het die Israelse regering die roete goedgekeur (vgl *Palestinian State (proposed).* http://www.infoplease.com/ipa/A0776421.html).

Met Arafat se dood in 2004, het die politieke situasie in die Palestynse gebiede positief verander. Na Abbas se verkiesing as president is `n skietstaking onderhandel en het die onttrekking van Joodse setlaars uit Gasa en die Wesbank begin. Die Palestynse verkiesing tussen Hamas en Fatah in Januarie 2006 het gelei tot `n onverwagse oorwinning vir Hamas wat in verskeie Westerse lande as `n terroriste organisasie geklassifiseer is. Westerse befondsers het hul hulp aan die Hamas-geleide regering onttrek wat tot `n humanitêre krisis gelei het. Ten spyte van die skietstakingsooreenkoms, het terroriste groepe voortgegaan met aanvalle en die

oproep om die vernietiging van Israel (vgl *Palestinian State (proposed).* http://www.infoplease.com/ipa/A0776421.html).

In Junie 2006 is die jaarlange skietstilstand beëindig nadat Hamas twee Israelse soldate gedood en `n derde ontvoer het. Israel het met lugaanvalle gereageer, Gasa binnegegaan en die kragstasie, brûe en infrastruktuur vernietig terwyl verskeie Hamas amptenare in hegtenis geneem is (vgl *History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). Hamas het egter voortgegaan om missielaanvalle op Israelse dorpe te loods. Die onsuksesvolle pogings van Hamas en Fatah om `n eenheidsregering te vorm en onenigheid tussen die twee faksies, het in Desember 2006 gelei tot voorvalle van onderlinge geweld. In Maart 2007 is op `n koalisieregering ooreengekom hoewel belangrike verskille tussen die premier Ismael Haniya (Hamas) en president Mahmoud Abbas (Fatah) rakende Israel se voortbestaan, staking van terreuraanvalle en verbintenis tot vorige ooreenkomste, `n struikelblok gebly het. Onderlinge gevegte tussen Hamas en Fatah het toegeneem in Junie 2007 met Hamas wat beheer oor die Gasastrook geneem het. In reaksie hierop het president Abbas die regering ontbind, die premier Ismael Haniya afgedank en `n noodtoestand afgekondig. Salam Fayyad is as interim premier aangestel en in `n poging om Abbas te ondersteun, het die VSA en die EU hulp aan die Palestyne beloof. In November 2007 is tydens die Annapolis vredeskonferensie in Maryland, VSA ooreengekom dat `n Twee-party-staat die enigste weg is om die Israel-Palestynse konfliksituasie aan te spreek.

## 6. DIE GEOGRAFIESE POSISIE VAN ISRAEL EN DIE GLOBALE VERSPREIDING VAN DIE JODE


Die grondgebied van die Staat Israel waarop die meerderheid Jode aanspraak maak, is in die Midde-Ooste geleë. Baie Jode is egter nie in Israel woonagtig nie, maar globaal versprei. In hulle verspreiding wêreldwyd, ervaar Jode van die begin van die Joodse Diaspora verskillende vorme van vyandigheid.

### 6.1 DIE STAAT ISRAEL AS DEEL VAN DIE MIDDE-OOSTERSE STREEK

Die realiteit en kompleksiteit van die omstandighede waarbinne Israel as `n Joodse staat wat omring is deur Moslemlande, voortbestaan op `n stuk grond wat beskryf word as "... the most contested piece of real estate in the world" (Reekie 1993:10), bemoeilik die soeke na `n oplossing vir vrede in die streek. Israel beslaan `n klein oppervlakte in `n oorwegend Islamitiese streek: "The Arab League comprises 21 separate Islamic states spanning an area of more than 5,000,000 square miles. Israel by contrast consists of only one state of 9,000 square miles" (Price: 2001:114).

Kaart 26 dui Israel se posisie aan ten opsigte van die Moslemlande in die Midde-Ooste (Price 2001:114).

**KAART 26: ISRAEL SE POSISIE IN DIE MIDDE-OOSTE**




## 6.2 JOODSE TEENWOORDIGHEID WÊRELDWYD

Nie net die meerderheid Jode in Israel nie, maar ook die meerderheid Jode wat oor die wêreld versprei is, ondersteun die vestiging en bestaan van `n Joodse staat in Israel. Die meeste Jode (meer as 80%) is in Israel en die VSA woonagtig, terwyl kleiner Joodse gemeenskappe regoor die wêreld gevind word (vgl Falcon and Blatner 2001:9). Joodse gemeenskappe in Amerika, Europa en Suid-Afrika word kortliks bespreek.

### 6.2.1 Die Joodse gemeenskap in Amerika

In die middel van die negentiende eeu het ongeveer 50,000 Jode in Amerika gewoon waarvan 16,000 in New York gebly het. Vyftig jaar later het die totale Joodse populasie op ongeveer 1 miljoen gestaan (vgl *The American Jewish Experience in the Twentieth Century: Antisemitism and Assimilation.* http://www.nhc.rtp.nc.us/tserve/twenty/tkeyinfo/jewishexp.htm). Immigrasie

vanaf veral Oos-Europa na Amerika was die hoofrede vir die skerp styging in Joodse getalle. Die twintigste eeu het weer `n toename van Joodse immigrante na Amerika gekenmerk. Tussen 1900 en 1924 het 1,750,000 Jode na Amerika geïmmigreer wat die persentasie van minder as 1 persent na 3½% van die Amerikaanse bevolking opgestoot het. Tydens die Eerste Wêreldoorlog het dié immigrasiegety afgeneem en het die plaaslik-gebore Joodse bevolking gegroei.

Nadat baie Europese Joodse gemeenskappe in die Tweede Wêreldoorlog vernietig is, het die Amerikaans-Joodse gemeenskap die grootste, welvarendste en polities invloedrykste Joodse gemeenskap ter wêreld geword. Kleiner Joodse gemeenskappe elders in die wêreld, het toenemend na die Amerikaans-Joodse gemeenskap opgesien vir leiding en ondersteuning. Met die totstandkoming van die Staat Israel in 1948 het dié staat die fokuspunt van die Amerikaanse Jodedom geword asook die simbool waarom die Amerikaans-Joodse gemeenskap verenig het. Die Sesdaagse Oorlog in 1967 en vrese van `n tweede *Holocaust* het daartoe gelei dat finansiële bydraes aan Israel asook die getal Jode wat besluit het om hulle permanent in Israel te gaan vestig, skerp gestyg het (vgl *The American Jewish Experience in the Twentieth Century: Antisemitism and Assimilation.* http://www.nhc.rtp.nc.us/tserve/twenty/tkeyinfo/jewishexp.htm). Dié oorlog het `n patriotiese herlewing onder Amerikaanse Jode tot gevolg gehad en Sionisme het `n sentrale plek in die lewens van baie Amerikaanse Jode begin inneem. Teen die begin van 2002 het die geskatte Joodse wêreldpopulasie op 13,300,000 gestaan (vgl *British Mandate of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/british_mandate_of_palestine). In 2006 het statistieke aangetoon dat die meerderheid Jode in Israel woon (5,313,800 of 40.6%) terwyl 40.3% of 5,275,000 in die VSA woonagtig is met 373,500 of 2.9% in Kanada (vgl *The Jewish Population of the World*. http://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/Judaism/jewpop.html).

### 6.2.2 Die Joodse gemeenskap in Europa

Europa, insluitend die Asiatiese gedeelte van die Russiese Republiek en Turkye, huisves ongeveer 11.5% (of 1.5 miljoen) van die totale Joodse wêreldbevolking waarvan twee derdes in Wes-Europa woon. Frankryk huisves naas Amerika en Israel die grootste aantal Jode terwyl die Verenigde Koninkryk die land met die vierde grootste Joodse populasie is met 297,000 of 2.3% Jode. In lande wat aan die Europese Unie behoort, het die Joodse populasie in 2002 op 1,046,600 of 8% gestaan (vgl *The Jewish Population of the World*. http://www.jewishvirtuallibrary .org/jsource/ Judaism/jewpop.html).

### 6.2.3 Die Joodse gemeenskap in Suid-Afrika

Suid-Afrika het die grootste Joodse gemeenskap in Afrika en die twaalfde grootste in die wêreld (vgl *British Mandate of Palestine*. http://en.wikipedia.org/wiki/british_mandate_of_palestine).

Hoewel daar steeds `n groot Joodse gemeenskap in Suid-Afrika bestaan, het getalle in die laaste 25 jaar skerp afgeneem. In 1980 was daar sowat 120,000 Jode in Suid-Afrika terwyl die sensus van 2002 aangetoon het dat hierdie getalle afgeneem het tot 85,000. Die afname in Joodse getalle het vanaf 1994 skerp toegeneem. Volgens 2006 se statistieke is daar ongeveer 72,000 (0.6%) Jode in Suid-Afrika wat verspreid oor die land woon (vgl *The Jewish Population of the World*. http://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/Judaism/jewpop.html). Hoewel dié emigrasie die Joodse gemeenskap in Suid-Afrika verswak het, bly hulle `n hegte en goed-georganiseerde gemeenskap met `n eie gevestigde onderwys- en welsynsnetwerk. Die *South African Jewish Board of Deputies* (SAJBD) sien om na die belange van die Joodse gemeenskap en hul regte as inwoners van Suid-Afrika.

## 6.3 SEMITISME, ANTISEMITISME EN ANTI-SIONISME

Met die totstandkoming van die Staat Israel het antisemitisme, onder die dekmantel van anti-Sionisme, van die Westerse wêreld grootliks verskuif na die Midde-Ooste. Waar antisemitisme voorheen teen groepe Jode en individue gemik was, het alle Jode kollektief nou die teiken geword. Israel en Jood het vanuit `n Moslemperspektief sinonieme geword en gelei tot slegs `n teoretiese onderskeid in die terme anti-Sionisme en antisemitisme (vgl *The Arab-Israeli Conflict*. http://www.brfwitness.org/Articles/2002v37n6.htm). Die noue band tussen die land Israel en die Joodse godsdiens is duidelik te sien wanneer die Moslemwêreld sy aanvalle op Jode in en buite Israel regverdig. Sterk gevoelens teen Jode en gepaardgaande voorvalle van antisemitisme kom wêreldwyd voor. Dié verskynsel is `n inherente deel van die Joodse konteks, die Joodse geskiedenis en van Jood-wees vandag.

### 6.3.1 Semitisme, anti-Semitisme en antisemitisme

Die begrip Semities dui die taalverwantskap aan van die veronderstelde afstammelinge van die seuns van Sem (Noag se oudste seun). Die Semiete verteenwoordig nie soseer `n kulturele groep nie, maar eerder `n taalgroepering. Semitiese tale word ingedeel in drie groepe: die Akkadiese tale wat die oosterse vertakking insluit; die Arabiese tale wat primêr die suidelike vertakking insluit en Kanaänities, Hebreeus, Ugarities, Aramees en die ander wat saam die noordwestelike vertakking uitmaak (vgl Van der Watt 2003:1079). Dit veronderstel dat Semiete na meer as een volk verwys en kan die benaming dus nie beperk word tot `n verwysing na die Joodse volk alleen nie.

Die begrip anti-Semitisme vind uitdrukking in `n gesindheid, optrede of beweging wat gemik is teen die Semiete en dus van toepassing is op alle volke binne die Semitiese taalgroeperinge. Anti-Semitisme binne sy huidige konteks het egter sy oorsprong in 1879 in Duitsland gehad toe

Wilhelm Marr die woord gebruik het as eufemisme vir *Judenhass* wat haat teen Jode beteken (vgl *An Answer to the New Anti-Zionists: The Rights of the Jewish People to a Sovereign State in their Historic Homeland.* http://www.jcpa.org/jl/vp507.htm en Falcon en Blatner 2001:198). Vanuit Arabiese kringe word die standpunt dikwels gehoor: "... we cannot be anti-Semitic because we ourselves are Semites" (*Early Arab-Jewish Conflict*. http://www.israelipalestinianprocon.org).

Indien die oogmerk is om na `n anti-Joodse sentiment of -beweging te verwys, moet daar dus eerder van antisemitisme, wat sinoniem geword het vir anti-Joods, gepraat word.

6.3.2 Antisemitisme en anti-Sionisme

Anti-Sionisme word gesien as `n beskouing waarin mense hulle uitspreek teen die totstandkoming en bestaan van die Staat Israel. Ondersteuners hiervan word nie net in Arabiese geledere gevind nie, maar kom voor onder bykans alle nasies en volke. Ook binne Joodse geledere is daar `n groot groep Jode wat hulle sterk uitspreek teen Sionisme en die aanname verwerp dat om Joods te wees, impliseer dat `n persoon `n Sionis is en noodwendig `n sekere lojaliteit teenoor die Staat Israel het (vgl *Jews Opposed to Zionism*. http://www.jewsnotzionists.org/).

Die term antisemitisme word vandag dikwels verwar met die term anti-Sionisme. Met die totstandkoming van die Staat Israel in 1948 het `n skielike toename in antisemitisme (of anti-Joods), veral uit die omliggende Arabiese volke gevolg wat die onderskeid tussen anti-Sionisme en antisemitisme laat vervaag het. Die noue koppeling tussen die Staat Israel en Jood-wees veroorsaak dat die gebeure in Israel direk verbind word met die Jode. Hoewel daar teoreties `n verskil is, is die enigste twee groepe wat wel `n onderskeid maak tussen die twee begrippe, die Joodse anti-Sioniste en Christen-Sioniste.

Joodse anti-Sioniste distansieer hulle enersyds weens godsdienstige redes of andersyds weens sekulêr-humanistiese redes van die gebeure in Israel omdat hulle die teiken word van antisemitiese aanvalle bloot omdat hulle Joods is (vgl *Jews Opposed to Zionism*. http://www.jewsnotzionists.org/). Die tweede groep, Christen-Sioniste, maak die onderskeid omdat hulle slegs dié gedeelte van Sionisme ondersteun wat Bybels gefundeer kan word. Die *Zionist Federation* verskil egter hiervan: “We totally dissociate ourselves from [the] assertion that anti-Zionism is distinct from anti-Semitism. We dare not fall into the same trap as our archenemies, who claim that anti-Zionism is not anti-Semitism. They are one and the same thing.” (Shimoni 2003:251). Antisemitisme kom wêreldwyd en in die meeste Westerse lande voor.

6.3.3 Antisemitisme in Amerika

`n Opname in 2002 deur die *Anti-Defamation League* (ADL) het `n styging in antisemitisme onder Amerikaners aangetoon (vgl *History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine). In Amerika het aanvalle op Jode en Joodse instansies in die eerste vyf maande van 2002 met 11% toegeneem. `n Aspek wat uitgestaan het, is dat anti-Israel gevoelens oorspoel in antisemitisme. Onderliggend aan dié toename is die persepsie dat Amerikaanse Jode te veel seggenskap in Amerika se beleid oor die Midde-Ooste het, dat die Amerikaanse beleid Israel bevoordeel en dat Amerika se ondersteuning aan Israel, die land en sy inwoners `n groter teiken vir terrorisme-aanvalle maak. Dit lei daartoe dat `n segment binne die Amerikaanse bevolking, antisemitisme in hul eie denke rasionaliseer en regverdig.

Bevindinge oor haat teenoor Jode (antisemitisme) onder sekere groeperinge van die Amerikaanse bevolking, word in Tabel 5 aangetoon (*History of Palestine.* http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine).

**TABEL 5: ANTISEMITISME ONDER DIE AMERIKAANSE BEVOLKING**

| **Sterk antisemities:** | |
|---|---|
| Totale Amerikaanse bevolking | 17% |
| Spaanse Amerikaners | 35% |
| * Buitelands-gebore Spaanse Amerikaners | 44% |
| * Plaaslik-gebore Spaanse Amerikaners. | 20% |
| Afro-Amerikaners | 35% |
| Amerikaanse Kollege en Universiteitstudente | 3% |

6.3.4 Antisemitisme in Europa

Volgens `n verslag wat op 31 Maart 2004 deur die VN se liggaam wat antisemitisme monitor, die EUMC, gepubliseer is, het antisemitiese aanvalle in Europa oor die afgelope aantal jare skerp toegeneem. Hiervolgens het die toename in antisemitiese optredes hoofsaaklik in vyf VN lidlande voorgekom: Frankryk, Duitsland, Nederland, België en die Verenigde Koninkryk. In Frankryk wat die hoogste verhouding van Moslems tot Jode het (6,000,000 tot 600,000) het, het voorvalle van antisemitisme en gepaardgaande aanvalle teen Jode en Joodse instellings sesvoudig toegeneem vanaf 2001 tot en met 2002 (vgl *The Historical Origins of Christian Zionism*. www.christianzionism.org).

Die meeste propagandaveldtogte teen Jode in Europa is gemik teen Israel as Joodse staat en nie direk teen Joodse individue nie. Die noue verband tussen Israel en Jood-wees, veroorsaak dat anti-Israelse gevoelens en anti-Israelse optredes dikwels oorspoel na individuele Jode, Joodse instellings en Joodse gemeenskappe. `n Nuwe term Sionazisime, het ontstaan wat die

tendens beskryf waar Wes-Europese lande, wat self deel gehad het aan die Nazi-oorlog teen die Jode (Nazisme), nou ondersteuners van Israel en hul strewe om die Joodse staat se voortbestaan te verseker (Sionisme), geword het. Sodanige ondersteuners word dan met Hitler en sy volgelinge vergelyk en veroordeel (vgl *Quartet Roadmap to Israeli-Palestinian Peace*. http://www.mideastweb.org).

### 6.3.5 Antisemitisme in Suid-Afrika

Hoewel die voorkoms van antisemitisme in Suid-Afrika, in vergelyking met sekere ander lande in die wêreld relatief laag is, is `n skerp toename in die aantal gevalle oor die afgelope tyd aangemeld. Vreedsame protesoptogte het plek gemaak vir meer gewelddadige optredes. Vandalisme en skendings van Joodse eiendom het voorgekom terwyl teistering van individue en instansies in die vorm van haatpos, verbale aanvalle, haatspraak in die openbaar en telefoondreigemente ook aangemeld is (vgl *What is the Palestinian Covenant*? http://www.gotquestions.org/Palestinian-covenant.html). Verder is antisemitiese opmerkings oor die radio van tyd tot tyd aangemeld terwyl die Internet die openbare medium geword het wat die grootste toename in antisemitisme getoon het. Die *South African Jewish Board of Deputies* (SAJBD), tesame met die *SA Zionist Federation* (SAZF), het `n Media-Reaksiespan op die been gebring wat die voorkoms van antisemitisme op alle vlakke, insluitend kritiek teen Israel, monitor en aanspreek.

## 7. SAMEVATTING

Jode maak ook op politieke gronde aanspraak op die land Israel. Na die beëindiging van Ottomaans-Turkse beheer oor die Palestynse gebied en die beëindiging van die Britse mandaatbeheer, het die Staat Israel tot stand gekom.

Verskeie politieke gebeure buite die land het die Partisieplan voorafgegaan. Vervolging van Jode en uitsettings uit verskeie lande het gelei tot die ontstaan van die Sioniste beweging en die soeke na `n veilige Joodse staat. Wêreldmening het gedurende die Tweede Wêreldoorlog ten gunste van die Jode gedraai met die onmenslike vervolging van die Jode deur die Duitsers. Daar is gevoel dat die Jode geregtig was op `n veilige, nuwe toekoms in `n onafhanklike staat in Palestina. Verskeie Joodse en Christen-Sioniste het `n belangrike aandeel gehad in die totstandkoming van die nuwe staat. Met die beëindiging van die Britse Mandaat op 14 Mei 1948, is die nuwe Staat Israel afgekondig.

Hoewel die Jode polities gesproke in 1948 beheer oor die land Israel verkry het, was dit nie die selfstandige, ekonomiese staat waarop hulle gehoop het nie. Reeds onder die Britse Mandaat het konfrontasie tussen die Jode en Arabiere in die gebied toegeneem en Israel se Arabiese bure wat nie die nuwe Joodse staat wou aanvaar nie, het kort na die afkondiging hul magte ontplooi. Hoewel Israel daarin geslaag het om sy onafhanklikheid teen Jordanië, Sirië, Egipte, Libanon en Irak te verdedig en ook hul grondgebied uit te brei, moes hy daarna in verskeie oorloë weer die landsgrense teen sy Arabiese bure verdedig. Die Palestyne, woonagtig binne die grense van die Staat Israel, het ook in opstand gekom en weerstandsorganisasies soos die PLO, Fatah, Hamas, en so meer gestig. Dit was duidelik dat `n militêre oplossing nie vrede in die Staat Israel kon bewerkstellig nie. Vredesonderhandelinge wat gelei het tot verskeie vredesverdrae soos die Camp David-verdrag (1978), die Padkaart-vir-vrede (2002) en die Geneefse Ooreenkoms (2003), kon ook nie permanente vrede daar stel nie.

Geografies gesien bestaan die gebiede onder Israelse beheer hoofsaaklik uit Joodse inwoners wat Judaïsme beoefen, terwyl die Wesbank en Gasastrook hoofsaaklik uit Palestyne bestaan wat Moslems is en die Islamgeloof beoefen. Maatskaplik en humanitêr gesproke versleg beide die Jode sowel as die Palestyne se posisie: die Jode word voortdurend bedreig deur Palestynse selfmoordbomaanvallers en oorgrens-aanvalle vanaf hulle Moslem buurlande, terwyl die Palestyne verarm, werkloosheid toeneem en weerwraakaanvalle deur die Israelse weermag voortdurend plaasvind.

Geskiedenis, politiek en godsdiens is nou verweef in Israel en verhoog die kompleksiteit van die stryd in die Midde-Oosterse streek. Die belangrikheid van ryk oliebronne in die Midde-Ooste vir die res van die wêreld, lei daartoe dat vrede in die streek vir alle rolspelers belangrik is. Israel word op ekonomiese en militêre gebied sterk ondersteun deur die VSA terwyl die groot aantal Joodse inwoners in die VSA ook toesien dat Amerika `n belangrike rol bly speel in die gebied. Verder geniet Israel die ondersteuning van Christene uit verskillende denominasies in verskeie lande. Die Palestyne daarenteen geniet die ondersteuning van hul Moslembuurlande asook Moslems wêreldwyd wat Palestynse aansprake op die land ondersteun.

Hoewel Jode wêreldwyd woonagtig is, word die grootste getalle in Israel en Amerika aangetref. Die gebrek aan onderskeid tussen anti-Sionisme en antisemitisme lei tot toenemende aanvalle op Jode wêreldwyd. Vredesonderhandelinge tussen Israel en die Palestyne het die hoop laat ontstaan dat antisemitisme sou afneem, maar in baie gevalle het dit tot `n toename in vyandigheid gelei. Frustrasie onder veral Palestyne, sover dit sigbare vordering en verbetering in hul daaglikse omstandighede betref, het veroorsaak dat antisemitisme veld gewen en nuwe

hoogtes bereik het. Vrede en stabiliteit blyk slegs moontlik te wees indien `n eie onafhanklike Palestynse staat tot stand sou kom. Hierdie proses is steeds aan die gang, maar struikelblokke soos die posisie van Jerusalem, die terugkeer van Palestynse vlugtelinge, grense van so `n staat, onenigheid tussen die Palestyne en so meer, belemmer vordering.

# HOOFSTUK 7

# CHRISTELIK-TEOLOGIESE OORWEGINGS EN BEVINDINGE MET BETREKKING TOT JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL

## 1. INLEIDING

Wanneer Christelik-teologiese sieninge oor Joodse aansprake op die land Israel beredeneer word, moet `n verskeidenheid van Christelike sieninge verreken word. Onder Christene bestaan uiteenlopende menings oor die bestaansreg van die Staat Israel, Joodse aansprake op die grondgebied, die rol en plek van Israel en die Jode in die Eindtyd en selfs oor die nodigheid al dan nie van evangelisasiewerk onder Jode. Die rol wat die Staat Israel en veral die stad Jerusalem in die konteks van die Eindtydgebeure speel, is maar enkele voorbeelde in die kontroversiële debat. Vir baie Christene is die nuwe Jerusalem waarvandaan God gaan regeer, "... simbolies [van] die toekomstige tuiste van God se kinders" (Vosloo en Van Rensburg 1993:1998) en hou dit nie enige verband met die fisiese stad Jerusalem, in die Staat Israel, nie. Ander weer sien die totstandkoming van die Staat Israel in 1948 as `n vervulling van Bybelprofesieë en deel van God se groter plan vir die wêreld. Hulle glo dat Jerusalem en die land Israel `n belangrike deel vorm van die konteks waarbinne die gebeure van die Eindtyd en die wederkoms van Christus gaan plaasvind.

In die voorafgaande hoofstukke is gekyk na Joodse aansprake op die land Israel op godsdienstige, historiese en politieke gronde. In `n Christelik-teologiese evaluering van hierdie aansprake is dit nodig om die twee breë denkrigtings binne die Christelike geloof, naamlik Christen-Sionisme en Vervangingsteologie, te ondersoek. Hoewel die eerste Kerk aanvanklik Joods was, het die lidmaatprofiel mettertyd verander soos die Evangelie deur nie-Jode aanvaar is. Die verhouding tussen die Kerk en die Jode het deur die eeue heen verswak en prominente figure binne die Christelike kerk, insluitend sommige van die kerkvaders, Martin Luther en andere, het `n bepalende rol gespeel in die vorming van kerklike standpunte oor die Jode. Die siening dat die Kerk die Jode as God se uitverkore volk vervang het, vorm die grondslag van die Vervangingsteologie en word vandag steeds in die meeste Protestantse kerke verkondig. Hierteenoor staan Christen-Sioniste wat hul standpunt bou op die ewigdurendheid van die verbondsbeloftes wat God aan Abraham en sy nageslag (wat volgens hierdie standpunt die hedendaagse Joodse volk insluit) gemaak het.

Addisioneel tot die Christelik-teologiese evaluering van die verskillende aansprake wat Jode op die land Israel maak, word `n alternatiewe blik op die konfliksituasie in die Midde-Ooste aangebied. Israel se oorspronklike taak om verlossing aan die wêreld te bring, word ondersoek. Daar word ook gekyk na `n dieperliggende oorsaak vir die gebeure in die Midde-Ooste asook die werkbaarheid van `n Twee-party-staat as oplossing vir vrede in die streek. Hierdie perspektief verteenwoordig nie `n algemene, amptelike standpunt namens die Kerk nie, maar poog om meer lig op die saak te werp om sodoende tot `n beter verstaan te kom van die rol van die land Israel en die Joodse volk in die Midde-Oosterse konflik.

## 2. CHRISTENE, DIE JODE EN DIE LAND ISRAEL

In die godsdiens van `n postmoderne samelewing is Christene dit eens dat die bewaring van en toeganklikheid tot die historiese plekke wat verband hou met Jesus se aardse bediening in die land Israel, van groot belang is eerder as wat hulle aanspraak maak op spesifieke grondgebied binne Israel. Wat Christene se siening omtrent die Jode en hul aansprake op die land Israel betref, is daar egter uiteenlopende standpunte.

### 2.1 CHRISTELIKE BESKOUINGE OOR DIE JODE EN DIE LAND ISRAEL

In Christelike kringe kan twee breë denkrigtings oor Israel en die Jode onderskei word. Hierdie twee denkrigtings staan as teenpole tot mekaar en daar bestaan ook verskeie onderlinge verskille in hierdie twee denkrigtings.

Die eerste denkrigting staan bekend as die Vervangingsteologie waar die Nuwe Testament as vertrekpunt gebruik word. Die Vroeë Kerk se interpretasie oor die Jode se aandeel in Jesus se kruisiging, het neerslag gevind in latere Kerklike standpunte waarin die Kerk se posisie ten opsigte van die Jode geformuleer is. Hiervolgens het die Kerk die Jode as God se uitverkore volk vervang.

Die tweede denkrigting verteenwoordig dié van Christen-Sioniste waar die Ou Testamentiese beloftes en veral die verbond met Abraham, as basis vir hul argumente gebruik word. Hierdie groep wat die afgelope aantal jare groter steun verkry het, glo dat die Kerk nie die Jode as God se uitverkore volk vervang het nie, dat die Ou Testamentiese beloftes steeds van krag is, dat die Jode steeds deel van God se plan vir die wêreld is en dat die moderne Staat Israel `n voorbeeld is van God se voortdurende bemoeienis met sy uitverkore volk. So het Bill Clinton se pastoor in 1980, 13 jaar voor hy as president van die VSA ingehuldig is, die volgende aan hom gesê: “If you abandon Israel, God will never forgive you … it is God’s will that Israel, the biblical home of the people of Israel, continue for ever and ever” (Chapman 2003:14). Hierdie en ander

soortgelyke standpunte lei onder meer daartoe dat baie Christene dit as hul Christelike taak en verantwoordelikheid sien om morele, politieke en finansiële steun aan die Staat Israel te gee.

#### 2.1.1 Vervangingsteologie

Vervangingsteologie, ook bekend as Supersessionisme, word beskou as "... modern terms for particular interpretations of New Testament claims, that see God's relationship with Christians as superseding his prior relationship with ethnic Jews" (*Supersessionism.* http://en.wikipedia.org/wiki/Supersessionism).

Die ontstaan van die Vervangingsteologie kan teruggevoer word na die post-Apostoliese Kerkvaders soos Tertullianus, Cyprianus, Clemens van Aleksandrië, Origenes en andere, wat geglo het dat die Jode nie langer God se uitverkore volk was as gevolg van hul verwerping van Jesus nie. Dié Kerkvaders se standpunt het gelui dat die Christelike Kerk die Jode se bevoorregte posisie oorgeneem het en die nuwe Israel is waarvan die profete in die Ou Testament gepraat het. Die Kerk as die nuwe en ware Israel, het dan hiervolgens die erfgename geword van al die beloftes wat God aanvanklik aan ou Israel gemaak het (vgl *The Historical Origins of Christian Zionism*. www.christianzionism.org). Ook Wagner (*The error of Replacement Theology*. http://www.ldolphin.org/replacement/) voer die ontstaan van die Vervangingsteologie terug na die Vroeë Kerk en beskryf dit as "... a doctrinal teaching that originated in the early Church". As deel van die geskrifte van die Apostoliese Vaders, word in die Brief van Barnabas aangevoer dat die Jode die Wet misverstaan het as gevolg van `n verharding van hul harte wat gelei het tot hul verbreking van die verbondsvoorwaardes. Derhalwe is Christene, eerder as die Jode, die werklike volk van God (vgl Ehrman 1999:98). Oor die verbond sê die skrywer van die Barnabasbrief: "… it is not, both theirs [ethnic Israel's] and ours [the church's], since, they [the Jews] finally lost it, after Moses had already received it" (*The Historical Origins of Christian Zionism*. www.christianzionism.org).

Die standpunt van die Vroeë Kerk dat Israel (die Jode) deur die Kerk vervang is en dat die Kerk nou die eens bevoorregte posisie van die Jode as God se uitverkore volk oorgeneem het, word vandag steeds wyd aanvaar en is gebaseer op die volgende veronderstellings:

- Dat die Christelike Kerk die eens bevoorregte posisie van die Jode ingeneem het en nou die historiese verlengstuk van Israel (die volk en die land) is.

- Dat die Jode nie meer `n uitverkore volk is nie en geen besondere posisie bo enige ander groep bekleë nie.

- Dat daar vir die Jode geen toekoms, hoop of doel in God se plan is tensy hulle vergifnis vra, wedergebore word en inskakel by die Kerk nie.

- Dat na Jesus se Hemelvaart die term Israel, soos dit in die Nuwe Testament voorkom, na die Kerk en nie meer die Jode verwys nie.

- Dat die verbonde wat met die Hebreeuse volk gesluit is asook die beloftes en seëninge daarin vervat, weggeneem is van die Jode en aan die Kerk gegee is. Die vloeke waarvan die Bybel praat, is egter volgens hierdie teologie, steeds op die Jode van toepassing omdat hulle Jesus verwerp het.

(vgl *Supersessionism.* http://en.wikipedia.org/wiki/Supersessionism en *The error of Replacement Theology*. http://www.ldolphin.org/ replacement/).

Price (2005:10) voer as rede vir die Kerk se standpunt aan dat "… a central tenet of the Christian argument has been that the Temple's destruction proved not only Jesus' status as a prophet (see Matthew 23:38; Luke 19: 43-44), but also the superior status of Christianity", wat daartoe gelei het dat die Kerk Israel vervang het as "... the final fulfillment of God's divine design, and that Christians rather than Jews were now the Chosen people of God".

Kritiek teen hierdie teologie word nie net uit Joodse geledere nie, maar ook vanuit Christelike kringe uitgespreek. Malan (*Die verbondsvolk Israel: wie is hulle?* http://www.ltradio.org/articles/?admin=linktopdf&link=12) voer aan dat in die Vervangingsteologie, die Bybel vergeestelik word en sodoende van sy grondbetekenis beroof word. Hy voeg by: "Enige ander betekenis word dan op `n willekeurige wyse ooreenkomstig die vervangingsteologie in die betrokke teks ingelees". Hedding (2006:20) verduidelik dat "From a theological perspective, the Replacement doctrine can only exist if one can prove that the Abrahamic Covenant has been abolished". Hy sê verder dat Vervangingsteologie nêrens in die Bybel gevind kan word nie en dat diegene wat dit glo "... do so merely on the basis of a presupposition and nothing more". Ook die Nuwe Hervorming Netwerk het kritiek teen hierdie standpunt uitgespreek en dit beskryf as "... onwaar en gevaarlik" (Spanenberg 15 Januarie 2007) en bygevoeg dat hierdie teologie aanleiding gegee het tot ongekende vervolgings van die Jode waarvan die mees onlangse, die Tweede Wêreldoorlog is. Hedding (2006:20) sluit hierby aan en beskryf die impak van die Vervangingsteologie op die denkpatrone van mense wêreldwyd en die gevolglike voorkoms en omvang van antisemitisme as "... destructive".

Wat die land Israel en veral Jode se aansprake daarop op godsdienstige gronde betref, is die standpunt van Vervangingsteoloë dat "... any biblical references to Israel's future in the Land of

Canaan, particularly in the Hebrew Scriptures, are to be taken in a spiritual sense as referring to the Church" (Hedding 2006:20). Volgens dié beskouing het Jode vandag, op godsdienstige gronde, dus geen aanspraak op die land Israel nie.

### 2.1.2 Christen-Sionisme

Die tweede denkrigting in Christelike beskouinge oor die land Israel en die Jode, staan bekend as Christen-Sionisme. Die term Christen-Sionisme is reeds teen die einde van die negentiende eeu gebruik om te verwys na Christene se ondersteuning aan Israel (vgl *The error of Replacement Theology*. http://www.ldolphin.org/ replacement/). Volgens hierdie beskouing is die Jode van vandag `n verlenging van Bybelse Israel, is hulle steeds God se uitverkore volk en is die beloftes wat in die Ou Testament aan Abraham, Isak en Jakob gemaak en oorgedra is aan die volk Israel, steeds van krag (vgl *Christ is Your Covenant Head*. http://www.omegafaith.org/ covenanthead.htm).

Christen-Sionisme, in teenstelling met sekulêre Sionisme[32] wat meer van `n politieke karakter het, fokus op die verbondsbeloftes in die Bybel, die vervulling van die profesieë en `n opregte belydenis van geloof in God en die aanvaarding van Sy Woord (*The error of Replacement Theology*. http://www.ldolphin.org/ replacement/). Christen-Sionisme erken verder die reg van die Joodse volk om saam te kom, hul nasionale bestaansreg te verseker en dit te doen volgens Bybelse riglyne as deel van die vervulling van God se beloftes. Baie Christen-Sioniste sien in hedendaagse gebeure die vervulling van profesieë wat deur die Ou Testamentiese profete gemaak is. So word die totstandkoming van die Staat Israel in 1948 en die terugkeer van Jode vanoor die hele wêreld, as deel van daardie profesievervulling gesien (*Christians and Zion: British Stirrings*. http://www.christianzionism.org/Article/Wagner06.asp). Die sterk klem wat op die Ou Testament geplaas word, het daartoe gelei het dat die term Bybelse Sionisme ook as sinoniem vir Christen-Sionisme gebruik word.

Hedding (2004b:6) verduidelik Christen-Sioniste se siening oor die land Israel soos volg: "Biblical Zionism seeks to declare the truth of God's Word that bequeaths to the Jewish people the land of Israel as an everlasting possession for the purposes of world redemption". Hoewel die hele wêreld nooit verlos word van sonde nie, maar eerder individue, wil hy hiermee die verband tussen die land, die Jode, God se getrouheid aan Sy Woord en uiteindelike redding aandui. Wanneer God die land aan Abraham beloof, word die besit van die land gekoppel aan seëninge vir die res van die wêreld: "In jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen 12:3, NAV). Hedding (2004b:7) beklemtoon hierdie argument wanneer hy sê: "It is important for

[32] *Hoofstuk 4, punt 4.1*

us to establish the foundational fact that Israel acquires the land of Canaan for the blessing of the world". Christen-Sioniste deel wel met godsdienstige Jode die siening dat die land Israel (*Eretz Yisrael*) die versinnebeelding van God se ewigdurende verbond is wat Hy met Abraham en sy nageslag gesluit het, hoewel dit geensins `n algehele en blindelingse aanvaarding van Sionistiese doelwitte impliseer nie. Hierdie siening kondoneer ook nie alle besluite en optredes van die sekulêre Israelse regering nie en baie Christen-Sioniste deel in die kommer oor die Palestynse vraagstuk, die sosio-ekonomiese en maatskaplike situasie in die Palestynse Gebiede, Palestynse eise vir grondgebied binne die Staat Israel en die aandrang op Jerusalem as hoofstad van `n Palestynse Staat (vgl *A Biblical Stand on Zionism - The Question of the Land*. http://www.icej.org/article. php?id=2822).

Kritiek teen Christen-Sionisme word van binne en buite Christelike kringe uitgespreek. Behalwe vir Vervangingsteoloë se siening aangaande die Jode, die Kerk en die Staat Israel, is daar ook ander groepe binne die Kerk wat aanvoer dat Christen-Sioniste se letterlike interpretasie van die Bybel, `n politieke agenda verteenwoordig waardeur Israel sy landsgrense en die vergroting van sy grondgebied probeer regverdig. Volgens hulle word die Palestyne in die proses `n onreg aangedoen wat die konflik in die Midde-Ooste verder aanblaas (*Challenging Christian Zionism*. http://www.christianzionism.org/ churchesN.asp). Ook Ortodokse Jode spreek hulle sterk uit teen en distansieer hulle van alle vorme van Sionisme[33], hetsy dit kom vanuit Joodse of Christen-geledere. Hulle voer aan dat totdat die Messias gekom het om die Jode se posisie te herstel en hulle in beheer van hul land te plaas "... any form of Zionism is heresy and that the existence of the so-called "State of Israel" is illegitimate (*Jews not Zionists*. http://www.jewsnotzionists.org/).

### 2.1.3 Messiaanse Jode

Messiaanse Jode, ook bekend as Hebreeuse Christene, is van Joodse afkoms en in teenstelling met godsdienstige Jode wat Jesus bloot as `n profeet beskou en steeds wag vir die eerste koms van die Messias, erken Messiaanse Jode wel dat Jesus die Messias is en wag hulle saam met Christene op sy wederkoms. Hulle aanvaar steeds die Joodse kultuur en sekere leerstellings van die Joodse godsdiens, maar deel Christen-Sioniste se siening dat Jode aanspraak het op die land Israel sowel as die Staat Israel op grond van God se Ou Testamentiese beloftes. Messiaanse Jode is ook die enigste groep wat deel het aan beide die Ou en die Nuwe Verbond (*Israel*. http://af.wikipedia.org/wiki/Israel).

[33] *Hoofstuk 4, punt 4.1*

## 2.2 DIE VERHOUDING TUSSEN CHRISTENE EN JODE DEUR DIE EEUE

Hoewel verhoudinge tussen Jode en Christene in die laaste dekades in sekere kringe merkbaar verbeter het, bly daar bepaalde struikelblokke wat teruggevoer kan word na vroeëre gebeure in die geskiedenis van dié twee groepe.

### 2.2.1 Eerste Joodse Christene

Die eerste Christene (dissipels) was Joods en die Vroeë Kerk, net na Jesus se hemelvaart, was `n Joodse instelling. Volgens Kolb (1995:37) kon die Vroeë Kerk in die Nuwe Testament baie maklik as `n Joodse sekte beskryf word wanneer die lidmaatprofiel, tradisies, aanbiddings-praktyke asook die feeste wat hulle gehou het, bestudeer word. Soos die evangelieboodskap aan beide Jode en nie-Jode gebring is, het die getal nie-Jode wat tot bekering gekom het, toegeneem. Die Vroeë Kerk se lidmaatprofiel het gevolglik van hoofsaaklik Joods na nie-Joods verander en daarmee saam het die Joodse invloed in die uitlewing van die Christelike godsdiens afgeneem. Hierdie veranderinge het met spanning en vyandigheid gepaard gegaan en gelei tot `n verslegting in die verhoudinge tussen Jode en Christene. Price (2005:138) verduidelik dit soos volg: "Although Christianity's roots are in Judaism, Judaism's denial of the Messiahship and Lordship of Jesus and persecution of Christians created a conflict with the early church that, in time, forced the church to seek a separate identity".

In die tweede en derde eeu na Christus het anti-Joodse sentiment wel voorgekom, maar geen ernstige politieke gevolge gehad nie. Met Konstantyn se oorname van die Romeinse Ryk[34] en sy aanvaarding van die Christelike geloof, het sake egter verander. Konstantyn se verklaring van die Christelike godsdiens tot amptelike staatsgodsdiens van die Romeinse Ryk in 380, het aan die Christendom groter politieke, ekonomiese en militêre mag gegee (vgl Pillay en Hofmeyr 1991:28).

### 2.2.2 Die Kerkvaders

Soos die Vroeë Kerk wegbeweeg het van sy Joodse wortels, het die eens vervolgde Kerk as vervolger van onder andere die Jode, begin optree. Telchin (1997:55) verduidelik die aandeel van sommige van die Kerkvaders hierin so: "Their writings and sermons would affect the relationship of the Church with the Jewish people for almost fifteen hundred years and as a result of their teachings, Jews were frequently given the option of baptism or expulsion, baptism or torture, baptism or death". Die grondslag van wat later as die Vervangingsteologie[35] bekend geword het, is hier gevorm.

---
[34] *Hoofstuk 5, punt 6.2*
[35] *Hoofstuk 7, punt 2.1.1*

### 2.2.3 Joodse vervolgings deur die Kerk

Die Jode se verwerping van Jesus en sy gevolglike kruisdood het daartoe gelei dat Jode as "... Jesus-killers" (Ehrman 1999:96) geëtiketteer is, `n term wat in later jare haat teenoor die Jode laat toeneem het. Soos baie Christene oortuig geraak het van Jesus se goddelikheid, het die aantygings teen die Jode verskerp en is aangevoer dat Jode nie net Jesus as mens vermoor het nie, maar dat hulle daardeur ook aandadig was aan die moord op God (vgl Ehrman 1999:97). Die spanning tussen die twee groepe het tot toenemende geweld tussen Christene en Jode gelei. Met die Kruistogte wat in die twaalfde eeu `n aanvang geneem het, het vervolging van Jode skerp toegeneem. Wat begin het as `n godsdienstig-gemotiveerde militêre ekspidisie om Jerusalem van die Moslems te bevry, het uitgeloop op `n grootskaalse vervolging en die dood van duisende Joodse mans, vroue en kinders.

Die Kruistogte word allerweë beskou as `n keerpunt in die verhoudinge tussen Jode en Christene. In die dertiende eeu is vervolging van Jode verder verskerp. Hulle moes kentekens dra wat hulle onderskei het van nie-Jode en verskeie inkwisissies, soos die Spaanse Inkwisissie, het vir meer as sewe honderd jaar (vanaf die twaalfde tot die negentiende eeu) in een of ander vorm in Wes- en Sentraal-Europa plaasgevind. Jode het die skuld gekry vir die sosiale verval en onderliggende probleme van die Europese samelewing wat gelei het tot uitsettings uit verskeie Europese stede (vgl Telchin 1997:62, 67).

Martin Luther, `n Rooms-Katolieke priester en vader van die Protestantse Reformasie, was die Jode aanvanklik goedgesind. Frustrasie met Jode wat nie die Christelike geloof wou aanneem nie, het mettertyd gelei tot Luther se latere anti-Joodse gesindheid. As prominente figuur in Duitsland het Luther se veranderde sienswyse `n sterk invloed gehad op die gesindheid wat Duitse leiers sowel as die plaaslike inwoners teenoor die Jode ontwikkel het. Die moeilike tye wat in Duitsland geheers het na die Eerste Wêreldoorlog en die verarmde omstandighede waarin die Duitsers hulle bevind het, het die geleentheid geskep vir Hitler, wat `n groot ondersteuner van sekere van Luther se teologiese leerstellinge was en veral sy sentiment oor die Jode gedeel het, om die blaam vir die Duitsers se haglike omstandighede voor die deur van die Jode te lê. Met die Tweede Wêreldoorlog en die *Holocaust* het die vervolging van Jode `n hoogtepunt bereik (vgl Telchin 1997:69).

### 2.2.4 Christen-ondersteuning aan die Staat Israel

Die vervolging van Jode het bygedra tot `n behoefte by die Jode aan `n eie Joodse Staat waarin hulle veilig kon leef en voortbestaan - vry van enige vervolging. Hoewel die Jode sedert 1948[36]

---

[36] *Hoofstuk 6, punt 3.5*

`n eie Joodse Staat het, het dit nie `n einde gebring aan die geweld nie. Jode in Israel is steeds in `n stryd gewikkel om in vrede voort te bestaan terwyl Jode in ander wêrelddele, die teikens van antisemitisme[37] bly.

Christen-Sioniste[38] het `n groot aandeel gehad in die uiteindelike totstandkoming van die Joodse Staat in 1948 en speel vandag steeds `n belangrike ondersteunende rol. Christen-Sioniste motiveer hulle ondersteuning aan die Staat Israel deur die beloftes in die Ou Testament, ten opsigte van die land asook die volk se uiteindelike terugkeer na die land, voor te hou. In hierdie beskouing gaan dit oor meer as net `n stuk grond of tuisland vir die Joodse volk waarbinne hulle veilig kan leef en voortbestaan. Dit gaan eerstens oor God, sy beloftes aan Abraham en die volk Israel en sy getrouheid aan sy Woord. Die Joodse volk, as die nageslag van Abraham en voortsetting van Bybelse Israel, het hiervolgens `n Godgegewe reg om aanspraak te maak op die land Israel (Bybelse Kanaän) (vgl Chapman in Alexander 2004:214).

Baker in Hedding (2004b:6) beklemtoon dat Israel en die Jode nie die uiteindelike motief agter en doel van Christen-Sionisme behoort te wees nie: “Christian Zionism is motivated by love for God and attempts to act in accordance wih His Word and priorities”. Die fokus bly op God en sluit aan by die skeppingsdoel dat die mens op aarde geplaas is om Hom te verheerlik. Hy voeg verder by dat “Christian Zionism ... must always direct one finally back to God for the focus short of Him is idolatory”.

Deur die eeue heen het Christene dus baie spesifieke beskouinge oor die Jode en die land Israel gehad.

## 3. `N CHRISTELIKE PERSPEKTIEF OP ISRAEL SE ROL IN DIE KONFLIK IN DIE MIDDE-OOSTE

Die volgende perspektief is een van verskeie oor Israel en die konflik in die Midde-Ooste. Die doel van die aanbieding is nie om dit voor te hou as die algemeen verteenwoordigende standpunt van die Kerk of enige ander groepering nie, maar om `n bepaalde en moontlik alternatiewe insig op die gebeure te bied.

Die Israel-Palestynse konflik maak deel uit van die groter Midde-Oosterse konflik en word dikwels voorgehou as motivering vir godsdienstig- en polities-gemotiveerde terreurdade wat

[37] *Hoofstuk 6, punt 6.3*
[38] *Hoofstuk 6, punt 3.4*

deur verskillende ekstremiste groepe uitgevoer word. Oppervlakkig beskou word die konflik in die Midde-Ooste deur baie Christene en nie-Christene as hoofsaaklik polities en sekulêr gesien. Ander oorsake kan ekonomies en rasverwant wees. Bainerman (*Why The Middle East Conflict Continues To Exist.* http://www.paranoiamagazine.com/mideastconflict.html) onderskei vyf faktore wat `n rol in die konflik speel: gevestigde belange van buitelandse elite; beheer oor Midde-Oosterse oliebronne; wapenverkope; die hoofstroom media en korrupte nasionale leierskap van Midde-Oosterse nasies.

Die media fokus hoofsaaklik op die humanitêre gevolge van die stryd tussen die Israeli's en die Palestyne waar burgerlikes aan beide kante slagoffers van polities- en ideologies-gemotiveerde operasies is. Die moeilike sosio-ekonomiese en maatskaplike omstandighede in die Palestynse gebiede, militêre operasies deur die Israelse weermag, sluiting van grensposte, voortdurende onderhandelinge vir skietstakings wat gevolg word deur missiel- en selfmoord bomaanvalle, die voortdurende geskille oor landsgrense, onsuksesvolle intervensies deur wêreldleiers, mislukte internasionale vredespogings asook voortdurende beskuldigings tussen die twee partye oor die nie-nakoming van voorwaardes om vrede te bewerkstellig, gee aan die konflik `n sterk sekulêre dimensie.

Teenoor die oënskynlik sekulêre dimensie van die konflik staan `n dieperliggende oorsaak wat Reekie (1993:135) soos volg verduidelik: "The real issue in die Middle East in not political, social, economic or racial - it is spiritual". Die geestelike dimensie van die konflik word vervolgens ondersoek aan die hand van die lokaliteit van, sowel as die polities-godsdienstige konteks waarbinne die Midde-Oosterse konfliksituasie afspeel. Israel se rol as instrument in God se verlossingsplan asook sy drievoudige roeping kom onder die soeklig, terwyl die werkbaarheid van `n Twee-party-staat as oplossing om vrede te bewerkstellig, bespreek word.

## 3.1 LOKALITEIT VAN DIE MIDDE-OOSTERSE KONFLIK

Die Midde-Ooste was sedert die Skepping die sentrale punt vanwaar die geskiedenis van God en die mens, soos dit in die Bybel opgeteken staan, `n aanvang geneem het. Die ligging van Eden, waar God Adam en Eva geplaas het, word aangedui as die Eufraatvallei in Mesopotamië. Dié gebied staan vandag bekend as Irak. In hierdie gebied het ook ander belangrike Bybelse gebeure plaasgevind: die Toring van Babel is hier opgerig; Nimrod wat die vader van die eerste godsdienste was, het sy koninkryk hier gevestig (Gen 10:9-10); die stad Babilon is later hier gebou; Noag het hier geleef en gepreek voor die Vloed en die land Kanaän wat God aan Abraham en sy nageslag beloof het, is in die Midde-Oosterse streek geleë (vgl MacArthur, 2001:22).

In 1948 is die Staat Israel afgekondig in `n gebied wat grootliks ooreenstem met die destydse Kanaän. Die Staat is sedert die totstandkoming daarvan onder Joodse beheer en beslaan na die Sesdaagse Oorlog `n oppervlak van ongeveer 27,799 km² wat die Wesbank, Oos-Jerusalem en die Golanhoogland insluit (vgl *Geography of Israel*. http://en.wikipedia.org/wiki/Geography_of_Israel). Die Joodse Staat vorm deel van die Midde-Oosterse streek en word omring deur verskeie lande wat onder Moslem-Arabiese beheer staan. Jode in Israel bevind hulle in `n streek wat vyandig staan teenoor die Joodse staat se voortbestaan: "... the Middle East is filled with people whose ancestors have contested Israel's claim to the Promised Land for thousands of years. Two hundred and fifty million Arabic people surround five million Jews today" (MacArthur 2001:29). Dit is in dié oorwegend Moslem-Arabiese wêreld waar die Midde-Oosterse konflik met die Staat Israel as spilpunt, afspeel.

## 3.2 POLITIES-GODSDIENSTIGE KONTEKS VAN DIE MIDDE-OOSTERSE KONFLIK

Die politieke dinamika in die streek is kompleks en hou verband met die oortuiginge van ondersteuners van die drie grootste wêreldgodsdienste: Islam, Judaïsme en die Christelike godsdiens.

Islam, wat die grootste ondersteuningsbasis in die Midde-Ooste het, is die samebindende faktor wat die Moslem-Arabiese streek verenig in hul beskouing oor die bestaan van die Joodse staat en die Weste se ondersteuning aan Israel. Ondersteuning vir die Palestyne in Israel kom hoofsaaklik vanuit Moslem-Arabiese buurlande asook Moslems wêreldwyd. Teenoor Islam staan die Westerse wêreld wat in die oë van Islamondersteuners, `n Joods-Christelike konnotasie het. Jode in veral die VSA asook regoor die wêreld, bied finansiële- en ander ondersteuning aan Israel, terwyl Christen-ondersteuning vanuit verskeie evangelikale kringe wêreldwyd gebied word.

### 3.2.1 Moslems (Islam) en die Jode (Judaïsme en Sionisme)

Die bestaan van die onafhanklike Joodse staat, Sioniste se pogings om die voortbestaan van die staat te verseker en die teenwoordigheid van Jode (godsdienstig en sekulêr) op grondgebied wat Moslems beskou as deel van die Moslem-Arabiese wêreld, vorm deel van die Moslem-Joodse konteks wat die Midde-Oosterse konflik ten grondslag lê.

Vanuit `n godsdienstige oogpunt word onderskei tussen sekulêre Jode wat die bestaan van die Staat Israel ondersteun en hul reg op die land motiveer aan die hand van Sionistiese oortuiginge. Hierteenoor staan godsdienstige Jode wat hul aanspraak op en teenwoordigheid in die land motiveer aan die hand van God se beloftes aan Abraham, hoewel hulle nie die bestaan

van die Sionistiese staat ondersteun nie. Vir baie in die buitewêreld is hierdie onderskeid kosmeties en word die godsdiens van die Jode gelyk gestel aan die Sioniste se doelwitte. Die terme Israel (Sion/Sionisme) en Jood (Semiet/Semitisme en Judaïsme) het dus sinonieme geword en gelei tot slegs `n teoretiese onderskeid tussen die terme anti-Sionisme en antisemitisme[39] (vgl *The Arab-Israeli Conflict*. http://www.brfwitness.org/Articles/2002v37n6.htm). Jode kollektief het dus die teiken geword van diegene wat die bestaan van die Staat Israel teenstaan.

Daar word beweer dat binne Moslemgeledere daar ook meer gematigde groepe is wat aanvalle deur Moslem-ekstremiste afkeur en na `n vreedsame oplossing vir die Midde-Oosterse konflik soek. Price in Hunt (2006:vi) bevraagteken egter so 'n stelling: "It has been said that there may be moderate Muslims, but Islam is not moderate". Die bestaan van die Joodse Staat midde in die oorwegend Arabies-Islamitiese streek is problematies vir die Moslemwêreld. Die Koran, wat as die 'bybel' van Islam gesien kan word en waarvolgens Moslems hul lewens inrig en optrede motiveer, speel hierin `n belangrike rol.

Volgens Islam word die mensdom in twee kampe verdeel: die weg van *al-jahiliyya* en die weg van *al-islam*. Die eerste weg beskryf die natuurlike toestand waarin die nie-Moslemwêreld verkeer terwyl die tweede weg die volgelinge en ondersteuners van Allah, Mohammed en die Koran beskryf. Hierdie twee weë word geïnstitusionaliseer as Islamitiese en nie-Islamitiese politiese entiteite: *Dar-al-Islam* (huis van Islam) en *Dar al-harb* (huis van die swaard) (vgl Price 2001:184). Laasgenoemde word gesien as `n bedreiging vir eersgenoemde en `n struikelblok in die verspreiding van Islam. Die enigste weg volgens die Koran waardeur hierdie spanning uit die weg geruim kan word, is deur middel van *Jihad.* Die Arabiese woord *Jihad* beteken letterlik worsteling of strewe ter wille van Allah en maak so `n integrale deel van Islam uit dat baie Moslems dit as die sesde pilaar van die godsdiens beskou (vgl Price 2001:185). Die fokus van *Jihad* is die nie-Moslemwêreld en meer spesifiek die Joodse staat. Hoewel dit volgens die Koran (Sura 2:190) verkeerd is om `n oorlog te inisieer, word die blote bestaan van die Joodse staat midde in die Islamitiese streek, beskou as `n aanval op Islam.

Palestynse godsdienstige leiers en akademici beskou die Israel-Palestynse konflik as deel van `n *Jihad* teen die Jode wat geregverdig word deur onversoenbare godsdienstige verskille voor te hou (vgl *The Promised Land*. http://www.aish.com/literacy/jewishhistory). `n Moslem akademikus het tydens `n TV-uitsending verduidelik dat Mohammed in sy *Hadith* (Islam tradisies wat aan

[39] *Hoofstuk 6, punt 6.3*

Mohammed toegeskryf word) dit duidelik gestel het dat elke Moslem `n godsdienstige verpligting het om Jode dood te maak (vgl *The Historical Origins of Christian Zionism*. http://www.christianzionism.org). `n Ander geestelike leier en akademikus verbonde aan die Al-Azhar Universiteit, het sy gevoelens jeens die Jode in `n Egiptiese koerant só uitgedruk: "I hate the Jews because they are the worst enemies of the Muslims" en as motivering bygevoeg: "I hate the Jews so as to earn a reward from God" (*Early Arab-Jewish Conflict*. http://www.israelipalestinianprocon.org).

3.2.2 Moslems (Islam) en die Westerse wêreld / VSA (Christelike godsdiens)

Die Westerse wêreld en in besonder die VSA en Groot-Brittanje se beskouing van Moslems en meer spesifiek, radikale Islam se betrokkenheid by globale terreuraanvalle, het tot spanning tussen die Weste en Moslemlande gelei. Sedert die aanval op Amerika op 11 September 2001 en President George W. Bush se stelling dat Amerika "... would make no disctinction between those who committed these acts of terror and those *states* that harbor them" (Price 2001:18), het hierdie spanning verder toegeneem.

Amerika, wat daarvoor bekend is dat sy grondwet op Christelike beginsels gebou is, word gesien as voorstander van Christelike waardes. Hoewel die Christelike kultuur en waardes in die VSA toenemend onder druk van sekularisme, humanisme asook ander godsdienste gekom het, is daar steeds `n beduidende groep konserwatiewe Amerikaners wat genoegsame steun en invloed geniet om regeringsbeleid en –standpunte, veral ten opsigte van die Midde-Ooste, te beïnvloed.

Die VSA en sy bondgenote se teenwoordigheid in Afghanistan en Irak word deur Moslemlande beskou as inmenging en `n direkte aanval op Islam. Dit het gelei tot verskeie terreuraanvalle in Westerse- en nie-Westerse lande deur Moslem-ekstremiste wat hul optrede uit die Koran regverdig. Die Westerse kultuur waarvan die Christelike godsdiens deel is, word ook gesien as `n aanval op Islam se superieure status en dus as `n bedreiging vir die Islamgodsdiens. Radikale Moslems voer derhalwe aan dat aanvalle op Amerikaanse teikens gesien behoort te word as pogings om die Islamgodsdiens te verdedig (vgl Price 2001:185). Moslem-leiers sien *Jihad* nie as opsioneel nie, maar `n verpligting wat op hulle as leiers rus: "The Bahr insists that the first duty of a Muslim ruler is to prosecute the jihad and bing about the victory of Islam, and if he does not do so and he makes peace with the infidel, that ruler would be better dead than alive, for he would be corrupting the world" (Riley-Smith in Price 2001:185).

Hoewel daar uit verskeie oorde gepoog word om in die Midde-Oosterse konflik, politiek en godsdiens van mekaar te skei, blyk dié pogings onsuksesvol te wees. Die VSA se verklaring dat die Oorlog-teen-Terreur nie `n godsdienstige oorlog is nie, is deur Osama bin Laden, leier van al-Qaida, verwerp en het hy `n direkte verband getrek tussen politieke terreur en godsdienstige oortuiginge: "They came out to fight Islam with the name of fighting terrorism ... I say these events have split the world into two camps: the camp of the belief [Muslims] and disbelief [non-belief]" (Price 2001:9).

3.2.3 Die Westerse wêreld / VSA (Christelike godsdiens) en die Jode (Judaïsme / Sionisme)

Amerika, wat die grootste Joodse gemeenskap buite Israel huisves, word beskou as pro-Irael en `n ondersteuner van Sionisme. Nie alleen gee Amerikaanse Jode finansiële- en ander steun aan Israel nie, maar plaas hulle druk op die Amerikaanse regering om die Joodse staat by te staan. In Augustus 2007 het die VSA sy verbintenis tot en hulp aan Israel veral op militêre gebied, bevestig: "After signing a $30-billion, 10-year, no strings attached military aid package this week, the US and Israel are discussing how to maintain Israel's qualitative edge over an array of potential enemies" (ICEJ News 17.08.07). Bykomend hiertoe is daar groot getalle Christene vanuit evangelikale groeperinge wat glo dat die voortbestaan van die Joodse staat noodsaaklik is vir die terugkeer van die Messias en dat Amerika `n belangrike rol hierin te speel het. Namate Christene meer bewus gemaak word van Israel se rol in die Eindtye, neem Christen-Sioniste se getalle in die VSA toe. Messiaanse Jode[40], waarvan daar ongeveer 250,000 in en buite die VSA is, steun ook die bestaan van die Staat Israel, maar wel om godsdienstige redes (ICEJ News, 26.06.08).

Sekere godsdienstige Joodse groepe in Amerika wat nie ten gunste van die bestaan van die Joodse staat is nie, is enersyds erkentlik teenoor die VSA vir hul beskerming van Joodse inwoners in Israel, maar distansieer hulle van Christen-Sionisitese doelwitte wie se godsdienstige oortuiginge van hulle s`n verskil.

3.2.4 Die VSA-Israel (Christen-Joodse) alliansie en Moslems (Islam)

Israel word vir verskeie redes as bondgenoot van die VSA in die Midde-Ooste gesien. Een van die redes, volgens Narret in Price (2001:45), is die sleutelrol wat Israel speel in die VSA-geleide oorlog teen terreur: "... it [Israel] has been the vanguard in protecting the West from the encroachment of radical Islam".

[40] *Hoofstuk 7, punt 2.1.3*

Stabiliteit in die olieryke Midde-Oosterse streek is vir die VSA van groot belang. Daarom het hy, sedert die totstandkoming van die Staat Israel, verskeie pogings aangewend om `n oplossing vir die Israel-Palestynse vraagstuk te onderhandel. So het President George W. Bush in 2002 die buitelyne geskets vir wat bekend geword het as die Padkaart-vir-vrede[41] in die Midde-Ooste. Dié Padkaart is gesien as "... a detailed and interlocked schedule of conditions and events that would break the Palestinian-Israeli impasse, end the violence and lead to a peace settlement" (*Quartet Roadmap to Israeli-Palestinian Peace*. http://www.mideastweb.org). Die Padkaart word bestuur deur die Kwartet wat bestaan uit die VSA, die EU, Rusland, en die VN. Op 17 September 2002 het die Kwartet `n verklaring uitgereik waarin spesifieke aspekte van die plan beklemtoon is en waaraan `n tydsraamwerk gekoppel is. Hierna het die dokument verskeie veranderinge en aanpassings ondergaan en is die aard en uiteindelike doel daarvan beskryf as "... a performance-based road map to a permanent two-state solution to the Israeli-Palestinian conflict" (*Quartet Roadmap to Israeli-Palestinian Peace*. http://www.mideastweb.org). Hoewel die Padkaart deur die Israelse regering en die Palestynse Owerheid in beginsel aanvaar is, het beide partye bepaalde voorbehoude uitgespreek.

Ten spyte van die VSA se bemiddelingsrol in die soeke na `n oplossing vir die Israel-Palestynse vraagstuk, word hy deur die Moslemwêreld beskou as pro-Israel en bondgenoot van die Joodse Staat. Vanuit `n Islam-oogpunt word `n Joods-Christelike konnotasie gekoppel aan Amerika se ondersteuning van Israel. So het Osama bin Laden die verband getrek tussen Amerika en Israel na President Bush se aankondiging oor die Oorlog-teen-Terreur en dit beskryf as `n "... Jewish-Christian crusade against Islam" (Price 2001:20). Daarom dat Moslem-ekstremiste dikwels na Amerika verwys as die Groot Satan en na Israel as die Klein Satan (vgl Price 2001:33). Ook die Iranese President, Mahmoud Ahmadinejad het hom uitgespreek teen die Weste se verhouding met Israel: "... It is inconceivable for anyone who calls himself a Muslim and who heads an Islamic state to maintain relations under the table with the regime that occupied Jerusalem. England was the founder of this sinister regime. It is an accomplice to all its crimes. America, which supports it now, is an accomplice to all its crimes." (ICEJ News, 26.07.06).

### 3.3 `N TWEE-PARTY-STAAT AS `N LANGTERMYNOPLOSSING VIR VREDE

Uit `n politieke perspektief word `n Twee-party-staat allerweë gesien as oplossing vir die konflik in die Midde-Ooste. Dié voorstel lyk op die oog af na `n logiese antwoord op die Palestynse vraagstuk en sy gepaardgaande probleme te wees, terwyl dit terselftertyd die bekommernis van die Israelse regering om groter veiligheid vir sy inwoners te verseker, aanspreek. Die saak is

[41] *Hoofstuk 6, punt 4.4.2*

egter kompleks en verskeie aspekte wat bydra tot die konfliksituasie, word nie hierdeur aangespreek nie. Enkele sake word kortliks belig:

### 3.3.1 Geskiedenis van mislukte grond-vir-vrede-pogings

Israel se besetting van Palestynse gebiede word algemeen voorgehou as struikelblok in die vredesonderhandelinge. Indien Israel sou onttrek van hierdie gebiede, is die veronderstelling dat die probleem opgelos sal wees en dat Israelse burgers in vrede sal kan leef. Baie is egter skepties oor die werkbaarheid van so `n oplossing en voer aan dat dit eerder Israel se veiligheid en voortbestaan in gevaar stel: "Given the Palestinian claims, we know that to 'unoccupy' the 'Palestinian land', means the eradication of Israel (Price 2001:327).

Die geskiedenis het bewys dat die grond-vir-vrede-pogings tussen die twee partye onsuksesvol is. Hiervan is die reeks mislukte onderhandelingspogings[42] waarin groter grondgebied aan die Palestyne aangebied is en wat telkens van die hand gewys is, getuie. Price (2001:327) verduidelik dit soos volg: "... the land-for-peace formula has never been acceptable to the Palestinians" omdat hulle oogmerk eerder "... the liberation of all of Palestine" is.

### 3.3.2 Jerusalem

Die belangrikheid van Jerusalem as struikelblok in die vredesonderhandelinge word dikwels in die media onderwaardeer. Kardinaal Carlo Maria Martini van Milan beskryf Jerusalem as "... the focal point of the ideals of all the universe, of the entire history of Salvation; it is the place that has witnessed the fusion of all the peoples with the Jewish people – beloved of God" (Price 2001:69).

Jerusalem, die Ou Stad en spesifiek die Tempelberg, staan sentraal tot die konflik en word deur Chapman (2004:11) gesien as "... a key, if not the key, to the resolution of the conflict". Hy voeg by dat die ineengeweefdheid van politiek en godsdiens die saak verder kompliseer: "In the history of Jerusalem, politics and religion have always overlapped … In Jerusalem, the main issue is religious and political … everything ultimately becomes political – that is adversarial".

Beide partye het dit onomwonde gestel dat Jerusalem die hoofstad van hul staat sal wees en om beheer daarvan af te staan, vir albei ononderhandelbaar is. Sedert die vroeë 1990's het die Palestyne probeer om die toekoms van Jerusalem op die onderhandelingstafel te kry. Nie alleen het Israel telkens geweier om hierdie onderwerp deel te maak van onderhandelingsgesprekke

[42] *Hoofstuk 6, punt 4.4*

nie, maar het hulle verder geweier dat die Palestynse afvaardiging in die vredesonderhandelinge iemand insluit wat Oos-Jerusalem verteenwoordig. Israel is van mening dat besluite oor Jerusalem "... should be left to the very end" (Chapman 2004: 170). In `n gesamentlike Israel-Palestynse verklaring op 25 Julie 2001 is duidelik gemaak dat "The way forward lies in international legitimacy and the implementation of UNSCR 242 and 338 leading to a 2-State solution based on the 1967 borders, Israel and Palestine living side-by-side, with their respective capitals in Jerusalem" (Price 2001:225). Die implikasie van dié verklaring is dat die twee partye ooreenkom om Jerusalem te deel en dat elkeen dan slegs beheer oor `n gedeelte sal hê van dít waarop albei ten volle aanspraak maak.

Jasser Arafat het verklaar dat daar geen vrede in die land sal wees alvorens Jerusalem die hoofstad van Palestina is en die Tempelberg in geheel onder Moslembeheer staan nie (*Jerusalem – Jewish and Muslim Claims to the Holy City*. http://www.aish.com/Israel/articles/Jerusalem). Ook Jitzak Rabin, vorige Israelse Eerste Minister, het by geleentheid gesê het dat hy "... *never* considered Jerusalem negotiable. ... Jerusalem is a different issue for us, ... [it's] the heart, the soul of the Jewish people and the State of Israel" (Price 2001:101). Sheik Muhammed Hussein, `n geestelike leier, het gewaarsku dat "Whomever has occupied part of Palestine or Jerusalem faces *jihad* [holy war] until judgment day!" (Price 2001:225). `n Ander geestelike leier, Ikrama Sabri het Jode se aanspraak op Jerusalem as vals afgemaak: "Jerusalem is a symbol for every Muslim in the world. The claim of the Jews to the right over it is false, and we recognize nothing but an entirely Islamic Jerusalem under Islamic supervision" (Price 2001:177). Ook vanuit Israelse politieke geledere is dit duidelik gestel dat Jerusalem die hoofstad van die Staat Israel is en in die toekoms sal bly. Min ruimte word dus vir kompromieë en `n deel-ooreenkoms gelaat.

### 3.3.3 Die Tempelberg

Die dispuut oor die Tempelberg is een van die sake wat min aandag in die media geniet: "While the media bombards us with constant reports of violence in the West Bank and Gaza Strip, there is no doubt that the epicenter of the conflict lies in Jerusalem and more specifically on the Temple Mount in the Old City" (*Jerusalem – Jewish and Muslim Claims to the Holy City*. http://www.aish.com/Israel/articles/Jerusalem). Die Tempelberg huisves die Rotskoepel ('Dome of the Rock'), met die Al-Aqsa Moskee langsaan asook oorblyfsels van die tweede Joodse Tempel. Beide partye tot die konflik is dit eens dat "... peace will come down to what happens with the holy sites in die Old City of Jerusalem where the Temple Mount is located" (Price 2001: 242).

Met die totstandkoming van die Staat Israel in 1948 was `n gedeelte van Jerusalem, insluitend die hele Ou Stad asook die Tempelberg, onder Jordaniese beheer. Tydens die Sesdaagse Oorlog in 1967 het Israel beheer geneem oor die Ou Stad en vir die eerste keer in meer as 2,000 jaar was die Tempelberg weer onder Joodse beheer. Israel het egter nie beheer van die Tempelberg behou nie: "In an act of what can only be described as unprecedented tolerance, Israel handed over control of the site to the *Wakf*, the Moslem Religious Trust" (http://www.middleeast.org/). Hoewel Israel vandag tegnies aanspraak maak op soewereine beheer van die area, lyk die praktyk anders: "... the defacto reality since 1967 has been that the Moslems have control over the site, to the point where Jews are forbidden to pray on the Temple Mount (but permitted to visit)" (http://www.middleeast.org/).

Moslems ontken die bestaan van die Joodse tempel op die Tempelberg en insinueer dat die Israelse regering `n komplot smee om Islamstrukture op die Tempelberg te vernietig en `n derde Joodse tempel op te rig. Hulle weier ook dat enige argeologiese opgrawings op die Tempelberg gedoen word omdat, soos hulle dit stel: "Solomon and David are mythological figures, recorded only by tradition, and that there is no conclusive evidence that the Jews' Temple stood within the walled enclosure" (Mitchell in Price 2001:262). Jode voer aan dat hulle wel bewyse sal kan lewer indien hulle toegelaat word om opgrawings te doen en beskuldig die Moslems daarvan dat hulle bewyse vernietig wat Joodse aansprake op die Tempelberg sal versterk: "By preventing any archeological excavation from taking place on the Temple Mount, the Palestinians protect their contention that there is no archeological proof that the Temple existed on the Temple Mount" (Price 2001:263). Benvenisti in Chapman (2004:10) verduidelik die plofbaarheid van die Tempelbergsituasie en die omvang wat so `n konflik vir Israel, sy buurlande en die hele wêreld inhou: "The explosive Temple Mount issue bears within it the potential to ignite a worldwide conflagration, and it is, therefore, a conflict of international importance …. A bomb is waiting to go off in the heart of Jerusalem, its fuse burning with the fire of the religious fanaticism of Jew, Muslim and Christian" (Chapman 2004:10).

Aangesien die konflik in die Midde-Ooste meer is as net `n politieke stryd wat met `n politieke antwoord opgelos kan word, het pogings soos die Padkaart-vir-vrede, die samesprekings tussen die partye tot die Kwartet en verskeie vredesprosesse, net tot kortstondige periodes waarin geweld gestaak is, gelei. Morris in Chapman (2003:15) wys daarop dat die antwoord nie noodwendig in Israel se hande lê nie: "There is no certainty that Israeli good-will or ill-will, flexibility or inflexibility, will decisively temper or resolve this century-old conflict. Islamic fundamentalism, Great Power rivalry or intervention, and nuclear weapons may prove far more telling". `n Twee-party-staat lyk dus na `n oorvereenvoudigde oplossing vir `n meer komplekse

probleem te wees. Bainerman bevraagteken ook die Twee-party-staat as oplossing tot die konflik: "Why should we support the establishment of a Palestinian state as a way to bring peace to the region if the lack of such a state is not the reason for the conflict?" (*Why The Middle East Conflict Continues To Exist.* http://www.paranoia_magazine.com/mideastconflict.html). Die probleem lê waarskynlik daarin dat `n sekulêre oplossing gesoek word vir `n probleem wat `n spirituele oorsaak het.

### 3.4 DIE SPIRITUELE KONFLIK IN DIE MIDDE-OOSTE

In die beskouing dat die konflik in die Midde-Ooste `n spirituele eerder as a sekulêre, politiese stryd is, word eerstens gekyk na die rol van die Jode (as voortsetting van Bybelse Israel) in God se plan om seën en redding aan die hele mensdom te verkondig en tweedens na die rol van die Staat Israel (wat min of meer ooreenstem met die Beloofde Land) en die belangrikheid dat die grondgebied in Joodse hande en onder Joodse beheer bly. Beide aspekte word bespreek in die lig van die gedeelte in Efesiërs wat die spirituele aspek van die aardse stryd só beskryf: "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug" (Ef 6:12, AOV). Teenoor die magte van die duisternis, staan `n soewereine God wat Sy skeppingsdoel wil verwesenlik om redding aan die mensdom te bring.

#### 3.4.1 Rol van die Jode in God se plan

Abraham en sy nageslag is deur God gekies vir `n bepaalde doel[43] en die volk Israel het ontstaan en is as instrument gekies om `n unieke rol binne God se verlossingsplan te speel. Hedding (2004a:8) verduidelik dit soos volg: "They came into existence to be the custodians of world redemption, the vehicle by which God would bring His message of eternal salvation to the world". Hy onderskei in Israel se roeping `n drievoudige karakter:

- Die Geboorteroeping - Die Messias moes binne `n bepaalde konteks na die wêreld kom en die Joodse volk verskaf daardie konteks. Jesus word as Jood gebore en word groot binne `n Joodse gemeenskap. Saam met sy Joodse volgelinge bring Jesus ook die Kerk tot stand. Hedding (2004a:30) som die geboorteroeping van Israel en die Kerk só op: "Israel brought Jesus into the world. And Jesus brought the church into the world or into existence".

- Die Lydingsroeping - Deur die geskiedenis heen is die Joodse volk onderwerp aan pyn, swaarkry en vervolging. Die lydingsroeping manifesteer op twee vlakke: Veral gedurende die Bybelse geskiedenis het Israel baie gely en swaargekry as gevolg van hul ongehoorsaamheid, rebellie en opstand teen God. Die tweede lydingsdimensie dek die

[43] *Hoofstuk 3, punt 3.1 en 3.3*

periode na die vestiging van die Kerk en vervolging van Jode in die naam van Jesus. Hedding (2004a:33) verduidelik dit soos volg: "They have suffered ... because they became the vehicle of world redemption". Israel se verwerping van Jesus en gevolglike wegbeweeg van God, het hiertoe bygedra.

- Die Priesterlike roeping - Priesters het in Bybelse tye namens die volk diere-offers aan God gebring om versoening vir die volk se sondes te doen. Versoening met God en redding kan sedert Jesus se koms volgens Hedding (2004a:44) slegs op een manier verkry word: "Only by the cross. There is no other way". Soos wat priesters offerdiere se lewe beëindig en hul bloed as soenoffer gedien het, so is Jesus se lewe deur die volk Israel beëindig sodat deur Sy dood, die offer vir elkeen se sondes gebring en vergifnis verkry kon word.

Die geskiedenis van die Joodse volk spreek van die onverklaarbaarheid van hul voortbestaan en ten spyte van hul geringe getalle en beperkte grondgebied onder Joodse beheer, bly Israel op die voorgrond van wêreldnuus en wêreldgebeure. Robbinson (*Israel: God's Answer to Skeptics. http://www.shalomoutreachministries.com/index.asp)* som dit só op: "The nation of Israel and the Jewish people are an enigma to this world. Their existence defies human logic; their preservation contradicts all historical trends". Ook het Mark Twain bygevoeg: "If the statistics are right, the Jews constitute but one quarter of one percent of the human race. Properly, the Jew ought hardly to be heard of; but he is heard of, has always been heard of. He is as prominent on the planet as any other people, and his importance is extravagantly out of proportion to the smallness of his bulk. His contributions to the world's list of great names in literature, science, art, music, finance, medicine and abstruse learning are also way out of proportion to the weakness of his numbers ... The Egyptian, the Babylonians, and the Persians rose, filled the planet with sound and splendour, then faded to dream-stuff and passed away; the Greek and the Roman followed, and made a vast noise, and they were gone; ... The Jew saw them all, survived them all, and is now what he always was. ... All things are mortal but the Jew; all other forces pass, but he remains" (*Israel: God's Answer to Skeptics.* http://www.shalomoutreachministries.com/index.asp). Daarom sê Hedding (2004a:10) dat Israel se oorlewing deur God gewaarborg is.

Reeds wanneer God Abraham roep om sy vaderland te verlaat, beloof God sy seën aan diegene wat Abraham seën, maar ook sy vloek aan elkeen wat Abraham vervloek (Gen 12:3). Hierdie seën-vloek kombinasie word later aan Jakob herhaal. Die belangrikheid van Israel se posisie in God se verlossingsplan word duidelik gestel wanneer God hulle beskryf as die appel van Sy

oog: "Want so sê die Here van die leërskare: ... wie julle aanraak, raak sy oogappel aan" (Sag 2:8, NAV).

God het deur die geskiedenis heen omringende nasies gebruik om Sy volk in die regte verhouding met Hom te bring. Hedding (*A Biblical Stand on Zionism - The Question of the Land.* http://www.icej.org/article.php?id= 2822) verduidelik dat oordeel en herstel egter God se reg is dat geen volk, faksie of nasie hom hierdie reg kan toe-eien nie: "Judgment and correction is a divine prerogative". God sal self, soos Hy deur die eeue heen gedoen het, op Sy tyd en op Sy manier, teenoor Sy uitverkore volk optree om hulle in `n herstelde verhouding met Hom te bring. Reeds in Ou Testamentiese tye rig God `n waarskuwing aan die nasies wat eiehandig teen sy volk opgetree en die land verdeel het: "Dan sal Ek die nasies ... straf omdat hulle my volk, Israel wat aan My behoort, onder die nasies verstrooi het en my land vir hulle gevat het" (Joël 3:2, NAV).

Ten spyte van Israel se ongehoorsaamheid en die Jode se verwerping van Jesus, bly die Joodse volk die draer van die verbondsbeloftes en word voorsiening gemaak vir `n herstelproses wanneer hulle terugkeer na God. Dié herstelproses sluit in `n bymekaarmaak van Jode vanuit alle wêrelddele en `n terugkeer na die land. Die byna onverklaarbare voortbestaan van die Joodse volk deur die geskiedenis heen, hul terugkeer na die land en die totstandkoming van die Joodse staat, word gesien in die lig van God se plan met die Joodse volk en Sy getrouheid aan Sy beloftes.

### 3.4.2 Rol van die Staat Israel in God se plan

Die land Kanaän is deur God aan Abraham en sy nageslag gegee as deel van `n verbond wat ten doel het om uiteindelike seën aan alle nasies te bring. Wanneer die volk Israel Kanaän binnegaan, gaan die verbondsbelofte, as net nog `n stap in God se groter plan, in vervulling[44]. Die land word as blywende besitting deur God as eienaar, aan Abraham en sy nageslag gegee. Binne dié bepaalde grondgebied het God van sy uitverkore volk verwag om in `n besondere verhouding met Hom te leef. Deur hierdie verhouding kon God hom nie alleen aan die volk Israel nie, maar ook die nasies van die wêreld, openbaar as Almagtige God wat redding aan `n wyer wêreld wil bring. God beloof om sy uitverkore volk terug te bring na hulle verstrooiing en hulle weer te vestig in die land wat Hy aan hulle voorvaders beloof het. So het die Staat Israel in 1948 onder Joodse beheer tot stand gekom en het duisende Jode teruggekeer na die grondgebied wat grootliks ooreenstem met Bybelse Kanaän.

[44] *Hoofstuk 3, punt 6.2*

Hoewel die besitreg van die land deur God gewaarborg en nie afhanklik is van die volk se optrede nie, word hul verblyfreg in die land bepaal deur hul versoening met God. Baie van die Jode wat sedert 1948 na Israel gekom het, het teruggekeer as sekulêre Jode wat nie in verhouding met God staan nie. Bühler (*A Biblical Stand on Zionism - The Question of the Land*. http://www.icej.org/article. php?id=2822) voer aan dat aangesien dit hoofsaaklik `n sekulêre volk is wat na die land teruggekeer het, beproewing en swaarkry verwag kan word: "... Israel's right of domicile is dependent on her reconciled relationship with her God. ... only a nation anointed by the spirit of God affords her the right to dwell in the land (Eze 36:24-28). This day is coming, albeit through a process of affliction".

Godsdienstige Jode daarenteen leef volgens die Ou Testamentiese wette, in afwagtiging op die Messias en ontken dat Jesus se koms, sterwe en opstanding, die weg na redding is. Hedding (http://www.icej.org/article.php?id=2822) dui aan dat vrede en veiligheid in die land eers sal volg wanneer Israel fisies en geestelik herstel is. Die voorvereistes vir `n herstelde verhouding met God is volgens Esegiël `n hartsverandering en `n nuwe gees: "Ek sal julle `n nuwe hart en `n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle `n hart van vleis gee. [27]Ek sal my Gees in jullle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalinge gehoorsaam en nakom. [28]Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees (Eseg 36:26-28, NAV).

### 3.4.3 Ter wille van God se glorie

God se skeppingsdoel[45] behels dat Hy aan die mens, as Sy verteenwoordiger op aarde en heerser van Sy skepping, bepaalde regte en voorregte gegee het. Hy verwag egter van die mens om in `n besondere verhouding met Hom te leef en op so `n wyse op te tree, dat eer aan God gebring word. Israel, as ontvanger en bewaarder van die Woord van God en Sy beloftes, speel hierin `n unieke rol. In God se verlossingsplan, is hierdie rol van Israel deur die eeue heen deur verskeie groepe dikwels misverstaan. Vir God het dit nog nooit oor `n spesifieke volk of bepaalde kerkgroepering gegaan nie. Die uiteindelike doel was nog altyd God se glorie en beide Israel en die Kerk word as instrumente gebruik om hierdie doel te bereik.

Israel word gekies as instrument en deur in `n heilige verhouding met God te staan, moes hulle redding aan alle nasies bring. God sluit `n bloedverbond met Abraham waarin Hy bepaalde beloftes rakende die land en sy nageslag maak en die besondere verhouding tussen Hom en Abraham beklemtoon. Die wyse waarop die verbond gesluit is, bevestig dat die nakoming daarvan van God en sy getrouheid aan Sy Woord alleen afhanklik is. Hoewel God, na die Jode

[45] *Hoofstuk 3, punt 2.2*

se verwerping van die Jesus, Christene gebruik om mense na Hom te lei en redding te bring, is Hy steeds verbind aan sy verbondsbeloftes ten spyte van Israel se optrede. God se getrouheid aan sy verbondsbeloftes gaan dus nie om die Joodse volk nie, maar om Sy naam, die beskerming van Sy eer en uiteindelik Sy glorie.

Hierteenoor staan die bose wat in opstand teen God is en poog om Sy plan van redding aan die wêreld te dwarsboom. Sedert die sondeval, gebruik die bose versoekings om die mens se sug na mag tot sy voordeel aan te wend. Deur die geskiedenis van die volk Israel sowel as na-Bybelse Israel (die Jode), het swak en verkeerde keuses van mense daartoe gelei dat God se uitverkore volk wegbeweeg het van Sy oorspronklike plan met en deur hulle. Die wêreld se gevolglike verwerping van die Jode het nie alleen God se keuse van `n uitverkore volk bevraagteken nie, maar legimiteit aan die Kerk verleen om God se uitverkore volk onder die vaandel van die kruis te vervolg en te verkondig dat die Kerk nou die Joodse volk as God se uitverkore volk vervang het. Hedding (2004a:34) verduidelik die rol van die bose hierin: “Perhaps the most demonic expression historically ... has been the assault of the Christian church upon the Jewish people. The powers of darkness have used Jesus’ cloak and the devil’s dagger to destroy the Jewish people”.

Nie alleen het die Jode in die wêreld se oë hul reg as uitverkore volk verloor nie, maar is hul aansprake op God se Ou Testamentiese beloftes ook bevraagteken aangesien die Kerk nou, as die nuwe uitverkore volk van God, die ontvanger van God se beloftes was. Die implikasie hiervan is dat God se verbondsbeloftes aan Abraham en sy nageslag nie meer geldig is nie en God se getrouheid aan Sy Woord dus in gedrang kom. God se eer, integriteit en glorie word dus op die spel geplaas indien aanvaar word dat die verbondsbeloftes aan Abraham en sy nageslag nie meer nagekom hoef te word nie.

Ter wille van God se eer en Sy naam, sal Hy sy volk red en Sy verbondsbeloftes nakom. Hy onderneem in Jesaja om Sy volk nie af te sny nie, maar te suiwer en dan te red ter wille van Sy naam: “Kyk, Ek het jou gelouter, maar nie soos silwer nie; Ek het jou beproef in die smeltkroes van ellende. [11]Om My ontwil, om My ontwil sal Ek dit doen - want ag, hoe is my Naam ontheilig! - en Ek sal my eer aan geen ander gee nie” (Jes 48:10-11, AOV). In die land Israel wil God sy uitverkore volk weer in `n herstelde verhouding met Hom bring. Indien die Joodse volk nie in die land aanbly nie, kan hierdie herstelproses nie plaasvind nie en sal `n groot getal van God se uitverkore volk ongered bly en verlore gaan. Vir God om sy uiteindelike doel om seën aan die wêreld te bring, te bereik, is dit nodig dat die Jode in die land en die land in die hande van die Jode bly. Pogings om die Jode uit die Midde-Oosterse streek te verdryf en beheer oor die

grondgebied te verkry, kan eerstens gesien word as weerstand teen God se doel met die Joodse volk en met Sy reddingsplan vir die wêreld asook `n poging om God se getrouheid aan Sy Woord in twyfel te trek.

Indien God Sy beloftes aan die Joodse volk kan heroorweeg, sou geredde Christene ook die vraag kon vra of God nie dalk Sy reddingsbeloftes wat Hy deur Sy seun Jesus aan Christene gegee het, kan terugtrek nie. Die twyfel wat hierdeur gesaai sou word, sal `n terugslag vir die verkondiging van die Evangelie wees en `n oorwinning vir die bose impliseer. Op spirituele vlak volg dit dus dat die stryd plaasvind tussen God en die bose: God wat enersyds `n bepaalde doel met die mensdom deur Sy keuse van en beloftes aan die volk Israel het en die bose andersyds wat wil verhoed dat hierdie doel bereik word en dat God se integriteit bevraagteken word.

Die bose gebruik verskillende metodes om in sy doel te slaag. Een hiervan is die rol van die media en die aspekte waarop gefokus word wanneer nuusuitsendings aan biljoene mense wêreldwyd gebring word. Hedding (2004a:48) verduidelik dat die media se rol in hierdie geestelike stryd nie gering geskat moet word nie: “The media distortions concerning the conflict in Israel have made this a global reality of our times. How else could it be that 59% of Europeans believe that Israel is the greatest threat to world peace?” (Hedding 2004:a). Die konflik in Israel word voorgehou as `n politieke en sekulêre stryd terwyl mediadekking fokus op die humanitêre probleme wat met die konflik gepaardgaan. Price (2001:9) beskryf die konflik egter as `n “unholy war” en voeg hom by Hedding (2004a:47) wat die spirituele aspek van die konflik uitwys: “Many think that the Middle East conflict is a secular, political conflict. It is not. It has eveything to do with the final purpose of God for the redemption of the world”. Indien die Jode beheer oor die Staat Israel sou verloor, uit die land verdryf sou word en as volk ophou bestaan, sou God nie sy verbondsbeloftes gestand doen nie wat `n oorwinning vir die bose impliseer. Hedding (2004b:7) verduidelik dit soos volg: “The powers of darkness have understood that in Israel’s history and survival will be their own demise”. Daarom voeg hy by dat die magte van die duisternis net een doel in gedagte het: “... the total destruction of the Jewish State” (2004b:8).

Israel se voortbestaan, teenwoordigheid in die land en herstelde verhouding met God, hou dus direk verband met God se skeppingsdoel en verlossingsplan. Sy keuse van Israel as instrument in sy plan is in direkte teenstelling met die bose wat God se integriteit wil bevraagteken en wil verhoed dat redding aan die nasies van die wêreld, insluitend die Jode, gebring word en dat God uiteindelik die glorie ontvang. God is egter getrou aan Sy Woord en Sy beloftes en daarom sal Hy, ten spyte van die volk Israel se foute, dwalinge en afvalligheid, Sy plan deur Israel voltrek om sodoende die eer en glorie te kry.

# 4. BEVINDINGE EN GEVOLGTREKKINGS OOR JOODSE AANSPRAKE OP DIE LAND ISRAEL

In die voorafgaande hoofstukke is gekyk na die totstandkoming van die Bybel en die verskillende wyses van interpretasie om te bepaal hoe Joodse aansprake op die land Israel daardeur geraak word. God se skeppingsdoel, die verydeling daarvan en die herstel van die doel deur Abraham en die volk Israel is ondersoek waarna die rol van die land Kanaän in God se skeppingsplan aangedui is. Die verband tussen Bybelse Israel en die Jode vandag is ook aangetoon. Joodse aansprake op die land Israel is vervolgens op godsdienstige, historiese en politieke gronde bespreek en die volgende bevindinge en gevolgtrekkings is gemaak.

## 4.1 JOODSE AANSPRAKE OP GODSDIENSTIGE GRONDE

### 4.1.1 Bevindinge

- In die Skrifbeskouingsdebat bestaan `n verskil in mening oor die waarde wat geheg moet word aan die Bybel as die geïnspireerde Woord van God en dat die Bybel mense se woorde oor God is. Tussen hierdie twee pole, lê verskeie uiteenlopende sienings en interpretasies.

- Hoewel Jode vandag op verskeie gronde aanspraak maak op die land Israel, blyk godsdienstige gronde die primêre aanspraak te wees. Hierin speel die Hebreeuse Bybel wat net uit die Ou Testament bestaan, `n sentrale rol. Jode se interpretasie-tegnieke (wat in verband staan met die *Misjna* en die *Talmoed*) lei daartoe dat baie van hul aansprake anders begrond word as dié van Christene. Vir Christene sluit die term Bybel beide die Ou Testament en die Nuwe Testament in wat deur die eeue heen verskillend gelees, bestudeer en geïnterpreteer is. Volgens hierdie siening van wát die Bybel is, kom bepaalde interpretasieverskille tussen Christene en Jode voor. In wese kan geredeneer word dat Jode en Christene vanuit verskillende 'Bybels' redeneer. Verskille in interpretasie kom nie net tussen Jode en Christene voor nie, maar ook tussen Jode (Ortodokse Jode, Messiaanse Jode, sekulêre Jode) en tussen Christene (Christen-Sioniste, Vervangingsteoloë) onderling.

- Verbonde, wat `n herhalende tema in die Bybel is, vorm die grondslag van die godsdienstige aansprake van die Jode op die land Israel. Twee verbonde, die Abrahamitiese verbond en die Deuteronomiese (Land-van-Israel/Palestina) verbond, word primêr as motivering in hierdie aansprake gebruik. Godsdienswetenskaplikes en navorsers verskil van mekaar oor die voorwaardelikheid en duur van die Abrahamitiese verbond. Hierdie verskille hou verband met `n persoonlike vereenselwiging met die standpunte van óf die Vervangingsteoloë óf die Christen-Sioniste. Die voorwaardelikheid van die verbond word in verband gebring met die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Sinaï-verbond wat bepaalde voorwaardes bevat het en waar die volk in ballingskap uit die land weggevoer is as direkte gevolg van hul ongehoorsaamheid aan en afvalligheid van God. Die ewige besit van die land en die aanspraak daarop word dan bevraagteken. Die Israeliete se inbesitname van Kanaän word ook dan gesien as vervulling van die landsbelofte wat aan Abraham en sy nageslag gemaak is. Hierteenoor staan diegene wat `n onderskeid maak tussen besitreg van die land teenoor verblyfreg in die land. Die Abrahamitiese verbond word dan gesien as `n onvoorwaardelike verbond wat alleen op God se getrouheid aan Sy beloftes gebaseer is en onafhanklik is van Israel se optrede. Hul verblyfreg in die land word egter bepaal deur hul gehoorsaamheid aan die bepalinge en voorwaardes wat aan hulle gestel is.

- Godsdienswetenskaplikes en Bybelnavorsers verskil ook oor die kwessie of Jode wel `n verlenging van Bybelse Israel is al dan nie. Indien daar nie `n verband tussen vandag se Jode en Bybelse Israel bestaan nie, verval die gronde waarop Jode aanspraak op die land maak grootliks. Argeologiese opgrawings en wetenskaplike navorsing bied onvoldoende getuienis ter bevestiging of ontkenning van `n suiwer bloedlyn tussen Abraham en die Jode vandag. Die vraag ontstaan dan of daar wel vandag in die wêreld `n 'suiwer' ras, volk of nasie bestaan. Verder bestaan daar verskeie kriteria van wie as `n Jood beskou word.

4.1.2 Gevolgtrekkings

- `n Navorser se persoonlike beskouing van wát die Bybel is en hoe dit vandag verstaan moet word, bepaal grootliks hoe hy Joodse aansprake op godsdienstige gronde teologies sal oorweeg.

- `n Navorser se siening oor die beskouinge van Vervangingsteoloë en van Christen-Sioniste, bepaal in hoofsaak sy interpretasie van die Bybel en gevolglik sy siening van Joodse aansprake op die land Israel.

- Hoewel verskillende opinies bestaan oor in welke mate die Abrahamitiese verbond gedeeltelik of ten volle voorwaardelik of onvoorwaardelik is en of daar twee verbonde gemaak is waarvan een voorwaardelik en die ander onvoorwaardelik, lyk dit volgens Essex (1999:210) of daar toenemende konsensus is dat "... the promises the Lord bound Himself to fulfill in the Abrahamic Covenant are unconditional, but the timing of and participants in that fulfillment are conditioned by faith-produced human obedience". Kaiser Jr in Essex (1999:210) verduidelik hierdie standpunt soos volg: "In our judgment, the conditionality was

not attached to the promise but only to the participants who would benefit from these abiding promises ... . The duty of obedience (law, if you wish) was intimately tied up with promise as a desired sequel". Volgens hierdie beskouing kan Jode wel aanspraak op die land Israel maak.

- Hoewel dit moeilik is om te bepaal of Jode as die verlenging van Bybelse Israel beskou kan word, blyk dit dat Jode wêreldwyd skynbaar deur `n onsigbare band aan mekaar gebind is en vorm die land deel van hierdie band.

In `n Christelik-teologiese evaluering van Joodse aansprake op godsdienstige gronde, word die geldigheid van Joodse aansprake beïnvloed deur twee aspekte: die evalueerder se beskouing van wát die Bybel is en tweedens of die evalueerder hom eerder met die oortuigings van Vervangingsteoloë of eerder met dié van Christen-Sioniste kan assosieer.

## 4.2 JOODSE AANSPRAKE OP HISTORIESE GRONDE

### 4.2.1 Bevindinge

- Met die Israeliete se verowering van die land Kanaän verkry hulle die land wat aan hulle deur God belowe was. Die geskiedenis van die volk in die land Kanaän onder Josua, die Rigters en die Koningskap toon aan dat solank hulle gehoorsaam aan God en sy bevele was, hulle voorspoed beleef het. In geval van ongehoorsaamheid en in die agteruitgang in hulle verhouding met God, is hulle telkens gestraf met onder andere verlies van grondgebied. So is van die inwoners van die Koninkryk van Israel weggevoer uit hul land deur die Assiriërs en die Judeërs van Juda deur die Babiloniërs. Onder die Perse keer die Judeërs terug om hulle land weer in besit te neem, maar onder die Perse word Juda `n provinsie van die Persiese Ryk wat vanuit Samaria geadministreer is. Plaaslike sake was egter onder beheer van die Joodse hoëpriester.

- In die Tussen-Testamentêre tyd is die Jode hoofsaaklik onder die beheer van die Grieke. Na die dood van Alexander die Grote verkry eers die Ptolemeërs van Egipte en dan die Seleukidiese koningshuis van Sirië beheer oor Juda. Onder laasgenoemde het die Jode erge vervolging verduur. Opstande onder die Jode lei tot Joodse onafhanklikheid onder die Makkabeërs en die Hasmoniërs wat die grondgebied van die Jode aansienlik uitbrei. Met die verowering van die Griekse Ryk deur die Romeine, onderwerp Pompejus die Hasmonese Ryk en kom Juda onder Romeinse beheer. Juda se naam word verander na Judea en dié gebied word `n provinsie van die Romeinse Ryk.

- In die tyd van die Nuwe Testament was Judea grootliks onder beheer van Herodes die Grote en sy familie. Hy regeer eers as goeweneur en later as koning van Judea. In die Herodiaanse tydperk word die gebied van Judea aansienlik uitgebrei. Hierna word Judea weer `n Romeinse Provinsie. Opstande onder die Jode teen die Romeine lei in 70 nC tot die tweede vernietiging van die tempel en die plundering van Jerusalem. In die Na-Bybelse tyd met die opstand van Bar Kochba in 132 nC, is Jerusalem in `n Romeinse kolonie omskep en herdoop na *Aelia Capitolina*. Die land is ook herdoop na *Philistia (Palestina).* Ten spyte van onderdrukkende maatreëls het Joodse gemeenskappe bly voortbestaan. Vervolging en onderdrukking van die Jode lei tot uitbreiding van die Joodse Diaspora na Egipte, die Romeinse Ryk en die Hellenistiese wêreld.

- Gedurende die Christelike Bisantynse bewind word Palestina in drie bisdomme verdeel waarvan twee in `n groot mate verchristelik het. Ook Jerusalem het onder Christenbeheer gekom. Heelwat Joodse en Samaritaanse gemeenskappe het tog behoue gebly.

- Onder die Arabies-Islamitiese Ryk het Palestina onder die invloed van Islam gekom. Oor die hele Palestina het Joodse gemeenskappe steeds voorbestaan. Onder Moslembeheer kon Christene sowel as Jode vreedsaam voortbestaan, maar met die oorname van die land deur die Seljuk Turke, word dit gevaarlik vir Christene uit Europa om reise na Jerusalem te onderneem. Die Eerste Kruistog vind plaas waar die Kruisvaarders `n koninkryk in Palestina, met Jerusalem as hoofstad, vestig. Hierna verower die Mamlukke weer Palestina en vind grootskaalse vervolging van Jode plaas. Baie Jode het weer eens na Europa, Noord-Afrika en ander lande gevlug. Palestina het groot agteruitgang beleef. Tydens die Turke van die Ottomaanse Ryk se oorname van Palestina het die bevolking uit hoofsaaklik Moslems bestaan. Sowat dertig Joodse gemeenskappe het steeds in verskeie dele van die land gewoon. Ten spyte van moeilike omstandighede in die land het die eerste *Aliya* van die Jode onder aansporing van die Sioniste in Europa en die VSA na Palestina plaasgevind. Nuwe Joodse kolonies is in Palestina gevestig. Na die beëindiging van die Ottomaans-Turkse beheer in 1917 en die toekenning van `n mandaat oor Palestina aan Brittanje deur die Volkebond, is die stryd vir `n onafhanklike Joodse staat verder gevoer.

#### 4.2.2 Gevolgtrekkings

- Waar die Israeliete tot met hul wegvoering in ballingskap deur die Babiloniërs in beheer van die Beloofde Land was, was hulle daarna grotendeels aan ander nasies in Juda onderhorig. Hoewel baie Jode deur die geskiedenis uit die land weggevoer is of die land verlaat het en

as volk nie altyd in beheer van die land was nie, was daar altyd `n Joodse teenwoordigheid en het Joodse gemeenskappe steeds bly voortbestaan. Na die Tweede Wêreldoorlog en intense vervolging van Jode wêreldwyd, het groot getalle Jode na die land teruggekeer.

- Histories gesien, was die Jode (as verlenging van Bybelse Israel) vanaf Josua se inname van die land Kanaän tot en met die Balfour Deklarasie in 1917 (waartydens Brittanje sy steun gegee het vir `n Joodse tuisland) vir ongeveer 3,300 jaar deel van die land.

Die Jode se aansprake op Israel kan dus histories op grond van hul teenwoordigheid en besit van die land, teruggevoer word vanaf Bybelse tye tot vandag.

## 4.3 JOODSE AANSPRAKE OP POLITIEKE GRONDE

### 4.3.1 Bevindinge

- Polities gesproke kan die Jode hul aansprake op die land Israel grond op die toekenning van grondgebied aan die Jode as deel van die VN se Partisieplan. Die VN se Spesiale Komitee oor Palestina (UNSCOP) het in 1947 samesprekings met verskeie belangegroepe gevoer waarna `n partisieplan voorgestel is wat Palestina in `n Joodse en Arabiese gedeelte sou verdeel. Met die beëindiging van die Britse mandaat op 14 Mei 1948, het die Jode die Staat Israel afgekondig in die gebied wat aan hulle toegedeel is. Die onafhanklike Staat Israel is kort daarna deur die meeste wêreldlande, insluitend die VSA, erken.

- Die Arabiere wat nie van plan was om `n Palestynse staat, soos voorgestel deur die Partisieplan, te vestig nie, het binne enkele ure na die afkondiging, troepe van Moslem-Arabiese buurlande gemobiliseer om `n aanval op die Joodse staat te loods. Oorwinnings in dié en verskeie ander oorloë, het daartoe gelei dat die grondgebied van die Staat Israel vergroot het.

- Die afkondiging van die Staat Israel het `n era ingelui wat gekenmerk is deur konflik tussen Jode en Arabiere en wêreldmagte wat poog om vrede in die Midde-Ooste te bewerkstellig. Die internasionale regsposisie vereis van `n land om aan vier kriteria te voldoen alvorens hulle as staat kwalifiseer. Aangesien die Staat Israel aan al 4 kriteria voldoen het, is besluit dat Israel op historiese en wetlike gronde kwalifiseer om as `n staat te bestaan op die grondgebied wat aan hulle toegeken is.

- Groot getalle Palestyne het gedurende die oorloë die land verlaat en eis nou om terug te keer en beheer van die grondgebied, wat deur die Israeli's (Jode) verower is, te neem. Aanvalle deur ekstremiste groepe op Israelse burgerlikes het gelei tot teenaanvalle deur die Israelse weermag asook afskaling van finansiële en ander hulp deur Westerse lande aan Palestynse inwoners.

- Die aanvalle deur die Palestyne op Israelse burgers, die weerwraak van Israeli's op Palestyne en die onttrekking van Westerse hulp aan die Palestyne, het gelei tot `n verswakking in die humanitêre situasie en omstandighede waaronder Palestynse sowel as Israeli's leef. Hoewel beide groepe bepaalde regte in die land het, kan dieselfde regte nie aan Israeli's en Palestyne op dieselfde grondgebied toegeken word nie.

- Ondersteuning vir Israel kom uit die Weste, in hoofsaak die VSA en vir die Palestyne hoofsaaklik uit die Islamitiesgesinde Arabiese lande.

4.3.2 Gevolgtrekkings

- Op politieke gebied is die situasie in Israel en die Palestynse gebiede kompleks. Die Staat Israel het op wetlike en historiese gronde tot stand gekom. Die Palestyne wou dit nie aanvaar nie en het met die hulp van hul Arabiese bondgenote `n oorlog verklaar teen die Staat Israel waarin die Palestyne grondgebied verloor het. Aangesien pogings om `n politieke oplossing soos `n Twee-party-staat nog nie kon slaag nie, moet ander oorsake en oplossings oorweeg word.

- Die humanitêre krisis wat as gevolg van die voortslepende geweld tussen die partye ontwikkel het, maak `n spoedige oplossing vir die krisis noodsaaklik.

- Die onderliggende motiewe van die Weste, die VSA en die Islamitiesgesinde lande vir hulle betrokkenheid by die Israelse/Palestynse vraagstuk moet steeds in gedagte gehou word.

Vanuit `n Christelik-teologiese beskouing en veral in die lig van die geestelike dimensie van die konflik, kan aangevoer word dat ook op politieke gronde, Jode `n aanspraak op die land Israel het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5. SAMEVATTING

In die navorsingstuk is gekyk na die godsdienstige, historiese en politieke gronde waarop Jode aanspraak op die land Israel maak.

Om `n beter begrip te verkry vir aansprake vanuit `n godsdienstige perspektief, is gekyk na die ontstaan en ontwikkeling van die Bybel, asook die verskillende wyses van Bybelinterpretasie soos deur die eeue heen deur die godsdienswetenskap nagevors. Die rol wat die Joodse heilige skrif, die *TeNaK*, in hierdie aansprake speel, is ondersoek. Verbonde en Ou-Nabye Oosterse verdrae is bespreek en die belangrikheid van twee Ou Testamentiese verbonde, die Abrahamitiese verbond en die Deuteronomiese (Land-van-Israel/Palestina) verbond in hierdie aansprake, is aangedui. Die duur en geldigheid van hierdie twee verbonde vandag, ondersteun Jode se godsdienstige aansprake. Die aanname dat die Jode van vandag `n voortsetting van Bybelse Israel is en gevolglik aanspraak op hierdie verbondsbeloftes kan maak, is ondersoek terwyl God se doel met die insluiting van die land, asook die rol daarvan in die verhouding tussen God en Sy uitverkore volk, aangedui is.

Vanuit `n historiese perspektief is aangevoer dat die Jode `n teenwoordigheid in die land behou het sedert die Israeliete se inname van die land Kanaän. Hoewel die land deur die geskiedenis heen deur verskeie wêreldryke beheer is, het Joodse gemeenskappe bly voortbestaan in gedeeltes van die land.

Aansprake op politieke gronde berus hoofsaaklik op die aanbevelings van die VN se Partisieplan waarin die gebied verdeel is in `n Joodse en Arabiese gedeelte. Die Jode, wat kort na die verstryking van die Britse Mandaat, die Staat Israel afgekondig het in die gebied wat aan hulle toegeken is, was sedertdien gewikkel in verskeie oorloë om hul landsgrense te beskerm en hul onafhanklikheid te behou. Verskeie vredesonderhandelinge is van stapel gestuur om `n oplossing vir die konflik te kry.

In `n Christelik-teologiese evaluering van hierdie aansprake, blyk dit dat die twee breë denkrigtings binne die Christelike geloof, Vervangingsteologie en Christen-Sionisme, in hoofsaak verskil wat betref die aansprake op godsdienstige gronde. Vervangingsteoloë glo dat die Kerk die Jode as God se uitverkore volk vervang het en daarom nie meer enige aansprake op die Ou Testamentiese beloftes kan maak nie, terwyl Christen-Sioniste glo dat die Ou Testamentiese beloftes steeds van krag en op die Joodse volk van toepassing is. Deur die geskiedenis van die Kerk en die Jode, het hierdie twee breë denkrigtings `n bepalende rol gespeel in die verhoudinge tussen die twee groepe.

In `n bespreking van God se skeppingsdoel, is aangedui dat die mens geskep is om God se verteenwoordiger op aarde te wees en om deur sy optrede, eer aan God te bring. Na die verydeling van hierdie doel en die uiteindelike herstel van God se doel deur Abraham, word die volk Israel gekies om `n bepaalde rol in God se verlossingsplan te speel. Die Joodse volk, as nageslag van Abraham, asook die land Israel, wat grootliks ooreenstem met Bybelse Kanaän, is sedertdien die spilpunt van `n konflik in die Midde-Oosterse streek wat verskeie dimensies vertoon. Vanuit `n bepaalde Christelik-teologiese perspektief is `n alternatiewe beskouing aangebied om die spirituele, eerder as die oënskynlike sekulêre en politieke aard van die konflik, te beklemtoon.

Volgens hierdie beskouing word God se doel om redding aan die wêreld te bring en Sy keuse van Israel as instrument, teenoor die bose gestel. Die geldigheid van God se beloftes in vandag se tye word direk gekoppel aan God se karakter en Sy getrouheid aan Sy Woord. God openbaar hom in Sy Woord as onveranderlik (Job 23:13), dat Hy getrou is (Deut 7:9), dat Hy Sy Naam en Sy Woord bo alles stel (Psalm 136:2) en dat Hy Sy Woord gestand sal doen (Heb 6:17-18). God se karakter staan ook sentraal tot die verkondiging van die evangelie. Indien pogings, wat God se karakter in twyfel trek deur sy getrouheid aan Sy beloftes te bevraagteken, sou slaag, word ook die evangelieboodskap onder verdenking gebring. Twyfel in God se getrouheid aan Sy verbondsbeloftes raak dan nie net die Jode nie, maar ook Christene wat glo dat Jesus se kruisdood, vergifnis en redding gebring het aan elkeen wat in Hom glo. Indien Christene nie met sekerheid hieraan kan vashou nie, word evangelieverkondiging aan alle nie-Christene ook direk geraak.

Die fokus van die spirituele konflik in die Midde-Ooste is dus eerstens op die ondermyning van God se integriteit en Sy getrouheid aan Sy beloftes gerig en tweedens op Israel as instrument in God se hand. Omdat Hy getrou is aan Sy Woord en Sy beloftes, sal Hy, ten spyte van die volk Israel se foute, dwalinge en afvalligheid, Sy plan deur Israel voltrek om sodoende die eer en glorie te kry. Hoewel die Joodse volk deur die geskiedenis heen aan wrede vervolgings onderwerp is en verskeie pogings aangewend is om hulle as volk uit te wis, het God hulle beskerm en as volk laat voortbestaan. Die Joodse volk wat teruggekeer het na hul land, is hoofsaaklik sekulêr. Wanneer hulle weer in die regte verhouding met God staan, sal die verhouding tussen God en sy volk herstel word en sal hulle vrede en voorspoed in die land ervaar. Tot dan sal beproewing en swaarkry deel wees van hulle bestaan. Israel se voortbestaan, teenwoordigheid in die land en herstelde verhouding met God hou dus direk verband met God se skeppingsdoel en Sy verlossingsplan. Ten spyte van die weerstand teen God se verlossingsplan, sal Hy nie toelaat dat dit misluk nie en sal Hy toesien dat die

evangelieboodskap aan al die nasies verkondig word en mense uit alle volke, insluitend die Jode, gered word. Daarom dat politieke oplossings vir vrede in die streek, soos `n Twee-party-staat, nie `n haalbare langtermynoplossing vir vrede kan wees nie.

# BRONNELYS

ADAMS, R.J. *Middle East Conflict*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.awesomelibrary.org/MiddleEastConflict.html. [Besoek: 06.09.07].

AFRIKAANSE OU VERTALING (AOV). 1933. Suffolk: The Chaner Press.

AHLSTROM, G.W. 1993. *The History of Ancient Palestine*. Sheffield Academic Press.

ALBERTZ, R. & BECKING, B. *Yahwism After the Exile: Perspectives on Israelite Religion in the Persian Era*. [Internet]. Beskikbaar by: http://books.google.com/books?id=hwExATCqwvwC&pg=PA19&lpg=PA19&dq=jehud+israel+population&source=web&ots=6ba4uph6&sig=LfqjkJADDeIvCKk0dCm8_WxNYJ0#PPA18,M1. [Besoek: 01.11.07].

ALEXANDER, P. & D. 2004. *Handboek by die Bybel. Derde Uitgawe*. Wellington: Lux Verbi.BM.

*AMORITES*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.jewishencyclopedia.com/view.jsp?letter=A&artid=1422. [Besoek: 28.02.08].

AMPLIFIED BIBLE (AB). 1987. Michigan: Zondervan and Lockman Foundation.

*ANNAPOLIS Conference*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/_Annapolis_Conference. [Besoek: 18.04.08].

AUMANN, M. 2003. *Conflict and Connection, the Jewish-Christian-Israel Triangle*. Jerusalem: Geven Publishing House.

AUTHORISED VERSION, KING JAMES (AV). 1962. The Holy Bible (1611). London: Robert Barker.

BAINERMAN, J. *Why The Middle East Conflict Continues To Exist*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.paranoiamagazine.com/mideastconflict.html. [Besoek: 22.10.07].

BARRICK, W.D. 1999. The Mosaic Covenant. *The Master's Seminary Journal (MSJ),* 10(2):213-232.

BEERS, V.G. 1996. *Journey Through the Bible*. London: Monarch Books.

BEYERS, J. 2001. Sinkretisme as pluralisering en sakralisering: 'n Godsdiens- en Sendingteologiese perspektief. DD. Verhandeling, Universiteit van Pretoria.

BOSMAN, H.L. & LOADER J.A. (reds). 1987. *Vertellers van die Ou Testament*. Kaapstad: Tafelberg.

*BRITISH Mandate of Palestine*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/british_mandate_of_palestine. [Besoek: 12.07.07].

BROWN, M.L. 2000a. *Answering Jewish Objections to Jesus. Volume 1 – General and Historical Objections*. Grand Rapids: Baker Books.

BROWN, M.L. 2000b. *Answering Jewish Objections to Jesus. Volume 2 – Theological Objections*. Grand Rapids: Baker Books.

BRUEGGEMANN, W. 2002. *The Land: Place as Gift, Promise and Challenge in Biblical Faith*. Second Edition. Philadelphia: Fortress Press.

BRUEGGEMANN, W. 1977. *The Land: Place as Gift, Promise and Challenge in Biblical Faith*. Philadelphia: Fortress Press.

BURACK, J. *Erasing History and Ourselves: Nadia Abu El-Haj, Israel, and the Western Tradition*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.campus-watch.org/article/id/3010. [Besoek: 01.11.07].

*CANAAN*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Canaan. [Besoek: 29.02.08].

*CHALLENGING Christian Zionism*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.christianzionism.org/churchesN.asp. [Besoek: 20.10.07].

CHAPMAN, C. 2004. *Whose Holy City: Jerusalem and the Future of Peace in the Middle East*. Grand Rapids: Baker Books.

CHAPMAN, C. 2003. *Whose Promised Land? The Continuing Crisis Over Israel and Palestine.* Grand Rapids: Baker Books.

*CHRIST is Your Covenant Head*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.omegafaith.org/covenanthead.htm. [Besoek: 20.07.06].

*CHRISTIAN Zionism*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.icej.org/articles. [Besoek: 18.05.08].

*CHURCHILL White Paper*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Churchill_White_Paper%2C_1922. [Besoek: 04.08.07].

CORNELL, N & SIZER, S. *Whose Promised Land: Israel and Biblical Prophecy.* [Internet]. Beskikbaar by: http://www.christchurch-virginiawater.co.uk/articles/debate.html. [Besoek: 09.02.06].

*What are the COVENANTS in the Bible*? [Internet]. Beskikbaar by: http://www.gotquestions.org/bible-covenants.html. [Besoek: 24.06.06].

DAKES, F.J. 1998. *God's Plan for Man*. Georgia: Dake Publishing, Inc.

*DECLARATION of Independence (Israel).* [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Declaration_of_the_Establishment_of_the_State_of_Israel. [Besoek: 01.10.07].

DEHAAN, M. *The Arab-Israeli Conflict*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.brfwitness.org/Articles/2002v37n6.htm. [Besoek: 01.03.06].

DEIST, F. E. 1992. *A Concise Dictionary of Theological and Relate Terms.* Pretoria: JL van Schaik.

DEIST, F.E. & BURDEN, J.J. 1980. *'n ABC van Bybeluitleg*. Pretoria: Sigma-Pers (Edms) Bpk.

*DEMOGRAPHICS of Israel*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Demographics_of_Israel#Population. [Besoek: 10.08.07].

*DEMOGRAPHICS of the Palestinian territories*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Demographics_of_the_Palestinian_territories. [Besoek: 10.08.07].

DERSHOWITZ, A. 2003. *The Case for Israel*. New Jersey: John Wiley & Sons, Inc.

DIPROSE, R.E. 2004. *Israel and the Church: The Origins and Effects of Replacement Theology*. Waynesboro: Authentic Media.

DOLON, D. 2001. *Israel in Crisis: What Lies Ahead*? Grand Rapids: Baker Book House Company.

DOWLEY, T. 2001a. *Die Atlas van die Bybel*. Wellington: Lux Verbi BM.

DOWLEY, T. 2001b. *Die Verhaal van die Bybel*. Wellington: Lux Verbi BM.

*EARLY Arab-Jewish Conflict*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.israelipalestinian procon.org. [Besoek: 21.03.06].

*EARLY History - Palestine History*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.palestinefacts.org. [Besoek: 18.06.07].

*ECONOMY of the Palestinian territories*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Economy_of_the_Palestinian_territories. [Besoek: 23.08.07].

EHRMAN, B.D. 1999. *After The New Testament. A Reader In Early Christianity*. New York: Oxford University Press.

ELLISEN, S.A. 2003. *Who Owns The Land? The Arab-Israeli Conflict*. Wheaton: Tyndale House Publishers.

ESSEX, K.H. 1999. The Abrahamic Covenant. *The Master's Seminary Journal (MSJ),* 10(2):191-212.

EVANGELIESE INISIATIEF (EI) 2007. *Sola Scriptura*. Pretoria.

*FAISAL-WEIZMANN Agreement*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/_Faisal-Weizmann_Agreement. [Besoek: 22.08.08].

FALCON, T. & BLATNER, D. 2001. *Judaism for Dummies*. New York: Hungry Minds.

FINKELSTEIN, I. & SILBERMAN, N.A. *The Bible Unearthed: Archaeology's New Vision of Ancient Israel and the Origin of Its Sacred Texts*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www. bibleinterp.com/commentary/Finkelstein_Silberman022001.htm. [Besoek: 05.11.07].

*GEOGRAPHY of Israel*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Geography_of_Israel. [Besoek: 23.08.07].

*GEOGRAPHY of the Gaza Strip*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Geography_of_the_Gaza_Strip. [Besoek: 23.09.07].

*GEOGRAPHY of the West Bank*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Geography_of_the_West_Bank. [Besoek: 23.09.07].

*GOLDA Meir*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Golda_Meir. [Besoek: 01.09.07].

GOLD, D. & HELMREICH, J. *An Answer to the New Anti-Zionists: The Rights of the Jewish People to a Sovereign State in their Historic Homeland*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.jcpa.org/jl/vp507.htm. [Besoek: 06.06.06].

GOLDMAN, B. 2004. Onderhoud. Johannesburg. 12/08/04.

GOLDSTEIN, W. 2007. Look again: Israel is the victim, not the root of all evil. *Sunday Times* June 17:29.

GOLDSTEIN, W. 2006. Onderhoud. Johannesburg. 08/06/06

GOLDSTEIN, W. 2003. *We've Been Waiting For You For a Long Time – The Arab-Israeli Conflict*. Johannesburg: SAZF.

GRANT, A.J. 1951. *Outlines of European History*. London: Longmans Green and Co.

GREENUP, E. 1988. *Conflict in the Middle East*. Melbourne: Thomas Nelson.

HAGEE, J. 2006. *The Jerusalem Countdown – A Warning to the World*. Florida: FrontLine.

HARPER, P. 1986. *The Arab-Israeli Issue*. East Sussex: Wayland Publishers (Ltd).

HARRINGTON, H.K. 2001. *Holiness: Rabbinic Judaism and the Greaco-Roman World.* New York: Routledge.

HEDDING, M. 2004a. *The Basis of Christian Support for Israel*. Washington: ICEJ.

HEDDING, M. 2004b. *The Heart of Biblical Zionism*. Washington: ICEJ.

HEDDING, M. 2004c. *The Covenants*. Washington: ICEJ.

HEDDING, M. 2004d. *The New Testament and Israel*. Washington: ICEJ.

HEDDING, M. 2006. Standing with Israel Today. *Word from Jerusalem*. May-June: 20-21.

HEDDING, M. & BÜHLER, J. *A Biblical Stand on Zionism - The Question of the Land.* [Internet]. Beskikbaar by: http://www.icej.org/article.php?id=2822. [Besoek: 20.10.07].

*HELLENISM*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.jewishencyclopedia.com/view. [Besoek: 24.02.08].

The HINDU. 2006. 25 April. *22 killed in Egypt bomb explosions*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.hinduonnet.com. [Besoek: 21/06/06].

HINSON D. F. 1990. *History of Israel*. Cambridge: University Press.

*HISTORY of ancient Israel and Judah*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_ancient_Israel_and_Judah. [Besoek: 05.11.07].

*HISTORY of Palestine*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/History_of_Palestine. [Besoek: 18.06.07].

*HISTORY of Palestine - Hebrew Bible Period*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Image:Levant_830.svg. [Besoek: 02.04.08].

HITTI, P.K. 1961. *The Near East in History*. New York: D. Van Nostrand Company, Inc.

HOFFMAN, L.A. 1986. *The Land of Israel: Jewish Perspectives*. Indiana: University of Notre Dame Press.

HUNT, D. 2006. *Judgment Day. Islam, Israel and the Nations*. Bend: The Berean Call.

ICEJ. 2008. Messianic Jews to challenge aliyah discrimination. *ICEJ News.* [Internet]. Beskikbaar by: http://www.icej.org. [Besoek: 26/06/08].

ICEJ. 2008. Israel's population stands at 7.3 million. *ICEJ News.* [Internet]. Beskikbaar by: http://www.icej.org. [Besoek: 07/05/08].

ICEJ. 2007. US Committed to Maintaining Israel's Qualitative Edge. *ICEJ News.* [Internet]. Beskikbaar by: http://www.icej.org. [Besoek: 17.08.07].

ICEJ. 2006. Ahmadinejad: "Lebanon will Determine the Future of Humanity". *ICEJ News.* [Internet]. Beskikbaar by: http://www.icej.org. [Besoek: 26/07/06].

*ISRAEL*. [Internet]. Beskikbaar by: http://af.wikipedia.org/wiki/Israel. [Besoek: 14.07.08].

*ISRAEL - Concept*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.livius.org/io-iz/israel/concept.htm. [Besoek: 15.07.08].

*ISRAEL and Palestine – A brief history*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.mideastweb.org/briefhistory.htm. [Besoek: 20.04.08].

*ISRAEL'S Growing Cancer*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.masada2000.org/cancerwithin.html. [Besoek: 02.04.08].

ISSEROFF, A. *Quartet Roadmap to Israeli-Palestinian Peace*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.mideastweb.org. [Besoek: 02.12.06].

*The JEWISH Claim To The Land Of Israel*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/History/. [Besoek: 06.06.06].

*JEWISH History Timeline*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.aish.com/literacy/jewishhistory/Crash_Course_in_Jewish_History_Part_36_-_Timeline. [Besoek: 18.06.07].

*JEWISH population*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Jewish_population. [Besoek: 10.08.07].

*The JEWISH Population of the World*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/Judaism/jewpop.html. [Besoek: 19.04.08].

JEWISH VIRTUAL LIBRARY. *Statistics Regarding Israeli Arabs*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.jewishvirtuallibrary.org/jsource/Society_&_Culture/israeliarabs.html. [Besoek: 02.09.07].

*JEWS not Zionists*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.jewsnotzionists.org/. [Besoek: 23.06.08].

*JEWS Opposed to Zionism*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.jewsnotzionists.org/. [Besoek: 14.08.04].

KENDALL, R.T. 2006. God's word and His name. (Paper read at Australian Conference, Sept 4). Ongepubliseer.

KING JAMES VERSION (KJV). 1962. The Holy Bible 1611. Cape Town: Bible Society of South Africa.

KING, E.W. *The 8 Major Covenants*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.geocities.com/zerub33/index.html. [Besoek: 22.06.03].

KOLB, E.J. 1995. *How to respond to Judaism*. St Louis: Concordia.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

*LAND of Israel*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Land_of_Israel. [Besoek: 07.10.07].

*The LAND of Israel*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.jewfaq.org/israel.htm. [Besoek: 09.02.06].

LAWLESS, R.I. 1980. *The Middle East.* London: Batsford Academic and Eductional Ltd.

*2006 LEBANON War*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/2006_Lebanon_War. [Besoek: 23.08.07].

LE ROUX, J. 2006a. *Studiebrief no 1* (OTW 871). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

LE ROUX, J. 2006b. *Studiebrief no 5* (OTW 871). Pretoria: Universiteit van Pretoria.

LIVERANI, M. 2003. *Israel's History and the History of Israel.* London: Equinox.

MACARTHUR, J. 2001. *Terrorism, Jihad and the Bible – A Response to the Terrorist Attacks*. USA: W Publishing Group.

MALAN, J. *Die Verbondsvolk Israel: Wie is Hulle?* [Internet]. Beskikbaar by: http://www.ltradio.org/articles/?admin=linktopdf&link=12. [Besoek: 21.06.08].

MCCALL, T.S. *Palestine vs. Israel as the Name of the Holy Land*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.levitt.com/essays/palestine.html. [Besoek: 30.07.06].

*MCMAHON-HUSSEIN Correspondence*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia. org/wiki/Hussein-McMahon_Correspondence. [Besoek: 14.07.07].

*The MIDDLE East Peace Process*. [Internet]. Beskikbaar by: http://ec.europa.eu/external_relations/mepp/index.htm. [Besoek: 10.10.07].

NEUBURGER, G. *The Difference Between Judaism and Zionism*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.jewsnotzionists.org/differencejudzion.html. [Besoek: 14.08.04].

NUWE AFRIKAANSE VERTALING (NAV). 1983. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

The NEW KING JAMES VERSION (NKJV). 1996. Nashville: Thomas Nelson.

NEW INTERNATIONAL VERSION (NIV). 1984. Michigan: International Bible Society.

ODENDAL, F.F. & GOUWS, R.H. 2005. *HAT Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal, Vyfde Uitgawe*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

*The ORIGIN and Nature of the Samaritans and their Relationship to Second Temple Jewish Sects*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.adath-shalom.ca/samaritan_origin.htm. [Besoek: 14.10.07].

*There Is No PALESTINE*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.kahanetzadak.com/palestine.html. [Besoek: 01.04.08].

*What is the PALESTINIAN Covenant?* [Internet]. Beskikbaar by: http://www.gotquestions.org/Palestinian-covenant.html. [Besoek: 24.06.06].

*PALESTINIAN Declaration of Independence*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Palestinian_Declaration_of_Independence. [Besoek: 10.10.07].

*PALESTINIAN State (proposed).* [Internet]. Beskikbaar by: http://www.infoplease.com/ipa/A0776421.html. [Besoek: 23.09.07].

*1919 PARIS Peace Conference*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Paris_Peace_Conference%2C_1919. [Besoek: 14.07.07].

PILLAY G.J. & HOFMEYR J.W. (reds). 1991. *Perspectives on Church History: An Introdution for South African Readers*. Pretoria: De Jager-Haum Publishers.

PIXLEY, J. 1992. *Biblical Israel, A People's History*. Minneapolis: Fortress Press.

PRICE, R. 2005. *The Temple and Bible Prophesy, A Definitive Look at Its Past, Present and Future.* Oregon: Harvest House Publishers.

PRICE, R. 2001. *Unholy War – America, Israel and Radical Islam. O*regon: Harvest House Publishers.

PRINCE, D. 2005. *Promised Land: The Future of Israel Revealed in Prophecy*. Grand Rapids: Chosen Books.

REEKIE, B.D. 1993. *The Holy Spirit and Israel*. Kent: Sovereign World Ltd.

*RELIGIOUS Zionism*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/ wiki/Religious_Zionism. [Besoek: 07.10.07].

ROBERTS, J.M.M. *Covenant*, [Internet]. Beskikbaar by: http://mbsoft.com/believe/text/ covenant.htm. [Besoek: 21.03.06].

ROBINSON, M. *Israel: God's Answer to Skeptics*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.foigm.org/prevarts.htm. [Besoek: 18.05.03].

SACHAR, A.L.. 1965. *A History of the Jews*. New York: Alfred A Knopf.

*SAMARITAN*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Samaritan#Early_history_ according_to_Samaritan_Sources. [Besoek: 14.10.07].

SARNA, J.D. & GOLDEN, J. *The American Jewish Experience in the Twentieth Century: Antisemitism and Assimilation*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.nhc.rtp.nc.us/tserve/ twenty/tkeyinfo/jewishexp.htm. [Besoek: 20.10.05].

SCHOLTZ, L. 2006. Godsdiens het ‘n reuse-aandeel aan die krisis in die Midde-Ooste. *Kerkbode*, 25 Aug: 2.

SHANKS, H. 1988. *Ancient Israel. A Short History from Abraham to the Roman Destruction of the Temple.* New Jersey: Prentice Hall.

SHANTALL, D. 2006. Who do we, the Jewish people, choose to believe? Mei. Ongepubliseer.

*SHARM EL-SHEIKH Memorandum (1999).* [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Sharm_e-Sheikh_memorandum. [Besoek: 10.08.07].

SHOWERS, R.E. *The Deuteronomic Covenant*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.johnankerberg.org/Articles/. [Besoek: 15.03.08].

SIZER, S.R. 1998. T*he Historical Origins of Christian Zionism*. [Internet]. Beskikbaar by: www.christianzionism.org. [12.04.05 ].

SPANGENBERG, S. 2007. *Jesus se aardsbediening*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.nuwe-hervorming.org.za. [Besoek: 15/01/2007].

SPIRO, K. *The Promised Land*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.aish.com/literacy/jewishhistory. [Besoek: 01.03.06].

SPIRO, K. *Jerusalem – Jewish and Muslim Claims to the Holy City*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.aish.com/Israel/articles/Jerusalem. [Besoek: 06.06.06].

SPIRO, K. *Jewish History Series 1-68.* [Internet]. Beskikbaar by: http://www.aish.com/literacy/jewishhistory. [Besoek: 12.03.06].

STOWELL, J.M. 2002. *Strength for the Journey*. Chicago: Moody Press.

*SUPERSESSIONISM*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/ wiki/Supersessionism. [Besoek: 20.10.07].

*SYKES-PICOT Agreement*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Sykes-Picot_Agreement. [Besoek: 19.07.07].

TANACH (*TeNaK*). 1998. The Stone Edition. Brooklyn: Mesorah Publications.

TELCHIN, S. 1997. *Abandoned – What is God's will for the Jewish People and the Church?* Grand Rapids: Chosen Books.

*TEN Lost Tribes*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Ten_Lost_Tribes. [Besoek: 14.10.07].

*Are TODAY'S Jews Really Ancient Israel*? [Internet]. Beskikbaar by: http://www.omegaletter.com/articles/articles.asp?ArticleID=1737. [Besoek: 31.10.07].

VAN DER MERWE, P.J. 2006. Kommentaar op navorsingstudie. 14/09/06.

VAN DER WATT, J. (red), *et al.* 2003. *Die Bybel A-Z*. Vereeniging: Christelike Uitgewers-maatskappy.

VAN DER WATT, J. & TOLMIE, F. 2005. *Apokriewe – Ou en Nuwe Testament, Verlore boeke uit die Bybelse tyd*. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

VENTER, P.M. 1987. *Die Kanongeskiedenis van die Ou Testament*. Pretoria-Wes: NHW-Pers.

VOSLOO, W. & VAN RENSBURG, F. (reds). 1993. *Die Bybel in Praktyk (Nuwe Vertaling).* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

VOSLOO, W., VAN RENSBURG, F. & VELTHUYSEN, G. 1991. *Wat die Bybel sê. Deel 1.* Silverton: Promedia Drukkers (Edms) Bpk.

WADE, N. *In DNA, New Clues to Jewish Roots*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.humanitas-international.org/perezites/news/jewish-dna-nytimes.htm. [Besoek: 31.10.07].

WAGNER, C. H. Jr. *The Error Of Replacement Theology*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.ldolphin.org/replacement/. [Besoek: 09.10.06].

WAGNER, D. *Christians and Zion: British Stirrings*. [Internet]. Beskikbaar by: http://www.christianzionism.org/Article/Wagner06.asp. [Besoek: 20.10.07].

WARREN, R. 2002. *Purpose Driven Life*. Michigan: Zondervan.

WHYBRAY, R.N. 1995. *Introduction to the Pentateuch*. Michigan: Wm B. Erdmans Publishing Co.

WIELENGA, B. 2004. Jood en Afrikaner – iets in gemeen? *Die Kerkblad*. Julie: 65.

WILKINSON, B. 2000. *Walk thru the Pentateuch.* World Teach.

*WORLD War I*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/World_War_I. [Besoek: 26.08.07].

*YEHUD*. [Internet]. Beskikbaar by: http://en.wikipedia.org/wiki/Yehud. [Besoek: 05.11.07].

**GLOSSARIUM**

| | |
|---|---|
| ANTISEMITISME EN ANTI-SEMITISME | Semities is die Latynse woord wat gebruik word om die taalverwantskap aan te dui van die afstammelinge van die seuns van Sem (Noag se oudste seun). Die Semiete verteenwoordig nie soseer 'n kulturele groep nie, maar eerder 'n taalgroepering wat veronderstel dat Semiete na meer as een volk verwys. Die benaming kan dus nie beperk word tot 'n verwysing na die Joodse volk alleen nie.<br><br>Die begrip anti-Semitisme vind uitdrukking in 'n gesindheid, optrede of beweging wat gemik is teen die Semiete en dus van toepassing is op alle volke binne die Semitiese taalgroeperinge. Indien die oogmerk is om na 'n anti-Joodse sentiment of -beweging te verwys, is dit meer korrek om die term antisemitisme (een woord), wat sinoniem geword het vir anti-Joods, te gebruik. |
| CHRISTEN-SIONISME | Christen-Sionisme, in teenstelling met Sekulêre Sionisme, het 'n baie sterk godsdientige konnotasie en is per definisie Bybels gefundeerd in sy doelwitte en motiewe. Die dryfkrag agter Christen-Sionisme lê in 'n opregte belydenis van geloof in God en die aanvaarding van Sy Woord. Vir Christen-Sioniste gaan dit oor meer as net 'n stuk grond of tuisland vir die Joodse volk waarbinne hulle veilig kan leef en voortbestaan. Christen-Sionisme erken die reg van die Joodse volk om saam te kom, hul nasionale bestaansreg te verseker en dit te doen volgens Bybelse riglyne as deel van die vervulling van God se beloftes. Hulle deel met godsdienstige Jode die siening dat die land Israel (*Eretz Yisrael*) die versinnebeelding van God se ewigdurende verbond is wat Hy met Abraham en sy nageslag gesluit het, hoewel dit geensins 'n algehele en blindelingse aanvaarding van sekulêre Sionistiese doelwitte impliseer nie. |
| JUDAÏSME | Judaïsme is die godsdiens van die Jode en leer dat die Joodse volk deur God vir 'n bepaalde doel en rol uitgekies is en in `n besondere verhouding tot Hom staan. Die land, as deel van God se onvoorwaardelike verbond met die aartsvaders en die volk Israel, speel `n belangrike rol in Judaïsme. |
| CHRISTENE EN DIE KERK | Deist (1992:44) definieer Kerk enersyds as "... the totality of Christian believers" en andersyds as "... the body of office bearers of a denomination". Hoewel die algemene beskouing is dat die Kerk die liggaam van Christus op aarde verteenwoordig en dat dit uit Christenlidmate bestaan, word vir die doel van hierdie studie 'n onderskeid gemaak tussen die Kerk as instelling en Christene as individue. |

| | |
|---|---|
| POSTMODERNISME | `n Denkrigting wat voortvloei uit en reageer op die modernisme van die twintigste eeu en onder andere gekenmerk word deur 'n wantroue in teorieë en ideologieë. |
| SIONISME | Die woord Sion word dikwels gebruik wanneer verwys word na Israel, Jerusalem of selfs na die grond waarop die tempel gebou is. Sionisme in 'n sekulêre vorm kan gesien word as 'n moderne uitdrukking van 'n eenduisend-negehonderd-jaar oue droom van die Jode om Israel weer te herbou en op te rig na die verwoesting van die tempel en Jerusalem in die eerste eeu nC. Na die totstandkoming van die Staat Israel in 1948 het die fokus van die Sioniste verskuif na die instandhouding en ontwikkeling van die land. Vandag kan Sionisme gesien word as 'n voortdurende poging om deur politieke metodes, die Joodse volk se nasionale bestaan te verseker deur die instandhouding van die Staat Israel. Sionisme fokus op dié aspekte wat die voortbestaan van die volk kan verseker terwyl die godsdienstige aspek van Joodswees in die proses ontken word. |
| STAAT ISRAEL | Onderskeid word gemaak tussen die land Israel en die Staat Israel. Die Staat Israel verwys na die onafhanklike Joodse staat wat in 1948 afgekondig is met die beëindiging van die Britse Mandaat. Hoewel die land Israel vir die meeste Jode van groot belang is, is daar nie eenstemmigheid oor die bestaansreg van die Staat Israel nie. Vir Sioniste gaan dit oor die Staat Israel wat onder Joodse beheer, `n veilige vesting vir Jode bied waar hulle in vrede in hul eie land kan woon. Ortodokse Jode daarenteen, glo dat die beëindiging van die ballingskap, die terugkeer van die volk Israel asook die totstandkoming van `n staat en weermag verbied word totdat die Messias kom. |
| VERVANGINGSTEOLOGIE | Volgens hierdie teologie word aangevoer dat die Christelike Kerk die Jode as God se uitverkore volk vervang het. Die ontstaan van die Vervangingsteologie kan teruggevoer word na die post-Apostoliese Kerkvaders wat geglo het dat die Jode nie langer God se uitverkore volk was as gevolg van hul verwerping van Jesus nie. Die Vroeë Kerk se interpretasie oor die Jode se aandeel in Jesus se kruisiging, het neerslag gevind in latere kerklike standpunte waarin die Kerk se posisie ten opsigte van die Jode geformuleer is. Volgens dié standpunt is die Christelike Kerk die nuwe Israel waarvan die profete in die Ou Testament praat. Die Kerk as die nuwe en ware Israel, het dan hiervolgens die erfgename geword van al die beloftes wat God aanvanklik aan ou Israel gemaak het. |